



Western Cape
Government
FOR YOU

Ekonomiese Ontwikkeling
en Toerisme



JAARVERSLAG 2020/21

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME



Western Cape
Government

FOR YOU

Ekonomiese Ontwikkeling en
Toerisme

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

BEGROTINGSPOS 12

JAARVERSLAG
2020/21-BOEKJAAR

INHOUD

5	DEEL A: ALGEMENE INLIGTING
6	1. ALGEMENE DEPARTEMENTELE INLIGTING
7	2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME
12	3. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER
13	4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
21	5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE
22	AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG
24	6. STRATEGIESE OORSIG
24	6.1 VISIE
24	6.2 MISSIE
24	6.3 WAARDES
25	7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE
32	8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR
34	9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER RAPPOORTEER
37	DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING
38	1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFBEPAALED DOELWITTE
38	2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE
38	2.1 DIENSLEWERINGOMGEWING
50	2.2 DIENSLEWERINGVERBETERINGSPLAN
67	2.3 ORGANISATORIESE OMGEWING
68	2.4 BELANGRIKE BELEIDSONTWIKKELINGS EN WETGEWENDE VERANDERINGE
68	3. BEREIKING VAN INSTITUSIONELE IMPAKTE EN UITKOMSTES
71	4. INSTITUSIONELE PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING
71	4.1 PROGRAM 1: ADMINISTRASIE
78	4.2 PROGRAM 2: GEÏNTEGREERDE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSDIENSTE
84	4.3 PROGRAM 3: HANDEL- EN SEKTORONTWIKKELING
89	4.4 PROGRAM 4: SAKEREGULERING EN -BESTUUR
91	4.5 PROGRAM 5: EKONOMIESE BEPLANNING
106	4.6 PROGRAM 6: TOERISME, KUNSTE EN VERMAAK
113	4.7 PROGRAM 7: VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVASIE
121	4.8 VERSLAGDOENING OOR DIE INSTITUSIONELE RESPONS RAKENDE DIE COVID-19-PANDEMIE
124	5. OORDRAGBETALINGS
124	5.1 OORDRAGBETALINGS AAN OPENBARE ENTITEITE
125	5.2 OORDRAGBETALINGS AAN ORGANISASIES BUITEN OPENBARE ENTITEITE
134	6. VOORWAARDELIKE TOELAES
134	6.1 VOORWAARDELIKE TOELAES EN GEOORMERKTE FONDSE BETAAL
134	6.2 VOORWAARDELIKE TOELAES EN GEOORMERKTE FONDSE ONTVANG
140	7. SKENKERFONDSE ONTVANG
141	8. KAPITAALBELEGGING-, INSTANDHOUDING- EN BATEBESTUURSPLAN
143	DEEL C: BESTUURSTOESIG
144	INLEIDING
144	2. RISIKOBESTUUR
148	3. BEDROG EN KORRUPSIE
149	4. VERMINDERING VAN BELANGEBOTSING
149	5. GEDRAGSKODE
150	6. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSKWESSIES
151	7. PORTEFEULJEKOMITEES
152	8. SKOOR-RESOLUSIES
152	9. VOORAFGAANDE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE
152	10. EENHEID VIR INTERNE BEHEER
153	11. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES
154	12. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE
156	13. PRESTASIE-INLIGTING OOR BBSEB-VOLDOENING

159	DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR
160	1. INLEIDING
160	2. STAND VAN MENSEBESTUUR IN DIE DEPARTEMENT
160	2.1 DEPARTEMENTELE ARBEIDSMAGBEPLANNINGSPRIORITEITE
161	2.2 WERKNEMERPRESTASIEBESTUUR
161	2.3 WERKNEMERWELSTAND
161	2.4 MONITERING VAN MENSEBESTUUR
162	3. OORSIGSTATISTIEK VAN MENSEBESTUUR
163	3.1 PERSONEELVERWANTE BESTEDING
165	3.2 INDIENSNEMING EN VAKATURES
166	3.3 POSEVALUERING
168	3.4 INDIENSNEMINGSVERANDERINGE
171	3.5 DIENSBILLIKHEID
175	3.6 ONDERTEKENING VAN PRESTASIE-OOREENKOMSTE DEUR SBD-LEDE
176	3.7 VUL VAN SBD-POSTE
178	3.8 WERKNEMERPRESTASIE
180	3.9 BUITELANDSE WERKERS
181	3.10 VERLOFBENUTTING
183	3.11 GESONDHEIDSBEVORDERINGSPROGRAMME, INSLUITENDE MIV EN VIGS
186	3.12 ARBEIDSBETREKKINGE
188	3.13 VAARDIGHEIDSONTWIKKELING
190	3.14 BESERING AAN DIENS
191	3.15 BENUTTING VAN KONSULTANTE
197	DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING
198	VERSLAG OOR DIE OUDIT VAN DIE FINANSIËLE STATE
205	BEGROTINGSTAAT
247	AANTEKENINGE BY DIE BEGROTINGSTAAT
249	STAAT VAN FINANSIËLE PRESTASIE
250	STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
251	STAAT VAN VERANDERINGE IN NETTO BATES
252	KONTANTVLOEISTAAT
253	AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
303	BYLAES



IRKO
Jewellery



LE CREUSET

OLD ART FROM AFRICA



DEEL A: **ALGEMENE INLICHTING**

1. ALGEMENE DEPARTEMENTELE INLIGTING

Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

STRAATADRES:	St. George-wandellaan 80 Waldorf-gebou, Kaapstad 8001
POSADRES:	Posbus 979 Kaapstad 8000
TELEFOONNOMMER:	+27 21 483 9226
E-POSADRES:	ecohead@westerncape.gov.za
WEBTUISTE:	www.westerncape.gov.za

2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

AIFMRM	Afrika-instituut vir Finansiële Markte en Risikobestuur
BBO	Bestemmingbemarkingsorganisasie
BBP	Bruto Binnelandse Produk
BBPS	Bruto Binnelandse Produk per Streek
BBSEB	Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging
BEO	Buro vir Ekonomiese Onderzoek
BGMO	Bevoegdheidsgebaseerde Modulêre Opleiding
BOSP	Beboudeomgewingsteunprogram
BPeSA	Sakeproses-instaatsteller vir Suid-Afrika
BRS	Basiese Rekeningkundige Stelsel
CASIDRA	Kaapse Agentskap vir Volhoubare Geïntegreerde Ontwikkeling in Landelike Gebiede
CATHSSETA	Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Kultuur, Kuns, Toerisme, Gasvryheid en Sport
CCDI	Kaapse Handwerk- en Ontwerpinstituut
CCTC	Kaapse Kleding- en Tekstielkluster
Ce-I	Sentrum vir e-Innovasie
CITI	Kaapse Inligting- en Tegnologie-inisiatief
CLOTEX	Kaapse Kleding- en Tekstieldienssentrum
CMT	Sny, Maak en Afwerk
CPUT	Kaapse Skiereiland-Universiteit vir Tegnologie
CTCIP	Kleding- en Tekstielmededingendheidsverbeteringsprogram
CTFC	Kaapstadse Moderaad
CTGA	Kaapse Toergidsvereniging
DBME	Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering
DEOT	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
DH	Departementshoof
DITCOM	Departementele IT-komitee
DLBV	Departement van Landbou, Bosbou en Visserye
DLO	Diensleweringsooreenkoms
DLT	Dranklisensietribunaal
DLVP	Diensleweringverbeteringsplan
DOSOB	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
DSA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DTB	Departementele Topbestuur
dtic	Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
DWT	Departement van Wetenskap en Tegnologie
EE	Diensbillikheid
EIB	Elektroniese Inhoudsbestuur
EOV	Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap

ESGC	Energiesekuriteit-spelwisselaar
EV	Elektriese Voertuig
EVL	Erkenning van Vorige Leer
GB0	Gesamentlike Bemakingssooreenkoms
GEM	Globale Entrepreneurskapsmonitor
GFS	Geouditeerde Finansiële State
GHP	Geïntegreerde Hulpbronplan
GOVCOM	Staatsbestuurskomitee
GSB	Gevestigde Sakebedrywigheid
HBI	Histories benadeelde individu
HSO	Handel- en Sektorontwikkeling
ICAN	Geïntegreerde Gemeenskapstoegangnetwerk
ICAS	Onafhanklike Berading- en Adviesdienste
IFRS	Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
ISO	Internasionale Organisasie vir Standaardisering
IT	Inligtingstegnologie
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KDS	Korporatiewedienstesentrum
KIKS	Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum
KMMO	Klein, Medium en Mikro-ondernemings
KMO	Klein en Medium Ondernemings
KSFA	Kleinsake-finansieringsagentskap
KSOA	Kleinsake-ontwikkelingsagentskap
KVB	Kantoor van die Verbruikersbeskermer
KZN	KwaZulu-Natal
LOGIS	Logistieke Inligtingstelsel
LPEO	Landelike en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
LRA	Wet op Arbeidsverhoudinge
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
M&E	Monitering en Evaluering
MBT	MIV-berading-en-toetsing
MERO	Munisipale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig
MEV	Munisipale Energieveerkragtigheid
MGE	Munisipale Gereedheidsevaluering
MHO	Menslikehulpbronontwikkeling
MIR	Markinligtingsverslag
MNP	Menslikenederssettingsplan
MPAT	Bestuursprestasië-assesseringsinstrument
MTBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
MvO	Memorandum van Ooreenkoms
NBF	Nasionale Bemagtigingsfonds

NDOW	Nasionale Departement van Openbare Werke
NDT	Nasionale Departement van Toerisme
NFVF	Nasionale Film- en Videostigting
NOK	Nywerheidsontwikkelingskorporasie
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NOS	Nywerheidsontwikkelingsone
NRO	Nieregeringsorganisasie
NT	Nasionale Tesourie
NU	Nasionale Uitkomste
OBSA	Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OIA	Omgewingsimpakassessering
OKP	Onafhanklike kragprodusente
OLOP	Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram
OO	Ondernemingsontwikkeling
OO	Organisatoriese Ontwerp
OPV	Openbare-private Vennootskap
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
OSB	Onderneming in staatsbesit
OSW	Organisasie sonder winsoogmerk
OVPI	Ouditering van Prestasie-inligting
PACA	Deelnemende Beoordeling van Mededingende Voordeel
PEO	Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
PERA	Premier se Toekennings vir Erkenning van Entrepreneurskap
PERO	Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig
PGOS	Provinsiale Groei-en-ontwikkelingstrategie
PILIR	Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid
PMG	Mense met gestremdhede
PSCBC	Bedingsraad vir die Staatsdienskommissie
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwit
PSD 1	Provinsiale Strategiese Doelwit 1
PSO	Provinsiale Strategiese Oogmerk
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
PSRMF	Risikobestuursraamwerk vir die Openbare Sektor
PT	Provinsiale Tesourie
PVOF	Provinsiale Vaardighedsontwikkelingsforum
RB	Rekenpligtige Beampte
REIPPPP	Verkrygingsprogram vir Onafhanklike Kragprodusente van Hernubare Energie
RIA	Regulatoriese Impakassessering
ROR	Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk
RTLK	Streekstoerisme-skakelkomitee

SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
SALGA	Suid-Afrikaanse Plaaslikeregeringsvereniging
SAOGA	Suid-Afrikaanse Olie- en Gasalliansie
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SAT	Suid-Afrikaanse Toerisme
SDV	Spesialedoelvoertuig
SES	Spesiale Ekonomiese Sone
SETA	Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid
SIN	Streeksinnovasiennetwerk
SITA	Staatsinligtingstechnologie-agentskap
SKOOR	Staande Komitee oor Openbare Rekeninge
SMV	Staatsmotorvervoer
SPU	Sakeprosesuitbesteding
STATSSA	Statistiek Suid-Afrika
TBDB	Totale Buitelandse Direkte Besteding
TGCSA	Toerismegraderingsraad van Suid-Afrika
TNPA	Transnet Nasionale Haweowerheid
UK	Universiteit van Kaapstad
UNWTO	Verenigde Nasies se Wêreldtoerisme-organisasie
UOWP	Uitgebreide Openbarewerkeprogram
VAG	Vloeibare aardgas
VBD	Voorafbepaalde Doelstellings
VIP	Visiegeïnspireerde prioriteit
VK	Verenigde Koninkryk
VKB	Voorsieningskanaalbestuur
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
W&R SETA	Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir die Groothandel- en Kleinhandel
WCADI	Wes-Kaapse Akwakultuur-inisiatief
WCFFI	Wes-Kaapse Fyn Voedsel-inisiatief
WCTI	Wes-Kaapse Gereedskapsinisiatief
WESGRO	Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap
WGWP	Werknemergesondheid en -Welstandprogram
WISP	Wes-Kaapse Nywerheidsimbioseprojek
WKDO	Wes-Kaapse Drankowerheid
WKR	Wes-Kaapse Regering
WKV	Wêreldklasvervaardiging
WKVD	Wes-Kaapse Verskafferdatabasis
WKWIN	Wes-Kaapse Waterinnoveringsnetwerk
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur
WRC	Waterhulpbronkommissie



3. VOORWOORD DEUR MINISTER DAVID MAYNIER

Ons strategiese benadering en sektorspesifieke intervensies gedurende die 2020/21-boekjaar was suksesvol vir die provinsie, ten spyte van moeilike ekonomiese uitdagings wat hoofsaaklik deur die Covid-19-pandemie en beperkings weens die inperking veroorsaak is en 'n negatiewe impak op ondernemings in die Wes-Kaap gehad het.

En daarom het ons hard gewerk, tesame met die privaat sektor, om 'n balans te vind tussen die red van lewens en om lewensbestaan te red sodat ons die Wes-Kaap veilig en verantwoordelik weer kan oopstel.

Hierdie werk word voortgesit met die dringende implementering van ons Wes-Kaapse Herstelplan met drie fokusgebiede: werkskepping, veiligheid en welstand.

Wat werksgeleenthede betref, fokus ons daarop om 'n bemagtigende omgewing vir werkskepping te skep, hoofsaaklik deur die ondersteuning van die privaat sektor en markte, wat uiteindelik welstand en veiligheid sal verbeter.

Die bemagtigende omgewing om die ekonomie te laat groei en werk te skep, sal bereik word deur op die volgende temas te fokus:

- bespoediging van die gemak van sake doen
- bevordering van investering en uitvoere
- toename in infrastruktuurinvestering
- uitbreiding van werksgeleenthede en vaardighede vir werkloses
- ontwikkeling van ekonomiese veerkragtigheid in die Wes-Kaap

Ek wil die Departement, onder leiding van mnr. Solly Fourie, erkenning gee en bedank vir sy pogings om 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir ekonomiese groei en werkskepping in die Wes-Kaap. Alhoewel ons ons suksesse vier, kan lesse wat ons gedurende die verslagdoeningsperiode geleer het, ons ook help met toekomstige pogings om inwoners van die Wes-Kaap beter te dien.

Ek wil ondernemings in die Wes-Kaap ook graag bedank vir hul besondere veerkragtigheid en vernuwing wat getoon is gedurende hierdie moeilike tye. Ons bly daartoe verbind om saam met ondernemings te werk en steun te bied sodat ons tesame werksgeleenthede kan red en die Wes-Kaapse ekonomie kan herbou.



MNR. DAVID MAYNIER

Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede

Datum: 20 September 2021

4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE

Oorsig van die werksaamhede van die Departement

Die Wes-Kaapse ekonomie is swaar getref deur die Covid-19-pandemie, wat die ekonomiese en sosio-ekonomiese uitdagings in die provinsie vererger het. Voor die pandemie het die Suid-Afrikaanse ekonomie reeds gebuk gegaan onder strukturele kwessies soos 'n vaardigheidswanverhouding, lae produktiwiteit, gebrek aan mededingendheid, infrastruktuuragterstande, rompslomp en energie-onsekerheid. Indien dit nie opgelos word nie, sal hierdie kwessies voortgaan om die ekonomie se vinnige herstel te belemmer.

Ondernemings word steeds met geweldige uitdagings gekonfronteer wat aansienlike werkverliese tot gevolg het. Die DEOT verwag dat die provinsiale ekonomie in 2021 sal herstel, met ekonomiese groei van 4,4%. Vanuit 'n sektorale perspektief is die volgende sektore in die Wes-Kaap die swaarste getref: toerisme, die informele sektor, konstruksie, handel en vervaardiging. Die skok van die huidige wêreldwye pandemie het 'n deurlopende behoefte aan staatsbesteding geskep om die risiko van permanente skade aan die ekonomie te verminder. Dit het op sy beurt inkrimpings in die BBP ongeëwenaard in die moderne geskiedenis vir die meeste ekonomieë veroorsaak. Ons Wes-Kaapse Herstelplan bepaal dat ons net kan herstel en floreer as ons ekonomie groei en inwoners inkomste genereer.

Prestasies vir die jaar

Die Departement het gedurende die oorsigjaar weereens die geleentheid gekry om homself as 'n leier in die daarstelling van 'n bevorderlike en groeiende ekonomiese omgewing te vestig. Die Departement se aktiwiteite het 'n wye verskeidenheid ekonomiese intervensies gedek en die doel om 'n aanvraag- en privaatsektorgedrewe benadering tot ekonomiese ontwikkeling te ondersteun, is weer suksesvol verwesenlik.

Altesaam R4,7 miljard in investering in die Wes-Kaap is in die 2020/21-boekjaar behaal ten opsigte van 'n teiken van R1,9 tot R2,7 miljard. Dit het gelei tot die skep van 1 830 werksgeleenthede en die ontwikkeling van die Wes-Kaapse nywerheidsbasis.

Die verbeteringsintervensie vir die Kaapstad-hawe is ook voortgesit. Bemoedigende vordering is gemaak ondanks die negatiewe impak van die Covid-19-pandemie. 'n Data-integrasieprojek is voltooi en 'n kernoorsaakontleding van vervoerderopeenhoping is gedoen.

Ons KMMO-aansporingsfonds het deur samewerking en in vennootskap met KMMO-ondersteuningsorganisasies – OSW's, korporasies, munisipaliteite, regeringsdepartemente en/of hul agentskappe, tersiêre instellings, sakeverenigings en ander relevante ondersteuningsorganisasies – steun en bystand aan KMMO's gebied vir die handhawing en verbetering van volhoubaarheid om hulle in staat te stel om te groei en werk te skep. Die KMMO-aansporingsfonds het 17 organisasies ondersteun wat gesamentlik 397 KMMO's ondersteun het. Tot op hede is 90 werksgeleenthede geskep deur vier van die 17 organisasies wat hul KMMO-aansporingsfondsp projekte voltooi het. Dit word in die vooruitsig gestel dat meer as 300 werksgeleenthede deur die oorblywende 13 organisasies geskep sal word.

Op die gebied van hulpbronveerkragtigheid: vier verklarings van groen-ekonomie-investering in die Wes-Kaap wat deur die Wes-Kaapse Regering ondersteun is (deur GreenCape en Wesgro) is onderteken en in die 2020/21-boekjaar voltooi. Dit sal 'n totale investering van ongeveer R11,6 miljard tot gevolg hê.

Teen die einde van 2020 is 'n Munisipale Energieveerkragtigheidsinisiatief van drie jaar, oftewel MEV-inisiatief, van stapel gestuur om munisipaliteite, ondernemings en huishoudings in staat te stel om hul eie krag op te wek, te verkry en te verkoop. Die projek het ten doel om munisipaliteite te help om voordeel te trek uit die nuwe energieregulasies, wat die moontlikheid vir munisipaliteite insluit om krag direk van onafhanklike kragprodusente, oftewel OKP's, aan te koop.

Fase 1 is geïdentifiseer en werk saam met die ses kandidaatmunisipaliteite waar baanbrekersenergieprojekte geïmplementeer sal word.

Die Vaardigheidsontwikkeling-en-innovasieprogram het gefokus op die lewering van vaardigheidsprogramme wat daarop gemik is om leemtes die hoof te bied, en die vaardighede van ons jeug en arbeidsmag te verbeter deur sleutelvaardighede te ontwikkel vir die groeiende vraag na toepaslike vaardighede in ons ekonomie om sodoende streeksmededingendheid te verbeter. Om 'n vraaggedrewe benadering te ondersteun wat daarop gemik is om vaardigheidsbehoefte in die jeugindiensneembaarheidsektor te verbeter, asook om die impak van die pandemie teen te werk, het die Vaardigheidsontwikkeling-en-innovasieprogram binne DEOT drie (3) belangrike jeugindiensnemingsprogramme geïmplementeer. Die IKT-program vir Tegniese Vaardighede, ons vooraanstaande Werk- en Vaardigheidsprogram en Ambagsontwikkeling-werkplasingprogram is reagerend op bedryfsbehoefte. Die inisiatief het oorpresteer ten opsigte van die getal begunstigdes wat ondersteun is, sowel as fondse wat vir hierdie programme vir die huidige asook toekomstige boekjaar aangewend is.

Die program – in vennootskap met die Kollege van Kaapstad, die Nasionale Vaardigheidsfonds, die Stad Kaapstad en die SPU-bedryf – het ook die eerste openbare-private vennootskap genaamd SPU Akademie van Uitnemendheid van stapel gestuur. Die Akademie sal pasgemaakte bedryfsertifiserings ontwikkel in reaksie op veranderende bedryfsbehoefte. Die Akademie sal ook, deur vaardigheidsontwikkelingsprogramme, werkseleenthede ontwikkel en aan duisende begunstigdes uit sommige van ons mees gemarginaliseerde gemeenskappe verskaf ter ondersteuning van die SPU-bedryf.

Uitdagings vir die jaar

In reaksie op die onmiddellike uitdagings wat die pandemie aan ondernemings gestel het, was die Departement in staat om sy werksaamhede aan te pas ten gunste van 'n aantal Covid-19-spesifieke ondersteuningsintervensies. Die gevolg is dat hierdie skrikwekkende uitdagings gelei het tot van ons mees noemenswaardige suksesse in 'n tyd toe ondernemings in die Wes-Kaap dit die nodigste gehad het.

As bystand vir ondernemings om die Covid-19-pandemie te trotseer, het die Eenheid vir Ondernemingsontwikkeling verskeie maatreëls geïmplementeer om ondernemings in staat te stel om lewensvatbaar en volhoubaar te bly tydens die pandemie, om hul voortbestaan te verseker en hul kapasiteit te ontwikkel. Dit het die volgende ingesluit:

- Die Covid-19-sakehulpfonds het bygedra om die ekonomiese impak van Covid-19 op klein en mikro-ondernemings (formeel en informeel) wat in die Wes-Kaap sake doen, te verlig. Die fonds het toelaefinansiering (ongeveer R39 miljoen) verskaf en 249 ondernemings (formeel/informeel) oral in die Wes-Kaap ondersteun en net meer as 2 000 werkseleenthede behou.
- Die Ekonomiese Herstelprojek vir Gemeenskappe het 122 spazawinkels in die volgende geografiese gebiede ondersteun: Kaapstad, Kaapse Wynland, Overberg en die Tuinroete. Elektroniese koopbewyse is aan gemeenskapskombuise uitgereik wat by die spazawinkels of voedselverskaffers gebruik is, waar die betaalstelsel aan 'n tegnologieplatform gekoppel is. Ongeveer 22 500 begunstigdes is deur middel van die gemeenskapskombuise ondersteun.

Die Departement het ook 11 000 veiligheidstelle vir klein ondernemings oral in die provinsie versprei en kan rapporteer dat 2 656 ondernemings in besit van vroue, 854 ondernemings in jeugbesit en 60 ondernemings in besit van gestremdes gehelp is om sake veilig voort te sit.

Die Departement het ondersteuningsdienste gekontrakteer om ondernemings te help om Covid-19-risikobepalings te onderneem, risikoversagtingsplanne te ontwikkel, voldoening aan die Departement van Indiensneming en Arbeid se werkplekveiligheidsregulasies en betrokke sektorspesifieke Covid-19-werkplekveiligheidsvereistes te verseker, asook om enige ander vereiste intervensies te implementeer om hulle in staat te stel om moontlike verdere golwe van Covid-19 en toekomstige pandemies te bestuur. Bystand is aan 459 ondernemings verskaf, met 'n verdere 51 ondernemings wat ondersteun is om komplekse nievoldoeningskwessies rakende Covid-19-werkplekveiligheid op te los.

Ter ondersteuning van die gemak van sake doen gedurende hierdie tyd, het die Eenheid vir Rompslompvermindering (RTRU) sy bestaande gevallebestuurstelsel heraangewend om die versoeke van ondernemings vir bystand gedurende die heel eerste inperkingsperiode te hanteer. Dit het die fasilitering van versoeke vir permitte om sake te doen ingesluit, sowel as steunwerwing vir die oopstelling van sektore en die interpretering van die regulasies wat ingevolge die Wet op Rampbestuur uitgereik is. In Mei 2020 het die RTRU 'n projek aangepak om direk met die WVF te skakel om betalings van WVF-TERS-aansoeke deur werknemers en ondernemings te fasiliteer. Sedert Mei 2020 het die RTRU hoofsaaklik 8 576 werknemers en 180 maatskappye bygestaan, wat 'n gemiddelde uitbetalingstotaal van R43 866 240 in die geheel behels het.

Daarbenewens het die Departement – soos baie organisasies – voor verskeie beperkings te staan gekom wat die implementering van sy planne gekortwiek het. 'n Behoeftes aan fiskale besuiniging en vereiste herprioritisering van hulpbronne om die gevolge van die pandemie te hanteer, het van die mees onmiddellike uitdagings gestel. Die Departement se kennisname hiervan is sigbaar in elke stap van die ontwikkeling van huidige beplanning en daar sal gepoog word om voort te gaan met die uitvoering van planne in ooreenstemming met die Departement se gedefinieerde en gevestigde doelwit vir groei van die Wes-Kaapse ekonomie. Strategiese keuses rakende intervensies sal die kernfokus vorm om te verseker dat die Departement dienslewering behaal soos uiteengesit word. Finansiële en menslike hulpbronne wat vir implementering benodig word, sal ook hersien, geprioritiseer en belyn word met sleutelgebiede om grondige dienslewering te verseker wat met strategiese doelwitte belyn is.

Oorsig van die finansiële resultate van die Departement

Departementele ontvangste

Departementele ontvangste	2020/2021			2019/2020		
	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onder-invoering	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onder-invoering
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Belastingontvangste						
Kasinobelasting						
Perdewedrenbelasting						
Dranklisensies						
Motorvoertuiglisensies						
Niebelastingontvangste	351	2 176	(1 825)	333	1 555	(1 222)
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	351	177	174	333	410	(77)
Oordragte ontvang						
Boetes, strafgelde en verbeurings						
Rente, dividende en huurgeld op grond		28	(28)			
Verkoop van kapitaalbates		33	(33)		32	(32)
Finansiële transaksies in bates en laste		1 938	(1 938)		1 113	(1 113)
Totaal	351	2 176	(1 825)	333	1 555	(1 222)

Die primêre bydraer tot inkomste binne die Departement is registrasiefooi vir toergidse. Aan die einde van die boekjaar het die Departement 'n oorinvordering getoon van R1,825 miljoen ten opsigte van sy geprojekteerde inkomste.

Fondse wat van die merSETA vir die implementering van verskeie vaardighedprojekte ontvang is, het R1,6 miljoen van die oorinvordering uitgemaak wat gedurende die boekjaar ontvang is. Verdere fondse is ook ontvang vir die verkoop van uitgediende bates aan personeel.

Programbesteding

Programnaam	2020/2021			2019/2020		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	62 744	62 678	66	59 477	56 914	2 563
Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste	89 377	89 355	22	67 040	66 271	769
Handel- en Sektorontwikkeling	69 951	69 342	609	63 718	61 530	2 188
Sakeregulering en -Bestuur	7 299	7 248	51	9 223	9 058	165
Ekonomiese Beplanning	146 768	143 560	3 208	185 496	181 807	3 689
Toerisme, Kunste en Vermaak	76 713	76 578	135	60 035	58 148	1 887
Vaardighedsontwikkeling en Innovasie	82 034	81 950	84	66 274	65 055	1 219
Totaal	534 886	530 711	4 175	511 263	498 783	12 480

Die Departement se finale begroting vir die 2020/21-boekjaar het R534 886 miljoen beloop. Hiervan het die Departement 99,2% van sy bewilligde fondse bestee in vergelyking met 97,56% in die 2019/20-boekjaar. Daar moet kennis geneem word dat slegs Program 5: Ekonomiese Beplanning minder as die 2%-norm vir die boekjaar bestee het. Dit was hoofsaaklik as gevolg van laer as verwagte uitgawes vir die Covid-19: Beroepsgesondheid-en-veiligheidsprojek gemik op ondernemings in die Wes-Kaap.

Viremente/oorplasings

Aan die einde van die 2020/2021-boekjaar is viremente gedoen om oorbesteding in die hoofafdelings van die begrotingspos te dek. Hierdie viremente is as volg toegepas:

- Program 1: Administrasie: 'n Virement is na die program gedoen om oorbesteding te dek ten opsigte van die volgende ekonomiese klassifikasies: goedere en dienste, en kapitaalbates. Die virement is uit Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling gedoen.
- Program 5: Ekonomiese Beplanning: 'n Virement is na die program gedoen om oorbesteding te dek ten opsigte van die volgende ekonomiese klassifikasie: vergoeding van 'n werknemer. Die virement is uit Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste gedoen.
- Program 7: Vaardighedsontwikkeling en Innovasie: 'n Virement is na die program gedoen om befondsing te verskaf ten einde bykomende leerders by gasheermaatskappye te plaas as deel van die werkplasingverskaffingsprojek binne die Departement. Die virement is uit Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste sowel as Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling en Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak gedoen.

Ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende besteding

Die Departement het geen ongemagtigde besteding aangegaan nie, maar daar was een geval van vrugtelose en verkwistende besteding wat verband hou met uitgawes wat vir verblyf aangegaan is. Daar is bevind dat die

amptenaar nie redelike sorg aan die dag gelê het nie en dus was die uitgawes wat aangegaan is tevergeefs. Die fondse is van die amptenaar verhaal en gevolg bestuur is onderneem.


Strategiese fokus oor die kort- tot mediumtermynperiode

Die ekonomiese uitwerking van Covid-19 is ernstig en wydverspreid, met die globale impak wat gelei het tot verlaagde belegging- en sakevertroue, werksverliese, beperkte handel en sakekwaesbaarhede in verband met SA se afhanklikheid van internasionale markte.

Die Wes-Kaapse Herstelplan is belyn met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme se vyfjaarstrategie ten opsigte van die huidige behoefte om werkseleenthede te skep en te handhaaf, sowel as die talle sistemiese uitdagings wat in die Departement se vyfjaarstrategie vasgelê is. Binne die konteks van hierdie skakeling is verskeie prioriteite geïdentifiseer as van kernbelang om die uitdagings rakende die ekonomie die hoof te bied. Die prioriteite word in die grafiek hier onder uitgebeeld.

Daarbenewens het die Covid-19-pandemie 'n geweldige impak op ondernemings en landsburgers gehad. Gevolglik het die Departement, binne die fiskale beperkings, 'n gefokusde strategie ontwikkel wat die belangrikste dryfkragte geprioritiseer het om die ekonomie te help herstel en wat deur die kernwerkzaamhede van die Departement ondersteun word. Hierdie geprioritiseerde dryfkragte is die volgende: gemak van sake doen, energie, bevordering van investering en uitvoere, tesame met kommunikasie en beleidsontwikkeling. Hierdie gefokusde prioriteite vereis bykomende kapasiteit en spesifieke vaardighede om te help met beplanning en implementering.

Prioritisering van ekonomiese herstel met inbegrip van fiskale beperkings



Openbare-private vennootskappe

Geen OPV is deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme onderneem nie.

Gestaakte aktiwiteite/aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen aktiwiteite is gedurende die 2020/21-boekjaar gestaak nie.

Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

NVT

Voorsieningskanaalbestuur

VKB-prosesse en -stelsels om onreëlmatige besteding te verhoed

Die Departement het geen ongevraagde bodvoorleggings vir die oorsigjaar aanvaar nie.

'n Groot persentasie van die Departement se werk word deur middel van die voorsieningskanaalprosesse onderneem en as sodanig is dit van kritieke belang vir die werksaamhede van die Departement. In die boekjaar onder oorsig is die VKB-prosesse krities hersien om verkwing en korrupsie te bekamp, asook om doeltreffendheid te verbeter. Deur die ontwerp en implementering van maatreëls vir bespeuring, voorkoming en regstelling, is standaardwerkprosedures en -prosesse ingestel om onreëlmatige, vrugtelose en verkwingende, en ongemagtigde besteding te voorkom. Die Eenheid vir Interne Beheer doen toesighouding en handhaaf voldoening aan bestuursoorsig- en voldoeningsvoorskrifte. Hierdie maatreëls is in die huidige finansiële beleidshandleiding en delegeringsraamwerk ingesluit.

Aangesien 'n groot deel van die VKB-stelsel per hand bestuur word, is gestruktureerde kapasiteitsbou- en opleidingsprogramme ingestel om departementele bewustheid van VKB-stelsels, standaardwerkprosedures, beleide, template en instrumente te bevorder.

Volgens die verkrygingsplan het die Departement in die 2020/21-boekjaar 'n afwyking van 6,04% getoon vir die verkryging van goedere en dienste weens projekte wat gekanselleer is en/of as oordragbetalings herkanaliseer is.

Roerende bates word deurlopend op die LOGIS-stelsel deur die Departement onderhou en bestuur volgens die minimum vereiste inligting vir insluiting in die vastebateregister. Die fisiese jaareindverifiëringstelling van alle roerende bates het op 8 Februarie 2021 begin en is op 26 Februarie 2021 afgehandel. Alle roerende bates wat gedurende die oorsigjaar verkry is, is verklaar en akkuraat in die bateregister aangeteken soos volgens die Batebestuursraamwerk en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

As deel van pogings om doeltreffendheid te verbeter, het die Provinsiale Tesourie 'n geoutomatiseerde verkrygingsbeplanningsinstrument bekendgestel waarop die Departement se verkrygingsvereistes vasgelê en oor verslag gedoen word. Die Departement het ook sy template en kontrolelyste hersien om te verseker dat prosesse konsekwent toegepas word en as 'n afskrikmiddel teen nievoldoening dien. Belangebotsing word deur verkryging en ander prosesse bestuur. Die DEOT verseker deurlopend die volgende:

- Senior bestuur, voorsieningskanaalbestuurspraktisyns, rolspelers en lede van die bodkomitee moet hul finansiële belange verklaar. Daar word van diensverskaffers verwag om deur die voorsieningskanaalbestuursprosesse hul finansiële belange en verbintenis met staatsdiensamptenare te verklaar.
- Senior bestuur, personeel en sleutelverskaffers word gekeur.

- Bieërs se optrede word volgens die register van tenderwanpresteerders en die databasis van verbode verskaffers geverifieer.

Daarbenewens voltooi alle personeel wat in die Eenheid vir Voorsieningskanaalbestuur aangestel word 'n verklaring van belange en erkenning van die inhoud van die gedragskode, waarvan 'n rekord dan gehou word.

Geskenke en donasies in natura van nieverwante partye ontvang

Naam	Posbenaming	Aard	Geskatte waarde (R)	Verwantskap met ontvanger
Herman Jonker	Senior Bestuurder: Koördinerer van Industriële Ontwikkeling (Kaapse Katalisator)	Stokvisfilette (5 kg)	450,00	Geen
Tim Parle	Hoofdirekteur	Sagtebandkopie van die boek: <i>The Mastery Code</i> deur Llewellyn Deveraux (Hierdie boek is aan die Departement geskenk.)	295,00	Geen
Tim Parle	Hoofdirekteur	Sagtebandkopie van die boek: <i>Praying with Mandela</i> deur Archbishop Makgoba (Hierdie boek is aan die Departement geskenk.)	208,00	Geen
Joshua Wolmarans	Direkteur	Koekies, skurwejantjies, sjokolade en 'n drupmatjie	300,00	Geen

Vrystellings en afwykings van die Nasionale Tesourie ontvang

Die Departement het geen vrystellings of afwykings van die Nasionale Tesourie ontvang nie.

Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

In Julie 2021 was daar 'n voortdurende vete tussen die Cape Amalgamated Taxi Association (CATA) en die Congress of Democratic Taxi Associations of SA (Codeta) wat gelei het tot dodelike skietvoorvalle in gemeenskappe en duisende pendelaars wat gestrand gelaat is. Alhoewel dit grootliks 'n vervoersektorkwessie verteenwoordig het, was die implikasies vir ondernemings uiters sigbaar met werknemers wat nie toegang tot hul werkplekke kon kry nie, wat sodoende produktiwiteit beïnvloed het. Dit toon weereens die behoefte aan 'n ekonomiese fokusgebied in reaksie op enige krisis.

Erkennings

Ek erken en waardeer die ondersteuning, leierskap, leiding en aanmoediging van LUR Maynier, sy kantoorpersoneel sowel as die Kabinet van die Wes-Kaap gedurende die boekjaar. Ek wil ook graag my toegewyde bestuursspan en die DEOT-personeel bedank wat toegewyd en gefokus gebly het om te verseker dat ons deurlopend vordering toon met die bereiking van ons doelwitte en doelstellings onder hierdie "ongewone" omstandighede. Die innoverings en vinnige aanpasbaarheid wat die Departement gedurende hierdie krisistyd aan die dag gelê het in reaksie op die behoeftes van ons kernbelanghebbers was merkwaardig sowel as indrukwekkend.

Ek wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om ons ondersteuningsvennote en -agentskappe te bedank en my opregte waardering uit te spreek teenoor alle ondernemings – klein, medium en groot – vir hul volgehoue bydraes tot die verwesenliking van 'n welvarende Wes-Kaapse ekonomie. Nou meer as ooit tevore sal alle ekonomiese belanghebbers moet saamwerk om die veerkragtigheid van die Wes-Kaap te versterk.

Samevatting

Omdat die Covid-19-pandemie die ekonomiese uitdagings vererger het soos wat deur die nasionale en provinsiale ekonomie ervaar is, het die Wes-Kaapse Regering 'n herstelplan ontwikkel met werksgeleenthede as 'n sleuteltema. Die werkskeppingstema in die provinsiale Wes-Kaapse Herstelplan bou voort op onmiddellike intervensies en neem ook die sistemiese uitdagings onder die loep. Die Departement gaan dus voort met sy prioritisering van die skep van 'n bemagtigende omgewing vir werkskepping, hoofsaaklik deur die ondersteuning van die privaat sektor en markte, wat sodoende ook welstand en veiligheid verbeter. Die bemagtigende omgewing vir ekonomiese groei en werkskepping sal deur middel van die volgende bereik word:

- gemak van sake doen
- bevordering van investering en uitvoere
- bevordering van infrastruktuur
- toename in werksgeleenthede
- ekonomiese veerkragtigheid

Die Departement bly steeds verbind tot sy diensleweringmandaat en die regering en sy verwante agentskappe moet nou meer as ooit tevore met die korporatiewe, kleinsake- en nywerheidsektor saamwerk om die koers van die ekonomie te bepaal ter verwesenliking van 'n dinamiese, innoverende en volhoubare Wes-Kaapse ekonomie, wat gekenmerk word deur ekonomiese groei en indiensneming.



MNR. SOLLY FOURIE

REKENPLIGTIGE BEAMPTE

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

DATUM: 31 Augustus 2021

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na my beste wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

Alle inligting en bedrae wat regdeur die jaarverslag openbaar gemaak is, is konsekwent.

Die jaarverslag is volledig, akkuraat en sonder enige weglatings.

Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne oor jaarverslae wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.

Die finansiële jaarstate (Deel E) is opgestel in ooreenstemming met die gewysigde kontantstandaard en die relevante raamwerke en riglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die opstel van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting uitgespreek word.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel vir interne beheer, wat ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële jaarstate.

Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Na my mening bied die jaarverslag 'n akkurate weerspieëling van die werksaamhede, die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële sake van die Departement vir die boekjaar soos geëindig op 31 Maart 2021.

Dienswillig die uwe



MNR. SOLLY FOURIE

REKENPLIGTIGE BEAMPTTE

DATUM: 31 Augustus 2021





6. STRATEGIESE OORSIG

6.1 Visie

Die Departement se visie is 'n Wes-Kaap met 'n dinamiese, innoverende en volhoubare ekonomie, wat gekenmerk word deur ekonomiese groei en indiensneming.

6.2 Missie

Om die bostaande visieverklaring te verwesenlik, sal die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme kwalitatiewe leierskap aan die Wes-Kaapse ekonomie voorsien deur middel van die Departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer, en sy bydrae tot die regering se ekonomiese prioriteite. Die Departement sal die produktiewe en mededingende vermoë van die provinsiale ekonomie verbeter. Dit sal 'n katalisator vir ekonomiese groei en werkskepping wees deur middel van:

- investeringsbevordering en katalitiese infrastruktuur
- toename in uitvoere
- oorbrugging van vaardigheidsgapings
- bespoediging van die gemak van sake doen
- hulpbronveerkragtigheid

6.3 Waardes

Die kernwaardes van die Departement is die volgende:

Sorgsaamheid: Om om te gee vir diegene wat ons dien en mee saamwerk

Bekwaamheid: Die vermoë en bevoegdheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is

Aanspreeklikheid: Ons aanvaar verantwoordelikheid

Integriteit: Om eerlik te wees en die regte ding te doen

Innovasie: Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en op vindingryke wyse kreatiewe oplossings vir probleme te ontwikkel

Responsiwiteit: Om in die behoeftes van ons landsburgers en werknemers te voorsien

7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

Grondwetlike mandaat

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Bylae 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika lys funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid. Die gebiede wat verband hou met ekonomiese ontwikkeling en toerisme is:

- Verbruikersbeskerming
- Nywerheidsbevordering
- Toerisme
- Handel

Bylae 4B van die Grondwet identifiseer plaaslike toerisme as 'n plaaslike regeringsaangeleentheid van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid in die mate soos uiteengesit in artikel 155(6)(a) en (7) van die Grondwet.

Verskeie wette speel 'n rol in die Departement se werkbestede. Die belangrikste wette en beleide word vermeld:

Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (Wet 53 van 2003), soos gewysig deur die BBSEB-wysigingswet, 2013 (Wet 45 van 2013)

Die Wet maak voorsiening vir 'n wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging; magtig die Minister om kodes vir goeie praktyk uit te reik en om handveste vir transformasie te publiseer; stel die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging in; en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Die BBSEB-wysigingswet het 'n aantal veranderinge ingevoer waarvan die volgende as die belangrikste beskou word:

- instelling van 'n BBSEB-kommissie wat 'n toesighouding- en voorspraakrol vervul
- definisie van praktyke van "frontvoorhouding" en die kriminalisering van sulke praktyke
- verslagdoening van alle staatsorgane in hul jaarverslae oor voldoening aan BBSEB-regulasies

Die wysigings aan die BBSEB se Kodes vir Goeie Praktyk het op 1 Mei 2015 in werking getree.

Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991)

Hierdie Wet maak voorsiening vir die aanwysing van lisensie-owerhede en die uitreiking van lisensies vir sekere soorte ondernemings (insluitend verkoop of verskaffing van etes of bederfbare voedsel en verskaffing van sekere soorte gesondheidsinstellings of vermaak).

Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)

Die Wet op Verbruikersbeskerming bevorder 'n billike, toeganklike en volhoubare markplek vir verbruikersprodukte en -dienste en vir daardie doel bepaal dit nasionale norme en standaarde met betrekking tot verbruikersbeskerming, maak voorsiening vir verbeterde standaarde van verbruikersinligting, verbied sekere onbillike bemarking- en sakepraktyke, bevorder verantwoordelike verbruikersgedrag, bevorder 'n konsekwente wetgewende en toepassingsraamwerk rakende verbruikerstransaksies en -ooreenkomste; en stel die Nasionale Verbruikerskommissie in.

Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)

Die Wet maak voorsiening vir kernbeginsels, -meganismes en -prosesse om munisipaliteite in staat te stel om progressiewe vordering te maak met die sosiale en ekonomiese opheffing van gemeenskappe en om toegang tot noodsaaklike en bekostigbare dienste te verseker.

Nasionale Kleinsakewet, 1996 (Wet 102 van 1996), soos gewysig deur die Nasionale Kleinsakewysigingswet, 2004 (Wet 29 van 2004)

Die Wysigingswet het die bepalings rakende die Ntsika Ondernemingsbevorderingsagentskap (Ntsika) herroep; maak voorsiening vir die instelling van die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap (SEDA); en maak voorsiening vir die inlywing van Ntsika, Namac en enige ander aangewese instansie by die agentskap.

Wet op die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy, 2016 (Wet 1 van 2016)

Die doel van die Wet is om die werking van die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. te reël. Dit maak voorsiening vir die aandeelbesit deur die Wes-Kaapse Regering in die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. en maak voorsiening vir die oogmerke, werksaamhede en bestuur van die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk.

Wet op Koöperasies (Wet 14 van 2005), soos gewysig deur die Wysigingswet op Koöperasies, 2013 (Wet 6 van 2013)

Die Wet bepaal dat die Departement verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling binne die provinsiale regering die koördinerende van beplanning, begroting, verskaffing van dienste en ondersteuning aan, sowel as die monitering en evaluering van, koöperasies sal verseker.

Wet op Lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap, 2013 (Wet 12 van 2013)

Die doel van die Wet is om magtigende wetgewing te voorsien om die verhouding tussen die Wes-Kaapse Regering en die Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (EOV) te reguleer. Die Wet bepaal dat die Wes-Kaapse Regering 'n lid van die EOV kan word en bewerkstellig 'n formele verhouding (insluitend die voorsiening vir oordragbetalings) tussen die twee partye. Die Wet stel voorwaardes met betrekking tot die Wes-Kaapse Regering se lidmaatskap van die EOV en befondsing van die EOV deur oordragbetalings. Die Wet reguleer nie die bestuur en werksaamhede van die EOV nie, aangesien dit deur maatskappywette gereguleer word. Die Wet is in Desember 2013 deur die provinsiale Kabinet aangeneem.

Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-maatskappy, 2000 (Wet 8 van 2000)

Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die Provinsie se aandeelbesit in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum-maatskappy, vir die fondse wat deur die Provinsie aan die Maatskappy voorsien word, en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014 (Wet 16 van 2014)

Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die aanwysing, bevordering, ontwikkeling, werking en bestuur van spesiale ekonomiese sones (SES'e), wat die vestiging insluit van 'n sakeonderneming (provinsiaal of munisipaal) om elke SES te bestuur. Verder maak die Wet voorsiening vir die vestiging en funksionering van 'n nasionale adviesraad oor spesiale ekonomiese sones en die vestiging van die Fonds vir Spesiale Ekonomiese Sones. Laastens het die Wet ten doel om die aansoekproses en toestaan van operateurpermitte vir spesiale ekonomiese sones te reguleer en voorsiening te maak vir die funksies van die operateur van spesiale ekonomiese sones.

Wet op Toerisme, 2014 (Wet 3 van 2014)

Hierdie Wet maak voorsiening vir die ontwikkeling en bevordering van volhoubare toerisme vir die sosiale, ekonomiese en omgewingsvoordeel van Suid-Afrikaanse burgers. Die doelwitte daarvan sluit in die bevordering van verantwoordelike toerismepraktyke; die doeltreffende bemaking van Suid-Afrika, sowel plaaslik as internasionaal, deur Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT); die bevordering van toerismeprodukte en -dienste van gehalte; die bevordering van die ekonomiese groei en ontwikkeling van die sektor; en die vestiging van konkrete interregeringsverhoudinge om toerisme te ontwikkel en te bestuur. Dit maak spesifiek voorsiening vir die verdere opleiding en registrasie van toergidse, 'n etiese en gedragskode vir toergidse, prosedures om klagtes in te dien en tugmaatreëls.

Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002)

Die Wet maak voorsiening vir die ondersoek, verbod en beheer van onbillike sakepraktyke en die instelling van 'n Kantoor van die Verbruikersbeskermer en Verbruikersaketribunale.

Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig deur die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 2013 (Wet 6 van 2013)

Die Wet maak voorsiening vir die instelling van die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap (Wesgro). Dit is gewysig deur die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 2013 (Wet 6 van 2013), wat die hoofwet gewysig het met die doel om die doelwitte, magte en funksies van die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap en die magte en pligte van direkteure van die Raad van die Agentskap (die Raad) en die hoof- uitvoerende beampte uit te brei om die bevordering van toerisme in te sluit.

Wet op Spesiale Ekonomiese-ontwikkelingsinfrastruktuur, 2019 (Wet 16 van 2019)

Die Wes-Kaapse Regering is daarvoor verantwoordelik om verskeie projekte rakende spesiale ekonomiese-ontwikkelingsinfrastruktuur in die Provinsie te bestuur om ekonomiese groei en werkskepping te stimuleer en te bevorder. Hierdie Wet maak voorsiening vir die stigting en bestuur van 'n regspersoon om die Wes-Kaapse Regering se belange in hierdie projekte rakende spesiale ekonomiese-ontwikkelingsinfrastruktuur te bewaar en te beskerm.

BELEIDSMANDATE

Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme se vyfjaarstrategie, 2020-2025

Die DEOT se vyfjaarstrategie vir 2020-2025 bly onveranderd, aangesien dit goed belyn is met die Provinsiale Strategiese Plan en die Wes-Kaapse Herstelplan. Dit bestaan uit vyf fokusgebiede, naamlik:

- investering deur bevordering en katalitiese infrastruktuur
- toename in uitvoere
- oorbrugging van vaardigheidsgapings
- bespoediging van die gemak van sake doen
- hulpbronveerkragtigheid

Hierdie departementele fokusgebiede en hul onderskeie uitkomstes vorm die hoeksteen van die DEOT se vyfjaarstrategie.

Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting, 2007 (FMPPI)

Die FMPPI bied 'n uiteensetting van die sleutelkonsepte rakende die ontwerp en implementering van bestuurstelsels om prestasie-inligting in die openbare sektor te definieer, te versamel en te gebruik sowel as om daarvoor verslag te doen. Die FMPPI benadruk dat prestasie-inligting noodsaaklik is om die openbare en toesighoudingsliggame se aandag te vestig op die vraag of openbare instansies waarde vir geld bied deur hul prestasie ten opsigte van hul begrotings en diensleweringplanne te vergelyk en om bestuurders te waarskuwende rakende gebiede waar regstellende maatreëls benodig word.

Nywerheidsbeleidaksieplan (NBAP)

Die Nywerheidsbeleidaksieplan (NBAP) is stewig veranker binne die regering se oorhoofse beleid en planne om die belangrikste uitdagings ten opsigte van ekonomiese en nywerheids groei sowel as rasgebaseerde armoede, ongelykheid en werkloosheid aan te pak. NBAP 2018 is 'n produk van die kluster vir die ekonomiese sektore, indiensneming en infrastruktuurontwikkeling (ESEID). Die verantwoordelikheid vir die implementering daarvan berus by die regering as geheel asook 'n wye verskeidenheid entiteite, insluitende maatskappye in staatsbesit (MSB's).

NBAP 2018 fokus op die volgende 10 belangrike temas wat onderliggend is aan die werksaamhede van die Departement van Handel en Nywerheid en as 'n padkaart vir die groter nywerheids poging dien:

- Bevorder die groei van die ekonomie.
- Versterk pogings om totale binnelandse aanvraag te verhoog – hoofsaaklik deur lokalisering van openbare verkryging en die intensivering van pogings om die privaat sektor te oortuig om lokalisering en die ontwikkeling van plaaslike verskaffers te ondersteun.
- Bevorder Suid-Afrika se uitvoerhandel.
- Skep en versterk beleidsekerheid en programbelyning.
- Versterk voortgesette pogings om 'n minder gekonsentreerde, meer mededingende ekonomiese en vervaardigingsomgewing te ontwikkel, waar struikelblokke vir nuwe toetreders uit die weg geruim word.
- Ontwikkel 'n sterker stelsel van nywerheidsfinansiering en -aansporings om hoër vlakke van privaatsektorbelegging in die produksiesektore van die ekonomie te ondersteun en te verseker asook om uitvoere uit te brei.
- Gaan voort met tegnologie-intensiewe, waardetoegevoegde benefisiëringsprojekte wat Suid-Afrika se vergelykende voordeel wat die toedeling van hulpbronne betref tot 'n globale mededingende voordeel ten volle benut.
- Optimaliseer tegnologie-oordrag en -verspreiding en, in noue samewerking met die Departement van Wetenskap en Tegnologie, versterk pogings om "inheemse" N&O in sleutelsektore te kommersialiseer.
- Ondersteun die verdere versterking van energiedoeltreffende produksie en koolstof temperingspogings en -maatreëls op 'n manier wat die oorgang van energie-intensiewe sektore van die ekonomie help om sakemededingendheid te handhaaf en uitvoergeleenthede te steun en te bevorder.
- Verstaan, begryp en berei voor vir die voorsienbare uitwerking van die digitale industriële rewolusie en opkomende ontwrigtende tegnologieë deur Suid-Afrika se produktiewe en dienstesektore gesamentlik aan te pas om uitdagings die hoof te bied, insluitend dié wat met werksverplasing verband hou.

Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)

Die sleutelbegrippe van die NOP is die volgende:

- vereniging van Suid-Afrikaners rondom 'n gemeenskaplike program
- landsburgers wat aktief aan hul eie ontwikkeling deelneem
- vinniger en meer inklusiewe ekonomiese groei
- ontwikkeling van vermoëns
- 'n bekwame staatsdiens
- leierskap en verantwoordelikheid in die hele samelewing

Suid-Afrikaanse Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan, 2020

Die sleutelbegrippe van die plan is die volgende:

- bevordering van infrastruktuurinvestering in samewerking met die privaat sektor om werkskepping te stimuleer
- bereiking van energiesekeuriteit deur die elektrisiteitsvoorsieningsketting oop te stel vir onafhanklike kragprodusente
- digitale vooruitgang via vordering met die breëbandspektrumveiling en 'n verbintenis om die kapasiteit van die staatsdiens te verbeter
- 'n verslapping van die regulatoriese omgewing om die gemak van sake doen te versterk sowel as die gepaardgaande dryfkrag om klein ondernemings te ontwikkel
- die inwerkingstelling van e-visums om toerisme te steun
- 'n program om jongmense in diens te neem om onderwysers in skole by te staan

Hierdie nasionale herstelplan is in ooreenstemming met verskeie temas binne die werkskeppingstema van die Wes-Kaapse Herstelplan.

Nasionale Evalueringsbeleidsraamwerk, 2011

Die Nasionale Evalueringsbeleidsraamwerk (NEBR) bied beide die basis vir 'n minimum stelsel van evaluering sowel as 'n gemeenskaplike taal vir evaluering in die staatsdiens. Die doel daarvan is om goeie gehalte-evaluerings te verseker wat inligting gee oor wat werk en wat nie en, op hierdie manier, help om die doeltreffendheid en impak van die regering se werksaamhede te verbeter. Die raamwerk dui die noodsaaklikheid aan om geloofwaardige en objektiewe evalueringsgebaseerde bewyse te gebruik vir beplanning, begroting, organisasieverbetering en beleidsoorsig, en program- en projekbestuur om sodoende prestasie te verbeter.

Nasionale Toerismeherstelplan

Die Covid-19-pandemie het 'n enorme impak op die globale toerismesektor gehad. Regerings regoor die wêreld moes die nodige maatreëls instel om die verspreiding van die koronavirus te beperk om te verseker dat die kapasiteit van gesondheidstelsels nie oorweldig word deur die tempo van oordrag nie. 'n Direkte uitwerking hiervan was 'n beperking van beweging wêreldwyd wat 'n nadelige impak op die globale kapasiteitsbenutting van die toerismesektor gehad het. Die Nasionale Toerismeherstelplan is ontwikkel om die pogings met betrekking tot toerismeherstel ná Covid te lei. Drie strategiese temas vorm die kern van Suid-Afrika se herstel: aansporing van aanvraag, verbetering van aanbod en versterking van bemagtigingsvermoë. Binne hierdie temas word 10 strategiese aanbevelings voorgestel tesame met spesifieke aksies, tydraamwerke en aanspreeklikhede.

Nasionale Toerismesektorstrategie (NTSS)

Navorsing dui aan dat daar steeds vele geleenthede vir groei in toerisme in die land is wat nie ten volle benut word nie. Dit het daartoe gelei dat die nuwe Nasionale Departement van Toerisme, onder leiding van die Minister van Toerisme, 'n inklusiewe proses ingestel het om 'n Nasionale Toerismesektorstrategie (NTSS) saam te stel om die verantwoordelike groei van die toerismebedryf vanaf 2010 tot 2020 te bevorder en te versnel.

Die NTSS stel drie kerntemas voor met spesifieke fokusgebiede wat 'n nasionale, provinsiale en plaaslike perspektief bevat.

TEMA 1: Groei in toerisme en die ekonomie

- om die toerismesektor se totale bydrae tot die ekonomie uit te brei
- om uitstekende menseontwikkeling en waardige werk binne die toerismesektor te verskaf
- om plaaslike toerisme se bydrae tot die toerisme-ekonomie te vergroot
- om by te dra tot die streekstoerisme-ekonomie

TEMA 2: 'n Verbeterde besoekerservaring

- om 'n besoekerservaring van wêreldgehalte te lower
- om 'n toerismekultuur onder Suid-Afrikaners te vestig
- om Suid-Afrika as 'n wêreldwyd erkende toerismebestemmingshandelsmerk te posisioneer

TEMA 3: Volhoubaarheid en goeie bestuurstoesig

- om transformasie binne die toerismesektor te behaal
- om die kwessie van geografiese, seisoenale en plattelandse verspreiding onder die loop te neem
- om “verantwoordelike toerismepraktyke” binne die sektor te bevorder
- om die ekonomiese ontwikkeling van toerisme op plaaslikeregeringsvlak te ontsluit

EenKaap2040

EenKaap2040 is 'n daadwerklike poging om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit is 'n visie en strategie vir die samelewing, eerder as 'n plan van die regering, alhoewel al drie regeringsfere noodsaaklik is vir die implementering daarvan. Dit vervang nie enige bestaande statutêre planne wat van die Provinsie of munisipaliteite vereis word nie. Dit het eerder ten doel om 'n verwysingspunt en riglyn vir alle belanghebbers te wees:

- om nuwe denke en noodsaaklike samesprekings oor die toekoms te bevorder
- om 'n gemeenskaplike agenda vir samewerking tussen die private en openbare sektor en die burgerlike samelewing te verskaf
- om te help om regeringsoptrede en investeringsbesluite te belyn
- om die nodige veranderinge te fasiliteer wat ons moet maak om by die (snel) veranderende plaaslike en globale konteks aan te pas
- om aandag te skenk aan die vereistes vir ontwikkeling, volhoubaarheid, insluiting en mededingendheid

Provinsiale Strategiese Plan (PSP), 2019-2024

Die PSP 2019-2024 is 'n vyfjaarplan wat die Wes-Kaapse Regering se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Dit bestaan uit vyf visiegeïnspireerde prioriteite, naamlik:

- Visiegeïnspireerde prioriteit 1: Veilige en samehorige gemeenskappe
- Visiegeïnspireerde prioriteit 2: Groei en werkseleenthede
- Visiegeïnspireerde prioriteit 3: Bemagtiging van mense
- Visiegeïnspireerde prioriteit 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie
- Visiegeïnspireerde prioriteit 5: Innovasie en kultuur

SA Connect

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Breëbandbeleid (soos in Desember 2013 aanvaar) verskaf 'n raamwerk vir 'n kragtige telekommunikasie-omgewing in die land. In ooreenstemming met die NOP handhaaf die beleid dat die benefisiëring van breëbandinfrastruktuur slegs bewerkstellig kan word as daar aan die volgende voorwaardes voldoen word:

- Breëband moet die meerderheid Suid-Afrikaners bereik.
- Toegang tot breëband moet bekostigbaar wees.
- Vaardighede aan die vraagkant moet ontwikkel word sodat breëbanddienste doeltreffend gebruik kan word.
- Vaardighede aan die aanbodkant moet ontwikkel word sodat die ekonomiese en innoveringspotensiaal van breëband ontgin kan word.

Ander hoofbeleide wat die IKT-sektor beïnvloed is die volgende:

- Witskrif oor die Nasionale Geïntegreerde IKT-beleid (2016)
- Nasionale e-Strategie (2017)
- Presidensiële Kommissie oor die Vierde Industriële Rewolusie – Aanbevelingsverslag (2020)
- Nasionale Strategie oor Digitale en Toekomsvaardighede (2020)

Wes-Kaapse Breëband- Strategiese Raamwerk, 2012

Dié raamwerk sit 'n holistiese benadering uiteen om die volgende aan te pak: toegang (infrastruktuur), gereedheid en gebruik deur die regering, landsburgers en ondernemings om sodoende dienslewering deur die staat te verbeter, verbetering van landsburgers se toegang tot geleenthede en inligting, en die versterking van ekonomiese mededingendheid.

Wes-Kaapse Groen-Ekonomie- Strategiese Raamwerk

Die doel van dié raamwerk is om die Wes-Kaap te posisioneer as die provinsie met die laagste koolstofvlakke in Suid-Afrika sowel as die leidende sentrum vir groen ekonomie op die Afrika-vasteland, wat sal lei tot volhoubare groei en ontwikkeling.

Wes-Kaapse Herstelplan

Die drie fokusgebiede wat as die pilare van die Wes-Kaapse Herstelplan gekies is, is werksgeleenthede, veiligheid en welstand. Die fokusgebied van werksgeleenthede erken dat alhoewel die privaat sektor die primêre skepper van werksgeleenthede is, is dit die rol van die WKR om die bemagtigende omstandighede daar te stel vir die skep en handhawing van werksgeleenthede en lewensbestaan.

Die veiligheidspilaar erken dat die WKR daartoe verbind is om die provinsie 'n veiliger plek vir alle inwoners en besoekers te maak, en om die oorsake en onderliggende risikofaktore wat lei tot geweld en kriminele gedrag die hoof te bied. Dit kan die beste slaag deur middel van 'n hele-samelewing-benadering wat gebaseer is op goeie samewerking en vennootskappe waar individue, ouers, organisasies en instansies elkeen hul rol speel om geweld te verminder.

Die WKR het welstand uitgewys as nog 'n pilaar wat die kern vorm van wat die regering doen om die fundamentele regte in die Grondwet progressief te verwesenlik en om die menswaardigheid van alle inwoners van die Wes-Kaap te steun. Dit het ten doel om te voldoen aan menslike behoeftes soos onderwys, gesondheid, veiligheid, skooling, menswaardige lewensomstandighede en toegang tot ekonomiese geleenthede.

Die werkskeppingsstema van die Wes-Kaapse Herstelplan is in ooreenstemming met die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) en met die onmiddellike intervensies. Die primêre prioriteite van die Departement, soos belyn met die werkskeppingsstema van die Wes-Kaapse Herstelplan, is die volgende:

- bespoediging van die gemak van sake doen
- bevordering van investering en uitvoere
- uitbreiding van werksgeleenthede en vaardighede vir werkloses
- ekonomiese veerkragtigheid



MINISTER
FINANSIES EN EKONOMIESE GELEENTHEDE
Mnr. D. Maynier



DH
EKONOMIESE
ONTWIKKELING
EN TOERISME
Mnr. S. Fourie



ADG
STRATEGIESE
EKONOMIESE
VERSNELLERS EN
ONTWIKKELING
Me. J. Johnston



HOOFDIREKTEUR
EKONOMIESE
BEPLANNING,
INFRASTRUKTUUR EN
KOÖRDINERING
Me. B. Mpahlaza-Schiff



DIREKTEUR
EKONOMIESE
NAVORSING EN
ONTWIKKELING



DIREKTEUR
INTEGRASIE VAN
EKONOMIESE



(Vakant)

DIREKTEUR
(KAAPSE




(Vakant)



HOOFDIREKTEUR
DIGITALE
EKONOMIE
Mnr. T. Parle



DIREKTEUR
DIGITALE
LEIERSKAP



DIREKTEUR
GEKOPPELDE
SAKE



(Vakant)

DIREKTEUR
GEKOPPELDE



HOOFDIREKTEUR
GROEN
EKONOMIE
Me. H. Davies




DIREKTEUR
GROEN-EKONOMIE-
PROGRAMME



DIREKTEUR
ENERGIE

ORGANISATORIESE STRUKTUUR



9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER RAPPORTEER

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap (Wesgro)	Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996)	Ontvanger van oordragbetaling	Wesgro is die amptelike Toerisme-, Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap vir die Wes-Kaap.
Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy (SBIDZ LiCo)	Wet op die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy, 2016 (Wet 1 van 2016)	Ontvanger van oordragbetaling	Die SBIDZ LiCo word in die geheel deur die WKR besit en is verantwoordelik vir die bevordering, bestuur en bemaking van die nywerheidsontwikkelingsone in die Saldanhabaaigebied, asook verwante aktiwiteite soos benodig vir die instelling van die NOS.







DEEL B: **PRESTASIE-INLICHTING**

1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFBEPAALTE DOELWITTE

Die OGSA voer tans sekere auditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike gerusstelling in die vorm van 'n auditbevinding te verskaf. Die auditbevinding oor die prestasie ten opsigte van voorafbepaalde doelwitte word in die verslag aan die bestuur ingesluit, met wesenlike bevindinge wat gerapporteer word onder die opskrif "Voorafbepaalde doelwitte" in die afdeling oor **ander wetlike en regulatoriese vereistes** van die ouditeursverslag.

2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE

2.1 Diensleweringomgewing

Behoeftes en veranderings in diens

Die Provinsiale Strategiese Plan (visiegeïnspireerde prioriteit 2) (PSP: VIP 2) omvat die Wes-Kaapse Regering se visie vir groei en werkskepping, met die departementele vyfjaarstrategie wat belyn is met die PSP: VIP 2. Gegewe die massiewe impak wat Covid-19 op die ekonomie en indiensneming gehad het, het die Departement en die Wes-Kaapse Regering die Jobs Now-plan ingestel, wat 'n onmiddellike respons verteenwoordig op die uitdagings wat Covid-19 meegebring het en wat as inspuiting dien vir kapitaal en werksgeleenthede in die ekonomie en huishoudings. Met die erkenning dat die impak van Covid-19 'n steeds groter en blywende uitwerking op die ekonomie sal hê lank nadat die gesondheidsrisiko's van die pandemie onder beheer is, bou die werkskeppingsstema in die Wes-Kaapse Herstelplan op die Jobs Now-plan voort en poog dit om groei te stimuleer en versekering aan ondernemings te verskaf deur sistemiese uitdagings die hoof te bied.

Prestasie-omgewing

Die Wes-Kaapse ekonomie is swaar getref deur die Covid-19-pandemie, wat die ekonomiese en sosio-ekonomiese uitdagings in die provinsie vererger het. Ondernemings word steeds met geweldige uitdagings gekonfronteer wat aansienlike werkverliese tot gevolg het. DEOT verwag dat die provinsiale ekonomie in 2021 sal herstel, met ekonomiese groei van 4,4%. Vanuit 'n sektorale perspektief is die volgende sektore in die Wes-Kaap die swaarste getref: toerisme, die informele sektor, konstruksie, handel en vervaardiging.

Op distriksvlak toon 'n ruimtelike ontleding van die ekonomiese impak van die pandemie dat al vyf munisipale distrikte 'n afname in ekonomiese aktiwiteit en 'n verlies aan werksgeleenthede ervaar het. Bevindinge van die National Income Dynamics Study – Coronavirus Rapid Mobile Survey (NIDS-CRAM) wat in September 2020 uitgevoer is, het aan die lig gebring dat die voorkoms van geestesgesondheidsprobleme verdubbel het, dat landelike gebiede relatief meer negatief deur werkverliese geraak is, en dat die meerderheid inwoners van plakkerskampe in Junie 2020 gerapporteer dat hulle nie meer kos het nie. Die algehele negatiewe impak van Covid-19 het munisipaliteite in die Wes-Kaap aansienlik beïnvloed. Aangesien die Wes-Kaap 'n toerisme-intensiewe ekonomie is, is die meerderheid plaaslike en distriksmunisipaliteite wat sterk op hierdie sektor staatmaak negatief geraak.

Die Wes-Kaapse BEO Sakevertroue-indeks (BCI) het 'n rekordlaagtepunt van agt indekspunte in K2: 2020 getoon, as gevolg van die voortslepende Covid-19-pandemie. Teen K3: 2021 het dit egter teruggekeer na 49 indekspunte in reaksie op pogings om die ekonomie te herstel. Dit staar afwaartse neigings in die gesig weens verdere beperkings in verband met die Covid-19-pandemie.

Alhoewel Covid-19 wêreldhandel in 2020 aansienlik ontwrig het, het WK-uitvoere daarin geslaag om met 7% te groei. Landbou-uitvoere het met 36% gegroei, wat die grootste deel van die groei in uitvoere uitmaak, terwyl vervaardigingsuitvoere met 5% afgeneem het.

Kwesbare sektore soos toerisme en konstruksie is spesifiek negatief geraak deur Covid-19 en het ingevolge BWT in 2020 met onderskeidelik 61% en 15,9% gekrimp. Dit het ook gelei tot 'n werksverlies van 43,1% vir toerisme en 11% vir konstruksie. Ondanks Covid-19 het die landbousektor in die Wes-Kaap egter met 1,42% gegroei en 2 413 werksgeleenthede bygevoeg.

As ons na die QLFS vir K2: 2021 kyk, het die Wes-Kaap 'n afname in indiensneming van 53 000 kwartaal tot kwartaal ervaar, wat daartoe gelei het dat 784 000 mense werkloos gelaat is. Altesaam 245 000 werksgeleenthede het van K1: 2020 tot K2: 2021 verlore gegaan weens die Covid-19-pandemie. Hierdie uitdagings is egter versag deur die skep van 77 000 werksgeleenthede van K2: 2020 tot K2: 2021, wat toon dat daar tekens van herstel in die arbeidsmark is. Die Wes-Kaap het die laagste werkloosheidsyfer in die land gehad met 25,8%, wat ver onder die nasionale gemiddelde van 34,4% is. Die arbeidsmag het toegeneem met 13 000 kwartaal tot kwartaal en met 427 000 jaar tot jaar. Die algehele arbeidsmarkprestasie beklemtoon 'n ekonomie wat verder gestimuleer moet word om meer arbeid te absorbeer. Die uitdagende ekonomiese en fiskale omgewing, wat nadelig geraak is deur nuwe golwe van infeksies, vererger die algehele droewe toestand van die arbeidsmark.

Die Provinsie het homself geposisioneer as 'n finansiële sentrum wat digitale, groen tegnologie bevorder en wat sakeprosesuitbesteding (SPU), vervaardiging en ontwikkeling oral op die vasteland kan ondersteun. Ooglopende geleenthede is beskikbaar op die gebied van die digitale ekonomie, farmaseutiese produkte, biotegnologie, groen tegnologie en mediese produkte deur middel van produkdiversifisering binne spesiale ekonomiese sones (SES'e) en sentrums in die Wes-Kaap.

Investerings deur bevordering van katalitiese infrastruktuur

Saldanhaabaai Nywerheidsontwikkelingsone (SBIDZ)

Die SBIDZ het voortgegaan om samewerking en vennootskap in alle regeringsfere te prioritiseer. Met die koms van Covid-19 en die daaropvolgende inperking was die afgelope jaar 'n uitdaging, maar ten spyte hiervan het die SBIDZ daarin geslaag om veerkragtig te bly en te fokus op hul doelwit om geleenthede vir werkskepping beskikbaar te stel en die groei van die ekonomie te bevorder. Gedurende die 2020/21-boekjaar het die SBIDZ die konstruksie van die Access Complex-gebou, 'n moderne kommersiële kantoorfasiliteit, voltooi asook die deure geopen vir sy eerste doelgerigte huurderfasiliteit. Totale besetting deur huurders in die sone is 35% vir ons projekhuurfasiliteit en Access Complex, met die ondertekening van langtermyn- en korttermynhuurkontrakte.

Elkeen van hierdie beleggers is na die terrein gelok deur die aantreklike sakeomgewing wat met die SBIDZ se vryhawestatus geassosieer word. Die SBIDZ het in 2019 vryhawestatus verkry wat een van die belangrike waardetoegewoegde differensieerders van die sone is met betrekking tot die maritieme en energiesektore waarby dit betrokke is. Deur ons sosio-ekonomiese transformasieprogramme het die SBIDZ die skep van meer as 2 000 werksgeleenthede nasionaal gefasiliteer en gaan dit voort om die plaaslike Saldanhaabaai KMMO-sektor te ondersteun deur die vestiging van sy Co-Lab-fasiliteit in Maart 2020. Dit is 'n fasiliteit waar plaaslike KMMO's toegang het tot gratis Wi-Fi, warm-lessenaars, druk- en vergaderfasiliteite sowel as 'n netwerkplatform. Dit het welkome verligting aan KMMO's gebied gedurende die Covid-19-periode, aangesien dit die enigste fasiliteit in die gebied is wat toegang tot TERS-verwante dienste bied, met meer as 1 500 KMMO-besoeke aan die Co-Lab tot op datum. Die SBIDZ bly steeds daartoe verbind om Saldanhaabaai in 'n florerende stad te omskep, wat op 'n maritieme en energie-ekonomie berus, en sodoende welvaart en wins skep vir die mense wat daarin investeer, woon en werk.

Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES)

Die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone het, as deel van die oorgang na 'n volwaardige maatskappy, grond van die Stad Kaapstad ter waarde van R59 325 miljoen bekom in ruil vir aandele in die maatskappy. Die ASES-span het die bedryfstelsels ingestel wat nodig is om die 14 prioriteitspylpynbeleggers te werf en aan hulle die vereiste dienste te verskaf; een belegger is deur die ASES-raad goedgekeur. Deur middel van sy programme het die ASES 'n afval- en waterbestuursopleidingsprogram, 'n ondersteuningsprogram vir vroeëkindertontwikkeling (VKO) en 'n IT-instaatstellopleidingsprogram aangebied, wat meer as 100 deelnemers deur die loop van die jaar bereik het. Die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone Maatskappy (ASESM) het ook gedurende die afgelope boekjaar by die Nasionale Tesourie aansoek gedoen om as 'n provinsiale sake-entiteit gelys te word – 'n kritieke element in die ontsluiting van investering in die ASES.

Bevordering van uitvoere en toerisme

Aan die begin van die 2020/21-boekjaar het die Departement pas begin met die implementering van sy nuwe vyfjaar- strategiese plan wat bely is met die visiegeïnspireerde prioriteit (VIP 2) van die Provinsiale Strategiese Plan (PSP), 2019-2024, wat die provinsiale teiken van 350 000 werksgeleenthede oor die volgende vyf jaar beoog. Talle van die beplande projekte soos die uitvoerontwikkelingsprogram en die tweede fase van die waardekettingkapasiteitsbouprogram kon nie geïmplementeer word nie weens Covid-19 en die herprioritering van fondse. Die sektorspan is ontplooi om 'n kritieke rol te speel in die werk wat deur die ekonomieseklusterspan onderneem is met betrekking tot die koördinering van sektor- en bedryfsamesprekings en -inisiatiewe ten einde: a) data in te samel betreffende impakte, verliese en planne vir herstel, asook navorsing wat onderneem word om sektorplanne vir agriverwerking, vervaardiging, toerisme en die sektor vir finansiële sakedienste saam te stel b) sektordatabasisse by te werk en c) ondersteuning te verskaf rakende steunwerwing, insette in regulasies, voorleggings aan die Nasionale Tesourie sowel as die ondersteuning wat benodig word vir sektorgeleenthede, soos onder meer PBT- en maskervervaardiging, in samewerking met verskeie rolspelers. Selfs binne die uitdagings en verskuiwings in fokus en nie-JPP-werk vir die program en sy entiteit, Wesgro, moet die volgende belangrike hoogtepunte genoem word, wat tot op hede vir die 2020/21-boekjaar behaal is:

Oseaanekonomie/mariene dienste: Hawens. Daar is opdrag gegee vir navorsing en 'n bedryfsvennootskapsplatform (Wes-Kaapse Maritieme Kluster) is tot stand gebring om ondoeltreffendheid by die Kaapstadse hawe uit te wys en om die langtermyngeleenthede vir groei in die marienedienstebedryf vir die hawens in Saldanha, Kaapstad en Mosselbaai te identifiseer. Dit is in ooreenstemming met werk wat onderneem word deur die span vir die gemak van sake doen rakende die vorming van 'n hawetaakspan, waarvan die sektorspan deel is, om die langtermynagenda vir groei van hierdie kritieke ekonomiese infrastruktuur in die Wes-Kaap te bevorder.

Oseaanekonomie/mariene dienste: Die MvV om die Mosselbaai Olie- en Gasforum tot stand te bring, is voltooi en met die nuwe ontdekking deur TOTAL by die Luiperd Paddavissie-put in Blok 11B/12B aan die kus van Mosselbaai, het dit noodsaaklik geword om die forum in werking te stel vir die ontwikkeling van die olie- en gasbedryf, om voordeel te trek uit die potensiële ekonomiese voordele vir die streek.

Vervaardiging: Die impak van Covid-19 het aansienlike druk op die vervaardigingsektor geplaas en het indiensneming, kontantvloei, voorsieningskettings en gesondheid- en veiligheidskwessies beïnvloed. Die fokus was op belanghebbersamesprekings met strategiese vennote vir insig rakende die uitdagings van die vervaardigingssubsektore om intervensies te implementeer wat sal help om hierdie uitdagings die hoof te bied. Die Wes-Kaapse Vervaardigingsforum is van stapel gestuur, wat alle sleutelbelanghebbers in die meubelbedryf, marienevervaardiging en geassosieerde dienste, metaal- en ingenieursbedryf, en klere- en tekstielbedrywe insluit.

Sleuteliniisiatiewe is geïdentifiseer in verband met ondersteuning wat tydens Covid-19 benodig is deur steunwerwing, bystand met toegang tot Covid-19-hulpbefondsing en belangrike herstelprogramme. 'n Ooreenkoms is met Produktiwiteit SA onderteken vir die implementering van hul verbeteringsprogram vir vervaardigingsproduktiwiteit in sleutelbedrywe.

Agriverwerking: Vier halaal-maatskappye in die Wes-Kaap, wat aansoek gedoen het om finansiële bystand vir intervensies om hul produksiekapasiteit te verhoog en om bystand te verleen met betrekking tot ander regulatoriese vereistes, wat hul uitvoerkapasiteit en -gereedheid sal beïnvloed, is ter waarde van R600 000 bygestaan. Alle deelnemers is ook bygestaan met bykomende kapasiteitsbou rakende opleiding vir uitvoergereedheid.

Finansiële sakedienste: Die sektorhulpafdeling het met navorsing begin in verband met die sektorplan wat gelei het tot belanghebbersamesprekings met bedryfsliggame en sleutelbelanghebbers in die bankbedryf, eiendomsontwikkeling, en film- en IKT-verwante bedrywe.

Toerisme: Dit is die bedryf wat die ergste deur Covid-19 geraak is weens die tydsduur van die ramp en die impak wat dit op reis, sakegeleenthede en die hele reiswaardeketting wêreldwyd en in die land gehad het. Om te reageer op die VIP 2-prioriteit van toerismeveiligheid, moet daarop gelet word dat met die afname in besoekersgetalle die behoefte aan 'n toerismeveiligheidsrespons ook beïnvloed is en 'n verandering in respons is van die span vereis rakende die behoeftes van die bedryf, naamlik repatriasie, besoekers in nood, en bestemmingsgereedheid toe reis kon hervat en grense weer oopgestel is.

Die toerismespan het in hierdie boekjaar dienste gelewer wat die volgende aspekte betref:

- Toerismeveiligheid: Altesaam 90 toerismeveiligheidsmonitors is in die Wes-Kaap ontplooi. 'n Wes-Kaapse kommunikasietaakspan vir toerismeveiligheid is op die been gebring en die eerste Eenheid vir Toerismeveiligheidswetstoepassing is in Kaapstad by gewilde besienswaardighede ontplooi.
- Die Tuinroete en Overberg is met infrastruktuurbefondsing ondersteun vir die Cross Cape- en Overberg Meander-fietsroetes, die Karoo Crossing-fietsroete is bekend gestel en die SA Padfietskampioenskappe is geborg.
- Daar is R3 836 miljoen belê in die Toerismeprodukontwikkelingsfonds wat van stapel gestuur is om 11 toerismeondernemings by te staan met investering in nuwe toerismeprodukte oral in die Wes-Kaap, om die provinsie se aanloklikheid met meer aktiwiteite en besienswaardighede te verhoog.
- Altesaam R487 miljoen se geraamde ekonomiese waarde is gerealiseer ten opsigte van inisiatiewe vir toerismebestemmingsbemarking wat in die Wes-Kaap ondersteun is.
- Ten spyte van Covid-19 is altesaam 15 nuwe botte vir sakegeleenthede gedurende hierdie boekjaar bekom.
- 'n Aanlyn toergidsaansoekstelsel, wat een van die eerstes in die land is, is suksesvol bekend gestel.
- Toetsing van passasiers by die George-lughawe is gedoen as 'n nuwe projek in reaksie op Covid-19. Die DEOT het met ACSA (George), die Departement van Gesondheid sowel as die Tuinroete-distriksmunisipaliteit saamgewerk om finansiële hulpbronne vir toetsingdienste te verskaf om die George-lughawe vir ses maande te heropen, wat gelei het tot die toetsing van meer as 71 987 passasiers.
- Die Cruise Cape Town-inisiatief is van stapel gestuur om Kaapstad en die Wes-Kaap as 'n voorste toerskipbestemming te posisioneer.

Wesgro (bestemmingsbemarking): As gevolg van Covid-19 is die geleentheidsbedryf ernstig geraak, wat daartoe gelei het dat die Wes-Kaapse Konvensieburo die enigste provinsie was wat nog botte vir geleenthede gemaak het. Alhoewel die prestasie laer was as in die afgelope jare, het Wesgro 15 nuwe botte vir die oorsigboekjaar bekom met 'n geraamde ekonomiese impak van R487 miljoen vir die bestemming.

Die ontspanningsgeleenthede wat in 2020/21 ondersteun is, het meestal virtuele geleenthede betref, waarvan 34 geleenthede aan die einde van K4 in die Wes-Kaap ondersteun is. 'n Plaaslike toerismevelddtog is in vennootskap met organisasies in die privaat sektor, soos Travelstart, van stapel gestoor om die plaaslike toerismeaktiwiteite en markaandeel binne die Wes-Kaap te vergroot as deel van die toerismeherstelplan. Dit is ook opgevolg deur die internasionale bemarkingsvelddtog in tradisionele bronmarkte om die 2021- en 2022-reisseisoen te beïnvloed in reaksie op toerismeherstel.

Handel en investering: Altesaam R4,7 miljard in investering in die Wes-Kaap is in die 2020/21-boekjaar gerealiseer ten opsigte van 'n teiken van R1,90 miljard tot R2,77 miljard. Dit het gelei tot die skep van 1 830 werksgeleenthede en die ontwikkeling van die Wes-Kaapse nywerheidsbasis. Beleggingsprestasie het gefokus op die kommersialisering van investering in onder meer die hernubare energie- en vervaardigingsektore.

Altesaam R4,6 miljard se geraamde handelsooreenkomste is onderteken, wat 357 direkte werksgeleenthede gedurende die boekjaar geskep het. Tydens Covid-19 was handels- en investeringsmissies aangewese op kapasiteitsbou van virtuele bates en vaardighede. 'n Groot prestasie was die bekendstelling van 'n virtuele eenstopbeleggingfasiliteringsdiens wat verseker dat die Kaapse Beleggingsentrum nou sy diens virtueel kan lewer en nie net aan instapklënte nie.

Daar is ook begin met die ontwikkeling van investering- en uitvoerstrategieë tussen die Departement, Wesgro en betrokke belanghebbers. Hierdie navorsing word intern gedoen en sal help om gebiede rakende geleenthede te beklemtoon vir die verhoging van uitvoere deur middel van infrastruktuurkapasiteit, rompslompvermindering, fasiliteringsdienste en bemarkingsprioriteite.

Die ondersteuningsinisiatief vir die digitale tegnologie-ekosisteem, algemeen bekend as die DashTech-program, het ten doel om voordeel te trek uit die ontluikende beginondernemingskultuur in die streek deur die plaaslike bemagtigende omgewing en ekosisteem te optimaliseer. Navorsing het getoon dat samewerking en interaksie tussen nuwe en gevestigde maatskappye 'n sleutelfaktor vir sukses is. Derhalwe is vyf tegnologie-ekosisteme ondersteun en meer as 1 000 tegnologie- en verwante ondernemings is betrek.

Oorbrugging van vaardigheidsgapings

Gedurende 2020/21 het die program gefokus op die lewering van vaardighedsprogramme wat daarop gemik is om vaardigheidsgapings die hoof te bied, sowel as die verbetering van die vaardighede van ons jeug en werksmag deur sleutelvaardighede te ontwikkel vir die groeiende aanvraag na toepaslike vaardighede vir die ekonomie om sodoende streeksmededingendheid te verbeter.

Die Covid-19-pandemie het aansienlike uitdagings vir die vaardighedsontwikkeling-en-innovasieprogram ingehou. Die pandemie het vaardighedsbeplanning ontwrig, sowel as die lewering van onderwys en opleiding, en die gehalte van die vaardighedsvoorsieningspyplyn om in die nywerheidsvaardighedsbehoefte in die provinsie te voorsien. Alle fisiese klaskameropleiding is aan die begin van die boekjaar gekanselleer weens onsekerheid en die risiko vir besmetting. Die gevolglike besparings is na ons werk- en vaardighedsprojek oorgedra. Die werk- en vaardighedsprojek spoor maatskappye aan om ervaringswerksgeleenthede aan werklose jeug te bied. Tydens die pandemie het dit daartoe gelei dat broodnodige inkomste huishoudings bereik het. Om 'n vraaggedrewe benadering te ondersteun wat daarop gemik is om vaardighedsbehoefte in die jeugindiensneembaarheidsektor te verbeter, asook om die impak van die pandemie teen te werk, het die vaardighedsontwikkeling-en-innovasieprogram binne DEOT drie (3) belangrike jeugindiensnemingsprogramme geïmplementeer, naamlik die IKT-program vir Tegniese Vaardighede en ons vooraanstaande Werk- en Vaardighedsprogram sowel as Ambagsontwikkeling-werkplasingprogram in reaksie op bedryfsbehoefte.

Die program het oorpresteer ten opsigte van die getal begunstigdes wat ondersteun is, sowel as fondse wat vir hierdie programme vir die huidige asook die toekomstige boekjaar aangewend is. Hierdie intervensies bied mense blootstelling aan die werkplek en vaardighede om hul indiensneembaarheid te verbeter en werkskepping te ondersteun.

Die geïdentifiseerde begrotingstoewysing om die aansporing van werkplasing in die diensesektore te ondersteun, veral sakeproseduretoewysing (SPU), het voorsiening gemaak vir die program om proaktiewe samewerking tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsdepartemente te steun, wat gelei het tot finansiële investering en groei vir hierdie sektore in die provinsie. Hierdie inisiatief het aansienlik bygedra tot die werksgeleenthede wat in die sektor gerealiseer is en die toename in die groei en mededingendheid daarvan. Dit het ook 'n beduidende rol gespeel in die bekendstelling van die SPU Akademie van Uitnemendheid.

Die program – in vennootskap met die Kollege van Kaapstad, die Nasionale Vaardigheidsfonds, die Stad Kaapstad en die SPU-bedryf – het die eerste openbare-private vennootskap genaamd SPU Akademie van Uitnemendheid van stapel gestuur. Die Akademie sal pasgemaakte bedryfsertifiserings ontwikkel in reaksie op veranderende bedryfsbehoefte. Die Akademie sal ook, deur vaardigheidsontwikkelingsprogramme, werksgeleenthede ontwikkel en aan duisende begunstigdes uit sommige van ons mees gemarginaliseerde gemeenskappe verskaf ter ondersteuning van die SPU-bedryf.

Die I-CAN LEARN-program is bevorder deur die bemagtiging van fasiliteerders by die 12 persele (biblioteke en Jeugkafes) om leerders deur middel van materiaal vir digitale geletterdheid en gevorderde opleiding by te staan. Die I-CAN Elsie-River en Khayelitsha Bandwidth Barn-fasiliteite kon waardevolle opleiding en ondersteuning aan inwoners bied.

Hierdie vaardigheidsintervensies het tot 'n positiewe toename in die aantal toepaslik gekwalifiseerde tegniese en beroepsvaardige persone gelei rakende indiensneming. Dit het ook vir hulle hoop gebied betreffende 'n loopbaan vir deelname aan die ekonomie en het die volgende korttermynvoordele tot gevolg gehad:

- onmiddellike skep van werksgeleenthede en inkomste vir huishoudings
- onmiddellike steun aan ondernemings deur die netto koste van arbeid te verminder
- verbetering van vaardigheidsvlakke deur die verskaffing van 'n "arbeidsmagbron" wat reagerend is op bedryfsvereistes

Die vennootskappe tussen die openbare en privaat sektor deur die program ter ondersteuning van die vaardigheidsintervensies en -samerwerkings het gelei tot medefinansiering deur vennote vir bykomende opleiding, 'n styging in toelaes wat aan jeugdige betaal word, asook 'n toename in die aantal geleenthede vir werklose jeugdige om hul indiensneembaarheid te verbeter en ondernemings aan te spoor om hul menslike hulpbronneplaning en -produktiwiteit te steun.

Die program sit sy gevestigde vennootskap met die werksfonds voort vir die medefinansiering van werkplasing vir die werk- en vaardigheidsprogram wat meer jeugdige en maatskappye toegang gebied het tot aansporings betreffende werkplasing- en werksgeleenthede.

Die program gaan voort om samewerking met belanghebbende op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak te versterk om sistemiese veranderinge te dryf, te beïnvloed en daarvoor te bepleit ter verbetering van die gehalte van vaardigheidsvoorsiening vanaf basiese onderwys tot naskoolse vlak vir die werkplek, om in huidige en toekomstige vaardigheidsbehoefte in prioriteitsgroeisektore in die provinsie te voorsien.

Die versterking van gevestigde medevennootskappe tussen die privaat sektor, die akademiese wêreld en maatskaplike vennote om vaardigheidsontwikkeling te ondersteun bly noodsaaklik om die groot werkloosheidskrisis onder die jeug aan te pak, asook om te verseker dat daar in huidige en toekomstige bedryfsvaardigheidsvereistes voorsien kan word.

Belanghebbendeplatforms vir skakeling is gefasiliteer om die silobenadering tot vaardigheidsontwikkeling in die provinsie uit die weg te ruim deur gesamentlik die impak van die pandemie op onderwys en opleiding onder die loep te neem en om aandag te gee aan die kwaliteit van vaardigheidsvoorsiening soos bely met bedryfsbehoefte om vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe te identifiseer en te ondersteun, wat befondsing en implementering tussen sleutelvennote aanmoedig, en wat ten doel het om die bestek en omvang van vaardigheidsgeleenthede te vergroot ten einde werkloosheid onder die jeug in die provinsie die hoof te bied.

Die program het ook 'n bewysgebaseerde databeplanningsbenadering geïmplementeer om huidige en toekomstige vaardigheidsbeplanning te ondersteun deur voortdurend data te verfyn, in stand te hou en by te werk vir vaardigheidsaanvraag en -voorsiening om die prioriteitsvaardigheidsbehoefte en -leemtes te bepaal.

Hierdie inligting het die vorming van die departementale intervensies ondersteun, sowel as om ander vaardigheidsvoorsieningsverskaffers se vaardigheidsaanbiedinge te beïnvloed om beter in provinsiale behoeftes te voorsien. 'n Sakeintelligensie-instrument is ontwikkel om 'n bewysgebaseerde dataontleding en provinsiale lens te verskaf rakende beroepe in groot aanvraag soos benodig in verskeie sektore, sowel as 'n uiteensetting vanaf die voorsieningskant oor die tipe vaardigheidsintervensies, insluitende opleiding oral in die provinsie. Hierdie markgerigte inligting is ook geïnkorporeer by die vaardigheidsinligtingsverslae wat deur die program saamgestel is. Hierdie verslae het 'n praktiese begrip van die Wes-Kaap se prioriteite rakende vaardigheidsbehoefte verskaf, sowel as die produksie en benutting van markgerigte inligting vir vaardigheidsbeplanning.

Die Wêreld- Ekonomiese Forum se Global Risks Report 2021 het aangedui dat 60% van volwassenes basiese digitale kennis en vaardighede ontbreek het toe werkplekke en skole oor die wêreld heen skielik gesluit het om die verspreiding van Covid-19 te bekamp, wat 'n vinnige oorgang na aanlyn werksaamhede genoodsaak het. Die verslag dui aan dat hierdie veranderinge sal voortgaan om menslike interaksies en lewensbestaan dramaties te transformeer lank nadat die pandemie reeds agter die rug is. Met die aanvang van die Covid-19-pandemie het die Wes-Kaap wêreldtendense nagevolg en 'n vinnige uitbreiding van e-handel, aanlyn onderwys, digitale gesondheid en afstandswerk ervaar. Toegang tot digitale vaardighede bly steeds 'n beperking vir die streekseksonomie met sommige partye wat dit as die vernaamste beperking in die provinsie beskou.

Gemak van sake doen

Die Eenheid vir Rompslompvermindering (RTRU) het voortgegaan om op die gemak van sake doen te fokus deur middel van verskeie intervensies.

Weens die Covid-19-pandemie het die Eenheid sy bestaande gevallebestuurstelsel heraangewend om die versoeke van ondernemings vir bystand gedurende die heel eerste inperkingsperiode te hanteer. Dit het die fasilitering van versoeke vir permitte om sake te doen ingesluit, sowel as steunwerwing vir die oopstelling van sektore en die interpretering van die regulasies wat ingevolge die Wet op Rampbestuur uitgereik is.

Die Covid-19- tydelike werkgewer-werknemer-verligtingskema (TERS) is deur die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) geskep om werknemers by te staan wat inkomste verloor het weens Covid-19 en die regulasies wat ekonomiese aktiwiteit beperk het tydens die verskillende vlakke van die inperking. Die kwalifisering vir voordele was beperk tot werknemers wie se normale maandelikse vergoeding verminder is, of diegene wat geen maandelikse inkomste ontvang het nie. Oor die algemeen is hierdie voordele voorsien om die ekonomiese impak van die nasionale ramp te verlig deur werkgewers te help om hul werknemers te betaal tydens die sluiting van hul ondernemings.

In Mei 2020 het die RTRU 'n projek aangepak om direk met die WVF te skakel om betalings van WVF-TERS-aansoeke deur werknemers en ondernemings te fasiliteer. Sedert Mei 2020 het die RTRU hoofsaaklik 8 576 werknemers en 180 maatskappye bygestaan, wat 'n gemiddelde uitbetalingstotaal van R43 866 240 in die geheel behels het.

Die verbeteringsintervensie vir die hawe van Kaapstad duur voort en bemoedigende vordering is gemaak ondanks die negatiewe impak van Covid-19. 'n Data-integrasieprojek is voltooi en 'n kernoorsaakontleding van vervoerderopeenhoping is gedoen. Tweerigtingkommunikasie is aansienlik verbeter en nuwe toerusting is bekom, hoewel die operasionele beskikbaarheid van ou toerusting steeds 'n beduidende beperking inhou.

Die Eenheid was ook aktief in die ondersteuning van vroeëkindertontwikkeling- (VKO-)ondernemings wat deur die verwoestende impak van die Covid-19-pandemie getref is. Die Eenheid het 250 VKO-ondernemings ondersteun om te voldoen aan die veiligheidsvereistes soos gepubliseer deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling sodat hulle veilig kon heropen. Tydens die Covid-19-inperking kon baie VKO-ondernemings nie toegang tot finansiële ondersteuning van die regering kry nie omdat hulle nie geregistreer was nie. Dit het baie ondernemings in 'n haglike en sukkelende toestand gelaat. Die potensiële verlies van baie van hierdie organisasies in die Wes-Kaap stuur op 'n potensiële maatskaplike en ekonomiese krisis af. In reaksie hierop het die Eenheid ook 'n projek van stapel gestuur om 48 informele en ongeregistreerde VKO-ondernemings te help om aan hul voldoeningsvereistes te voldoen om geregistreerde formele ondernemings te word. Beide hierdie intervensies sal na verwagting meer as 1 000 werkseleenthede skep en/of handhaaf vir die mees kwesbare lede van ons samelewing, naamlik swart vroue.

Die Eenheid het sy bestaande vennootskap met Erfenis Wes-Kaap (EWK) voortgesit om die uitdagings rakende die doeltreffende implementering en administrasie van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) (WNEH) te identifiseer en te hanteer ten einde 'n balans te vind tussen die bewaring van erfenishulpbronne en die sensitiewe ontwikkeling daarvan.

Die KMMO-aansporingsfonds het – deur samewerking en in vennootskap met KMMO-ondersteuningsorganisasies, OSW's, korporasies, munisipaliteite, regeringsdepartemente en/of hul agentskappe, tersiële instellings, sakeverenigings en ander relevante ondersteuningsorganisasies – steun en bystand (direk of indirek) aan KMMO's gebied om volhoubaarheid te handhaaf en/of te verbeter, om die kapasiteit van die onderneming en die eienaar/entrepreneur te ontwikkel, en om doeltreffendheid te verhoog ten einde hulle in staat te stel om te groei en werk te skep.

Die Pick n Pay Spazawinkel-vernuwingsprogram het twee bestaande spazawinkels in die Langa-township omskep in onafhanklike minisupermarkte deur die voorsiening van befondsing aan die begunstigdes. Die inisiatief het die verbetering van die infrastruktuur (gebou, masjinerie en toerusting) in die township-kleinhandelsektor behels. Die inisiatief het bykomende werkseleenthede in die vestiging van die markwinkels geskep.

Die Wes-Kaapse Erkenningstoekenning vir Entrepreneurskap (WCERA) het ten doel om die provinsie se mees verdienstelike en inspirerende entrepreneurs met groot potensiaal te erken en te steun. Dit dra by tot groter bewustheid van entrepreneurskap en bevorder 'n kultuur van entrepreneurskap. Die 12 finaliste het as deel van die toekenningseremonie finansiële sowel as sakeontwikkelingsteundienste ontvang om die kapasiteit van hul ondernemings te versterk.

Die Langstraat-kiosks het 10 klein en mikro-ondernemings (KMO's) in staat gestel om toegang te kry tot nuwe markseleenthede in Kaapstad se sentrale sakebuurt (SSB). Die Departement het ondernemings van toegang tot toerusting en bemarkingsondersteuning voorsien. Die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap (KSOA) het 'n vennootskap met die Departement aangegaan om sakeontwikkelingsteunprogramme te bied wat vir sakekontinuiteit benodig sal word wanneer die kiosk verlaat word.

Die besigheidsinkubatorversnellerprogram het die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap (KSOA) van befondsing voorsien om vyf van sy reeds bestaande besigheidsinkubators met bedryfskoste te ondersteun. Elke inkubatorbegunstigde (wat ongeveer 20 ondernemings elk onderhou) het toelaefinansiering ontvang vir die uitbreiding van huidige aanbiedinge in die vorm van, onder andere, opleiding en ontwikkeling, aankoop van toerusting en/of opknapping van huidige infrastruktuur.

Ontwikkelings in die digitale mark

Covid-19 is beskryf as die digitale versneller van die dekade, aangesien die meeste ondernemings en organisasies gedwing is om hul agendas vir digitale transformasie te inisieer en te versnel. Duisende ondernemings en miljoene landsburgers in die Wes-Kaap moes vinnig oorskakel na nuwe maniere van werk, insluitende 'n beduidende komponent van die arbeidsmag wat van die huis af moes werk. Hierdie oorgang is stellig onomkeerbaar aangesien die vroeëre inhibeerders van innovasie uit die weg geruim is en digitale praktyke nou die lewensbloed van baie organisasies is. Dit is inderdaad die nuwe manier van werk en die behoefte om werksaamhede vinnig te digitaliseer en die arbeidsmag te heroriënteer om afstandswerk te doen, het beide uitdagings en geleenthede meegebring.

Ekonomieë wêreldwyd is besig om teen 'n vinnige pas te digitaliseer, wat beteken dat landsburgers, verbruikers en ondernemings toenemend toegang verkry tot dienste op digitale platforms deur middel van elektroniese toestelle. Organisasies in die privaat en openbare sektor is besig om hul diensleweringmodelle te transformeer sodat toegang verkry kan word tot dienste op enige gegewe tyd, op enige plek en deur middel van enige toestel. Die internet- en e-handelsplatforms is besig om plaaslike, streeks- en internasionale handel te verander. Derhalwe volg die Wes-Kaap 'n program vir digitale transformasie wat deur die Departement van die Premier gelei word. DEOT is besig met die outomatisering van sakegerigte stelsels en dienste aangesien dit dienslewering verbeter en kostedoeltreffend uitgebrei kan word.

Hulpbronveerkragtigheid

Vier verklarings van groen-ekonomie-investering in die Wes-Kaap wat deur die Wes-Kaapse Regering ondersteun is (deur GreenCape en Wesgro) is onderteken en in die 2020/21-boekjaar voltooi. Dit sal 'n totale investering van ongeveer R11,6 miljard tot gevolg hê.

Die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES) is 'n sleutelaanbod vir die aantrekking van groentegnologie-investering in die Wes-Kaap. Vordering met hierdie inisiatief word verder uiteengesit in Prioriteit 1: Investering deur die bevordering van katalitiese infrastruktuur.

Die Wes-Kaap is die voorste provinsie ten opsigte van 'n ondersteunende regulatoriese omgewing vir dakgemonteerde fotovoltäiese (FV) installerings – tot op hede kan 23 plaaslike munisipaliteite in die provinsie sowel as die Stad Kaapstad private dakgemonteerde FV-verbindings aan die kragnetwerk moontlik maak, met 19 hiervan wat nasionaal goedgekeurde toevoertariewe het, wat huishoudings en ondernemings in staat stel om finansiële vergoed te word vir oortollige krag wat in die netwerk ingevoer word. Daarbenewens het verskeie direkte samesprekings met groot maatskappye en ondersteuning aan talle ondernemings deur die energiesektorhulpafdelings die implementering van dakgemonteerde PV verder bevorder.

'n Volledige beleidsriglyndokument vir kleinskaalse mede-opwekking van krag (SSEG) en kragruiling ("wheeling") is ontwikkel om hierdie werk op munisipale vlak verder te ondersteun. Daarbenewens word drie munisipaliteite steeds ondersteun om kragruiling ("wheeling") verder moontlik te maak (energiehandel op die kragnetwerk tussen kliënte of tussen kliënte en die munisipaliteit).

Die raadgewende ondersteuning wat deur die energie- en watersektorhulpafdelings via GreenCape verskaf word, sluit beide advies oor alternatiewe energie-oplossings in, insluitende sonkrag-PV, sowel as advies oor waterdoeltreffendheid en alternatiewe verskaffingstelsels. Leiding word ook aan energie- en watersektorondernemings verskaf om hul totstandkoming en groei in die Wes-Kaap moontlik te maak. Net alleen in die 2020/21-boekjaar is 1 670 ondersteuningskaskelings deur die sektorhulpafdelings aan ondernemings en munisipaliteite verskaf.

Teen die einde van 2020 is 'n munisipale energieveerkragtigheidsinisiatief van drie jaar, oftewel MEV-inisiatief, van stapel gestuur om munisipaliteite, ondernemings en huishoudings in staat te stel om hul eie krag op te wek, te bekom en te verkoop. Die projek het spesifiek ten doel om munisipaliteite te help om voordeel te trek uit die nuwe energieregulasies, wat die moontlikheid vir munisipaliteite insluit om krag direk van onafhanklike kragprodusente, oftewel OKP's, aan te koop. Fase 1 het die ses kandidaatmunisipaliteite geïdentifiseer vir samewerking en waar baanbrekersenergieprojekte geïmplementeer sal word, om verdere implementering van projekte rakende hernubare energie oral in die provinsie moontlik te maak. Gedetailleerde tegniese werk het plaasgevind om verskeie skale, tegnologieë, verkryging- en kontrakteringsmodelle, finansiering en regulatoriese vereistes rakende hernubare energie te assesser, wat alles gemik is op die identifisering van baanbrekersprojekte betreffende hernubare energie vir die ses kandidaatmunisipaliteite in die Wes-Kaap.

Die ekonomiese waterveerkragtigheidswerk wat ondernemings ondersteun om hul waterverbruik te help verminder deur proses- en tegnologiedoeltreffendheid en wat help om hul eie watertoevoeruitbreiding te implementeer, is hoofsaaklik deur die watersektorhulpafdeling van GreenCape bestuur. Hierdie werk het ook die versterking van ondernemings in die watersektor behels, met die fokus op die ontwikkeling van 'n Wes-Kaapse Waterinnovasienetwerk om die benutting van gekommersialiseerde watertegnologieë te ondersteun en om tegnologiese innovering te bevorder – beide vir verhoogde plaaslike vervaardiging en gebruik van hierdie tegnologieë sowel as vir toenemende uitvoere.

Reaksie op Covid-19

Beroepsgesondheid en -veiligheid: Covid-19-werkplekveiligheidsteun

Die Departement het ondersteuningsdienste gekontrakteer om ondernemings te help om Covid-19-risikobepalings te onderneem, risikoversagtingsplanne te ontwikkel, voldoening aan die Departement van Indiensneming en Arbeid se werkplekveiligheidsregulasies en betrokke sektorspesifieke Covid-19-werkplekveiligheidsvereistes te verseker, asook om enige ander vereiste intervensies te implementeer om hulle in staat te stel om moontlike verdere golwe van Covid-19 en toekomstige pandemies te bestuur. Bystand is aan 459 ondernemings verskaf, met 'n verdere 51 ondernemings wat ondersteun is om komplekse nievoldoeningskwessies rakende Covid-19-werkplekveiligheid op te los. Daarbenewens het die diensverskaffer sewe sektorspesifieke werkplekveiligheidsgidse en bestepraktijkvoorbeelde ontwikkel, wat wyd versprei is.

Al hierdie werksaamhede het die werk in verband met Covid-19-werkplekveiligheidsteun aangevul wat deur DEOT verskaf is en soos ondersteun deur die Departement van Gesondheid, die nasionale Departement van Arbeid, stad- en distrikmunisipaliteite, Wesgro en verskeie bedryfsliggame. Hierdie werk het die ontwikkeling en verspreiding van riglyne, veel voorkomende vrae, webwerfbladsye en plakkate behels; veelvuldige aanbiedings en radio-onderhoude; bestuur van 'n klagtelyn vir nievoldoening aan werkplekveiligheid (wat gedurende die 2020/21-boekjaar 4 308 klagtes hanteer het, waarvan 2 644 ondernemings was); en direkte sakeondersteuning om ondernemings te help om die werkplekveiligheidsvereistes te begryp en om onder andere die ontwikkeling en implementering van hul werkplekveiligheidsplanne te steun.

Wes-Kaapse sakehulp en -herstel

As bystand vir ondernemings om die Covid-19-pandemie te trotseer, het die Eenheid vir Ondernemingsontwikkeling verskeie maatreëls geïmplementeer om ondernemings te steun om lewensvatbaar en volhoubaar te bly tydens die pandemie, om hul voortbestaan te verseker en hul kapasiteit te ontwikkel, wat die volgende insluit:

Die Covid-19-sakehulpfonds het bygedra om die ekonomiese impak van Covid-19 op klein en mikro-ondernemings (formeel en informeel) wat in die Wes-Kaap sake doen, te verlig. Die fonds het ten doel gehad om die waarskynlikheid van ondernemings se volhoubaarheid en groei te verhoog deur finansiële bystand in die vorm van 'n toelae aan kwalifiserende begunstigdes te verskaf. Begunstigdes is deur middel van 'n openbare uitnodiging om aansoeke geïdentifiseer, waarna aansoekers op 'n kortlys geplaas is en geassesseer is om te bepaal watter ondernemings steun van die fonds sal ontvang. Die fonds het toelaefinansiering (R38 542 724,38) verskaf en 249 ondernemings (formeel/informeel) oral in die Wes-Kaap ondersteun en net meer as 2 000 werksgeleenthede behou.

Die doel van die Covid-19-verskafferontwikkelingsprogram was om die kapasiteit en vermoë te verhoog van mikro- en klein ondernemings wat lapmaskers, handreinigers, pomphouers vir handreiniger (bv. voetspompouers) vervaardig en dié wat ontsmettingsdienste verskaf. Die befondsing wat toegeken is vir die verskaffing van gereedskap/toerusting/masjinerie en bedryfskapitaal het ondersteuning aan 11 ondernemings verskaf en 71 werksgeleenthede behou.

Die Ekonomiese Herstelprojek vir Gemeenskappe het 122 spazawinkels in die volgende geografiese gebiede ondersteun: Kaapstad, Kaapse Wynland, Overberg en die Tuinroete. Elektroniese koopbewyse is aan gemeenskapskombuise uitgereik wat by die spazawinkels of voedselverskaffers gebruik is, waar die betaalstelsel aan 'n tegnologieplatform gekoppel is. Ongeveer 22 500 begunstigdes is deur middel van die gemeenskapskombuise ondersteun. Die projek het spesifieke brandpunte geteiken (bv. Du Noon, Delft, Houtbaai, Klipfontein en Khayelitsha) sowel as ander hooftownshipgebiede. Die Departement se belegging van R2 miljoen in die projek het die inisiatief in staat gestel om 122 spazawinkels te ondersteun, 'n bykomende 150 gemeenskapskombuise te betrek en die projek tot ses maande te verleng.

Munisipale ondersteuning

Die inisiatiewe binne die munisipale opset vir die gemak van sake doen, is herfokus om reagerend te wees op die behoeftes van plaaslike ondernemings, beide formeel en informeel, gegewe die negatiewe impak van Covid-19. Distriksmunisipaliteite is bygestaan met beplanning vir plaaslike ekonomiese herstel en plaaslike ondernemings is bygestaan met navrae en hindernisse wat verband hou met die geleidelike oopstelling van die ekonomie ná inperkingsvlak 5. Munisipaliteite sowel as ondernemings is van toegang tot kommunikasie, data en inligting voorsien via nuwe (digitale) en gevestigde distrikskoördineringsplatforms wat 'n nuwe manier van werk meegebring het. Belangriker nog is dat plaaslike munisipaliteite ondersteun is om plaaslike ondernemings toegang te bied tot inisiatiewe soos die werkplekveiligheidstelsel, die sakekamersteunprogram en die munisipale handelsinfrastruktuurontwikkelings in die distrikte van die Overberg, Kaapse Wynland en Sentraal-Karoo. Die Departement het 11 000 veiligheidstelsel oral in die provinsie versprei en kan rapporteer dat 2 656 ondernemings in besit van vroue, 854 ondernemings in jeugbesit en 60 ondernemings in besit van gestremdes (wat registers voltooi het) gehelp is om sake veilig voort te sit. Die ondersteuning wat aan sakekamers verskaf is, het die metro's en distrikte gedek tot voordeel van die ledebasis van 6 396 KMMO's.

Covid-19- regulatoriese interpretasie vir ondernemings

Vir die eerste twee maande van die Covid-19-inperking het 'n DEOT-span saam met die WKR se Regsdienste, Wesgro, die Stad Kaapstad en die SAPD gewerk om duidelikheid aan ondernemings te voorsien rakende die interpretasie van die inperkingsregulasies. Talle aspekte van die regulasies was onduidelik. Die ondersteuning wat verskaf is, het dus gehelp om interpretasiekwessies tussen die SAPD en ondernemings op te los, om duidelikheid te verskaf aan bestuurders van groot kleinhandelsentrums oor watter winkels handel kan dryf of nie, en om te help om die vermoë van informele handelaars (veral voedsel en basiese dienste) uit te lig en te ontsluit sodat hulle kan handel dryf.

Die DEOT het ook die Covid-19-kontaksentrum wat deur Wesgro bewerkstellig is, ondersteun met die ontwikkeling en keuring van veelvuldige Covid-19-verwante veel voorkomende vrae.

Digitale steun vir ondernemings

Die Wêreld- Ekonomiese Forum se Global Risks Report 2021 het aangedui dat 60% van volwassenes basiese digitale kennis en vaardighede ontbreek het toe werkplekke en skole oor die wêreld heen skielik gesluit het om die verspreiding van Covid-19 te bekamp, wat 'n vinnige oorgang na aanlyn werksaamhede genoodsaak het. Die bevindinge van die Wes-Kaapse sakepeiling in April 2020 het insigte verskaf rakende die vereistes van KMMO's oral in die provinsie. Twee-derdes het hulp nodig om hul ondernemings te digitaliseer en daar was duidelike bewyse dat KMMO's verbeterde marktoegang en toegang tot inligting van gehalte nodig het.

Die #GoDigitalWC-veldtog het praktiese raad, wenke en hulpmiddels verskaf om ondernemings te help om aan die digitale ekonomie deel te neem, hul besigheid aanlyn te bedryf en digitale tegnologieë te benut. Dit is gekommunikeer deur middel van 'n reeks webinare en gepubliseerde artikels. Die TechVolunteer-veldtog het diegene wat hulp met IKT-kwessies gesoek het, byeengebring met praktisyns wat hul vaardighede vrywillig verskaf het.

Bestemmingsgereedheid

Navorsing toon dat die toerismebedryf die bedryf in die Wes-Kaap se ekonomie is wat die ergste geraak is. Die DEOT het verskeie bestemmingsgereedheidsinisiatiewe geïmplementeer om die bedryf vir veilige heropening tydens die inperking voor te berei. Die inisiatiewe het die volgende ingesluit:

- verbintenis van die provinsie aan die Wêreld Reis- en Toerismeraad se veldtog vir veilig reis
- bedryfsvergaderings en -werksessies om bewustheid te kweek, kapasiteit te bou, en globale en plaaslike beste praktyke te deel
- skep van 'n kennisportaal op die WKR-webwerf
- ontwikkeling en verspreiding van algemene ("white label") aanvullende materiaal vir gebruik deur gasvryheid- en toerismeondernemings voor en agter die skerms
- implementering van 'n seisoengereedheidsveldtog vir die 2020/21-somerseisoen wat buitelugmedia, 'n veldtog op sosiale media, en Covid-19-veiligheidswenke vir toeriste behels het

22 Diensleweringverbeteringsplan

Die Departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) vir die periode 1 April 2018 tot 31 Maart 2021 voltooi. Die tabelle hier onder sit die diensleweringplan en die prestasies tot op hede uiteen.

Hoofdienste en standaarde

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
Toergidsregistrasie en -monitering - Toergidse - Toergidsvereniging - Toerismebedryf		107,2% van nuwe aansoeke/hernuwings van toergidsregistrasies is binne 14 werksdae verwerk. Die Eenheid het 107,2% ('n oorprestasie) behaal weens die doeltreffende registrasiestelsel, die personeel was bekwaam in hul werk en die aansoeke van toergidse het al die vereiste dokumente bevat. Die Eenheid het geen beheer oor die getal toergidse wat by die kantoor kom registreer nie. Verder bied opleidingsdiensverskaffers opleiding aan leerders soos hulle kom om te registreer. In gevalle waar dokumente uitstaande was, is toergidse gebel en in kennis gestel dat hulle die nodige dokumentasie moet saambring wanneer hulle hul kaarte of naambordjies kom afhaal.	100% van nuwe aansoeke/hernuwings van toergidsregistrasies word binne 14 werksdae verwerk.	35% van nuwe aansoeke/hernuwings van toergidsregistrasies is binne 14 werksdae verwerk. Die Eenheid het onderpresteer weens verskeie faktore, hoofsaaklik Covid-19-verwante ontwrigtings. Daarbenewens het die span die verlies van twee personelede ervaar, asook die ingebruikneming van 'n nuwe aanlyn registrasiestelsel wat die heropleiding van personeel en implementering van nuwe werksprosesse vereis het.
		85% van geregistreerde toergidse is binne 30 werksdae voor die verstryking van die toergidslisensie van kennisgewings vir hernuwing voorsien.	100% van geregistreerde toergidse word binne 30 werksdae voor die verstryking van die toergidslisensie van kennisgewings vir hernuwing voorsien.	100% van geregistreerde toergidse is binne 30 werksdae voor die verstryking van die toergidslisensie van kennisgewings vir hernuwing voorsien.
		160 geregistreerde toergidse is opgelei om 'n professionele, hoogs bekwame en volhoubare subsektor te verseker. Die Eenheid het 166,7% behaal, wat 'n oorprestasie van geregistreerde toergidse is. Die Eenheid het geen beheer oor die toergidse wat by die kantoor kom registreer nie. Verder bied opleidingsdiensverskaffers opleiding aan leerders soos hulle kom om te registreer.	65 geregistreerde toergidse word ontwikkel om 'n professionele, hoogs bekwame en volhoubare subsektor te verseker.	43 toergidse is ontwikkel om 'n professionele, hoogs bekwame en volhoubare subsektor te verseker. Die hersiene teiken vir die jaar was 50, wat beteken dat die Eenheid 86% van die teiken behaal het. Die laer as verwagte getal wat behaal is, was weens deelnemers wat nie op die dag van opleiding opgedaag het nie, ondanks herhaalde aanmanings.
		192 inspeksies is uitgevoer om voldoening te verseker ingevolge die regulering van 'n volhoubare toergidssubsektor. Dit is 'n oorprestasie van 47,7% ten opsigte van die gestelde teiken. Die Eenheid het geen beheer oor die getal toergidse wat dit op die dag by 'n terrein sal inspekteer nie. Dit hang heeltemal af van die getal toergidse wat die terrein besoek.	130 inspeksies word uitgevoer om voldoening te verseker ingevolge die regulering van 'n volhoubare toergidssubsektor.	20 inspeksies is uitgevoer om voldoening te verseker ingevolge die regulering van 'n volhoubare toergidssubsektor. Die laer as verwagte getal was weens inspeksies wat nie gedurende die eerste en tweede golwe van Covid-19 uitgevoer kon word nie ten einde personeel te beskerm. Daarbenewens waar terreininspeksies wel plaasgevind het, is 'n laer getal toergidse geïnspekteer weens die lae getal internasionale toeriste in die land.

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepaling van provinsiale en nasionale wetgewing	• Verbruikers • Klein ondernemings (met 'n jaarlikse omset of batewaarde van minder as R2 miljoen) • OSW's • Regeringsdepartemente • Plaaslike owerhede	76% van klagtes wat ontvang is, het aandag geniet. Die onderprestasie is weens die aansienlike toename in die getal klagtes wat ontvang is, tesame met 'n toename in die kompleksiteit van gevalle. Dit neem nou langer om klagtes te verwerk.	100% van klagtes geniet aandag.	87,04% van klagtes wat ontvang is, het aandag geniet. Dit is 11 persentasiepunte hoër as die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) se 2020/21-teiken van 75%. Die oorprestasie is weens die toename in die getal personeellede in die klagtebestuursafdeling van die program. 2 voltydse personeellede is aangestel plus 'n gegradueerde intern en die bestuurder. Dit het die diensstaat van die afdeling tot 6 laat styg.
		Die interne evaluering kon nie gedoen word nie weens begrotingsbeperkings.	75% van verbruikers (op grond van interne evaluering) dui verandering in finansiële gedrag aan weens die KVB se inisiatiewe oor verbruikersopvoeding en -bewusmaking.	Die interne evaluering kon nie gedoen word nie weens begrotingsbeperkings. Hierdie uitkomsteanwyser is uit die JPP verwyder.
		152 verbruikersopvoedingsprogramme is aangebied. Die oorprestasie is weens 'n toename in aanvraag na verbruikersbeskermingsdienste. Die programme is na-ure en oor naweke aangebied om die ekstra aanvraag te akkommodeer. Hierdie prestasie oorskry die gestelde teikenomvang van 100-150 soos volgens die Jaarlikse Prestasieplan.	120 verbruikersopvoedingsprogramme word aangebied.	134 opvoedingsprogramme is aangebied. Die oorprestasie is weens 'n toename in aanvraag te danke aan die uitbreek van die koronaviruspandemie, wat gelei het tot die kansellering van besprekings en versoeke om terugbetalings.
		177 werksessies oor finansiële geletterdheid is aangebied. Die oorprestasie is weens die toename in aanvraag na werksessies oor finansiële geletterdheid. Dit kan toegeskryf word aan ekonomiese uitdagings en finansiële nood waarin verbruikers hulle bevind. Die toename in aanvraag is geakkommodeer deur hierdie intervensies oor naweke, op openbare vakansiedae en na-ure te aanvaar.	150 werksessies oor finansiële geletterdheid word aangebied.	179 werksessies oor finansiële geletterdheid is aangebied. Die oorprestasie is veroorsaak deur 'n toename in aanvraag na inligting rakende betalingshulppakkette, kredietversekering, insolvensie, vrywillige oorgawe van goedere en wettige terugnemings van goedere ingevolge die Nasionale Kredietwet.
		41 KMMO-skakelings is aangebied. Dit is binne die teikenomvang van 35-50 soos uiteengesit in die Jaarlikse Prestasieplan.	20 KMMO-skakelings word aangebied.	16 KMMO-werksessies is aangebied. Min KMMO-werksessies is aangebied weens die inperking wat deur die koronaviruspandemie veroorsaak is.

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
Sakehulpdiens vir rompslomp-vermindering	- Ondernemings wat in die Wes-Kaap sake doen, spesifiek klein ondernemings - Voornemende sakelui wat dit oorweeg om 'n onderneming in die provinsie te begin	85,7%-hanteringskoers.	85%-hanteringskoers.	90%-hanteringskoers.
		'n Tevredenheidskoers van 72% is aangeteken.	'n Tevredenheidskoers van 70% moet aangeteken word.	54%-tevredenheidskoers. In vorige jare was slegs gevalle of klagtes wat direk by die sakeondersteuningshulplyn aangemeld is, onderhewig aan tevredenheidspilings. Gedurende die oorsigjaar is alle gevalle/klagtes wat aan die Departement gestuur is (uit uiteenlopende bronne wat die Kantoor van die Premier en Ministerie ingesluit het) op die gevallebestuurstelsel vasgelê. Die ondersoek en bestuur van laasgenoemde gevalle is moontlik nie in ooreenstemming met die SWP gedoen soos volgens die gevalle wat direk by die sakeondersteuningshulplyn aangemeld is nie. As gevolg van meer gevalle wat by die Eenheid aangemeld is, het die grootte van die monster wat ondervra is in aard en omvang toegeneem. Vir 2020/21 het die monster wat ondervra is nuwe en bykomende gevalle ingesluit in verband met Covid-19-regulasies en -permitte, en toegang tot finansieringsverwante aansoeke. Respondente het die gebrek aan oplossing in hul guns (buite ons beheer), veral vir items soos permitte en finansiering, gelykgestel aan die diensvlakke van die sakeondersteuningshulplyn.

Batho Pele-reëlins met begunstigdes (raadpleging, toegang, ens.)

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Toergidsregistrasie en -monitering Raadpleging: a) Kliënte is geraadpleeg deur middel van: i. Besprekingsforums: 2 x inligtingssessies is gehou waar toergidse probleme kon lug. ii. Wersessies: Inligtingssessies. Verwys na punt (i) hier bo. Verder is Internasionale Toergidsdag op 21 Februarie 2020 gehou, wat nog 'n forum was waar toergidse probleme kon lug.	Toergidsregistrasie en -monitering Raadpleging: a) Kliënte word geraadpleeg deur middel van: i. Besprekingsforums. ii. Wersessies.	Toergidsregistrasie en -monitering Raadpleging: a) Kliënte is geraadpleeg deur middel van: i. Besprekingsforums: Weens die Covid-19-inperking is geen besprekingsforums gehou nie. ii. Wersessies: Inligtingssessies. 1 x opleidingssessie vir toergidse oor Covid-19-protokolle is op 31 Maart 2021 aangebied.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
iii. Voorstelbus: Toergidse is in kennis gestel dat hulle voorstelle via die volgende webwerf kan maak: http://tourguide.westerncape.gov.za Hierdie webwerf is vir lede van die publiek en vir toergidse beskikbaar. iv. Grootmaat-e-posdiens: Dit was die doeltreffendste manier om met toergidse te kommunikeer wanneer daar 'n belangrike/dringende kommunikasie is. Die platform word gebruik wanneer die nasionale Departement van Toerisme met die toergidse op provinsiale vlak moet vergader. v. Vergaderings: Toergidse mag op 'n ad hoc-basis met die Registrateur of Assistentdirekteur vergader sonder om vooraf 'n afspraak te maak. vi. Ondersoek aanlyn klagtes, terugvoervorms. b) Insette wat van kliënte ontvang word, word met die relevante owerhede bespreek en in ag geneem wanneer besluite geneem word: i. Toergidse rapporteer altyd die probleem van onwettige begeleiding. ii. Daar was 'n probleem met CATHSSETA wat hul databasis in September 2019 na 'n nuwe stelsel verander het. Dit het daartoe gelei dat CATHSSETA nie nuwe registrasiesertifikate kon uitreik nie. 'n Tussentydse maatreël is deur die registrateursforum met CATHSSETA ingestel sodat provinsies steeds nuwe toergidse kan registreer.	iii. Voorstelbus. iv. Grootmaat-e-posdiens. b) Insette wat van kliënte ontvang word, word aan die relevante owerhede gestuur (skriftelike verslag) en in ag geneem wanneer besluite geneem word.	iii. Voorstelbus: Toergidse is in kennis gestel dat hulle voorstelle via die volgende webwerf kan maak: http://tourguide.westerncape.gov.za Hierdie webwerf is vir lede van die publiek en vir toergidse beskikbaar. iv. Grootmaat-e-posdiens: Dit was die doeltreffendste manier om met toergidse te kommunikeer wanneer daar 'n belangrike/dringende kommunikasie is. Die platform word gebruik wanneer die nasionale Departement van Toerisme met die toergidse op provinsiale vlak moet vergader. Bykomende prestasie: v. Vergaderings: Toergidse mag op 'n ad hoc-basis met die Registrateur vergader sonder om vooraf 'n afspraak te maak. Vergaderings is beperk weens die Covid-19-inperking. Ondersoek aanlyn klagtes, terugvoervorms. b) Insette wat van kliënte ontvang word, word met die relevante owerhede bespreek en in ag geneem wanneer besluite geneem word: i. Toergidse rapporteer altyd die probleem van onwettige begeleiding. ii. Daar was 'n probleem met CATHSSETA wat hul databasisstelsel in 2020 na 'n nuwe stelsel verander het. Dit het daartoe gelei dat CATHSSETA nie nuwe registrasiesertifikate kon uitreik nie. 'n Tussentydse maatreël is deur die registrateursforum met CATHSSETA ingestel sodat provinsies steeds nuwe toergidse kan registreer. Die reëling het tot 'n einde gekom aan die einde van 2020.
Toegang: Die diens was toeganklik: a) By die Hoofkantoor, grondverdieping, Waldorf-arkade, St. George-wandellaan 80, Kaapstad. b) Via die amptelike departementele webwerf: www.westerncape.gov.za/touristguide	Toegang: Die diens is toeganklik: a) By die Hoofkantoor, grondverdieping, Waldorf-arkade, St. George-wandellaan 80, Kaapstad. b) Via die amptelike departementele webwerf: www.westerncape.gov.za/touristguide	Toegang: Die diens is toeganklik: a) By die Hoofkantoor, grondverdieping, Waldorf-arkade, St. George-wandellaan 80, Kaapstad. b) Via die amptelike departementele webwerf: www.westerncape.gov.za/touristguide

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Hoflikheid: a) Hoflikheid word gerapporteer en geëvalueer deur: i. Klagtetoonbank: Klagtes ontvang en ondersoek. Klagtetoonbank is in die Kantoor van die Direkteur. ii. Kliënttevredenheidsoormetings: Geen oormeting is gedoen nie. iii. Voorstel-/terugvoer-/klagtebus sal ondersoek word. Klagtes en voorstelle word gedoen via: http://tourguide.westerncape.gov.za/ b) Die gedrag van amptenare is t.o.v. die volgende geëvalueer/gemonitor: i. Gedragskode. ii. Diensstandaarde soos deur die Departement bepaal.	Hoflikheid: a) Hoflikheid word gerapporteer en geëvalueer deur: i. Klagtetoonbank. ii. Kliënttevredenheidsoormetings. iii. Implementering van die resultaat van ondersoek m.b.t. aanlyn klagtes/komplimente/terugvoervorms. iv. Skriftelike korrespondensie aan die bestuur, ens. b) Die gedrag van amptenare word t.o.v. die volgende geëvalueer/gemonitor: i. Gedragskode. ii. Diensstandaarde soos deur die Departement bepaal. c) Relevante opleiding word aan amptenare verskaf om in opleidingsbehoefes te voorsien.	Hoflikheid: a) Hoflikheid word gerapporteer en geëvalueer deur: i. Klagtetoonbank: Klagtes wat via e-pos ontvang is, is ondersoek. ii. Kliënttevredenheidsoormetings: Geen oormeting is gedoen nie. iii. Voorstel-/terugvoer-/klagtebus is ondersoek. iv. Klagtes en voorstelle word gedoen via: http://tourguide.westerncape.gov.za/ b) Die gedrag van amptenare is t.o.v. die volgende geëvalueer/gemonitor: i. Gedragskode. ii. Diensstandaarde soos deur die Departement bepaal. c) Let wel dat geen personeelopleiding in die 2020/21-boekjaar plaasgevind het nie weens die Covid-19-inperking.
Openheid en deursigtigheid: Openheid en deursigtigheid is behaal deur: a). Die publikasie/verspreiding (in 3 amptelike tale van die provinsie en beskikbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf) van die Departement se: i. Jaarlikse landsburgerverslag. ii. Jaarverslag. iii. Dienshandves. iv. Diensstandaardskediule. b) Plaaslike media is gebruik om uittreksels uit die Departement se Jaarverslag en ander strategiese dokumentasie te publiseer.	Openheid en deursigtigheid: Openheid en deursigtigheid word behaal deur: a) Die publikasie/verspreiding (in 3 amptelike tale van die provinsie en beskikbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf) van die Departement se: i. Jaarlikse landsburgerverslag. ii. Jaarverslag. iii. Dienstoegangsbrosjyre. iv. Dienshandves. v. Diensstandaardskediule. b) Plaaslike media om uittreksels uit die Departement se Jaarverslag en ander strategiese dokumentasie te publiseer.	Openheid en deursigtigheid: Openheid en deursigtigheid word behaal deur: a) Die publikasie/verspreiding (in 3 amptelike tale van die provinsie en beskikbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf) van die Departement se: i. Jaarlikse landsburgerverslag. ii. Jaarverslag. iii. Dienstoegangsbrosjyre is gestaak. iv. Dienshandves. v. Diensstandaardskediule. b) Plaaslike media om uittreksels uit die Departement se Jaarverslag en ander strategiese dokumentasie te publiseer.

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies 2020/21
Waarde vir geld: a) Die registrasiekoste was R240, wat elke 3 jaar hernu kan word. b) Kliënte het nuttige en bruikbare inligting gratis ontvang. c) Registrasiekoste is deur nasionale wetgewing bepaal.	Waarde vir geld: a) Die registrasiekoste is R240, wat elke 3 jaar hernu kan word. b) Kliënte ontvang nuttige en bruikbare inligting gratis. c) Registrasiekoste word deur nasionale wetgewing bepaal.	Waarde vir geld: a) Die registrasiekoste is R240, wat elke 3 jaar hernu kan word. b) Kliënte ontvang nuttige en bruikbare inligting gratis. c) Registrasiekoste word deur nasionale wetgewing bepaal.
Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepalings van provinsiale en nasionale wetgewing Raadpleging: a) Kliënte is geraadpleeg deur middel van: i. Besprekingsforums soos ingesluit by die verbruikersopvoedingsveldtogte (werksessies, inligtingsessies, ens.). ii. Werksessies. iii. Telefoonoproepe. iv. Altesaam 370 gemeenskapsuitreikingsinisiatiewe is aangebied. Dit sluit 152 verbruikersopvoedingsveldtogte, 177 werksessies oor finansiële geletterdheid, en 41 KMMO-skakelings in. v. Mediaskakelings: • Mediadekking – insluitende gedrukte media. • Media- en radio-uitsendings. • Sosiale media. vi. Ingevolge die JPP is die verbruikersopvoedingsaktiwiteite van die program in algemene verbruikersopvoedingsintervensies, werksessies oor finansiële geletterdheid, en KMMO-skakelings verdeel. Elke spesifieke uitset het egter sy eie teiken gehad. In die geval van die verbruikersopvoedingsintervensie was die teiken soos gestel in die JPP 100-120. Die KVB het 'n totaal van 152 behaal wat 'n oorprestasie t.o.v. hierdie spesifieke uitset verteenwoordig. Indien al die verbruikersopvoedings-aktiwiteite geëvalueer word, het die KVB 'n totaal van 370 skakelings behaal. Die teiken wat in die JPP vir alle aktiwiteite gestel is, was tussen 255 en 320. Die prestasie van 270 is dus 'n oorprestasie. Meer skakelings het plaasgevind weens die getal ad hoc-versoeke wat ingedien is en dit moes na-ure, oor naweke of op openbare vakansiedae geakkommodeer word.	Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepalings van provinsiale en nasionale wetgewing Raadpleging: a) Kliënte word geraadpleeg deur middel van: i. Besprekingsforums. ii. Werksessies. iii. Telefoonoproepe. iv. Gemeenskapsuitreikingsinisiatiewe. v. Mediaskakelings. vi. Verbruikersopvoedingsprogramme (minimum van 290 programme word aangebied).	Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepalings van provinsiale en nasionale wetgewing Raadpleging: a) Kliënte is geraadpleeg deur middel van: i. Virtuele besprekingsforum. ii. Virtuele werksessies, persoonlike werksessies. iii. Telefoniese konsultasies. iv. Gemeenskapsuitreikingsinisiatiewe via virtuele platforms. v. Mediaskakelings. vi. 329 verbruikersopvoedingsprogramme is aangebied. Die aanvraag na verbruikersopvoeding het tydens die Covid-19-pandemie toegeneem. Die program moes die aanvraag hanteer en na-ure en oor naweke werk.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
b) Ten opsigte van finansiële geletterdheid is pre- en post-evaluerings gedoen by alle skakelings oor finansiële geletterdheid wat deur die Kantoor van die Verbruikersbeskermer gehou is. Altesaam 177 skakelings oor finansiële geletterdheid is gehou. Die terugvoer van landsburgers was positief en het aangedui dat hulle die skakeling as waardevol ervaar en dat hulle verdere skakelings oor verskillende aangeleenthede soek. Ten opsigte van klagtebestuur het elke verbruiker 'n afsluitingsverslag ontvang waarin bevindinge uiteengesit is. 'n Aanbeveling is gedoen rakende diegene wie se klagtes nie in hul guns opgelos is nie. Die verslag het verbruikers ook van die geleentheid voorsien om 'n bevinding te verwerp en 'n herevaluering deur die Direkteur te versoek. Bykomende prestasie: Kliënte is ook geraadpleeg deur middel van: a) Provinsiale Thusong Sentrum-gemeenskapskakelings. b) Inligtingsessies. c) Inbelsentrumdiens. d) E-poskorrespondensie. e) Skriftelike korrespondensie. f) Radiogeselsprogramme. g) Radioreklame. h) Sosiale media (Facebook en Twitter)	b) Insette ontvang van kliënte word aangestuur (skriftelike verslag) en met die relevante owerhede bespreek en in ag geneem wanneer besluite geneem word oor watter dienste verskaf moet word en op watter vlak.	b) Insette ontvang van kliënte is aangestuur (skriftelike verslag) en met die relevante owerhede bespreek en in ag geneem wanneer besluite geneem is oor watter dienste verskaf moet word en op watter vlak. Bykomende prestasie: Kliënte is ook geraadpleeg deur middel van: c) Inligtingsessies op virtuele platforms. d) Inbelsentrumdiens. e) E-poskorrespondensie. f) Skriftelike korrespondensie. g) Radiogeselsprogramme. h) Radioreklame. i) Gesindikeerde radiogeselsprogramme. j) Sosiale media (Facebook en Twitter)
Toegang: Kliënte kon toegang tot die diens verkry: a) By die Hoofkantoor, grondverdieping, Waldorf-arkade, St. George-wandellaan 80, Kaapstad, kantoorure: 07:30 – 16:00 b) Via distrikskantore (koördineerders): i. Knysna, winkel 8, Demar-sentrum, Hoofstraat, Knysna c) Via tolvrye lyn: 0800 007 081	Toegang: Die diens is toeganklik: a) By die Hoofkantoor, grondverdieping, Waldorf-arkade, St. George-wandellaan 80, Kaapstad, kantoorure: 07:30 – 16:00 b) Via distrikskoördineerder: i. Knysna, winkel 8, Demar-sentrum, Hoofstraat, Knysna c) Via tolvrye lyn: 0800 007 081	Toegang: Die diens is toeganklik: a) By die Hoofkantoor, grondverdieping, Waldorf-arkade, St. George-wandellaan 80, Kaapstad, kantoorure: 07:30 – 16:00 b) Via distrikskoördineerder: i. Knysna, winkel 8, Demar-sentrum, Hoofstraat, Knysna c) Via tolvrye lyn: 0800 007 081

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
d) Via die amptelike departementele webwerf: www.westerncape.gov.za/ e) Rolstoeltoegang by alle fisiese liggings. f) Hysbaknommers is beskikbaar in braille. Rigting- en naamborde is beskikbaar, leesbaar en in die 3 amptelike tale van die provinsie. Bykomende prestasie: g) Via die hulptoonbank van die verskeie Thusong Sentrum-uitreikingsprogramme wat deur die KVB bygewoon is. h) Per pos: Posbus 979, Kaapstad, 8000 i) Per e-pos: Consumer.protector@westerncape.gov.za j) Per faks: 021 483 5872 Die toeganklikheid van die diens word ook verbeter deur vennootskappe met sowel staatsorgane as gemeenskaps-organisasies, geloofs- en hoërondewysinstellings, en skole.	d) Via die amptelike departementele webwerf: www.westerncape.gov.za Die toeganklikheid van die diens word ook verbeter deur: e) Rolstoeltoegang by alle fisiese liggings. f) Hysbaknommers is beskikbaar in braille. Rigting- en naamborde is beskikbaar, leesbaar en in die 3 amptelike tale van die provinsie.	d) Via die amptelike departementele webwerf: www.westerncape.gov.za Die toeganklikheid van die diens word ook verbeter deur: e) Rolstoeltoegang by alle fisiese liggings. f) Hysbaknommers is beskikbaar in braille. Rigting- en naamborde is steeds in ons kantore beskikbaar, leesbaar en in die 3 amptelike tale van die provinsie. Bykomende prestasie: g) Per pos: Posbus 979, Kaapstad, 8000 h) Per e-pos: Consumer.protector@westerncape.gov.za i) Per faks: 021 483 5872 j) Via tolvrye lyn: 0800 007081 Die toeganklikheid van die diens word ook verbeter deur vennootskappe met sowel staatsorgane as gemeenskaps-organisasies, geloofs- en hoërondewysinstellings, en skole.
Hoflikheid: a) Hoflikheid is gerapporteer en geëvalueer deur: i. Klagtetoombank is in die Kantoor van die Direkteur. ii. Skriftelike korrespondensie aan die bestuur. b) Die gedrag van amptenare is t.o.v. die volgende geëvalueer/gemonitor: i. Gedragskode. ii. Sakereëls van die Departement.	Hoflikheid: a) Hoflikheid word gerapporteer en geëvalueer deur: i. Klagtetoombank. ii. Skriftelike korrespondensie aan die bestuur. b) Die gedrag van amptenare word t.o.v. die volgende geëvalueer/gemonitor: i. Gedragskode. ii. Diensstandaarde van die Departement. Kliëntediensopleiding word een keer per boekjaar aan amptenare verskaf.	Hoflikheid: a) Hoflikheid word gerapporteer en geëvalueer deur: i. Klagtetoombank. ii. Skriftelike korrespondensie aan die bestuur. b) Die gedrag van amptenare word t.o.v. die volgende geëvalueer/gemonitor: i. Gedragskode. ii. Diensstandaarde van die Departement. Kliëntediensopleiding word een keer per boekjaar aan amptenare verskaf.
Openheid en deursigtigheid: Openheid en deursigtigheid is behaal deur: a) Skriftelike korrespondensie soos benodig. b) Een-tot-een-vergaderings wat gehou is.	Openheid en deursigtigheid: Openheid en deursigtigheid word behaal deur: a) Skriftelike korrespondensie. b) Een-tot-een-vergaderings.	Openheid en deursigtigheid: Openheid en deursigtigheid word behaal deur: a) Skriftelike korrespondensie. b) Een-tot-een-vergaderings.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
c) Tafelrondebeprekinge met ondernemings en/of verbruikers om te verseker dat die partye die geleentheid gekry het om diensvlakke in verband met die oplossing van klagtes te ervaar. Dit het die partye ook deel van die proses laat voel sodat enige oplossing wat bereik is op 'n regverdige en deursigtige wyse gedoen is. d) Terreinbesoeke is dikwels tydens die klagtebestuurproses gedoen om te verseker dat partye voel dat die proses regverdig is en spesifieke faktore wat fisiese interaksie benodig in ag neem. Dit het tot die openheid en deursigtigheid van die klagtebestuurproses bygedra. e) Tolvrye lyn: 0800 007 081 f) Die publikasie/verspreiding (in 3 amptelike tale van die provinsie en beskikbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf) van die Departement se: i. Jaarlikse landsburgerverslag. ii. Jaarverslag. iii. Dienshandves. iv. Diensstandaardskedule. Bykomende prestasie: g) Standaardwerksprosedure ontwikkel en verkrygbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf.	c) Tafelrondebeprekinge. d) Terreinbesoeke. e) Tolvrye lyn: 0800 007 081 f) Die publikasie/verspreiding (in 3 amptelike tale van die provinsie en beskikbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf) van die Departement se: i. Jaarlikse landsburgerverslag. ii. Jaarverslag. iii. Dienstoegangbrochure. iv. Dienshandves. v. Diensstandaardskedule. g) Plaaslike media om uittreksels uit die Departement se Jaarverslag en ander strategiese dokumentasie te publiseer.	c) Tafelrondebeprekinge met ondernemings en/of verbruikers via virtuele platforms en, in sommige gevalle, via persoonlike interaksies om te verseker dat die partye die geleentheid kry om diensvlakke in verband met die oplossing van klagtes te ervaar. Dit het ook gemaak dat die partye deel voel van die proses en het verseker dat enige oplossing wat bereik is op 'n billike en deursigtige manier gedoen is. d) Terreinbesoeke en -inspeksies is tydens die klagtebestuurproses gedoen om te verseker dat partye voel dat die proses regverdig is en spesifieke faktore wat fisiese interaksie benodig in ag neem. Dit het tot die openheid en deursigtigheid van die klagtebestuurproses bygedra. e) Tolvrye lyn: 0800 007 081 f) Die publikasie/verspreiding (in 3 amptelike tale van die provinsie en beskikbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf) van die Departement se: i. Jaarlikse landsburgerverslag. ii. Jaarverslag. iii. Dienstoegangbrochure is gestaak. iv. Dienshandves. v. Diensstandaardskedule. g) Plaaslike media om uittreksels uit die Departement se Jaarverslag en ander strategiese dokumentasie te publiseer.
Waarde vir geld: a) Die verbruikersopvoedingsdiens is 'n gratis diens vir landsburgers oral in die provinsie. b) Die geskilbeslegtingsdiens vir verbruikers se klagtes is 'n gratis diens vir verbruikers. Bykomende prestasie: c) Tolvrye, "Please Call Me"- en SMS-nommers is alles deur die Departement betaal.	Waarde vir geld: a) Kliënte ontvang nuttige en bruikbare inligting gratis. b) Kliënte ontvang gratis bystand met die oplossing van geskille.	Waarde vir geld: a) Die verbruikersopvoedingsdiens is 'n gratis diens vir landsburgers oral in die provinsie. b) Die geskilbeslegtingsdiens vir verbruikers se klagtes is 'n gratis diens vir verbruikers. Bykomende prestasie: c) Tolvrye, "Please Call Me"- en SMS-nommers is alles deur die Departement betaal.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Sakehulplyndiens vir rompslompvermindering Raadpleging: Aanvanklike raadpleging word gedryf deur vraaggedrewe versoeke van kliënte om toegang tot die diens te kry. Om hierdie versoeke te hanteer word navrae van kliënte beantwoord deur een van/of al die volgende kanale: a) Gereelde e-poskommunikasie soos benodig. b) Gereelde telefoniese kommunikasie soos benodig. c) Direkte samesprekings: Verskeie platforms is gebruik vir direkte navrae deur ondernemings wat deur rompslomp geraak word, insluitende: i. Die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) se jaarlikse konferensie in Durbanville. ii. Die Philippi Ekonomiese Ontwikkelingsinisiatief (PEDI), George-munisipaliteit se PEO-forum en die Wes-Kaapse Uitvoerklub. iii. Die Eenheid word tydens elke eerste Donderdag verteenwoordig en neem die leiding rakende die Departement se bestuur van navrae en versoeke voortspruitend uit hierdie samesprekings. d) Ten opsigte van kwessies op sistemiese vlak of rakende bewusmaking van die diens, is potensiële kliënte en belangrike belanghebbers geraadpleeg deur middel van: i. Gespreksforums, Haweskakelforum, Eiendomsontwikkelingsforum, Rompslompverminderingsforum (DSDB), ens. ii. Werksessies met die Departement van Kleinsake, Erfenis Wes-Kaap, George-munisipaliteit se PEO-afdeling, ens. e) Bedryfsamesprekings is gehou met die vraghouvervoerbedryf (verskeie), die filmbedryf en die uitvoerderwaardeketting (tafeldruiwe, vrugteverbouers, ens.).	Sakehulplyndiens vir rompslompvermindering Raadpleging: Aanvanklike raadpleging word gedryf deur vraaggedrewe versoeke van kliënte om toegang tot die diens te kry. Om hierdie versoeke te hanteer word navrae van kliënte beantwoord deur een van/of al die volgende kanale: a) E-pos. b) Telefoonoproep. c) Direkte samesprekings. d) Ten opsigte van kwessies op sistemiese vlak of rakende bewusmaking van die diens, word potensiële kliënte geraadpleeg deur middel van: i. Besprekingsforums. ii. Werksessies (4 werksessies is aangebied). e) Samesprekings op bedryfsvlak en/of samesprekings met toepaslike belanghebbestrukture (34 samesprekings is beplan). f) Gedrukte en/of elektroniese media (3 inligtingverwante veldtogte is beplan). g) RTR-webwerf as strategiese kanaal vir verskaffing van inligting.	Sakehulplyndiens vir rompslompvermindering Raadpleging: Aanvanklike raadpleging is gedryf deur vraaggedrewe versoeke van kliënte om toegang tot die diens te kry. Om hierdie versoeke te hanteer word navrae van kliënte beantwoord deur een van/of al die volgende kanale: a) Gereelde e-poskommunikasie soos benodig. b) Gereelde telefoniese kommunikasie soos benodig. c) Direkte samesprekings: Geen direkte samesprekings is benut nie weens Covid-19. d) Ten opsigte van kwessies op sistemiese vlak of rakende bewusmaking van die diens, is potensiële kliënte en belangrike belanghebbers geraadpleeg deur middel van: i. Gespreksforums, Haweskakelforum, Rompslompverminderingsforum (DSDB), ens. ii. Werksessies met die Departement van Kleinsake. e) Bedryfsamesprekings is gehou met die vraghouvervoerbedryf, die filmbedryf en die uitvoerderwaardeketting (tafeldruiwe, vrugteverbouers, ens.). f) Gedrukte en elektroniese media. Geen inligtingverwante veldtogte in die gedrukte en elektroniese media is onderneem nie. g) RTR-webwerf as strategiese kanaal vir verskaffing van inligting.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Toegang: Die diens was toeganklik: a) By die Hoofkantoor, 10de verdieping, Waldorf-gebou, St. George-wandellaan 80, Kaapstad, kantoorure: 07:30 – 16:00 (Hierdie diens was onbeskikbaar weens die Covid-19-pandemie.) b) Per deelloproep: 0861 888 126 (Hierdie diens was onbeskikbaar weens die Covid-19-pandemie.) c) Per e-pos: redtape@westerncape.gov.za d) Via die webwerf: www.westerncape.gov.za/red-tape-reduction	Toegang: Die diens was toeganklik: a) By die Hoofkantoor, 10de verdieping, Waldorf-gebou, St. George-wandellaan 80, Kaapstad, kantoorure: 07:30 – 16:00 b) Per deelloproep: 0861 888 126 c) Per e-pos: redtape@westerncape.gov.za d) Via die webwerf: www.westerncape.gov.za/red-tape-reduction	Toegang: Die diens was toeganklik: a) By die Hoofkantoor, 10de verdieping, Waldorf-gebou, St. George-wandellaan 80, Kaapstad, kantoorure: 07:30 – 16:00 (onbeskikbaar weens Covid-19) b) Per deelloproep: 0861 888 126 (onbeskikbaar weens Covid-19) c) Per e-pos: redtape@westerncape.gov.za d) Via die webwerf: www.westerncape.gov.za/red-tape-reduction
Hoflikheid: a) Hoflikheid is gerapporteer en geëvalueer deur: i. Klagtetoombank: Daar is geen formele klagtetoombank nie. Klagtes is deur die verantwoordelike bestuurder hanteer en na die Direkteur en Hoofdirekteur verwys soos benodig op grond van elke individuele geval. ii. Peilings is gedoen wat 'n 72%-tevredenheidskoers aangedui het. iii. Gedoen na gelang van behoefte. b) Die gedrag van amptenare is t.o.v. die volgende geëvalueer/gemonitor: i. Gedragskode. ii. Diensstandaarde van die Departement: Die resultate van die tevredenheidspeilings sowel as aanbevelings en kritiek van kliënte word tydens prestasiebeoordelings in ag geneem. c) Kliëntediensopleiding is aan betrokke amptenare verskaf. d) Die riglyne soos saamgestel deur die Eenheid sowel as nuusberigte is vir goedkeuring by die DEOT: KH (Kommunikasiehoof) ingedien.	Hoflikheid: a) Hoflikheid word gerapporteer en geëvalueer deur: i. Klagtetoombank. ii. Kliënttevredenheidspeilings (1 maandelikse peiling = 12 peilings). iii. Skriftelike korrespondensie aan die bestuur. b) Die gedrag van amptenare word t.o.v. die volgende geëvalueer/gemonitor: i. Gedragskode. ii. Diensstandaarde van die Departement. c) Kliëntediensopleiding word een keer per boekjaar aan amptenare verskaf. d) Hoof: Kommunikasie.	Hoflikheid: a) Hoflikheid is gerapporteer en geëvalueer deur: i. Klagtetoombank: Daar is geen formele klagtetoombank nie. Klagtes is deur die verantwoordelike bestuurder hanteer en na die Direkteur en Hoofdirekteur verwys soos benodig op grond van elke individuele geval. ii. Peilings is gedoen wat 'n 54%-tevredenheidskoers aangedui het. iii. Gedoen na gelang van behoefte. b) Die gedrag van amptenare is t.o.v. die volgende geëvalueer/gemonitor: i. Gedragskode. ii. Diensstandaarde van die Departement: Die resultate van die tevredenheidspeilings sowel as aanbevelings en kritiek van kliënte word tydens prestasiebeoordelings in ag geneem. c) Kliëntediensopleiding word een keer per boekjaar aan amptenare verskaf. d) Hoof: Kommunikasie.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Openheid en deursigtigheid: Openheid en deursigtigheid is behaal deur: a) Skriftelike korrespondensie aan kliënte, verantwoordelike departemente, openbare entiteite en munisipaliteite, en aan die Departementshoof en Minister (via die DH) vir eskalاسie van sekere aangeleenthede na ander ministers, DH's, ADG's, hoofuitvoerende beamptes van openbare entiteite, burgemeesters, munisipale burgemeesters, ens. b) Gereeld gehou na gelang van behoefte (een-tot-een-vergaderings). c) Tafelrondekonferensies met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Erfenis Wes-Kaap, Eiendomsontwikkelingsforum, ens. d) Terreinbesoeke: Verskeie besoeke aan terreine, insluitende Arniston-hawe (Departement van Vervoer en Openbare Werke [DVOW-opknappingsagterstande]), Langebaan (DVOW-opknappingsagterstande), Mercedes/Fuso (burgerlike onrus), Philippi (verskeie kere m.b.t. die aanvalle op ondernemings in die gebied), Wingfield Motors (Stad Kaapstad) en DVOW-agterstande rakende stormwaterinstandhouding en gevolglike oorstromings). e) Deeloproep: 0861 888 126 f) Die publikasie/verspreiding (in 3 amptelike tale van die provinsie en beskikbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf) van die Departement se: i. Jaarlikse landsburgerverslag. ii. Jaarverslag. iii. Dienstoegangbrochure. iv. Dienshandves. v. Dienstandaardskedule.	Openheid en deursigtigheid: Openheid en deursigtigheid word behaal deur: a) Skriftelike korrespondensie. b) Een-tot-een-vergaderings. c) Tafelrondebesprekings. d) Terreinbesoeke. e) Deeloproep: 0861 888 126 f) Die publikasie/verspreiding (in 3 amptelike tale van die provinsie en beskikbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf) van die Departement se: i. Jaarlikse landsburgerverslag. ii. Jaarverslag. iii. Dienstoegangbrochure. iv. Dienshandves. v. Dienstandaardskedule.	Openheid en deursigtigheid: Openheid en deursigtigheid is behaal deur: a) Skriftelike korrespondensie aan kliënte, verantwoordelike departemente, openbare entiteite en munisipaliteite, en aan die Departementshoof en Minister (via die DH) vir eskalاسie van sekere aangeleenthede na ander ministers, DH's, ADG's, hoofuitvoerende beamptes van openbare entiteite, burgemeesters, munisipale burgemeesters, ens. b) Gereeld gehou na gelang van behoefte (een-tot-een-vergaderings). c) Geen tafelrondebesprekings is gehou nie. d) Geen terreinbesoeke is gedoen nie. e) Deeloproep: 0861 888 126 f) Die publikasie/verspreiding (in 3 amptelike tale van die provinsie en beskikbaar via die WKR se instapsentrum en die departementele webwerf) van die Departement se: i. Jaarlikse landsburgerverslag. ii. Jaarverslag. iii. Dienstoegangbrochure is gestaak. iv. Dienshandves. v. Dienstandaardskedule.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Waarde vir geld: a) Kliënte ontvang nuttige en bruikbare inligting gratis. b) Kliënte ontvang gratis bystand met die oplossing van geskille.	Waarde vir geld: a) Kliënte ontvang nuttige en bruikbare inligting gratis. b) Kliënte ontvang gratis bystand met die oplossing van geskille.	Waarde vir geld: a) Kliënte ontvang nuttige en bruikbare inligting gratis. b) Kliënte ontvang gratis bystand met die oplossing van geskille.

Diensleweringsinligtingsinstrument:

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Toergidsregistrasie en -monitering Inligting is gekommunikeer via die volgende: a) Departementele webwerf. b) Jaarverslag: In Engels gepubliseer en op versoek beskikbaar in die ander 2 amptelike tale van die provinsie). c) Een-tot-een-vergaderings. d) Inligtingsessies. e) Brosjyre: Het jy jou toergids vir hul kaart en naambordjie gevra? f) Pamflette. g) Omsendbriewe. h) Kwartaallikse vergaderings. i) Departement se dienshandves. Die inligting (pamflette/plakkate/brosjures, ens.) was by die toerismeinligtingsentrums beskikbaar.	Toergidsregistrasie en -monitering Inligting word gekommunikeer via die volgende: a) Departementele webwerf. b) Jaarverslag (gedruk in die 3 amptelike tale van die provinsie). c) Een-tot-een-vergaderings. d) Inligtingsessies. e) Brosjyre: Het jy jou toergids vir hul kaart en naambordjie gevra? f) Pamflette. g) Omsendbriewe. h) Kwartaallikse vergaderings. i) Departement se dienshandves word by ontvangs vertoon. j) Tolvrye telefoonhulplyn. Die inligting (pamflette/plakkate/brosjures, ens.) was by die toerismeinligtingsentrums beskikbaar.	Toergidsregistrasie en -monitering Inligting word gekommunikeer via die volgende: a) Departementele webwerf. b) Jaarverslag (gedruk in die 3 amptelike tale van die provinsie). c) Een-tot-een-vergaderings. d) Inligtingsessies. e) Brosjyre: Het jy jou toergids vir hul kaart en naambordjie gevra? f) Pamflette. g) Omsendbriewe. h) Kwartaallikse vergaderings. i) Departement se dienshandves word by ontvangs vertoon. j) Tolvrye telefoonhulplyn. Die inligting (pamflette/plakkate/brosjures, ens.) was by die toerismeinligtingsentrums beskikbaar.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepalings van provinsiale en nasionale wetgewing Inligting is gekommunikeer via die volgende: a) Departementele webwerf. b) Jaarverslag: In Engels gepubliseer en op versoek beskikbaar in die ander 2 amptelike tale van die provinsie). c) Een-tot-een-vergaderings. d) Mediaverklarings: Drie mediaverklarings is saamgestel rakende Spaarmaand, die Spend Wisely-veldtog en die Wêrelddag vir Verbruikersregte. e) Publikasies: Kontrakbrosjures en brosjures oor die Wet op Verbruikersbeskerming en finansiële geletterdheid is hersien en bygewerk. f) 370 inligtingssessies in die vorm van verbruikersopvoedingsprogramme is gedurende die jaar aangebied. g) Terreinbesoeke. h) Die volgende is bereik met betrekking tot radioprogramme: i. 20 radiogeselsprogramme met CCFM, Cape Talk, Radio 2000, SAFM en Radio KC is gehou. ii. Drie radiobewusmakingsveldtogte is gehou. 'n Radioveldtog oor besparing wat nege (9) gemeenskapsradiostasies geteiken het, is in Julie 2019 gehou (Zibonele, Tygerberg, Eden, CCFM, Namakwaland, Weskus, Overberg, Helderberg en Valley). iii. In Desember 2019 is 'n radioveldtog gehou wat twee (2) kommersiële en ses (6) gemeenskapsradiostasies geteiken het. iv. In Maart 2020 is 'n Wêrelddag vir Verbruikersregte geïmplementeer via Umhlobo Wenene en KFM. i) Kwartaallikse vergaderings is gehou.	Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepalings van provinsiale en nasionale wetgewing Inligting word gekommunikeer via die volgende: a) Departementele webwerf. b) Jaarverslag (gedruk in die 3 amptelike tale van die provinsie). c) Een-tot-een-vergaderings. d) Mediaverklarings. e) Publikasies. f) Inligtingssessies. g) Terreinbesoeke. h) Radioprogramme (in die 3 amptelike tale van die provinsie). i) Kwartaallikse vergaderings. j) Pamflette. k) Brosjures. l) Omsendbriewe. m) Departement se dienshandves. Die inligting (pamflette/plakkate/brosjures, ens.) soos hier bo aangedui, is beskikbaar by sekere skole, biblioteke, klinieke, winkels, ens.	Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepalings van provinsiale en nasionale wetgewing Inligting is gekommunikeer via die volgende: a) Departementele webwerf. b) Jaarverslag (gedruk in die 3 amptelike tale van die provinsie). c) Een-tot-een-vergaderings. d) Drie mediaverklarings is saamgestel rakende Spaarmaand in Julie, die Spending Patterns-veldtog in Desember, en die Wêrelddag vir Verbruikersregte in Maart. e) Geen nuwe publikasies is gedurende die jaar gepubliseer nie weens die Covid-19-beperkings. f) 329 inligtingssessies in die vorm van opvoedingsprogramme, werksessies oor finansiële geletterdheid en KMMO-werksessies is gedurende die jaar aangebied. g) Terreinbesoeke is gehou ná die implementering van vlak 1 van die Covid-19-beperkings. h) Radioprogramme bestaande uit gesindikeerde radiogeselsprogramme sowel as radiogeselsprogramme in die 3 amptelike tale is aangebied. 192 radio-intervensies is gehou. Dit was in samewerking met Radio KC, Eden FM, CCFM, DISA, Valley FM, Radio Atlantis, Gamka FM, Radio Overberg, Zibonele, Bush, Witzenberg, Voice of the Cape, Weskus, Cape Talk, Heart FM en Namakwaland. i) 4 vergaderings is gedurende die boekjaar gehou. j) 2 500 pamflette is aan munisipale werknemers versprei.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
j) Pamflette: 12 336 pamflette is aan verbruikers, biblioteke, skole en OSW's versprei. Pamflette van die Nasionale Kredietreguleerder, die Raad vir Mediese Skemas en die Raad vir Skuldinvorderaars is versprei. k) Brosjures. l) Omsendbriewe. m) Departement se dienshandves. Die inligting (pamflette/plakkate/brosjures, ens.) soos hier bo aangedui, was beskikbaar by sekere skole, biblioteke, klinieke, winkels, ens.		k) Brosjures. l) Omsendbriewe. m) Departement se dienshandves. Die inligting (pamflette/plakkate/brosjures, ens.) soos hier bo aangedui, is beskikbaar by sekere skole, biblioteke, klinieke, winkels, ens.
Sakehulpdiens vir rompslompvermindering Inligting is gekommunikeer via die volgende: a) Die webwerf word onderhou en bygewerk. b) Prestasie-inligting is in die Jaarverslag vervat (in Engels gedruk en beskikbaar gestel in die 3 amptelike tale van die provinsie). c) Terreinbesoeke: Gereeld gedoen na gelang van behoefte. d) Diens soos vermeld in die Departement se dienshandves. e) Ten opsigte van kwessies op sistemiese vlak of rakende bewusmaking van die diens, is potensiële kliënte en belangrike belanghebbers geraadpleeg deur middel van: i. Gespreksforums: Haweskakelforum, Eiendomsontwikkelingsforum, Rompslompverminderingsforum (DSDB), ens. ii. Werksessies met die Departement van Kleinsake, Erfenis Wes-Kaap, George-munisipaliteit se PEO-afdeling, ens. iii. Bedryfsamesprekings is gehou met die vraghouervervoerbedryf (verskeie), die filmbedryf en die uitvoerderwaardeketting (tafeldruie, vrugteverbouers, ens.).	Sakehulpdiens vir rompslompvermindering Inligting word gekommunikeer via die volgende: a) Rompslompverminderingwebwerf. b) Jaarverslag (gedruk in die 3 amptelike tale van die provinsie). c) Terreinbesoeke. d) Departement se dienshandves. e) Ten opsigte van kwessies op sistemiese vlak of rakende bewusmaking van die diens, word potensiële kliënte en belangrike belanghebbers geraadpleeg deur middel van: i. Besprekingsforums. ii. Werksessies (4 werksessies is beplan). iii. Samesprekings op bedryfsvlak en/of samesprekings met toepaslike belanghebbersstrukture (34 samesprekings is beplan). iv. Gedrukte en/of elektroniese media (3 inligtingverwante veldtogte is beplan). v. RTR-webwerf as strategiese kanaal vir verskaffing van inligting.	Sakehulpdiens vir rompslompvermindering Inligting is gekommunikeer via die volgende: a) Die webwerf word onderhou en bygewerk soos benodig. b) Prestasie-inligting is in die Jaarverslag vervat (in Engels gedruk en beskikbaar gestel in die 3 amptelike tale van die provinsie). c) Terreinbesoeke (nie gedoen nie). d) Diens soos vermeld in die Departement se dienshandves. e) Ten opsigte van kwessies op sistemiese vlak of rakende bewusmaking van die diens, is potensiële kliënte en belangrike belanghebbers geraadpleeg deur middel van: i. Besprekingsforums: Haweskakelforum, Rompslompverminderingsforum (DSDB), ens. ii. Werksessies met die Departement van Kleinsake. iii. Bedryfsamesprekings is gehou met vervoerders in die Kaapse hawe (tweemaandeliks), die filmbedryf, die Wes-Kaapse Uitvoerklub (maandeliks) en die uitvoerderwaardeketting, die vraghouerbedryf en uitvoerderwaardeketting (tafeldruie, vrugteverbouers, ens.).

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
iv. Twee riglyne is saamgestel rakende regulatoriese impakbeoordelings en die bestuur van groenafval (drukwerk word volgens behoefte deur departemente gedoen). v. Die RTR-webwerf is hersien as 'n instaatstellingskanaal om inligting te verskaf en is met die mees onlangse gevalle bygewerk.		iv. Gedrukte en/of elektroniese media: Geen inligtingverwante veldtogte in die gedrukte/elektroniese media is onderneem nie. v. RTR-webwerf as strategiese kanaal vir verskaffing van inligting.

Klagtemeganisme

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Toergidsregistrasie en -monitering Klagtes/voorstelle/komplimente/navrae is: a) Ingedien by die betrokke sake-eenheid via die toegewyde inbel-/instapsentrum. b) Direk ingedien by die betrokke sake-eenheid: Kontakbesonderhede is beskikbaar in die dienstoegangbrochure. c) Skriftelik beantwoord (formele brief per pos, e-pos of faks) of mondelings per telefoon of persoonlik, na gelang van kliënt se versoek. d) Erken binne 48 uur van ontvangs. e) Die provinsiale Toerismeregistrateur het een appèl ontvang wat aan die nasionale Registrateur gestuur is.	Toergidsregistrasie en -monitering Klagtes/voorstelle/komplimente/navrae word: a) Ingedien by die betrokke sake-eenheid via die toegewyde inbel-/instapsentrum. b) Direk ingedien by die betrokke sake-eenheid: Kontakbesonderhede is beskikbaar in die dienstoegangbrochure. c) Skriftelik beantwoord (formele brief per pos, e-pos of faks) of mondelings per telefoon of persoonlik, na gelang van kliënt se versoek. d) Erken binne 48 uur van ontvangs. e) Geregistreer en gemonitor via 'n elektroniese databasis/register/stelsel. f) Appèlle teen die provinsiale Registrateur se besluite kan direk by die nasionale Registrateur ingedien word.	Toergidsregistrasie en -monitering Klagtes/voorstelle/komplimente/navrae word: a) Ingedien by die betrokke sake-eenheid via die toegewyde inbel-/instapsentrum. b) Direk ingedien by die betrokke sake-eenheid: Kontakbesonderhede is beskikbaar in die dienstoegangbrochure. c) Skriftelik beantwoord (formele brief per pos, e-pos of faks) of mondelings per telefoon of persoonlik, na gelang van kliënt se versoek. d) Erken binne 48 uur van ontvangs. e) Geregistreer en gemonitor via 'n elektroniese databasis/register/stelsel. f) Appèlle teen die provinsiale Registrateur se besluite kan direk by die nasionale Registrateur ingedien word.

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasies 2020/21
Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepalings van provinsiale en nasionale wetgewing Klagtes/voorstelle/komplimente/navrae is: a) Ingedien by die betrokke sake-eenheid via die toegewyde inbel-/instapsentrum. b) Direk ingedien by die betrokke sake-eenheid. c) Skriftelik beantwoord (formele brief per pos, e-pos of faks) of mondelings per telefoon of persoonlik, na gelang van kliënt se versoek. d) Erken binne 48 uur van ontvangs. Bykomende prestasie: e) Ondersoek steeds die digitalisering van sommige elemente van die terugvoer.	Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepalings van provinsiale en nasionale wetgewing Klagtes/voorstelle/komplimente/navrae word: a) Ingedien by die betrokke sake-eenheid via die toegewyde inbel-/instapsentrum. b) Direk ingedien by die betrokke sake-eenheid: Kontakbesonderhede is beskikbaar in die dienstoegangbrochure. c) Skriftelik beantwoord (formele brief per pos, e-pos of faks) of mondelings per telefoon of persoonlik, na gelang van kliënt se versoek. d) Erken binne 48 uur van ontvangs. Geregistreer en gemonitor via 'n elektroniese databasis/register/stelsel. e) Implementeer digitalisering van die prosesse.	Wes-Kaapse verbruikersbeskermer kragtens die bepalings van provinsiale en nasionale wetgewing Klagtes/voorstelle/komplimente/navrae is: a) Ingedien by die betrokke sake-eenheid via die toegewyde inbel-/instapsentrum. b) Direk ingedien by die betrokke sake-eenheid: Kontakbesonderhede is beskikbaar in die dienstoegangbrochure. c) Skriftelik beantwoord (formele brief per pos, e-pos of faks) of mondelings per telefoon of persoonlik, na gelang van kliënt se versoek. d) Erken binne 48 uur van ontvangs. Geregistreer en gemonitor via 'n elektroniese databasis/register/stelsel (ORACLE). e) Implementeer digitalisering van die prosesse.
Sakehulplyndiens vir rompslompvermindering Gevalle is: a) Ingedien by RTRU via: (1) redtape@westerncape.gov.za (intern geadmineer deur RTRU-personeel). (2) 0861 888 126 (intern geadmineer deur RTRU-personeel). (3) Premier/Minister/DH/ADG. (4) Interne verwysings deur personeellede. b) Skriftelik beantwoord (gewoonlik per e-pos, soms formeel) of mondelings per telefoon of persoonlik, na gelang van omstandighede en kliëntevoorkeur.	Sakehulplyndiens vir rompslompvermindering Gevalle word: a) Ingedien by RTRU via die toegewyde inbelsentrum. b) Skriftelik beantwoord (gewoonlik per e-pos, soms formeel) of mondelings per telefoon of persoonlik, na gelang van omstandighede en kliëntevoorkeur.	Sakehulplyndiens vir rompslompvermindering Gevalle is: a) Ingedien by RTRU via: (1) redtape@westerncape.gov.za (intern geadmineer deur RTRU-personeel). (2) Premier/Minister/DH/ADG. (3) Interne verwysings deur personeellede. b) Skriftelik beantwoord (gewoonlik per e-pos, soms formeel) of mondelings per telefoon of persoonlik, na gelang van omstandighede en kliëntevoorkeur.

2.3 Organisasoriese omgewing

Soos voortspruitend uit die Provinsiale Strategiese Plan (2019-2024) het die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme ook die mandaat ontvang om die leidende rol te neem in die bevordering van die Wes-Kaapse Regering se agenda vir die visiegeïnspireerde prioriteit (VIP 2), naamlik groei en werksgeleenthede.

Daarbenewens is die werkskeppingstema van die Wes-Kaapse Herstelplan belyn met die Departement se vyfjaarstrategie ten opsigte van die huidige behoefte om werksgeleenthede te skep en te handhaaf, sowel as die talle sistemiese uitdagings wat in die vyfjaarstrategie vasgelê is. Binne die konteks van hierdie skakeling resoneer verskeie temas en intervensies in die werkskeppingstema van die Wes-Kaapse Herstelplan met die Departement se vyfjaarstrategie.

Gegewe die komplekse en transversale omgewing, sowel as die beduidende skuif rakende die “nuwe manier van werk” weens Covid-19, is en sal daar steeds klem geplaas word op die heropleiding en opskerpings van vaardighede van personeel, bevoegdheidsverbetering, prestasiebestuur, diversifisering, mentorskap en opvolgbeplanning. Gedurende die verslagdoeningsperiode het die Departement klem gelê op die hersiening van die kernbevoegdhede en kritieke vaardighede wat benodig word om die kernmandaat van die Departement uit te voer. In reaksie op Covid-19 het gesamentlike pogings van die Departement se diensleweringbenadering positiewe resultate behaal om in die behoeftes van ondernemings te voorsien. Die Departement het heelwat staatgemaak op die verskillende vaardighede van personeel in alle programme. Die Departement sal sy Arbeidsmagplan hersien, wat steeds die instrument sal wees om te verseker dat die Departement sy mensekapitaal optimaal benut en ontwikkel om vinnige aanpasbaarheid en geïntegreerde dienslewering te verseker.

Die Departement het gevorder met die digitale DEOT-projek, wat daarop gemik is om verbeterde funksionele doeltreffendheid binne die DEOT te bewerkstellig om die bereiking, impak en doeltreffendheid van die DEOT se interne programme te bevorder deur verhoogde produktiwiteit voortspruitend uit die ingebruikneming van digitale tegnologie. Twee sakeontleders het 'n grondige hersiening van die vier geïdentifiseerde pynpunte in verband met dokumentoutomatisering, projekverslagdoening, belanghebberebestuur en kommunikasie gedoen. Die behoefte is geïdentifiseer om verbeterde datastrukture en -stelsels vir kliënteverhoudingsbestuur te implementeer. Daarbenewens het die Eenheid sessies aangebied wat die gebruik van beskikbare hulpmiddels vir peilings en data-insameling, verslagdoening en die 4IR in die algemeen bevorder.

Die naderende inwerkingstelling van POPIA in Julie 2021 was 'n belangrike dryfveer in die bevordering van rekordhouding en databestuur. Verder bevorder die Provinsie ook databeheer en -bestuur. Dit sal ook die dryfveer wees vir programme in 2021/22. Die fokus sal wees op die maksimalisering van die gebruik van bestaande IKT-bates en -lisensies.

Met die uitbreek van die Covid-19-pandemie moes die Departement sy werkprosesse herbelyn om sy werknemers binne die prioriteitsgroep (vroue) en kwesbare werknemers (mense met gestremdhede) te akkommodeer. Dit is behaal ingevolge die Departement se Werkplan wat voorsiening maak vir werknemers om afstandswerk te doen, waar nodig.

Die Departement se Vroue in Bestuur-groep (SBD- en MBD-lede) hou jaarliks 'n vergadering om enige moontlike kwessies ten opsigte van geslagsongelykheid binne die Departement te bespreek. Uitvoerbare punte word saamgevat vir inwerkingstelling. Die vergadering is uitgebrei na 'n kwartaallikse vergadering in die nuwe boekjaar om te verseker dat departementele beleide en prosedures belyn is vir die vooropstelling van menseregte.

Die Departement is trots daarop om mense met gestremdhede te ondersteun en hul redelikerwys te akkommodeer. Die Departement verseker dat sake rakende toeganklikheid aangeroer word deur sy Strategiese Raamwerkplan vir Geslagsgelykheid en Strategiese Raamwerkplan vir Werkstoegang.

24 Sleutelbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

Die Departement het die volgende nuwe beleidsontwikkelings in reaksie op Covid-19 erken:

Suid-Afrikaanse Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan, 2020

Nasionale Toerismeherstelplan

Wes-Kaapse Herstelplan

3. BEREIKING VAN INSTITUSIONELE IMPAKTE EN UITKOMSTES

Vir lees tesame met **2.1 Diensleweringsoorgewing**

Die impak soos gestel in die departementele Strategiese Plan (2021-2025) is verhoogde indiensneming in die Wes-Kaapse ekonomie. Die uitbreek van die wêreldwye Covid-19-pandemie het 'n beduidende impak op arbeidsmarkte regoor die wêreld gehad en die Suid-Afrikaanse arbeidsmark is nie gespaar nie.

Tussen die eerste en vierde kwartaal van 2020 het die Wes-Kaapse ekonomie 163 000 werksgeleenthede verloor. Deur die neigings oor die kwartale heen waar te neem, is dit egter duidelik dat nadat die ekonomie werksgeleenthede tydens die "streng inperkingsperiode" van die tweede kwartaal verloor het, dit sedertdien in die derde en die vierde kwartaal begin werk skep het, selfs al het dit nog nie weer die vlakke voor Covid bereik nie.

Hierdie herstel van die arbeidsmark ondersteun die verwagting dat die Departement die vyfjaarimpak van verhoogde indiensneming ingevolge die Strategiese Plan sal kan bereik.

Voorlopige prestasie ten opsigte van uitkomstes

Verhoogde randwaarde van investering: Investering is in die 2020/21-boekjaar deur SBIDZ bekom, maar kan eers in die 2021/22-boekjaar oor verslag gedoen word ná formele kontraktering.

Toename in uitvoere: Die waarde van uitvoere vir sleutelgeleentheidsektore, ingevolge die Strategiese Plan, het in 2019 met 4,2% tot R71,5 miljard gestyg vergeleke met 'n geteikende groeikoers van 4,9%. Uitvoere met betrekking tot die agriverwerkingsektor, naamlik kos en drinkgoed, het slegter gevaar as wat verwag is, maar uitvoere in verband met die diensesektor, veral die afluandige sakeprosesuitbestedingsbedryf, het aansienlik beter gevaar as wat geprojekteer is, gegewe 'n sterk internasionale waardeaanbod teen mededingende pryse. Daar moet kennis geneem word dat verslagdoening in die jaarverslag met 1 jaar vertraag word weens die beskikbaarheid van data. Die handelsprestasie met betrekking tot Wes-Kaapse kommoditeite sal oor 'n tydperk van vyf jaar gemeet word ingevolge die Strategiese Plan se uitkomsteteikens. Belangrike uitdagings met betrekking tot uitvoerprestasie in 2020/21 sluit in die impak wat Covid-19 op wêreldhandel gehad het, veral rakende waardekettingontwrigtings, die impak op belangrike handelsroetes (pad, spoor, lug en see), asook die oorgang na virtuele handelsendings om steun vir Wes-Kaapse uitvoerders te verseker. Ten spyte van hierdie uitdagings het die uitvoerprestasie van die Wes-Kaap steeds positiewe groei ten opsigte van die vyfjaarteiken getoon.

Verbeterde persepsie van toerismeveiligheid: Een van die doelwitte van die Toerismeveiligheidsstrategie is om die handelsmerkebeeld van Kaapstad en die Wes-Kaap vanuit 'n veiligheid-/sekuriteit-/misdaadperspektief te verbeter. Dit is van kritieke belang om die mededingendheid van die bestemming te verbeter en as teenvoeter vir die aanhoudende persepsies dat die Wes-Kaap onveilig is.

Die strategie vereis 'n holistiese benadering tot besoekerveiligheid, hoofsaaklik om te verseker dat toeriste ingelig word oor praktiese maniere waarop hulle veilig kan bly, en dit bied 'n omvattende responsprogram om toeriste in nood te steun, sowel as sigbare polisiëring by toerismebrandpunte. In reaksie op Covid-19 is daar ook gefokus op toestande rakende gesondheid en higiëne.

Die doel van die toerismepersepsiepeiling is om die impak van die Provinsie se Toerismeveiligheidsstrategie te meet ten opsigte van die persepsies van internasionale toeriste wat die provinsie vir die duur van die implementering van die strategie besoek. Om die projek af te skop is basislyn-data benodig. Daar is gehoop dat somer 2020/21 die ideale tyd sou wees om die basislyn-data in te samel ten opsigte waarvan toekomstige vordering gemeet kan word. Dit was weens die feit dat dit die eerste jaar van implementering van die verskillende hefbome van die Toerismeveiligheidsstrategie was. Weens Covid-19 kon hierdie navorsing nie gedoen word nie aangesien daar eenvoudig nie genoeg internasionale toeriste in die provinsie was nie. Enige peiling wat gedurende hierdie tyd gedoen is, sou die basislynresultate skeefgetrek het. Gevolglik is die basislynpeiling uitgestel.

Ondersteuning vir verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes: Die Vaardigheidsontwikkeling-en-innovasieprogram het vordering gemaak met die bereiking van die uitkomst van 'n persentasie begunstigdes wat ondersteun word, wat sodoende die koers van indiensneembaarheid onder werklose jeugdiges verhoog. Die lewering deur die program het bygedra tot die MTSR en PSP (2019-2024) deur programme vir ervaringswerkplasinge te implementeer, wat daarop gemik is om die werkloosheidskoers te verminder en werk te skep. Die programme wat geïmplementeer is, het ook gefokus op handelsektore wat belyn is met die ekonomiese klusters se visiegeïnspireerde prioriteit VIP2: Groei en werksgeleenthede, en bied ondersteuning vir VIP3: Bemagtiging van mense.

Weens die impak van die Covid-19-pandemie het die Vaardigheidsontwikkeling-en-innovasieprogram alle vaardigheidsprogramme herbelyn en begrotings verhoog om meer programme vir ervaringswerkplasinge te verskaf. Hierdie plasinge het werklose begunstigdes gehelp om tot 'n inkomste vir hul huishoudings toegang te kry en om betekenisvolle blootstelling aan die werksplek en vaardighede te verkry om hul indiensneembaarheid te verhoog. In sommige gevalle is toegang tot werksgeleenthede gerealiseer wat ook voldoen aan nywerheidsvaardigheidstekorte in verband met die strewe na ekonomiese groei en werkskepping.

Verbetering van hulpbronveerkragtigheid van die ekonomie: energieveerkragtigheid. Die werk wat onderneem word, is daarop gemik om die bemagtigende omgewing te verskaf vir hernubare energie om op groot skaal deur munisipaliteite, ondernemings en huishoudings in die Wes-Kaap geïmplementeer te word. Hierby ingesluit is die deblokkering van regulatoriese struikelblokke en die ontwikkeling van finansieringsbenaderings en -meganismes wat vir die implementering van hierdie projekte benodig sal word. Vir hierdie doel sluit hoëvlaklewerbares tot op hede die volgende in: die ontwikkeling en gebruik van 'n munisipale gereedheidsevalueringsinstrument om ses kandidaatmunisipaliteite te identifiseer waarvoor MvV's opgestel is, en die ontwikkeling van sakegevalle wat gedetailleerde tegniese, regulatoriese, finansiële en ander inligting verskaf wat benodig word om die seleksie van potensiële baanbrekersprojekte moontlik te maak.

Waterveerkragtigheid: Gedurende die verslagtydperk is die personeel wat die tegniese leiers rakende die waterveerkragtigheidswerk sou wees vir 'n groot deel van die boekjaar aan regulatoriese en werksplekveiligheidswerk met betrekking tot Covid-19 toegewys. Elemente van die werk, byvoorbeeld om met die waterintensiewe sektore saam te werk om hul waterveerkragtigheid te verbeter, is nietemin deur die watersektorhulpafdeling van GreenCape onderneem. Deur die ondersteuning van GreenCape en Wesgro is investering ten bedrae van ongeveer R11,6 miljard in die Wes-Kaapse groen ekonomie toegeken, wat sal lei tot die skep van 'n benaderde totaal van 970 werksgeleenthede in die Wes-Kaap. Hierdie beleggings was in kommersiële dakgemonteerde FV-sonkragstelsels, 'n kriptogedrewe wêreldwye portuur-tot-portuur-sonpaneelhuurplatform en wolkverwerkingsdatasentrums.

Verbeterde gemak van sake doen: Die Eenheid vir Romsloempvermindering het verskeie intervensies bestuur om regulatoriese las te verminder, sakeprosesse te verbeter, doeltreffende kommunikasie te verseker en/of sakeondersteuning (finansiële en niefinansiële) te verskaf om sakedoeltreffendheid en -effektiwiteit te verbeter.

Dit het innoverende leierskapsbydraes ingesluit om die gemak van sake doen as 'n sleutelfokusgebied in die hawe van Kaapstad te bewerkstellig. Hawe- en houerterminaalbedrywigheide is nasionale regeringsmandate wat binne die Departement van Openbare Ondernemings gesetel is. Diensvlakke wat in die hawe voorsien word, stem egter nie ooreen met die behoeftes van die maritieme vraghouerbedryf nie, wat verskeie oproepe om ingryping van invoerders, vrugteuitvoerders en vervoerders uitgelok het. Die diensvlaktekort het 'n struikelblok vir investering geword asook 'n beperking vir die groei van uitvoere in die Wes-Kaap. Dit is dus 'n fokusgebied vir die program oor die gemak van sake doen.

Spesifieke projekte sluit in die bevordering van belanghebbersamewerking om die doeltreffendheid van logistieke kettings te verbeter en die beklemtoning van 'n balans tussen gesondheids- en indiensnemingsoorwegings gedurende die inperkingstydperk.

Verbeterde finansiële bestuurtoesig: Met die huidige lae vlakke van vertroue ten opsigte van regeringsdiensverskaffing en die gebrekkige vermoë om hulpbronne verstandig te benut, is die mening van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) van uiterste belang. Die OGSA is 'n organisasie wat die taak het om regeringsdepartemente te evalueer en 'n mening uit te spreek of hul standaarde rakende finansiële bestuurtoesig in ooreenstemming is met die ideale wat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika uiteengesit word.

Deur 'n ongekwalifiseerde auditmening te verkry, kan afgelei word dat die OGSA seker is dat die nodige standaarde rakende finansiële bestuurtoesig bewerkstellig is en in ooreenstemming is met die waardes soos dit in die Grondwet uiteengesit word.

Die OGSA se menings en bevindinge word dus binne die Departement aangewend om die standaarde rakende bestuurtoesig verder te verbeter om die volgende moontlik te maak:

1. om versekering te verskaf aan eksterne strategiese vennote dat die Departement se finansiële prosedures en prosesse geloofwaardig is
2. om fondse op 'n oop, deursigtige en verstandige manier te bestuur

Dit stel die Departement dus in staat om bykomende strategiese vennote te werf om dienste aan landsburgers te lewer. Dit lei dus daartoe dat die Departement verbeterde dienslewering op groter doeltreffendheidsvlakke kan bekom, asook die gerusstelling dat die groter sakegemeenskap met die Departement kan saamwerk met die versekering dat hul finansiële hulpbronne met die grootste sorg en verantwoordelikheid bestuur sal word.

Funksionele M&E-stelsel vir die lewering van strategiese steun: As 'n sleutelmaatstaf om prestasie ten opsigte van uitkomstes te beoordeel, werk die M&E-eenheid daaraan om te verseker dat die Departement se "M&E-stelsel" aan M&E-beleid en -riglyne voldoen. Die verlangde teikens vir 2025 sluit dus die volgende in: jaarlikse skoon inligtingoudits rakende niefinansiële prestasie, departementele aanwysers waarvan die voldoening aan die Hersiene Beplanningsraamwerk geassesseer word, departementele uitkomstes wat gemonitor word, en middel- en eindtermyn-evalueringe.

Soos beoog, het ons die eerste van vyf beplande uitkomstemoniteringsverslae saamgestel met die 2020/21-navorsing wat daarop gefokus is om die Departement se vordering te assesser ten opsigte van sy beplande teiken vir die verbetering van die indiensneembaarheid van begunstigdes van sy befondsde vaardigheidsintervensies.

Terwyl die jaarlikse OG-oudit tans in volle swang is, is daar ook begin om met die DvdP se Direktoraat: Prosesontwerp saam te werk om hersiening te doen en 'n bygewerkte prosedurehandleiding te publiseer vir die manier waarop die M&E-eenheid en departementele programme die sakeprosesse vir prestasie-inligting en verslagdoening bestuur. Sedert die 2017-handleiding het interne prosesse volle wasdom bereik met digitale meganismes wat nou aangewend word vir die manier waarop eenhede die JPP-teikens bestuur en daaroor verslag doen. Met die afloop en uitvoering van die 2021-prosedures word daar beoog dat die Departement se konsekwente prestasie rakende skoon OG-oudits oor sy niefinansiële prestasie gehandhaaf kan word.

Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers: Die verslagtydperk het 'n afname ervaar in vergelyking met die vorige boekjaar ten opsigte van die getal klagtes wat ontvang en opgelos is. In 2019/20 is 3 000 klagtes ontvang in vergelyking met 1 428 klagtes wat gedurende 2020/21 ontvang is. Die afname kan toegeskryf word aan die uitbreek van die koronaviruspandemie wat daartoe gelei het dat die land in 'n staat van inperking geplaas is om die verspreiding van die virus te beheer. Van die 1 428 klagtes wat ontvang is, is 1 243 opgelos wat 'n besparing van R353 385,15 meegebring het. Dit behels 29% van die vyfjaarteikens wat gedurende die eerste jaar bereik is. Die lae besparings kon veroorsaak word deur beperkings op beweging wat daartoe gelei het dat minder landsburgers ons kantoor besoek het tesame met 'n afname in ekonomiese aktiwiteite. Die inperking het verder ook die prosesse vir alternatiewe geskilbeslegting beïnvloed waarvan die uitkomste besparings is wat verbruikers toeval. Met die oopstelling van die ekonomie en beperkings op beweging wat verslap is, het die program 'n bestendige toename ervaar ten opsigte van die getal klagtes wat ontvang en opgelos is. Dit het saamgeval met 'n toename in die verslapping van inperkingsregulasies. Die besparings het ook toegeneem tesame met die progressiewe verslapping van die inperkingsregulasies. Hierdie tendens bied die hoop dat die program die uitkomste-aanwyser van sy vyfjaarteikens sal bereik.

4. INSTITUSIONELE PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING

4.1 PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

Doel

Om sterk, innoverende leierskap te verskaf en om skoon, doeltreffende, koste-effektiewe, deursigtige en reaktiewe korporatiewe dienste aan die Departement te lewer.

Programstruktuur

Die program is soos volg gestruktureer:

- **Subprogram 1.1: Kantoor van die Departementshoof**
 - Om die departementele transversale administratiewe programme wat leierskap aan die Departement bied, te bestuur en te lei
 - Om 'n toesighoudingsfunksie van die hele Departement se mandaat en funksie effektief te handhaaf
- **Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur**
 - Om 'n doeltreffende funksie rakende finansiële bestuur te bied
 - Om die implementering van die WOFB en ander verwante finansiële regulasies en beleide te verseker
 - Om ondersteuning vir beplanning en begroting aan die Departement te verleen
 - Om voorsiening te maak vir die instandhouding van bates

• Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste

- Om 'n funksie rakende strategiese steun aan die Departement te voorsien
- Om die lewering van steundienste rakende IKT, mensekapitaal, korporatiewe gerusstelling, regsdiens en kommunikasie aan die Departement te verseker
- Om kommunikasiedienste aan die Departement te lewer
- Om departementele prestasie te monitor en te evalueer
- Om kennis- en inligtingstelsels/-rekords te ontwikkel en te bestuur en IKT te koördineer

Institusionele uitkomstes

Program 1 dra by tot die volgende institusionele uitkomstes ingevolge die Jaarlikse Prestasieplan van 2020/21:

- Verbeterde finansiële bestuurtoesig
- Funksionele “M&E-stelsel” wat strategiese steun aan die Departement verskaf

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde finansiële bestuurtoesig	Verwerking van betalings aan krediteure binne 30 dae	1.1 Getal dae vir die verwerking van betalings aan krediteure	Betaling aan krediteure binne 15,79 dae	Betaling aan krediteure binne 15,88 dae	Betaling aan krediteure binne 30 dae	Betaling aan krediteure binne 24 dae	-	-
	Kumulatiewe besteding as 'n persentasie van die begroting (werklike besteding/aan gesuiwerde begroting)	1.2 Persentasie kumulatiewe besteding behaal (werklike besteding/aangesuiwerde begroting)	98,95%	98% (R498 783 000)	98%	99,2%	0,8%	Die Departement het sy teiken oorskry weens sy beduidende pogings om besteding te bevorder. Die besteding het R530 711 miljoen beloop.
	Intervensies vir doeltreffendheid suksesvol geïmplementeer	1.3 Getal intervensies vir finansiële doeltreffendheid geïmplementeer	5	7	4	5	1	Om grondige bestuursprotokolle gedurende die Covid-19-tydperk te verseker, moes 'n bykomende finansiële doeltreffendheid geïmplementeer word.

Vervolg op volgende bladsy

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur								
Uitkomst	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
	Opleiding-sessies oor finansiële handleiding gehou	1.4 Getal opleiding-sessies oor finansiële handleiding gehou	19	12	12	13	1	Weens wetgewende veranderinge en die hersiening van prosesse is opleiding geprioritiseer.
	Kliëntediens-tevredenheid behaal	1.5 Persentasie kliëntediens-tevredenheid behaal	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	50%	0	(100%)	Die steundiens vir finansiële bestuur het verbeterings aan prosesse ingestel om voortgesette en virtuele dienste te verseker. Dit is as onprakties geag om die kliëntervaring te assesser terwyl dit in 'n oorgangsfase is.
	Interne ouditaan-bevelings geïmplementeer	1.6 Persentasie interne ouditaan-bevelings geïmplementeer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	80%	75%	(5%)	Die gedeeltelike prestasie vir die implementering van interne ouditaanbevelings is toegeskryf aan 'n verandering in senior bestuur binne die vaardigheids-ontwikkelings-gebied. Dit het gelei tot die verlenging van die oorspronklike sperdatums vir die implementering van interne ouditaan-bevelings. Dit is ook toegeskryf aan die vertraging in die implementering van M&E SWP's wat begin, maar nie afgehandel is teen die ooreengekome sperdatum nie.
	Eksterne ouditaan-bevelings geïmplementeer	1.7 Persentasie eksterne ouditaan-bevelings geïmplementeer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	100%	100%	-	-

Subprogramprestasies

Finansiële Bestuur

Die oorsigjaar was nie 'n maklike een vir finansiële bestuur nie, aangesien dit talle uitdagings en afwykings van die norm gebied het. Dit was 'n jaar wat talle veranderings genoodsaak het, waaronder dit nodig was om van die huis af te werk en sosiale afstand te handhaaf. Hierdie uitdagings is moeilik in enige werksomgewing wat staatmaak op die formalisering van prosedures en prosesse en waar daar 'n behoefte is om te verseker dat standaarde vir bestuurstoetsing altyd versterk en verbeter word. Ongeag die uitdagings is nuwe prosedures en innoverende oplossings egter altyd ingestel om te verseker dat ons landsburgers voordeel trek uit wat ons Departement bied.

Finansiële bestuur binne enige van die departemente van die openbare sektor speel 'n essensiële rol in die lewering van dienste aan die mense van die provinsie. Binne die Departement word finansiële bestuur deurgaans gelei deur die behoefte om te verseker dat alles op dieselfde manier en standaard gedoen word asof die diens op onself gerig is. In hierdie verband was 'n sleutelprestasie die bereiking van 'n bestedingsvlak van 99,2% binne die Departement. Dit is behaal ten spyte van die verskillende uitdagings wat die Departement moes hanteer rakende die Covid-19-pandemie. Hierdie prestasie is uiters belangrik vir die Departement, aangesien dit bewys lewer dat werk steeds op 'n hoë vlak gedurende die moeilike tye van die inperking geproduseer is.

Namate die koronaviruskrisis (Covid-19) ontwikkel het, het die Eenheid vir Voorsieningskanaalbestuur (VKB) doeltreffendheidsverbeteringsinisiatiewe geïdentifiseer vir prioriteitsimplementering om verbeterde dienslewering te ondersteun en potensiele bedrog en korrupte praktyke te bekamp. Kontrolelyste wat deur projekbestuurders voltooi moet word, is vir alle sakeprosesse ontwikkel om foute uit te skakel en konsekwentheid en volledigheid te verseker. Die template is ook hersien. Die template en kontrolelyste word met elektroniese (Adobe) handtekeninge onderteken en per e-pos versend om vir goedkeuring geëvalueer te word. Daarbenewens is alle departementele bodspesifikasies en bodbeoordelingskomiteevergaderings aanlyn gehou sedert die uitbreek van Covid-19. Die koronavirus het die Departement voor ongekende uitdagings gestel om nie net die gesondheid van sy werknemers te verseker nie, maar ook die kontinuïteit van dienslewering.

Dit is bekend dat die vertragings in betaling aan verskaffers verreikende implikasies het wat die regering se inisiatief verydel om opkomende entrepreneurs te bemagtig en die kleinsakesektor kan lamlê. Verder het die Covid-19-pandemie die behoefte verskerp om te verseker dat veral klein ondernemings betyds betaal word. Finansiële bestuur sal dus om hierdie rede voortdurend daarna strew om die omkeertyd van minder as 30 dae vir die betaling van goedere en dienste te behaal. Aangesien behoorlike stelsels en monitering in werking is, word betalings aan begunstigdes gemiddeld binne 24 dae verwerk vanaf die datum van ontvangs van die faktuur tot die betaaldatum in die begunstigde se bankrekening. Finansiële bestuur speel 'n sleutelrol in die departementele bestuurstoetsingkomitee wat die rekenpligtige beampte ondersteun en senior amptenare wat hul verantwoordelikhede rakende bestuurstoetsing nakom. Hierdie jaar het aansienlike verandering, onsekerheid, aanpasbaarheid en meer meegebring, wat alles nie ongesiens by die lede van die bestuurstoetsingkomitee verbygegaan het nie. Hierdie veranderinge het ontwrigting meegebring en daarom het finansiële bestuur ter ondersteuning van die komitee die professionele spreker me. Zanele Njapha se dienste bespreek. Sy spesialiseer in die “kultuur van verandering” wat, gegewe die omstandighede, goed ontvang is deur alle lede en 'n groot sukses was.

Nog 'n groot sukses was die vinnige reaksie rakende die behoefte van die programme vir die implementering van sleutelprojekte. Hierdie projekte was daarop gemik om ondernemings te ondersteun wat direk deur die impak van die pandemie geraak is. Al hierdie projekte was nuut vir die Departement en aangepas vir 'n spesifieke behoefte.

Soos met alle nuwe projekte en prosesse is die bestuurstoesigvereistes uiters belangrik. Daar was talle berigte in die nuus oor onreëlmatige uitgawes, bedrog en die wanbesteding van fondse, en dus moes ons seker maak dat ons bestuurstoesigvereistes onaanvegbaar is en in rekordtyd geïmplementeer word. Ons het daarin geslaag om effektief saam te werk aan 'n aantal projekte wat sodoende verseker het dat ondernemings ondersteun word soos beoog, prosesse goed beheer word en dat dit binne 'n uitsonderlike omkeertyd plaasvind.

Binne die openbare sektor vorm wetgewing 'n essensiële deel van die daaglikse bestuur van enige departement. Die Nasionale Tesourie, Provinsiale Tesourie en ander instellings sal wetgewing uitvaardig wat nagekom moet word. Wetgewing rakende finansiële bestuur is nog altyd vooropgestel en ons het die laaste paar jaar volle implementering daarvan verseker soos blyk uit die ongekwalifiseerde ouditverslae. Gedurende hierdie boekjaar was daar 'n aansienlike toename in wetgewende vereistes wat onmiddellike optrede vereis het. Ons het toe begin om die wetgewingsdatabasis te verfyn om te verseker dat alle inligting bygehou word, maklik toeganklik is, en prosesse geïmplementeer en aan almal gekommunikeer word. Die verfynings is aan die ouditkomitee voorgelê wat die Departement geloof het vir die verbeterings en aanbeveel het dat dit met ander departemente gedeel word.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Gedurende die Covid-19-periode het die steundiens vir finansiële bestuur verbeterings aan prosesse ingestel om voortgesette en virtuele dienste te verseker. Dit is as onprakties geag om 'n kliëntetevredenheidsoormeting te hou terwyl dit in 'n oorgangsfase is. Om te verseker dat die teiken in die toekoms bereik word, is die verantwoordelikheid om kliëntetevredenheid te evalueer aan elke funksionele area binne finansiële bestuur toegewys.

Die Eenheid vir Interne Beheer werk nou saam met interne oudit om te verseker dat aanbevelings binne die gespesifiseerde tydraamwerke geïmplementeer word. Die Eenheid vir Interne Beheer, in samewerking met interne oudit, verseker dat aksieplanne op 'n gereelde grondslag aan alle betrokke amptenare gestuur word. Waar nodig word amptenare met die implementering van aanbevelings bygestaan. Waar dit prakties gesproke nie moontlik is om 'n aanbeveling na gelang van eksterne faktore te implementeer nie, sal die gespesifiseerde sperdatums of aksies hersien word.

Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste

Departementele prestasiemonitering

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Departementele prestasiemonitering								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Funksionele M&E-stelsel verskaf strategiese steun aan die Departement	Uitkomstes gemonitor	1.8 Getal uitkomste-moniterings-verslae geproduseer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1	1	-	-
	Inligingstelsel vir niefinansiële prestasie-bestuur	1.9 Getal datavaliderings-verslae geproduseer	4	4	4	4	-	-
	M&E-kapasiteits-bousessies gehou	1.10 Getal M&E-kapasiteits-bousessies gehou	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	4	2	Belangstelling van departementele eenhede rakende die "resultate vs. Voldoenings-monitering"-kapasiteitsessies was groter as wat verwag is en dui op 'n behoefte aan praktiese kennis oor belangrike M&E-konsepte onder departementele bestuur.

Subprogramprestasies

Monitering en Evaluering

As 'n verpligte regeringsbestuursfunksie word die komponent vir monitering en evaluering (M&E) gerig deur die gewenste vyfjaarresultaat vir 'n funksionele M&E-stelsel, wat strategiese steun aan ons uitvoerende bestuur, bestuurders en eksterne belanghebbers lewer. Sleutelkomponente ten opsigte waarvan ons lewer, sluit die volgende in: die bestuur van die Departement se niefinansiële prestasie-inligting en verslagdoeningstelsels, aanwyserontwikkeling, ontleding van projekprestasiedata, uitset- en uitkomstemoniteringsverslae, kapasiteitsbou rakende M&E-konsepte en -praktyke onder personeel, en die lewering van kumulatiewe prestasiesyfers vir die middel- en eindtermyn se vyfjaar- institusionele oorsigte.

Behoeftes aan M&E-kapasiteitsbousessies

Die ontwikkeling van die vermoë van staatsamptenare om M&E-konsepte en -instrumente te begryp en te benut met betrekking tot die monitering van die resultate van projekte is 'n belangrike nasionale uitset (DBME, 2020). In hierdie eerste jaar van die huidige vyfjaarleweringssiklus is sessies onder interne personeel wat projekte implementeer, geprioritiseer met temas wat die skakel tussen institusionele verslagdoening (KPV) en projekspesifieke monitering insluit. Interne aanvraag na hierdie tematiese sessies het ons verwagtinge oortref en het daartoe gelei dat die uitset van twee beplande kapasiteitsbousessies oorpresteer het. Uit hierdie geleentheid is nuwe sakebehoefes geïdentifiseer en in die toekoms sal sessies ontwerp en aangebied word rakende die tipes monitering, teorie van verandering of logikamodelle en evaluering.

Departement se vorderingsverslae oor Covid-19 aan DBME

Met die DBME-vereiste vir staatsdepartemente om verslag te doen oor onderskeie Covid-19-projekte wat geïmplementeer is, is M&E getaak om die Departement se voorlegging van kwartaallikse vorderingsverslae te bestuur. Die DEOT het altesaam 10 Covid-19-projekte ondersteun (verwys na tabel 4.8 op bladsy 121). Inisiatiewe soos 'n Covid-19-sakeimpakpeiling, Covid-19-sakevoldoeningsmonitering, toetsing by lughawens, ingebruikneming van digitale meganismes deur ondernemings en sakehulpfondse is 'n paar voorbeelde van die spesifieke Covid-19-projekte wat geïmplementeer is.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Program 1: Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met gemeenskaplike funksies

Nie van toepassing nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Gedurende die 2020/21-boekjaar is 'n finansiële hulpbronbegroting van R62,744 miljoen aan Program 1: Administrasie toegewys. Hiervan is R43,939 miljoen aan vergoeding van werknemers, R11,353 miljoen aan goedere en dienste, en R7,388 miljoen aan betalings vir kapitaalbates toegewys. Gedurende die boekjaar is 99,89% van die toegewese begroting bestee. Die primêre drywers vir hierdie besteding was die vergoeding van werknemers ten bedrae van R43,926 miljoen en goedere en dienste ten bedrae van R11,305 miljoen. Ander belangrike besteding is aan ouditkoste ten bedrae van R2,555 miljoen toegewys, asook aan die vervanging van departementele rekenaars en toerusting wat buite waarborg is (R5,812 miljoen).

Subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Kantoor van die DH	11 387	11 387	9	8 853	7 464	1 389
Finansiële Bestuur	37 450	37 413	37	35 832	34 829	1 003
Korporatiewe Dienste	13 907	13 887	20	14 792	14 621	171
Totaal	62 744	62 678	66	59 477	56 914	2 563

42 PROGRAM 2: GEÏNTEGREERDE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSDIENSTE

Doel

Om 'n bemagtigende sakeomgewing vir die skep van geleenthede vir groei en indiensneming te bevorder en te steun.

Programstruktuur

Die program is soos volg gestruktureer:

- **Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling**

Om by te dra tot die skep van 'n bemagtigende sakeomgewing wat klein sakeondernemings en entrepreneurs bemagtig om te ontwikkel en te groei.

- **Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling**

Om geleenthede te skep vir werk en inklusiewe groei oor distrikte en plaaslike ekonomieë heen.

- **Subprogram 2.3: Ekonomiese Bemagtiging**

Om die proses van bemagtiging en skep van 'n bemagtigende sakeomgewing vir VBI's te fasiliteer.

Hierdie subprogram is in subprogram 2.1 opgeneem.

- **Subprogram 2.4: Rompslompvermindering**

Om die sakeomgewing te verbeter deur die regulatoriese las op ondernemings te verminder deur middel van verbeterde wetgewing, prosesse en kommunikasie.

- **Subprogram 2.5: Bestuur: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste**

Om die algehele bestuur en administratiewe ondersteuning van die program te onderneem.

Institusionele uitkomstes

Program 2 dra by tot die volgende institusionele uitkomste ingevolge die Jaarlikse Prestasieplan van 2020/21:

- Verbeterde gemak van sake doen

Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde gemak van sake doen	Ondernemings bygestaan deur entrepreneurskap-bevordering en/of sakesteun-intervensies	2.1 Getal ondernemings bygestaan	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	200	220	20	Die jaarlikse teiken is behaal en oorpresteer weens bykomende begroting wat ontvang is.

Subprogramprestasies

Die werkzaamhede van die Eenheid is aansienlik beïnvloed deur Covid-19, wat daartoe gelei het dat die meeste van sy projekte aangepas is om KMMO's te ondersteun rakende die negatiewe gevolge van die pandemie. Hierdie intervensies het die Eenheid in staat gestel om te reageer op sy dienslewingsomgewing en onder andere ondernemings wat deur vroue, jeugdige en mense met gestremdhede besit word, te ondersteun. Die intervensies het bygedra tot die volhoubaarheid van die ondernemings wat tydens die Covid-19-pandemie ondersteun is.

Die Departement het sy ondersteuning voortgesit van die 17 organisasies wat voordeel getrek het uit die KMMO-aansporingsfonds wat in 2019 van stapel gestuur is. Die inisiatief was daarop gemik om projekte en intervensies wat op die ontwikkeling van KMMO's fokus, te verbeter en uit te brei. Die organisasies wat steun van die KMMO-aansporingsfonds ontvang het, het gesamentlik 397 ondernemings oral in die Wes-Kaap ondersteun. Die tipe ondersteuning het gewissel van entrepreneursopleiding, tegniese opleiding, mentorskap, afrigting en die verskaffing van toerusting tot finansiering en handelsruimtes. Tot op hede het vier organisasies (Kaap Agulhas-munisipaliteit, Innovator Trust, SAEP en True North) hul projekte voltooi. Die projek het die voltooiing van twee splinternuwe handelspersele in die Kaap Agulhas- en Laingsburg-munisipaliteite behels. Die handelsperseel is nou die tuiste van 10 ondernemings wat voor hierdie intervensie geen toegang tot formele sakepersele gehad het nie.

Die Departement het, in samewerking met Pick n Pay, finansiële hulp aan entrepreneurs verleen om persele te verbeter en op te knap, om uiteindelik 'n winkel te skep wat 'n wêreldklasinkopie-ervaring in die township bied. In Augustus 2020 het hierdie intervensie gelei tot die opening van die Nabe Market en Thembi's Market Store, beide geleë in Langa. Gedurende Februarie 2021 het die Luzukile Market sy deure in Delft geopen. 'n Vierde winkel, Wabo Market, is in Maart 2021 in Chicago, Paarl-Oos, geopen en die vier winkels het gesamentlik 91 werksgeleenthede geskep.

Gedurende 2020, met die aanvang van die Covid-19-pandemie en die gevolglike aankondigings van 'n nasionale staat van inperking, is baie KMMO's veral negatief geraak. Hierdie ondernemings het 'n afname in omset en in baie gevalle werksverliese ervaar. In reaksie hierop het die Departement sy Covid-19-sakehulpfonds van stapel gestuur. Die fonds het hulpbefondsing aan formele en informele ondernemings in die vorm van toelaes verskaf om die ekonomiese impak weens Covid-19 op KMMO's te verlig. Die fonds het 249 ondernemings ondersteun en deur hierdie intervensie is 2 111 werksgeleenthede behou. Die totale belegging het R38 542 724,38 beloop, wat hierdie ondernemings in staat gestel het om die uitdagings in verband met Covid-19 rakende hul werkzaamhede beter te hanteer en volhoubaar te bly.

Die Wes-Kaapse Erkenningstoekenning vir Entrepreneurskap (WCERA) bied 'n platform ter ondersteuning van en erkenning aan die provinsie se mees verdienstelike en inspirerende entrepreneurs wat groot potensiaal toon. Die projek bied 'n platform vir ondernemings om openbare erkenning en blootstelling (bv. sosiale media) vir sake-eienaars te verkry en om hulle met die vereiste sakeontwikkelingsteun in verbinding te bring; entrepreneursuitnemendheid te beklemtoon; ondernemingsveerkragtigheid en -innovering; en die ondersteuning en stimulering van 'n kultuur van entrepreneurskap. WCERA 2020 is as 'n hibriede geleentheid geïmplementeer en het borgskappe ter waarde van ongeveer R1 158 000,00 gelok, wat die 12 finaliste direk bevoordeel het. Die sakeontwikkelingsteun wat aan die finaliste verskaf word, sluit onder meer die volgende in: regsadvies, opleiding en die ontwikkeling van hul bedryfsdoeltreffendheid.

Die Covid-19-verskafferontwikkelingsprogram het steun gebied aan mikro- en klein ondernemings wat lapmaskers, handreinigers, pomphouers vir handreiniger (bv. voetpomphouers) vervaardig en dié wat ontsmettingsdienste verskaf, om hul kapasiteit en vermoë te verhoog. Die befondsing het ondernemings ondersteun rakende bedryfskapitaal en die aankoop van toerusting.

Die projek het 11 klein en mikro-ondernemings in geïdentifiseerde Covid-19-brandpuntgebiede en townships ondersteun. Die projek het 71 werksgeleenthede tussen die 11 ondernemings gesteun.

Die Departement het saamgewerk met die Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (EOV) se Ekonomiese Herstelprojek vir Gemeenskappe wat plaaslike spazawinkels in kwesbare gemeenskappe ondersteun in die brandpuntgebiede wat deur die Covid-19-pandemie geraak is. Die meganisme hiervoor is die verskaffing van digitale koopbewyse vir gemeenskapskombuise, wat dan die koopbewyse by hul plaaslike spazawinkels gebruik om plaaslike ekonomieë te stimuleer en te steun. Die projek het tot dusver 122 spazawinkels in brandpuntgebiede ondersteun waar 251 kombuise 3 203 koopbewyse by hul geïdentifiseerde spazawinkel gebruik het.

Die besigheidsinkubatorversnellerprogram het die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap (KSOA) van befondsing voorsien om vyf van sy reeds bestaande besigheidsinkubators met bedryfskoste te ondersteun. Elke inkubatorbegunstigde (wat ongeveer 20 ondernemings elk onderhou) het toelaefinansiering van R1 miljoen ontvang vir die uitbreiding van huidige aanbiedinge in die vorm van, onder andere, opleiding en ontwikkeling, aankoop van toerusting en/of opknapping van huidige infrastruktuur. Die program het vyf inkubators oor die provinsie heen geteiken met drie inkubators wat in townshipgebiede geleë is, insluitende Kraaifontein, Nyanga en Thembaletu. Die oorblywende twee is in Vredenburg en Lakeside by die TBOO-kolleges, Sentrum vir Entrepreneurskap. Die projek het bygedra tot die totstandkoming van ondernemingskoderingslaboratoriums, snelprototiperingsentrums, opleidingsfasiliteite vir ontwerpdenke, 'n meubelontwerpateljee en hommeltuigversnellers.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde gemak van sake doen	Munisipale gemak van sake doen -intervensies gesteun	2.2 Getal munisipale gemak van sake doen -intervensies gesteun	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	6	6	-	-

Subprogramprestasies

Die Departement het die afgelope jaar die geteikende inisiatiewe rakende die gemak van sake doen binne die munisipale omgewing gelewer. Dit is gedoen deur te verseker dat die inisiatiewe wat geïmplementeer is, reageer op die impak van die Covid-19-pandemie deur die verspreiding van die virus en die negatiewe impak daarvan op ekonomiese aktiwiteite in munisipaliteite te vertraag.

Munisipale intervensies was daarop gemik om ekonomiese herstel te bevorder en om met die identifisering van waar die grootste behoefte is te begin, is Wes-Kaapse ondernemings betrek. Met die aankondiging van 'n nasionale ramptoeestand op 15 Maart 2020 en die dreigende staat van inperking op 27 Maart 2020, het die Departement die behoefte geïdentifiseer om die impak van Covid-19 op Wes-Kaapse ondernemings beter te begryp en om te bepaal hoe die regering ondernemings vir 'n beplande herstel die beste kan ondersteun.

Die peiling, wat binne die eerste vyf dae van die inperkingstydperk ontwikkel is, is aan ondernemings van alle groottes oral in die metro en distrikte uitgestuur. Binne 10 dae is meer as 2 000 response van oor die provinsie heen ontvang en die peiling is gesluit met 2 202 respondente wat deelgeneem het. Hierdie ondernemings was deel van die netwerke wat inligting oor Covid-19-sakeondersteuningsinisiatiewe ontvang het.

Die Departement het 11 000 veiligheidstelle vir ondernemings ontwikkel en versprei om KMMO's in al 30 munisipaliteite in staat te stel om sake veilig voort te sit; 6 344 veiligheidstelle is in die metro versprei en 4 656 oral in die vyf distrikte. Ter kennisname het 2 656 ondernemings in besit van vroue, 854 ondernemings in jeugbesit en 60 ondernemings in besit van gestremdes, waarvan die ondernemings in registers aangeteken is, by hierdie inisiatief gebaat.

Die Departement het 'n Sakekamerondersteuningsprogram geïmplementeer wat vyf plaaslike sakekamers bygestaan het om hul werksaamhede tydens Covid-19 voort te sit vir die ondersteuning van ondernemings, beide formeel en informeel, oor 'n wye reeks sektore heen. Ondersteuning is verskaf aan sakekamers wat in die metro en distrikte aktief is, wat weer 'n KMMO-lidmaatskapbasis van 6 396 KMMO's ondersteun.

Om dit makliker te maak vir ondernemings op die pad na herstel, het die Departement intervensies geïnisieer wat ondersteuning aan die munisipaliteite verskaf om plaaslike ondernemings te help om sake voort te sit. Die munisipale koördineringsprojek het ondersteuning aan elke distrik verskaf rakende die ontwikkeling van hul plaaslike ekonomiese herstelplanne wat beoog om sakeveerkragtigheid te bou en werkseleenthede te skep. Hierdie planne is ontwikkel en suksesvol by die nasionale regering ter tafel gelê soos voorgeskryf. Die Departement het digitale mediums ingestel en distriks- ekonomiese klusters geoperasionaliseer om te verseker dat platforms vir skakeling, inligtingdeling, ondersteuning en leiding in elke streek bewerkstellig is. Hierdie forums het die bestuur van brandpuntgebiede en sakekontinuiteitsbeplanning gefasiliteer.

Die Departement was responsief rakende navrae op plaaslike vlak vanaf verskillende bronne, naamlik om duidelikheid te verskaf oor die verkoop van noodsaaklike goedere en dienste, bedryfsure, reis en beweging, toegang tot noodsaaklike dienste, ens. Dit het die SAPD en munisipaliteite betrek om te verseker dat voorwaardes op plaaslike vlak (soos handelstye) deur die verantwoordelike owerhede en wetstoepassing begryp is en/of daarvoor ooreengekom het. Dit het ook die nasionale regering voorsien van plaaslike munisipale databasisse van informele handelaars en spazawinkels wat die toewysing gesteun het van hardewarewinkels en groothandelaars wat gekoöpteer is om aan nasionale programme deel te neem ter ondersteuning van informele ondernemings en KMMO's. Hierdie projek het gefokus op die versterking van die munisipale koppelvlak met die nasionale en provinsiale regering en die implementering van ondersteuning deur middel van 'n gesamentlike distriksbenadering.

Laastens het die Departement 'n KMMO-ondersteuningsekosisteemprojek op munisipale vlak geïmplementeer om die ondersteuning vir KMMO's deur rolspelers en belanghebbers in distrikte te identifiseer, te vestig en te versterk. Die bedoeling was om 'n gekoppelde waardeketting van ondersteuning te skep wat plaaslike ondernemings kon aktiveer. Die 2020-projek het munisipale en geselekteerde provinsiale steundienste gekarteer om 'n profiel in elke streek te skep; 'n verdere uiteensetting word beplan om nasionale departemente en agentskappe wat aktief steun bied te identifiseer. Distriekosisteme word ontwikkel om samewerking tussen die regering en die privaat sektor te verseker vir die ontwikkeling van 'n verbeterde bemagtigende omgewing vir ondernemings in munisipaliteite.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 2.4: Rompslompvermindering

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 2.4: Rompslompvermindering								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde gemak van sake doen	Intervensies vir die gemak van sake doen gesteun	2.3 Getal intervensies vir die gemak van sake doen gesteun	15	7	6	6	-	-

Subprogramprestasies

Tydens die voortslepende Covid-19-pandemie moes die subprogram herposisioneer om te fokus op die hantering van ondernemings se onmiddellike behoeftes. Ondernemings rakende vroeëkindertontwikkeling (VKO) is geïdentifiseer as 'n uiters belangrike stel mikro-ondernemings in die Wes-Kaapse ekonomie en speel 'n belangrike en onvervangbare rol, nie net op maatskaplike en opvoedkundige gebied nie, maar ook in die mate wat hulle werkskepping en groei ondersteun. VKO-ondernemings genereer 'n dubbele ekonomiese voordeel, naamlik (a) die skep en steun van werksgeleenthede, terwyl (b) dit ondersteuning bied aan werksoekers, benadeeldes, en ouers wat andersins 'n potensiele werksgeleentheid sou moes afwys weens kindersorgverantwoordelikhede. In reaksie hierop het die Departement twee projekte onderneem om die sektor by te staan. Eerstens het die Eenheid 250 VKO-ondernemings bygestaan met PBT-hulpmiddels wat die ondernemings in staat gestel het om te voldoen aan die minimum standaarde van gesondheid en veiligheid, soos uiteengesit in die Covid-19-regulasies ten opsigte van die heropening van ondernemings, ten einde die verspreiding van die virus te beperk en lewens te red. Dit het hulle ook in staat gestel om te heropen en personeel toe te laat om terug te keer werk toe ná maande sonder 'n inkomste. Die Eenheid staan ook 48 VKO-ondernemings by om voldoeningsvereistes na te kom, soos vereis deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, om ten volle of voorwaardelik geregistreer te word. Hierdie projekte het die ondernemings in besit van die mees kwesbare lede van die samelewing, naamlik swart vroue, direk bygestaan.

Die Covid-19-pandemie het verskeie regulasies op 'n gereelde basis vir Suid-Afrika ingestel namate die rampbestuurwaarskuingsvlakke vir die inperking verander het. Die Eenheid moes hulself vinnig vergewis van elke nuwe regulasie soos dit uitgereik is, aangesien landsburgers en ondernemings die rompslomsakehulplyn gekontak het om inligting en advies te bekom oor die regulasies; 212 gevalle rakende regulatoriese interpretering is deur die Eenheid hanteer. Die Eenheid het verder verskeie V&A's oor die verskillende regulasies sowel as regsadvies saamgestel. Gevalle rakende die regulasies het voorkeur geniet, gegewe die aard en belangrikheid daarvan in die krisistyd. Hierbenewens het die Eenheid bystand verleen met 1 338 gevalle met 'n oplossingskoers van 90%.

In Mei 2020 het die Eenheid 'n toename gemerk in gevalle rakende vertragings met die betalings van die Covid-19-tydelike werkgewer-werknemer-verligtingskema (TERS) deur die WVF. Die Eenheid het 'n projek geloods om direk met die WVF te skakel om betalings van WVF-TERS-aansoeke deur werknemers en ondernemings te fasiliteer. Dit was spesifiek vir werknemers en ondernemings wat die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleentheid se kantoor, die DH van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, en die Eenheid gekontak het vir bystand met hul WVF-TERS-eise.

Oor die algemeen is hierdie voordele voorsien om die ekonomiese impak van die nasionale ramp te verlig deur werkgewers te help om hul werknemers te betaal tydens die sluiting van hul ondernemings. Die Eenheid het met nasionale WVF-amptenare, die nasionale kantoor van die Ministerie van Arbeid en die WVF-kommissaris geskakel om die vrystelling van betalings te fasiliteer. Die Eenheid het altesaam 8 576 werknemers en 180 maatskappye bygestaan, wat 'n gemiddelde uitbetalingstotaal van R43 866 240 in die geheel behels het.

Weens die inperking het die Aktekantoor talle struikelblokke ervaar (d.w.s. werk op 'n rotasiebasis, personeel wat nie terugkeer nie, en die kantoor wat gereeld sluit wanneer daar 'n Covid-19-geval vermoed word), wat gelei het tot 'n groot agterstand in eiendomregistrasies. As gevolg van die voortdurende sluiting van die Aktekantoor is honderde transaksies en duisende mense geraak. Die RTRU het verskeie voorstelle aan die Aktekantoor gemaak om die agterstand uit te skakel. 'n Beduidende vermindering in die agterstand was duidelik ná die RTRU se ingryping.

As deel van die doelwit om dit makliker te maak om sake te doen, het die RTRU die eenstopgrensposbeleid (OSBP) geëvalueer en aanbevelings by die DoHA gemaak wat sal help met die bou van die nodige infrastruktuur as voorwaardes vir 'n effektiewe en doeltreffende oorgang na die OSBP, wat handelstoestande sal verbeter en die gemak van sake doen vir padvervoeroperateurs, versenders en doeaneebeamptes sal fasiliteer.

Die RTRU het sommige van sy intervensies rakende die konstruksiebedryf voortgesit. Dit het die veragting met die registrasie van bouers en die registrasie van bouprojekte ingesluit. Die Eenheid het die digitalisering van sakegerigte prosesse aan die NHBRC voorgestel aangesien die handmatige prosesse omslagtig en frustrerend is. Hierbenewens het die RTRU, in vennootskap met Erfenis Wes-Kaap (EWK), 'n projek onderneem om die uitdagings rakende die doeltreffende implementering en administrasie van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) (WNEH) te identifiseer ten einde 'n balans te vind tussen die bewaring van erfenishulpbronne en die sensitiewe ontwikkeling daarvan. Die uitkoms van hierdie projek is om EWK in staat te stel om die WNEH te implementeer terwyl hulle hul administratiewe las en die algehele koste vir ondernemings in die geaffekteerde sektore verminder.

Die intervensies gemik op die verbetering van werksaamhede by die Kaapstad-hawe is voortgesit. Die RTRU het die ontwikkeling van 'n hulpmiddel vir besluitondersteuning gesteun om, onder andere, bystand te verleen rakende die doeltreffendheid van hawelogistiek in die varsproduktesektor en om verbeterings rakende die gemak van sake doen in die Wes-Kaap te ondersteun. Meer spesifiek kan die ontwerpte hulpmiddel onder meer die aflewering van vrugte vir uitvoer in verkoelde houers optimaliseer, help met die roetering van vervoerders om die vorming van knelpunte in die terminaal te minimaliseer, en opeenhopings uitwys sodat belanghebbers soos uitvoerders intelligente besluite kan neem of hulle 'n besending moet stuur, terughou of verlê om staantyd te vermy.

Die tweede intervensie op die gebied van hawedoeltreffendheid, Hawe 2, was om die sinchronisering van werksure en prosesse tussen agentskappe in die hawelogistieketting te verbeter en laastens om vragmotoropeenhoping/-bewegings te verbeter. Hierdie ondersoek het die volgende behels: insigte in vragmotoropeenhopings en die grondoorsake daarvan, kartering van die logistieketting, kwantifisering van die koste van wagtye, en laastens die voorgestelde verbeterings daarvan wat tans vir implementering beoog word. Beide intervensies, hoewel dit dalk nie 'n uitset is nie, sluit aan by die subprogram se uitkoms rakende die ondersteuning van die gemak van sake doen in die provinsie. Hierbenewens word die DEOT se strategiese doelwitte om die gemak van sake doen te versnel (prioriteit 4) en om 'n toename in uitvoere te bevorder (prioriteit 2) ook onder die loep geneem.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

'n Bedrag van R89,377 miljoen is gedurende die 2020/21-boekjaar vir die program bewillig, waarvan die werklike besteding R89,355 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig 'n werklike besteding van 99,9% van die program se totale begroting. 'n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R19,334 miljoen of 21,64% van die totale besteding beloop.
- Goedere en dienste het R6,568 miljoen of 7,35% van die totale besteding beloop.
- Oordragte en subsidies het R63,416 miljoen of 70,97% van die totale besteding beloop.
- Betaling vir finansiële bates het R37 000 of 0,04% van die totale besteding beloop.

Subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Ondernemings ontwikkeling	65 429	65 423	6	45 172	44 995	177
Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling	11 261	11 251	10	10 983	10 979	4
Rompslomp-vermindering	12 687	12 681	6	10 885	10 297	588
Totaal	89 377	89 355	22	67 040	66 271	769

43 PROGRAM 3: HANDEL- EN SEKTORONTWIKKELING

Doel

Om ekonomiese groei in geteikende sektore deur middel van bedryfsontwikkeling, handel en beleggingsbevordering te stimuleer.

Programstruktuur

Die program is soos volg gestruktureer:

• Subprogram 3.1: Handel- en Beleggingsbevordering

Om in die uitvoering van sy mandaat hulpbronne aan die openbare entiteit vir toerisme, handel en beleggings te voorsien, soos omskryf in die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig.

• Subprogram 3.2: Sektorontwikkeling

Om ekonomiese groei in handelsektore te stimuleer deur tasbare programme, bedryfsondersteuningsmaatreëls en die implementering van planne en strategieë wat sal lei tot ekonomiese groei en werkskepping deur 'n toename in uitvoeraktiwiteite en beleggings in geprioritiseerde sektore van die Wes-Kaapse ekonomie.

Institusionele uitkomstes

Program 3 dra by tot die volgende institusionele uitkomstes ingevolge die Jaarlikse Prestasieplan van 2020/21:

- Toename in uitvoere
- Verhoogde randwaarde van investering

Subprogram 3.1: Handel- en Beleggingsbevordering

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.1: Handel- en Beleggingsbevordering								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Toename in uitvoere	Toesighouding oor Wesgro-handels-bevordering	3.1 Getal handels-bevordering-toesigverslae saamgestel	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	-	-
Toename in randwaarde van beleggings	Toesighouding oor Wesgro-beleggings-bevordering	3.2 Getal beleggings-bevordering-toesigverslae saamgestel	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	-	-

Subprogramprestasies

Die Departement verskaf bedryfsbefondsing aan Wesgro vir die doel van handel- en beleggingsbevorderingsaktiwiteite deur middel van 'n oordragbetalingsooreenkoms. Die Departement vervul sy toesighoudende rol ten opsigte van die entiteit deur middel van die hersiening van Wesgro se sakeplan, die skedulering van maandelikse projekvergaderings tussen die DEOT- en Wesgro-span, en die kwartaallike hersiening van Wesgro se prestasie- en bestedingsoorsig.

Gedurende die 2020/21-boekjaar het Wesgro 'n geraamde ekonomiese impak van meer as R9,6 miljard behaal en meer as 2 500 werksgeleenthede geskep. Altesaam 17 beleggingsprojekte met 'n geraamde beleggingswaarde van meer as R4,37 miljard is deur Wesgro gefasiliteer, wat tot die skep van 1 830 werksgeleenthede gelei het. Wesgro het voortgegaan om te fokus op die ontwikkeling van 'n robuuste projekpylyn en het 'n geteikende, datagedrewe benadering tot beleggingsbevordering aangeneem. Deur middel van toenemende pogings om globale uitvoere te bevorder en die fasilitering van uitwaartse buitelandse direkte investering (UBDI) het Wesgro goed gevaar gedurende die verslagtydperk. Altesaam 66 handelsbevorderingsakeooreenkomste is onderteken, met 'n geraamde ekonomiese impak van R4,6 miljard, wat gelei het tot 357 werksgeleenthede. Hierbenewens is sewe UBDI-projekte ter waarde van R727,75 miljoen gefasiliteer.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Die Covid-19-pandemie het globale markte en globale verskaffingskettings ontwrig. Die onsekerheid het Wesgro se vermoë beïnvloed om handelstransaksies te beklink. Strategieë word tans ontwikkel om areas van onderprestasie met betrekking tot uitvoere en investering te bowe te kom.

Subprogram 3.2: Sektorontwikkeling

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.2: Sektorontwikkeling								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Toename in uitvoere	Sektor-ontwikkeling-inisiatiewe gesteun	3.3 Getal sektor-inisiatiewe gesteun	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	8	9	1	Die Halaal-waardeketting-ontwikkelings-program is in K4 voltooi en was 'n bykomende inisiatief wat vir die Eenheid vir Agriverwerking voltooi is, wat tot 'n oorprestasie met 1 van die verslagdoenings-teiken gelei het.

Subprogramprestasies

Agriverwerkingsektor

Covid-19 en die nasionale inperkingsregulasies het 'n uitdaging gestel vir die groei en ontwikkeling van die agriverwerkingsektor. Gegewe die uitbreek van Covid-19 en die vinnig ontwikkelende aard van die pandemie het die Departement daarin belang gestel om direk van belanghebbergroepe te hoor, om die ontwikkelende landskap beter te begryp. Die Departement het skakeling met belanghebbers in die agriverwerkingsbedryf geïnisieer, aangesien dit die belangrike rol van ons belanghebbers ten opsigte van ekonomiese groei en werksgeleenthede erken, asook die insigte na waarde skat wat deur middel van raadpleging gedeel word.

Gedurende die oorsigjaar het die agriverwerkingsektor voor 'n stel unieke probleme te staan gekom, wat 'n direkte invloed op die strategie het en ingryping vereis het vir die ontwikkeling van die sektor. Alhoewel die meeste subsektore in die voedselverwerkingsektor toegelaat is om handel te dryf, is die voedseldienssektor as onttrekker vir die grootste deel van die vlak 5-inperking gesluit. Die alkoholbedryf is ook talle kere aan 'n verbod onderwerp, wat dit moeilik gemaak het om die bedryf te onderhou weens die alkoholverbod. Ten spyte van die uitdagings wat die bedryfsgomgewing gestel het, was die Departement in staat om aan te pas en in 'n onstabiele, onseker en komplekse omgewing te werk te gaan om die probleme te hanteer wat deur Covid-19 veroorsaak is.

Deur middel van die Eenheid vir Agriverwerking het die Departement met verskeie ondernemings gekonsulteer om navrae te beantwoord, die impak van die inperking te evalueer en die behoeftes van verskillende bedrywe en maatskappye te bepaal. Alhoewel verskille tussen bedrywe en maatskappye na vore gekom het, het almal verskillende vlakke van uitdagings ervaar wat hul normale werksaamhede verhoed het, bykomend tot die negatiewe uitwerkings wat deur die Covid-19-inperkings geskep is. Die Departement het aan die einde van die boekjaar 'n ondersoek in die agriverwerkingsektor onderneem en dit sal na verwagting in die 2021/22-boekjaar voltooi word. Die doel van hierdie navorsingsprojek is om 'n sektorplan spesifiek vir agriverwerking in die Wes-Kaap te ontwikkel met belangrike ondersteuningsintervensies vir die waardekettings van die voedselverwerking-, drinkgoed- en natuurlikeproduktebedryf.

Die onmiddellike respons is om die sektor deur die ontwikkelende impak van Covid-19 te lei sodat ondernemings en ons waardekettings kan oorleef.

Die Departement het ook die Halaal-waardekettingprogram geïmplementeer wat ontwerp is om die groei van agriverwerkingsondernemings hoofsaaklik in die halaal-nismarkte te bevorder deur geleenthede in bestaande en nuwe waardekettings te ontgin. Die program het daarop gefokus om ondernemings by te staan deur aktiwiteite te verskaf soos (i) 'n volledige sakediagnostiek, (ii) ontleding van die finansiële posisie van die onderneming, (iii) identifisering van uitdagings wat ervaar word, (iv) ontwikkeling van 'n implementeringstrategie, (v) implementering van die vereiste intervensies om die uitdagings die hoof te bied, (vi) mentorskap en afrigting, en (vii) verbetering van deelnemende ondernemings.

Die Departement het deelgeneem aan die opstel van nasionale meesterplanne binne die agriverwerkingssektor wat die landbou- en agriverwerking-, suiker-, pluimvee- en dagga-meesterplanne insluit. Die meesterplanne is deel van die proses wat die industrialisering van belangrike ekonomiese sektore herbeskou om die Suid-Afrikaanse ekonomie te groei en te ontwikkel. Tot dusver is die Pluimvee-meesterplan voltooi en afgeteken deur middel van 'n sosiale ooreenkoms. Die Suiker-meesterplan, die Landbou- en Agriverwerking-meesterplan en die Dagga-meesterplan is in die finale stadiums van voltooiing deur nasionale regeringsdepartemente.

Die Departement het ondersteuning aan Wesgro verskaf vir die aanbieding van die eerste virtuele Kaapse Landbou-uitvoerweek. Die Kaapse Landbou-uitvoerweek is georganiseer as 'n aanlyn handelsuitstalling, wat beoog om uitvoerskakelings vir besigheid-tot-besigheid (B2B) te bevorder en geleenthede binne die landbou- en agriverwerkingsbedryf in die Wes-Kaap ten toon te stel. Die geleentheid het vier virtuele uitstallsale, 81 uitvoerders en vier uitvoerraadstalletjies ingesluit, wat die volgende verteenwoordig het: Wyne van Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse Vereniging vir Produsente van Essensiële Olie, SA Uitvoerraad vir Kosmetiek, SA Uitvoerraad vir Vrugte-groente-inmakers, Varsprodukte-uitvoerdersforum en SA Olyfbedryfvereniging.

Vervaardiging is 'n uiters belangrike sektor vir die ekonomie, maar is negatief beïnvloed deur Covid-19 op 'n globale, nasionale en provinsiale vlak, wat gelei het tot handelsbeperkings en ontwrigtings in verskaffingskettings sowel as werkverliese in talle maatskappye. Die WK-vervaardigingsforum is gestig as 'n platform om inligting te deel en om geleenthede te bied om die vervaardigingssektor by te staan en te ondersteun gedurende hierdie uitdagende en onseker periode. Kwartaallikse werksessies is aangebied in samewerking met strategiese belanghebbers uit alle regeringsfere, sektorliggame, bedryfsverenigings en ander vennote in die volgende subsektore:

- i. mariene vervaardiging en verwante dienste wat die bou en herstel van skepe en bote insluit
- ii. klere, tekstielware, skoene en leer
- iii. metale, ingenieurswese en verwante bedrywe wat vervaardigde metaalprodukte, masjinerie en toerusting, plastiekbedryf en vervoertoerusting insluit
- iv. meubels

Die Eenheid vir Vervaardiging het peilings onder sektorliggame, bedryfsverenigings en maatskappye gedoen rakende die impak van Covid-19 op hul onderskeie subsektore om te help met die identifisering en implementering van strategiese intervensies om hierdie probleme die hoof te bied. Die Departement het die vervaardigingssektornavorsingsprojek geïnisieer om 'n strategiese raamwerk met belangrike ondersteuningsinisiatiewe te ontwikkel, om waardekettingrisiko's te verminder en geleenthede vir groei te steun vir die geïdentifiseerde subsektore, sowel as om 'n meer bevorderlike omgewing vir uitvoere en investering te skep.

Die proses om die Mosselbaai Olie- en Gasforum te stig, met die oorhoofse doel om die **olie- en gassektor** tot wedersydse voordeel van die betrokke belanghebbers te ontwikkel en ekonomiese groei in die Tuinroete-distrik te stimuleer, duur voort. Die MvV is in 'n finale stadium en sal in die nuwe boekjaar deur die betrokke partye onderteken word. Hierdie forum sal instrumenteel wees in die ontwikkeling en implementering van intervensies wat die streek in staat sal stel om ekonomies voordeel te trek uit die potensiële geleenthede in die olie- en gassektor, veral rakende die nuutste ontdekking deur TOTAL by die Luiperd Paddavissie-put in blok 11B/12B.

Die Departement is 'n bestuurskomiteelid van die Wes-Kaapse Maritieme Kluster (WKMK) wat in Maart 2021 as 'n OSW geregistreer is en sal, in vennootskap met die Nederlandse Konsulaat en ander lede, intervensies dryf vir die groei en ontwikkeling van die maritieme bedryf in Kaapstad, aan die Weskus en in streke van die Tuinroete.

Finansiële sakedienste: As deel van die ekonomiese herstelplan het DEOT, in samewerking met Wesgro, in September en Oktober 2020 skakelings met verskeie belanghebbers in die finansiële sakedienste, rolprentbedryf, eiendomsbestuursektor en IKT-, SPU- en e-handelsektore georganiseer. Hierdie skakelings het ten doel gehad om gebiede van ekonomiese herstel en groei in die toekoms te identifiseer en sal gebruik word om die Dienstesektornavorsing- en Waardekettingontledingsprojek te steun wat aan die einde van 2020/21 van stapel gestuur is.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

'n Bedrag van R69,951 miljoen is gedurende die 2020/21-boekjaar vir die program bewillig, waarvan die werklike besteding R69,342 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig 'n werklike besteding van 99,1% van die program se totale begroting. 'n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R8,537 miljoen of 12,11% van die totale besteding beloop.
- Goedere en dienste het R285 000 of 0,01% van die totale besteding beloop.
- Oordragte en subsidies het R60,520 miljoen of 87,28% van die totale besteding beloop.

Subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Handel- en Beleggingsbevordering	59 965	59 965	-	48 539	48 539	-
Sektorontwikkeling	9 986	9 377	609	15 179	12 991	2 188
Totaal	69 951	69 342	609	63 718	61 530	2 188

44 PROGRAM 4: SAKEREGULERING EN -BESTUUR

Doel

Om 'n billike, sosiaal verantwoordelike sakeomgewing in die Wes-Kaap te verseker deur middel van algemene intervensies in die handelsomgewing en spesifieke intervensies ingevolge die mandate van die Grondwet en nasionale en provinsiale wetgewing en beleide.

Programstruktuur

Die program is soos volg gestruktureer:

Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming

Om maatreëls te ontwikkel, te implementeer en te bevorder wat die regte en belange van alle verbruikers verseker.

Institusionele uitkomstes

Program 4 dra by tot die volgende institusionele uitkomste ingevolge die Jaarlikse Prestasieplan van 2020/21:

- Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers

Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers	Verbruikers-opvoedings-intervensies aangebied	4.1 Getal verbruikers-opvoedings-intervensies aangebied	95	152	240	329	89	Die diens is vraaggedrewe. Die toename in die vraag na verbruikers-opvoeding en finansiële geletterdheid weens Covid-19 het vereis dat die program meer sessies aanbied.
	Klagtes binne 90 dae opgelos	4.2 Persentasie klagtes binne 90 dae opgelos (totale klagtes binne 90 dae opgelos/totale klagtes ontvang)	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	75%	87%	12%	Die teiken is met 12% oorskry. Die oorprestasie weerspieël die verslapping van regulasies en die oopstelling van die ekonomie wat ondernemings in staat gestel het om aandag te gee aan klagtes wat teen hulle ingedien is. Die verslapping van die inperking het die KVB ook in staat gestel om terreininspeksies en ADR-prosesse uit te voer.

Subprogramprestasies

Geskilbeslegting vir verbruikers

Die KVB het gedurende die boekjaar onder oorsig voortgegaan om sy doelwit na te streef om 'n identifiseerbare en betroubare geskilbeslegtingsowerheid vir verbruikers in die provinsie te word. Die strategieë moes aangepas word om die verandering in die werksomgewing te hanteer wat deur die uitbreek van die koronaviruspandemie meegebring is. Die strategieë wat geïmplementeer is, is almal gerig op 'n kliënt-/landsburgergerigte vriendelike diens wat daarop gemik is om verbruikers te help om hulle geskille op te los. Hierdie dienste is aangebied ten spyte van die uitdagings van die Covid-19-pandemie wat beperkende regulasies meegebring het, wat die beweging en interaksie van mense geraak het. Die dienste sluit die verskaffing van die volgende in:

- tolvrye nommer, e-posadres
- Please call me-nommer, SMS-nommer
- hulptonbankdiens vir instapklënte
- virtuele platforms vir geskilbeslegting

Verskeie verbruikersklagtes vir navrae en ondersoek is by die kantoor aangeteken. Gedurende die oorsigjaar is 1 428 klagtes ontvang waarvan 1 243 binne die voorgeskrewe omkeertyd van 90 dae opgelos is. Dit is 87,04% van die gestelde teiken van 75%. Die afname in die getal klagtes wat ontvang en opgelos is in vergelyking met die vorige jaar was weens beperkings wat deur die rampbestuurregulasies rakende die beweging van mense ingestel is. Die getal klagtes wat ontvang en opgelos is, het met meer as die helfte afgeneem in vergelyking met die vorige boekjaar. Wat die oplossingskoers betref, het die Eenheid sy gestelde teiken oorskry. Daar is verskeie faktore wat tot hierdie afwyking bydra, naamlik:

- toename in menslike hulpbronne binne die Eenheid vir Klagtebestuur
- toename in die sluiting van ondernemings weens die pandemie wat daartoe gelei het dat klaers na likwidaateurs verwys is

Gedurende die jaar onder oorweging het die Eenheid vir Klagtebestuur ses personeellede in diens gehad in vergelyking met drie werknemers die vorige jaar. Dit is 'n toename van 50% in personeelkapasiteit. Ten spyte van hierdie toename in personeelsterkte, moes 185 klagtes na die volgende boekjaar oorgedra word. Sluiting en likwidasië van ondernemings sowel as beperkings rakende die beweging van mense wat deur die inperking veroorsaak is, het die oplossing van klagtes beïnvloed.

Verbruikersopvoeding en -bewustheid

Die teikens wat vir die Eenheid vir Verbruikersopvoeding gestel is, is behaal en oorskry. In hierdie verband moet daarop gelet word dat die teikens vir opvoedkundige intervensies grootliks gebaseer word op die beskikbare hulpbronne (menslik en finansiële) binne die Eenheid. Gedurende die verslagtydperk is altesaam 329 opvoedkundige intervensies uitgevoer ten opsigte van 'n gestelde teiken van 240. Hierdie intervensies het bestaan uit werksessies oor finansiële geletterdheid en verbruikerswette, en werksessies wat op KMMO's gemik is. Hierdie intervensies is deur middel van verskeie platforms aangebied, soos virtuele platforms (Zoom en Teams), sosiale media en radio. Die Eenheid moes aanpas en het uiteindelik 'n leier geword rakende die implementering van hierdie intervensies in die land.

Dit was die geval alhoewel die Eenheid slegs 4 personeellede het wat vir die hele provinsie verantwoordelik is, sowel as 'n uiters lae begrotingstoewysing. Die Eenheid het dikwels ad hoc-versoeke vir gratis sessies op radioplatforms ontvang en het hierdie geleenthede aangegryp, al was dit na-ure en oor naweke geskeduleer. Hierdie versoeke het toegeneem namate afliggings toegeneem het en in die meeste gevalle het finansiële instellings en verskeie krediteure finansiële hulpmaatreëls vir hul klënte ingestel, wat die versoek om duidelikheid oor sommige van hierdie maatreëls laat toeneem het.

Die Eenheid het hierdie versoeke benut om sy teiken te behaal. Die besluit is geneem dat die Eenheid vanuit 'n landsburgergerigte perspektief nuwe metodes sal akkommodeer om opvoedkundige intervensies aan te bied en waar moontlik sal persoonlike sessies geakkommodeer word met streng voldoening aan die rampbestuursregulasies. Alhoewel die uitbreek van die koronaviruspandemie uitdagings veroorsaak het rakende beperkings op die beweging van mense, is die werksverhouding met ander reguleerders en verbruikersbeskermingsagentskappe nie geraak nie. Skakelings en gesamentlike inisiatiewe met die agentskappe het na die virtuele platform verskuif.

Strategie om areas van onderprestasië te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

'n Bedrag van R7,299 miljoen is gedurende die 2020/21-boekjaar vir die program bewillig, waarvan die werklike besteding R7,248 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig 'n werklike besteding van 99,3% van die program se totale begroting. 'n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R6,107 miljoen of 84,26% van die totale besteding beloop.
- Goedere en dienste het R1,131 miljoen of 15,60% van die totale besteding beloop.

Subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Verbruikersbeskerming	7 299	7 248	51	9 223	9 058	165
Totaal	7 299	7 248	51	9 223	9 058	165

4.5 PROGRAM 5: EKONOMIESE BEPLANNING

Doel

Om ondersteuning aan die provinsiale leierskap te verskaf en ekonomiese groei moontlik te maak deur die generering en koördinering van ekonomiese navorsing en beplanning, en deur die aktiewe ondersteuning van belangrike ekonomiese tematiese aandrywers en instaatstellers wat ekonomiese groei in die hele ekonomie en binne afdelings van die ekonomie sal stimuleer.

Programstruktuur

Die program is soos volg gestruktureer:

Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning

Om provinsiale ekonomiese beleide en strategieë te ondersteun en te ontwikkel.

Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling

Om ekonomiese navorsing te doen.

Let wel: Die uitsette van Subprogram 5.1 en 5.2 word in die Jaarlikse Prestasieplan gekombineer en sal as sodanig in die Jaarverslag gerapporteer word.

Subprogram 5.3: Kennisbestuur

Om die koördinering van die ekonomiese ekosisteem en ekonomiese voorspraak te fasiliteer.

Subprogram 5.4: Monitoring en Evaluering

Die aktiwiteite vir Subprogram 5.4: Monitoring en Evaluering is by Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling geïnkorporeer.

Subprogram 5.5: Bemagtiging van Infrastruktuurgroei en -Inisiatiewe (al. Katalitiese Inisiatiewe)

Om 'n bemagtigende ekonomiese omgewing deur middel van katalitiese intervensies en infrastruktuur te ontwikkel en/of te stimuleer.

Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie (al. Digitale Ekonomie)

Om die gebruik, gereedheid en toeganklikheid van digitale tegnologie deur landsburgers en ondernemings te ondersteun en te stimuleer.

Subprogram 5.7: Groen Ekonomie

Om die ontwikkeling van groen nywerhede te stimuleer en hulpbrondoeltreffendheid en volhoubaarheid te fasiliteer ten einde die mededingendheid en veerkragtigheid van die hele ekonomie te verbeter.

Institusionele uitkomstes

Program 5 dra by tot die volgende institusionele uitkomstes ingevolge die Jaarlikse Prestasieplan van 2020/21:

- Toename in uitvoere
- Verhoogde randwaarde van investering
- Verbetering van hulpbronveerkragtigheid van die ekonomie

Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning

en

Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Toename in uitvoere	Ekonomiese navorsingsverslae oor beleid en beplanning ontwikkel	5.1 Getal navorsingsverslae ontwikkel	10	10	10	10	-	-

Subprogramprestasies

In 2020/21 het die Eenheid vir Navorsing en Ontwikkeling 'n deurslaggewende rol gespeel in die ontwikkeling van ekonomiese beleid vir die provinsie. Die Eenheid het die ontwikkeling en implementering van die Jobs Now-plan bestuur en ondersteun, wat die onmiddellike reaksie op die verwoestende ekonomiese impak van die Covid-19-pandemie verteenwoordig het. Dit het ekonomiese modellering ingesluit om die provinsiale en munisipale ekonomiese impak van veranderende regulasies in verband met die mitigering van Covid-19 te begryp.

Ten einde die Departement by te staan om sy doelwit te bereik vir die skep van 'n bemagtigende omgewing vir ekonomiese groei en werkskepping, het die Eenheid vir Navorsing en Ontwikkeling ook die werkskeppingsstema van die Wes-Kaapse Herstelplan ontwikkel.

Die Eenheid het ook steeds 'n rol gespeel in die verskaffing van belangrike ekonomiese inligting om beleidmakers te ondersteun rakende hul begrip van 'n provinsiale ekonomiese landskap wat voortdurend verander en beïnvloed word deur beide eksogene en endogene ekonomiese ontwikkelings. Belangrike ekonomiese tendense (nl. arbeidsmark, BBP, inflasie) is ook gemonitor. In die geval van steun aan munisipaliteite het die Eenheid die distriksmunisipaliteite se ekonomiese herstelplanne hersien en steun rakende ekonomiese inligting aan al 30 munisipaliteite verskaf.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 5.3: Kennisbestuur

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.3: Kennisbestuur								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verhoogde randwaarde van belegging	Vennootskappe bewerkstellig en versterk	5.2 Getal vennootskappe bewerkstellig/versterk	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	20	25	5	Die oorprestasie is weens die onverwagte behoefte aan vennootskappe wat geskep is deur die krisis in die sosio-ekonomiese sfere wat deur die wêreldwye Covid-19-pandemie veroorsaak is.

Subprogramprestasies

Die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (EOV) spesialiseer in vennootskapspraktyke vir samewerking oor die hele regering heen – samewerking in alle silo's, dissiplines, departemente, sfere, ruimtes en grense, sowel as die hele-samelewing-benadering wat publieke en private sektore, organisasies sonder winsbejag, gemeenskappe en kennissektore verbind – om inligting- en netwerkmarkmislukkings die hoof te bied en om vertroue te ontwikkel, sakevertroue te bevorder en mededingendheid te verbeter.

Die hantering van Covid-19 en die nadraai daarvan het 'n heroriëntering van die EOV vereis om ten opsigte van die hele samelewing te reageer. Die EOV het dus sy sakeplan hersien en temas ondersoek waar die EOV die grootste impak in die 2020/21-boekjaar sou maak met die fokus op die volgende drie gebiede:

1. hulp om die onmiddellike impak van Covid-19 te verlig
2. hulp om stabiliteit in plaaslike ekonomiese stelsels te bewerkstellig en te handhaaf
3. steun vir die herstel van plaaslike ekonomiese stelsels

Die teiken van 20 gesamentlike projekte tussen die EOV en sy vennote is suksesvol behaal en met 5 oorskry weens die groter behoefte aan vennootskapsoplossings tydens die Covid-19-pandemie. Belangrike hoogtepunte en prestasies het die volgende ingesluit:

Kapasiteitsbou met die Saldanhabaai-munisipaliteit het behels dat die uitvoerende bestuurspan bygestaan is om saam te werk aan die oplossing van omvattende maatskaplike en ekonomiese kwessies, binne die konteks van ernstige fiskale beperkings, deur hul prosesse, kultuur en gedrag te verbeter.

Die Tuinroete-distriksmunisipaliteit is ondersteun met die daarstelling van 'n **streeks groei-en-ontwikkelingsstrategie** wat 'n Covid-herstelrespons ingesluit het. Die EOV het 'n reeks skakelings met die publieke en private sektore, die burgerlike samelewing en die akademie ontwerp en gefasiliteer, ten einde te verseker dat die strategie insette van alle sektore van die samelewing sal insluit en breedgebaseerde steun vir sy sleutelinisiatiewe sal geniet.

Die EOV het voortgegaan om waarde te bied in **waterverwante programme**, veral met betrekking tot 'n aantal programme in samewerking met die Stad Kaapstad wat gelei het tot groter samewerking en steun vir die Stad se waterstrategie, sowel as voortgesette samewerking met die bestuursagentskap vir die Breede-Gouritz-opvanggebied en die provinsiale Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

Die nasionale Departement van Menslike Nedersettings het versoek dat die EOV 'n vennootskapsraamwerk **(Nuwe Vennootskapsbenadering vir die implementering van Prioriteite vir Menslike Nedersettings)** ontwikkel vir die implementering van die huidige nasionale prioriteite vir menslike nedersettings.

Die EOV het voortgegaan om 'n waardevolle diens aan die Wes-Kaapse Regering, munisipaliteite en instellings te lewer rakende die ontwikkeling van samewerkende verhoudings tussen die verskillende sfere, wat broodnodige bystand tydens die Covid-19-pandemie behels het. Die impak van die EOV-programme op 'n strategiese, langtermynvlak is 'n sleutelaanwyser van die EOV se sukses.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 5.4: Monitoring en Evaluering

Die aktiwiteite vir Subprogram 5.4: Monitoring en Evaluering is by Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling geïnkorporeer.

Subprogram 5.5: Bemagtiging van Infrastruktuurgroei en -Inisiatiewe (al. Katalitiese Inisiatiewe)

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.5: Bemagtiging van Infrastruktuurgroei en -Inisiatiewe								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verhoogde randwaarde van belegging	Katalitiese infrastruktuurprojekte gesteun	5.3 Getal katalitiese infrastruktuurprojekte gesteun	4	6	5	5	-	-

Subprogramprestasies

Ontwerp en innovering

In 2020/21 was daar beide 'n inwaarts- en uitwaartsgerigte benadering:

Inwaartse ondersteuning: Hierdie projekte poeg om WKR-amptenare se vermoë te verbeter om innovering te ondersteun en te dryf deur aan hulle spesifieke kennis te verskaf wat hulle bemagtig om binne hul konteks te innoveer. Die idees se sentrale projek het gedurende die 2020/21-boekjaar onder hierdie pilaar geressorteer.

Uitwaartse ondersteuning: Hierdie projekte is samewerkingsprojekte tussen die DEOT en sleutelbelanghebbers om oplossings vir algemene sosio-ekonomiese uitdagings te vind, met die fokus op waar daar bewyse is dat so 'n oplossing markleuensvatbaarheid bevat en dus ekonomiese groei tot gevolg sal hê wanneer dit gekommersialiseer word. Projekte wat gedurende die 2020/21-boekjaar onder hierdie pilaar geressorteer het, is die volgende:

- Ontwerp-en-Innovasie-saai-fonds
- Beter Lewe-uitdaging
- versterking van die innoveringsekosisteem in die Wes-Kaap

Belangrike aktiwiteite wat gedurende die 2020/21-boekjaar plaasgevind het, is as volg:

Ontwerp-en-Innovasie-saai-fonds (DISF): Die DISF is aan die einde van 2013 gestig deur samewerking tussen die Agentskap vir Tegnologie-innovasie en DEOT, en het ten doel om innovering in 'n vroeë stadium te finansier. Gedurende die boekjaar is gesamentlike befondsing van R3 498 258,00 beskikbaar gestel as toelaebefondsing om vyf vroeëstadiuminnovasies op die gebied van gesondheidsorg- en farmaverwante tegnologieë, vervaardigingsoplossings en digitale tegnologieë te finansier.

Beter Lewe-uitdaging (BLC): Die BLC is ontwerp om plaaslike innoverende oplossings vir dringende of voortdurende sosio-ekonomiese uitdagings te bevorder deur innoverende produkte, dienste en stelsels te stimuleer wat verandering kan kataliseer en 'n beter lewe teweeg kan bring. Gedurende die boekjaar is 'n virtuele inkubator vir ontwerp- en bouvaardigheidsontwikkeling gehou wat sewe informele ontwerp-boudiensverskaffers in staat gestel het om, deur vaardigheidsontwikkeling, ondersteuning en sakeafrigting, hul inkomsteverdienvermoë uit te brei, werksgeleenthede te skep en verbeterde produkte en dienste aan die mark te lewer. Hierbenewens is ontwerp- en bouopskietmodelle in die Theewaterskloof- en Swartland-munisipaliteit verskaf om aan plaaslike informele bouers en plaaslike gemeenskappe nuwe modelle vir opgradering en innovasies te demonstreer wat tot verbeterde wonings lei.

Om die vaardigheidsontwikkelingsinkubator en die opskietmodelle aan te vul, is 'n hulpinstrument gefinaliseer om klein boukontraakteurs te help met die bou van 'n informele huis uit plaatmetaal en hout. Die hulpinstrument bevat inligting wat goeie praktyke toon en ook kennis neem van die manier waarop informele huise op die grond gebou word.

Versterking van die innoveringsekosisteem in die Wes-Kaap: Die DEOT het op grond van die begrip van wat innoveringsekosisteme behels en wat hulle laat floreer die behoefte geïdentifiseer om 'n privaatsektor-innoveringsraamwerk te ontwikkel, om privaatsektorinnovering moontlik te maak en te ondersteun. Hierdie raamwerk poog om 'n struktuur en leiding te bied vir die WKR rakende die volgende:

- om innoveringspogings te teiken, te bestuur en te koördineer
- om samewerking tussen ekosisteemrolspelers te bevorder
- om innoveringsuitkomstes te versterk
- om die ekosisteem coherent tot voordeel van almal byeen te bring

Die raamwerk is saamgestel en besprekings word tans met belanghebbers gevoer om seker te maak dat dit die korrekte uitkomstes vir alle belanghebbers omvat.

Kaapse Gesondheidstegnologieneksus

Die Kaapse Gesondheidstegnologieneksus (CHTN) streef daarna om 'n netwerk van wêreldklasfasiliteite vir innovering ten opsigte van die farmaseutiese bedryf, mediese toestelle, biotegnologie, digitale gesondheid en inheemse medisyne te skep, wat lei tot medevestiging van en investering deur ekosisteme van innoverende firmas, die akademie, regering en organisasies wat innovering steun binne doelgeboude fasiliteite. Daar word voorsien dat die netwerk ondersteun sal word deur 'n sentrale gesondheidstegnologiesentrum in die Pinelands-omgewing met Biovac as 'n ankerhuurder.

Biovac moet dringend uitbrei om hul beplande styging in die produksie van entstowwe te akkommodeer, veral, maar nie beperk nie tot, entstowwe vir Covid-19. Een van die belangrikste lewerbares vir die 2020/21-boekjaar was dus om Biovac in staat te stel om geskikte eiendom te bekom wat die uitbreiding kon akkommodeer. Die Kaapse Katalisatoreenheid het Biovac en die Stad Kaapstad (SK) ondersteun om 'n raadsbesluit te verkry wat 'n beginseloorreënkoms vir die gebruik van die "Dieselweg"-terrein vir die CHTN en Biovac goedkeur.

Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (KIKS)

Die Covid-19-pandemie het 'n negatiewe impak op die vergadering-, aansporing-, konferensie- en uitstallingsektor gehad en die KIKS was geen uitsondering nie. Dit het daartoe gelei dat die Stad Kaapstad, as meerderheidsaandeelhouer in Convensco, ingestem het om 'n spesiale klas gewone aandele in die KIKS te neem, met 'n terugkoopopsie en dividendopbrengs ter waarde van R200 miljoen, om die impak van Covid-19 op die kernsakeaktiwiteite van die KIKS te verlig.

Vir die 2020/21-boekjaar het die DEOT dus Kabinetsgoedkeuring, deur die WKR as minderheidsaandeelhouer, gefasiliteer vir wysigings aan die Convensco MvO, om die Stad Kaapstad in staat te stel om verdere beleggings in die maatskappy te maak.

Strategiese Ekonomiese Ontwikkelingsinfrastruktuurmaatskappy (SEDIC)

SEDIC het ten doel gehad om ekonomiese ontwikkelingsinfrastruktuurprojekte vir die Wes-Kaap te bestuur, met 'n spesifieke fokus rakende die haalbaarheidsfase van projekontwikkeling. Daar is egter ook beoog dat SEDIC in samewerking met die DEOT aan die ander fases van projekontwikkeling sou deelneem.

In die 2020/21-boekjaar is bepaal dat die stigting van 'n infrastruktuurmaatskappy vir die WKR deur die Provinsiale Tesourie onderneem sou word, waarvoor die proses sou voortbou op die werksaamhede van SEDIC tot op hede.

Saldanhaabaai Nywerheidsontwikkelingsone (SBIDZ)

Met die koms van Covid-19 en die daaropvolgende inperking was die 2020/21-jaar 'n uitdaging vir die SBIDZ, maar ten spyte van hierdie uitdagings het die entiteit daarin geslaag om veerkragtig te bly en te fokus op hul doelwit om geleenthede vir werkskepping beskikbaar te stel en die groei van die ekonomie te bevorder.

Gedurende die 2020/21-boekjaar het die SBIDZ die konstruksie van die Access Complex-gebou, 'n moderne kommersiële kantoorfasiliteit, voltooi asook die deure geopen vir sy eerste doelgerigte huurderfasiliteit. Totale besetting deur huurders in die sone is 35% vir die projekhuurfasiliteit en Access Complex, met die ondertekening van langtermyn- en korttermynhuurkontrakte. Elkeen van hierdie beleggers is na die terrein gelok deur die aantreklike sakeomgewing wat met die SBIDZ se vryhawestatus geassosieer word. Die SBIDZ het in 2019 vryhawestatus verkry wat een van die belangrike waardetoegevoegde differensieerders van die sone is met betrekking tot die maritieme en energiesektore waarby dit betrokke is.

Deur die SBIDZ se sosio-ekonomiese transformasieprogramme het die entiteit die skep van meer as 2 000 werksgeleenthede nasionaal gefasiliteer en gaan dit voort om die plaaslike Saldanhaabaai KMMO-sektor te ondersteun deur die vestiging van sy Co-Lab-fasiliteit in Maart 2020. Dit is 'n fasiliteit waar plaaslike KMMO's toegang het tot gratis Wi-Fi, warm-lessenaars, druk- en vergaderfasiliteite sowel as 'n netwerkplatform. Dit het welkome verligting aan KMMO's gebied gedurende die Covid-19-periode, aangesien dit die enigste fasiliteit in die gebied is wat toegang tot TERS-verwante dienste bied, met meer as 1 500 KMMO-besoeke aan die Co-Lab tot op datum.

Die SBIDZ bly steeds daartoe verbind om Saldanhaabaai in 'n florerende stad te omskep, wat op 'n maritieme en energie-ekonomie berus, en sodoende welvaart en wins skep vir die mense wat daarin investeer, woon en werk.

Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone

In 2020/21 het die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone Maatskappy (ASESM) voortgegaan om institusionele aangeleenthede te dryf tesame met die implementering van programme in die gemeenskap ter ondersteuning van die ASES. 'n Aansoek deur die entiteit om geproklameer te word as 'n provinsiale regeringsakeonderneming is in Augustus 2020 by die Nasionale Tesourie ingedien. Teen die einde van die boekjaar het die Nasionale Tesourie egter nog nie 'n besluit oor die entiteit se notering geneem nie. Hierdie aangeleentheid is van kritieke belang vir die ASES, aangesien 'n gebrek aan notering ernstige operasionele implikasies vir die ASESM inhou en 'n negatiewe impak op die ASES se vermoë het om nuwe beleggers te lok.

Gedurende die oorsigjaar het die ASESM die grond waarop die ASES ontwikkel word suksesvol van die Stad Kaapstad bekom. Die transaksie is benader met die bedoeling om die vennootskap tussen die Provinsie en die Stad te versterk rakende die bevordering van die ASES-projek, en met die oog daarop om beheer oor die eiendom te bevestig en die ASESM toe te laat om voort te gaan met die identifisering van beleggers in die sone. Die transaksie is in Desember 2020 deur die Wes-Kaapse Kabinet (as enigste huidige aandeelhouer in die ASESM) en die volle Kaapstadse Stadsraad goedgekeur. Daar is ook ooreengekom dat die ASESM toegang tot die grond kan hê om konstruksie vir beleggers te begin, selfs voordat die grond deur die Aktekantoor aan die ASESM oorgedra word. Aandeel in die ASESM sal aan die Stad uitgereik word wanneer die grond na die ASESM oorgedra word, wat na verwagting aan die einde van 2021/22 sal plaasvind, mits die verskeie prosesse van die Landmeter-generaal en die Aktekantoor glad verloop.

Die waarde van die grond wat in hierdie innoverende en kontantlose transaksie verruil is, beloop R59 325 000.

Die ASES-span werk nou saam met die Stad ten opsigte van ontwikkelingsaansoeke en alhoewel die voornemende ASES-beleggers wat aan die nasionale energieverkrygingsprogram deelneem hul deelnameprogram onttrek het, het die voorbereidingswerk wat met hierdie beleggers gedoen is die ASES-beleggersondersteuningspan van 'n bloudruk voorsien vir die ontwikkelingsaansoekproses en die rol wat die ASES moet speel.

Die ASES-beleggingspyplyn het in 2020/21 veerkragtig gebly, ondanks die impak van die Covid-19-pandemie op beleggersvertroue en sakevooruitsigte. Dit is dalk omdat die groen ekonomie erken is as een van die potensiele drywers van ekonomiese herstel ná Covid. Die positiewe tekens rakende die hervatting van die program vir hernubare energie (die REIPPPP) sal ook die beleggersbelangstelling ondersteun, alhoewel daar – ná die aankondiging in Maart 2021 van die volgende rondtes van die REIPPPP – 'n mate van onsekerheid in die mark was oor die regering se voorneme om voort te gaan met die program vir hernubare energie.

Die ASES se sakeontwikkelingspan het met verskeie beleggers geskakel, wat in die 2020/21-boekjaar die volgende ingesluit het:

- 'n vervaardiger van sonkrag-FV-volgoestelle en die monteerstelsels waarop dit rus; die firma is op soek na 'n plaaslike vennoot, waarmee ASES met hulp van die Stad Kaapstad
- drie beleggers wat van voorneme is om 'n bod te maak rakende die OKP-noodgasprogram (hierdie belegging is nie gerealiseer nie omdat die bieder aan die Eskom-verkrygingsprogram onttrek het)
- 'n vervaardiger van windlemme
- 'n maatskappy wat van voorneme is om 'n vervaardigingsaanleg vir mikroalge-biomassa op te rig
- 'n maatskappy wat van voorneme is om silikoon vir fotovoltaiëse panele te vervaardig
- 'n vervaardiger van groentegnologie-boumateriaal

'n Ondersoek rakende ruimtelike uitleg en integrasie (wat 'n aanvullende geotegniese ondersoek, verkeersimpakassessering en tegniese opmetingstudies ingesluit het) is in die boekjaar voltooi, met duidelike aanduidings van hoe die ASES met die Atlantis-nywerheidsgebied sowel as die breër gemeenskap geïntegreer kan word. Daarbenewens is die aansoeke vir infrastruktuurbehoefte gereed om voorgelê te word sodra die ASES ingevolge die WOFB genoteer is; totdat dit genoteer is, kan die ASES nie toegang verkry tot infrastruktuurbehoefte van die SES-fonds nie.

Sleutelvaardighede en ondernemingsontwikkelingsprogramme wat geïmplementeer is, was die volgende:

- Water- en afvalbestuuropleiding het in K3 begin – 20 deelnemers het aan hierdie geakkrediteerde program van ses maande deelgeneem.
- Opleiding vir vroeëkindersontwikkelingspraktisyns het in K3 begin (20 deelnemers).
- IT Enabler-opleidingsprogram steun nou 30 leerders – gemik op die verbetering van die gebruik van rekenaarlaboratoriums by skole in Atlantis.
- 'n Agt weke lange werkswinkelassistentkursus vir hernubare energie (30 begunstigdes) is aangebied.
- ASES het goedkeuring vir merSETA-toelaefinansiering van R2 miljoen vir vaardigheidsontwikkeling ontvang.
- Sakekommunikasie vir 15 begunstigdes het in Maart 2021 begin (tesame met die Stad Kaapstad aangebied).
- Die ASES het die grondslag gelê vir 'n verskafferontwikkelingsprogram, met kandidaatmaatskappye wat geïdentifiseer is vir hierdie program van ses maande, wat gratis deur die ASES beskikbaar gestel is.

Die implementering van die vaardigheidsontwikkelingsprogram is ernstig deur die Covid-19-beperkings belemmer. Afgesien van die aanvanklike inperkingsbeperkings, het die span dit besonder uitdagend gevind om venues te kry wat groot genoeg is om sosiale distansiëring te akkommodeer.

Die ASES-span het ook gereeld met die ASES-gemeenskapbelanghebbersnetwerk, die Atlantis-subraad en ander gemeenskapsforums geskakel, hoewel hierdie skakelings in die eerste deel van die boekjaar weens Covid-19 beperk is. Gedurende die eerste helfte van die boekjaar het die ASES gehelp met die verspreiding van PBT aan Atlantis-gemeenskapsorganisasies in Augustus 2020. Dit het ook verskeie Atlantis-gemeenskapskakelings vir Bearfish gefasiliteer, wat die ondersoek van gemeenskapsvoedseltoeinge ingesluit het om voedselsekerheid te verbeter. Die projek is moontlik gemaak deur samewerking met Bearfish Strategic Services, wat getaak is deur middel van 'n skenking van die Departement van Vervoer en Openbare Werke om gemeenskapsbehoefte onder die loep te neem.

Die vaardigheid- en ondernemingsontwikkelingsprogramme wat deur die ASES aangebied word, betrek jongmense en wissel van opleiding vir praktisyns van vroeëkindertoeing (VKT) tot programme vir hoërskoolleerders en skoolverlaters. Binne die VKT-opset word die opleiding aan vroue verskaf; dit bevoordeel weer die VKT-leerders omdat hul onderwysers beter toegerus is om hul ontwikkeling te ondersteun. Die opleiding vir skoolverlaters is beskikbaar vir beide vroue en mans; altesaam 68 deelnemers is vroue.

Deelnemers aan die inisiatiewe vir ondernemingsontwikkeling en gemeenskapsbemaatting sluit mans en vroue as begunstigdes in, sowel as persone met gestremdhede.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie (al. Digitale Ekonomie)

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verhoogde randwaarde van belegging	Digitale ekonomie-projekte gesteun	5.4 Getal digitale ekonomie-projekte gesteun	8	7	7	8	1	Die #GoDigitalWC was 'n program wat einde Maart 2020 en vroeg in April 2020 geïmplementeer is as die Eenheid se respons rakende Covid-19. Dit is bykomend tot die JPP-projekte voltooi.

Subprogramprestasies

Die reaksie op die Covid-19-pandemie het baie van die Eenheid se fokus in die eerste helfte van die 2020/21-boekjaar opgeneem. Die Eenheid het direk en indirek gereageer op die ontluikende behoeftes van die Departement, landsburgers en ondernemings namate nuwe werksmetodes nodig was. Die bevindinge van die Wes-Kaapse sakepeiling in April 2020 het insigte verskaf rakende die vereistes van KMMO's oral in die provinsie. Daar is bevind dat twee-derdes hulp benodig om hul ondernemings te digitaliseer en daar was duidelike bewyse dat KMMO's verbeterde marktoegang en toegang tot inligting van gehalte nodig het.

Die **#GoDigitalWC**-veldtog het praktiese raad, wenke en hulpmiddels verskaf om ondernemings te help om aan die digitale ekonomie deel te neem, hul besigheid aanlyn te bedryf en digitale tegnologieë te benut. Dit is gekommunikeer deur middel van 'n reeks van 25 webinare en 27 gepubliseerde artikels. Laasgenoemde het 1 243 bladsykyke vanaf Junie 2020 tot einde Maart 2021 ontvang. Dit is 'n blywende hulpbron en word steeds deur ondernemings benut. Die gepaardgaande TechVolunteer-program het entrepreneurs en ondernemings wat bystand met IKT-aangeleenthede benodig in kontak gebring met tegnologiepraktisyns wat die vaardighede gehad het om te help. Die vrywilligerwerk van 177 tegnologie-individue of klein maatskappye het altesaam 988 uur gedek. Twee suksesverhale is gepubliseer en getuig van die dienste wat gelewer is.

Die Eenheid het ook interne ondersteuning voorsien op gebiede soos die ontwikkeling van data-insameling, sowel as kontroleskerm- en verslagdoeningstelsels, insluitende dié wat gebruik word vir nievoldoeningsrapportering rakende Covid-19-werkplekveiligheid. Bystand is aan Ce-I en die WKOD verskaf rakende die datavrystelling van webwerwe vir toegang vir landsburgers, ondernemings en leerders.

Opleiding rakende digitale vaardighede het steeds 'n sleutelfokusgebied gebly. Alhoewel Covid-19 tot beperkings vir toegang tot terreine gelei het, het die **I-CAN Elsiesrivier**-terrein 5 101 besoeke en 93 nuwe geregistreerde lede aangeteken, met 70 deelnemers wat gratis basiese opleiding oor digitale geletterdheid ontvang het en 417 individue wat deelgeneem het aan werksessies/projekte wat by die sentrum aangebied is. Die **I-CAN LEARN**-program het gevorder met die lei-die-fasiliteerder-op-komponent, met 12 opleidingsmodules wat aangebied is vir 48 fasiliteerders by 12 terreine geleë in biblioteke en jeugkafees in die Weskus-, Overberg- en Tuinroetemunisipaliteite. Bykomende opleidingsinhoud is sonder enige koste vir die Departement bygevoeg. Die **I-CAN LBS- en I-CAN BBS**-stelsels, wat gebruik sal word vir doeltreffende lewering, bestuur, boekhouding en rapportering rakende die vaardigheidsopleiding wat deur die verskillende I-CAN-terreine aangebied word, is in gebruik geneem en bevorder. Deur middel van hierdie inisiatief kan die Departement voortgaan om dekking verder as die metro uit te bou en die verskaffing van opleiding oor digitale vaardighede vir landsburgers oral in die provinsie te fasiliteer.

Die **Ondersteuningsinisiatief vir die Digitale Tegnologie-ekosisteem**, algemeen bekend as "DashTech", het ten doel om voordeel te trek uit die ontluikende beginondernemingskultuur in die streek deur die plaaslike bemagtigende omgewing en ekosisteem te optimaliseer. Vyf ekosisteme is gesteun, naamlik: SafetyTech (veiligheid- en sekuriteitstegnologieë), 4IRTech (KI, blokketting, additiewe vervaardiging, IoT, ens.), ScreenTech (film, multimedia, speletjies, animasie, selfoon, ens.), FinTech en TownshipTech. Gedurende November 2020 tot Maart 2021 is verskeie samewerkende geleenthede, kompetisies en netwerksessies gehou (aanlyn, persoonlik of hibried) om met die sektore te skakel, met meer as 1 000 unieke tegnologiese en verwante ondernemings wat in die eerste jaar van die proses betrokke was.

Betreffende bewusmaking van die Wes-Kaap as 'n voorkeurbestemming vir tegnologiemaatskappye het die Eenheid sy rol as sekretariaat vir die **Globale Digitale Streeksposisionering**-forum voortgesit. Nadat dit sedert Maart 2020 vertraag is, is die handelsmerk "Kaapstad: Afrika se tegnologie-hoofstad" in November 2020 bekendgestel. Tot op hede het 49 maatskappye hul steun aan hierdie inisiatief uitgespreek deur registrasie via die aanlyn vorm, met 42 van hierdie maatskappye wat gekontroleer en goedgekeur is.

Hierdie maatskappye het die handelsmerk materiaal ontvang om by hul bemarking- en promosie-inisiatiewe in te sluit. Tesame met die DashTech-inisiatief het dit bygedra tot die belegging in tegnologiebeginondernemings soos deur Wesgro gerapporteer.

Die **Khayelitsha Barn** het terugslae beleef met die verskaffing van sy onderneming- en vaardigheidsontwikkelingsprogramme weens noodsaaklike gebou- en infrastruktuurinstandhouding en die sluiting van die perseel vir ses maande weens die pandemie. Nieteenstaande hierdie uitdagings het CITI steeds agt huurders ondersteun. Twee het egter die program gedurende die jaar verlaat, met 'n oorblywende ses wat teen die einde van die 2020/21-boekjaar steeds steun ontvang het. Die Women in Business-program het oorgeskakel na 'n volledige aanlyn aanbieding en 37 vroue is opgelei. 'n Kortkursus oor finansiële geletterdheid in toerisme is vir 30 KMMO's aangebied en die MediaTech-program het 40 informele handelaars opgelei. Die fasiliteit is ook gebruik om die TownshipTech-geleentheid aan te bied.

Jump for Entrepreneurs, die DEOT se digitale sakehulpmiddel, is vroeër in 2020 formeel as 'n selfoontoepassing bekendgestel. Die hulpmiddel was gewild tydens die inperking en het aansienlike groei ervaar met 'n verdubbeling van aktiewe gebruikers, met 6 142 totale rekeninge teen die jaareinde. Die platform het tegniese instandhouding vereis weens veranderinge in die gasheeromgewing, wat voltooi is. Bykomende funksionaliteit is bygevoeg om marktoegang vir KMMO's met staatstenders te verbeter, plus toegang tot opleidingshulpbronne. Ses #JumpStars-geleentheid is oral in die provinsie gehou rakende KMMO-suksesverhale en die platform is by sewe sakeverwante geleentheid bemark.

Die **Digitale DEOT**-projek het die bevordering van die gebruik van IKT's ondersteun ten einde die werksaamhede en doeltreffendheid van die DEOT te verbeter. Twee sakeontleders het 'n grondige hersiening van die vier geïdentifiseerde pynpunte in verband met dokumentoutomatisering, projekverslagdoening, belanghebbertbestuur en kommunikasie gedoen. Die behoefte is geïdentifiseer om verbeterde datastrukture en -stelsels vir kliënteverhoudingsbestuur te implementeer. Daarbenewens het die Eenheid interne sessies aangebied wat die gebruik van beskikbare hulpmiddels vir peilings en data-insameling, verslagdoening en die 4IR in die algemeen bevorder.

Benewens die formele projekte het die Eenheid die mark ook bygestaan met die bevordering van die TechXit-program vir digitale vaardighede, ondersteuning van die SKA-projekte en omvattende skakeling met die tegnologiegemeenskap (telekommunikasie- en datasentrumoperateurs, e-handel). Interne ondersteuning vir die provinsie se breëband- en openbare Wi-Fi-programme word steeds voortgesit.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 5.7: Groen Ekonomie

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.7: Groen Ekonomie								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbetering van hulpbronveerkragtigheid van die ekonomie	Groen-ekonomie-projekte gesteun	5.5 Getal groen-ekonomie-projekte gesteun	6	6	6	6	-	-

Subprogramprestasies

Om die visie van die Wes-Kaapse Groen-Ekonomie- Strategiese Raamwerk te verwesenlik, naamlik dat die Wes-Kaap 'n leidende sentrum vir die groen ekonomie sal wees en leiding sal neem rakende laekoolstof- ekonomiese groei, het die Groen-Ekonomie-subprogram ses projekte gedurende die 2020/21-boekjaar ondersteun.

Kommunikasie rakende die groen ekonomie: Die werk wat gedurende 2020/21 onderneem is, het gefokus op die ontwikkeling van die webwerf deur voort te gaan met die bladsye oor ekonomiese waterveerkragtigheid, die hulpbronne en kommunikasieveldtog van die energiesekeuriteitspelwisselaar (ESGC) oor te dra, te argiveer en op te som, en inhoud op te laai rakende bronne, gebeure, nuus en werksgeleenthede in verband met die groen ekonomie. Die 110% Green-webwerf het gegroei tot 12 808 gebruikers gedurende 1 April 2019 tot 22 Maart 2021. Die getal nuwe besoekers het oor dieselfde tydperk met 8 624 nuwe gebruikers toegeneem. Die webwerf het 'n gedeeltelike opknapping ondergaan om die fokus van die Wes-Kaapse Regering se werksaamhede rakende die groen ekonomie beter te weerspieël. Die verskuiwing van die ESGC-inhoud na die 110% Green-webblad het gehelp om die boodskappe van die WKR in verband met die groen ekonomie te stroomlyn.

Ekosistieemontwikkeling en -groepering rakende die groen ekonomie: Die groen ekonomie behels twee fundamentele komponente: die verskaffing van goedere, dienste en tegnologie (aanbodkant) rakende die groen ekonomie en die vergroening van die ekonomie in die lig van die DEOT se fokusgebiede: die verbetering van die water- en energiedoeltreffendheid van ondernemings en die implementering van alternatiewe water- en energiebronne in ondernemings (aanvraagkant). Beide die aanvraag- en aanbodkante is ondersteun deur die werk wat gedoen is deur die water- en energiesektorhulpafdelings wat deur GreenCape en die DEOT-span wat fokus op die groen ekonomie bestuur word.

Deur die ondersteuning van GreenCape en Wesgro is investering van ongeveer R11,6 miljard ten opsigte van die Wes-Kaapse groen ekonomie toegeken, wat sal lei tot die skep van ongeveer 970 werksgeleenthede in die Wes-Kaap. Hierdie beleggings was in kommersiële dakgemonteerde FV-sonkragstelsels, 'n kriptogedrewe wêreldwye portuur-tot-portuur-sonpaneelhuurplatform en wolkverwerkingsdatasentrums.

Vier markintelligensieverslae (MIR'e) vir water, hernubare energie op nutsskaal, energiedienste en elektriese voertuie/volhoubare mobiliteit is saamgestel en in die mark versprei. Die MIR oor water (2021) dui op tendense in die water- en sanitasiesektor, met toenemende finansiële beleggings in water en sanitasie in sowel die openbare as die privaat sektor. Die MIR oor energiedienste (2021) dek kleinskaalse mede-opwekking van krag (SSEG), wat dakgemonteerde fotovoltaïese (FV) sonkragstelsels en energieberging, en energiedoeltreffendheid insluit.

Hierdie marksegmente word toenemend versterk deur aanbiedinge in die energiefinansieringsektor en bied geleenthede aan finansiële beleggers. Ten spyte van die sistemiese skokke wat deur die Covid-19- ekonomiese ineenstorting veroorsaak is, dui die MIR oor energiedienste aan dat die goed gevestigde Suid-Afrikaanse energiedienstemark steeds teen 'n toenemende tempo groei. Die MIR oor hernubare energie dui aan dat die geïntegreerde hulpbronplan (GHP) wat in Oktober 2019 geproklameer is, tesame met die Risikoverligtingsverkrygingsprogram vir Onafhanklike Kragprodusente (RMIPPPP) en die oopstelling van 'n nuwe bodperiode ingevolge die Verkrygingsprogram vir Onafhanklike Kragprodusente van Hernubare Energie (REIPPPP) (BP 5), dui op aansienlike geleenthede vir groei oor die volgende 10 jaar (2020-2030) in die nutsskaalmark vir hernubare energie.

Met betrekking tot die MIR oor elektriese voertuie (EV) ervaar Suid-Afrika nog nie dieselfde skerp styging in EV-benutting en die ontwikkeling van die ekosisteem en waardeketting rakende EV's soos in ander lande nie, maar baie lande oor die wêreld heen het nou hul beleide aangepas om EV-benutting te versnel (as deel van hul Covid-19-herstelstrategieë), wat waarskynlik die wêreldwye aanvraag na EV's sal aandryf. Die MIR wys op die sleutelgeleenthede vir EV's in Suid-Afrika, naamlik plaaslike vervaardiging en elektrifisering van openbare vervoer, plaaslike produksie van litium-ioonbatterye (LIB), plaaslike vervaardiging van passasiersvoertuie en EV-benutting in konstruksie, kleinhandel en ondergrondse mynbou. Hierdie verslae verskaf noodsaaklike inligting aan die sektor en help om beleggingsbesluitneming en sakevertroue positief te beïnvloed. Met betrekking tot die toekoms, kyk die Departement hoe hierdie geleenthede vir die Wes-Kaap ontsluit kan word.

Altesaam 1 670 ondersteuningskakelings is met ondernemings en munisipaliteite gehou, met 'n bykomende 30 ondernemings wat van tegniese advies voorsien is rakende die bevordering van die gebruik van dakgemonteerde FV-stelsels. As gevolg van beurtkrag het die sektorhulpafdelings vir hernubare energie en energiedienste meer gevalle van ondersteuning aan ondernemings/handelsbeamptes/WKR-afdelings rakende die groen ekonomie aangeteken.

Die hulpafdelings vir die water- en energiesektor het vier bedryfsverslae en vier gevallestudies vir ondernemings ontwikkel wat leiding bied oor regulatoriese, finansiële en tegniese aangeleenthede. Dit is hier beskikbaar: <https://www.westerncape.gov.za/110green/resources>. Ses bedryfsgeleenthede met 'n benaderde totale bywoning van 525 is gehou, wat verskeie onderwerpe rakende energie, water en die groen ekonomie gedek het. Ses omvattende tegniese, regulatoriese of ander insette is voltooi, tesame met 'n bykomende twee diepgaande tegniese, regulatoriese of ander insette wat spesifiek met sonkrag-FV-geleenthede verband hou. 'n Databasis is laastens saamgestel wat meer as 135 verskillende befondsingsgeleenthede uiteensit vir ondernemings in die groen ekonomie en ondernemings wat hul werksaamhede en verskaffingskettings wil vergroen.

Met betrekking tot die verskaffing van ondersteuning en advies aan munisipaliteite rakende sonkrag (FV): 'n beleidsdokument oor hernubare energie is vir gebruik deur munisipaliteite opgestel tesame met 'n volledige beleidsriglyndokument vir SSEG en kragruiling ("wheeling"). Deurlopende ondersteuning is aan Wes-Kaapse munisipaliteite verskaf met betrekking tot verspreide opwekking (insluitende SSEG en kragruiling ["wheeling"]) en hernubare energie op nutsskaal.

Die werk wat betreffende die Wes-Kaapse Waterinnovasienetwerk (WKWINN) gedoen is, het die belangstelling van nasionale organisasies gelok, veral die Suid-Afrikaanse Plaaslikeregeringsvereniging (SALGA) en die Waternavorsingskommissie (WNK). Daar word tans daarop gefokus om die WKWINN-benadering te gebruik om die ontwikkeling van 'n nasionale platform te ondersteun, wat sal dien om 'n groter mark vir Wes-Kaapse watersektorondernemings te bied.

Koördinerings van Munisipale Energieveerkragtigheid (MEV): Die MEV-inisiatief is 'n driejaarprogram wat tot Maart 2023 strek. Die MEV-inisiatief word gelei deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) se hoofdirektoraat: groen ekonomie en word ondersteun deur die gesamentlike pogings van die Departement van Plaaslike Regering (DPR) en die Provinsiale Tesourie (PT). Die MEV-inisiatief het as sy hoofdoelwit die ontwikkeling en verskaffing van ondersteuning en kapasiteitsbou om projekte rakende hernubare energie in munisipaliteite oral in die Wes-Kaap te implementeer vir munisipaliteite, ondernemings en huishoudings om hul eie krag op te wek, te verkry en te verkoop, maar wat nie beperk is tot munisipaliteite wat direkte transaksies met onafhanklike kragprodusente aangaan nie. Gedurende die boekjaar is die MEV- provinsiale bestuurskomitee, wat die DEOT, DPR en Provinsiale Tesourie insluit, op die been gebring om die inisiatief te lei.

'n Dokument wat 'n strategiese roete vorentoe uiteensit, is ontwikkel wat duidelikheid verskaf oor die benadering tot die inisiatief sowel as hulpbrontoekennings. 'n Instrument vir munisipale gereedheidsevaluering (MGE) is ontwikkel om kandidaatmunisipaliteite (d.w.s. dié wat die meeste gereed is) te identifiseer waar baanbrekersprojekte rakende hernubare energie geïmplementeer kan word. Die ses potensiele kandidaatmunisipaliteite wat geïdentifiseer is, is Stellenbosch, Drakenstein, Mosselbaai, Overstrand, Swartland, Stellenbosch en Saldanha. 'n Memorandum van Verstandhouding (MvV) wat tussen die Departement en elkeen van hierdie munisipaliteite onderteken moet word, is opgestel en goedgekeur. 'n Ooreenkoms in beginsel om nou met die Stad Kaapstad saam te werk is ook verkry, wat deur 'n MvV opgevolg sal word.

MEV-projekontwikkelingsdienste: Hierdie projek is om fase 1 van die MEV-inisiatief te ondersteun, wat die ontwikkeling van sakegevalle, munisipale evaluering, projekidentifisering en uitvoerbaarheidsbepalings insluit, sowel as die ontwikkeling van 'n padkaart vir baanbrekersprojekte rakende hernubare energie. 'n Sleutelhoogtepunt is die verskaffing van gedetailleerde sakegevalle deur MEV-projekkomponente (d.w.s. hernubare energie op nutsskaal (>10 MW), verspreide opwekking (1-10 MW), kleinskaalse mede-opwekking van krag (<1 MW) en grootskaalse batteryberging). Die sakegevalle het onder meer verskeie tegnologieë, skale, risiko's, wetlike vereistes, koste en finansiële meganismes ondersoek. Die sakegevalverslag het ook leiding verskaf oor die manier waarop al hierdie maatreëls gestruktureer sou word om voorafuitvoerbaarheidsbepalings rakende potensiele baanbrekersprojekte te doen, om die keuse van optimale baanbrekersprojekte vir implementering in kandidaatmunisipaliteite moontlik te maak. 'n Omvattende regulatoriese dokument wat verdere leiding bied rakende die wetgewende en regulatoriese aspekte van die MEV-inisiatief is ook saamgestel.

Strategiese adviesdienste vir MEV: Hierdie projek het hoogs ervare, tegniese spesialisinsette gebied om die DEOT-span deur fase 1 van die MEV-inisiatief te lei, sowel as die strukturerings en implementering van fase 2 en 3. Die strategiese adviesdienste wat gelewer is, het die huidige nasionale energielandskap uiteengesit, insluitende die aankondiging van die toekenning van die Risikoverligtingsverkrygingsprogram vir Onafhanklike Kragprodusente (RMIPPPP) en die bekendstelling van bodperiode 5 (BP 5) van die REIPPPP. Die strategiese adviseurs het ook leiding gebied oor die aansoek om 'n artikel 34-bepaling: munisipale nuwe opwekkingskapasiteit deur insigte te verskaf rakende die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE) se verwagtinge van munisipale projekte as deel van die wysigingsregulasies oor nuwe opwekking.

Vloeibare aardgas (VAG): Die projek poog om die invoer van VAG, die ontwikkeling van gasaangedrewe krag en die industriële ingebruikneming van gas in die Wes-Kaap te fasiliteer. Die Departement se VAG-uitvoerbaarheidstudie wat in 2019 onderneem is, het die omskakeling van Eskom se Ankerlig-kragstasie (na die gebruik van VAG in plaas van diesel) of die konstruksie van 'n nuwe groenterrein-gaskragstasie as 'n geskikte anker vir VAG geïdentifiseer. Om 'n plan te ontwikkel om dit te behaal, is 'n opdrag (TOR) vir 'n padkaart met behulp van USTDA-ondersteuning (tesame met hul kontrakteur, Delphos International Bpk.) saamgestel. Bykomende oorwegings van hierdie opdrag was die potensiele rol wat kleinskaalse VAG en enige ander geassosieerde infrastruktuur in intermediaire verskaffing aan 'n gaskragstasie kan speel; voorsiening van gas vir ander toekomstige aanvraag (industriële aanvraag); en die geleentheid om Transnet se benadering van VAG-invoer deur middel van 'n oplossing vir die land aan te vul.

Die ontwikkeling van hierdie TOR het die fasilitering en verkryging van steun van kritieke belanghebbers binne Eskom en Transnet vereis. Gereelde samesprekings is met Transnet gehou om te verseker dat Saldanhabaai se VAG-ontwikkeling binne die breër konteks van die land geposisioneer word. Die opdrag, hoewel dit goed ontwikkel is, is nie behaal nie weens aanpassings in Eskom se benadering, onsekerheid in die nasionale DMHE-beleid oor VAG (insluitende die vrystelling van die RMIPPP wat gasgedrewe krag insluit), die herfokus van Transnet-werksaamhede asook die Energiedirektoraat se fokus op die MEV-inisiatief.

Covid-19-werkplekveiligheid: Benewens die Covid-19-tabel (4.8 van hierdie jaarverslag) het die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT), onder leiding van Program 5, maar ook ondersteun deur ander programme en met die funksie vir nievoldoening aan klagtes wat in Desember 2020 deur die Kantoor van die Verbruikersbeskermer oorgeneem is, die werksaamhede in verband met Covid-19-werkplekveiligheid tydens die Covid-19-krisis bestuur. Hierdie werksaamhede het die volgende behels: die ontwikkeling en verspreiding van riglyne, veel voorkomende vrae, kontrolelyste, kommunikasiemateriaal en veiligheidstelle, sowel as talle aanbiedings, radio-onderhoude en individuele sakevergaderings om te verseker dat hierdie inligting gedeel word.

Hierdie werk is aangevul deur die DEOT se nievoldoeningsfunksie rakende Covid-19-werkplekveiligheid, wat voorsiening maak vir die aantekening, reaksie op en bestuur van Covid-19-werkplekveiligheidsklagtes wat ten opsigte van ondernemings in die Wes-Kaap ingedien is.

Altesaam 2 644 ondernemings is deur die klagtehulplyn oor nievoldoening aan werkplekveiligheid bygestaan. Hierbenewens is professionele beroepsgesondheid- en veiligheidskundigheid ingekontrakteer om steun rakende Covid-19-werkplekveiligheid aan 'n verdere 510 ondernemings/organisasies te verskaf. Voorts is sewe sektorspesifieke bestespraktykrygryne ontwikkel en deur middel van hierdie kontrak versprei.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

'n Bedrag van R146,768 miljoen is gedurende die 2020/21-boekjaar vir die program bewillig, waarvan die werklike besteding R143,558 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig 'n werklike besteding van 97,81% van die program se totale begroting. 'n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R28,285 miljoen of 19,70% van die totale besteding beloop.
- Goedere en dienste het R23,891 miljoen of 16,64% van die totale besteding beloop.
- Oordragte en subsidies het R89,499 miljoen of 62,34% van die totale besteding beloop.
- Betalings vir kapitaalbesteding het R1,883 miljoen van die totale programbesteding beloop.

Naam van subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Ekonomiese Beleid en Beplanning	2 804	2 752	53	6 357	5 676	681
Navorsing en Ontwikkeling	8 763	8 706	58	9 653	9 630	23
Kennisbestuur	13 949	13 948	1	11 326	11 325	1
Bemagtiging van Infrastruktuurgroei en -Inisiatiewe	81 012	81 002	10	119 037	118 508	529
Breëband vir die Ekonomie	16 334	15 754	580	19 597	18 836	761
Groen Ekonomie	23 906	21 398	2 508	19 526	17 832	1 694
Totaal	146 768	143 560	3 210	185 496	181 807	3 689

4.6 PROGRAM 6: TOERISME, KUNSTE EN VERMAAK

Doel

Om die implementering van 'n geïntegreerde toerismestategie te fasiliteer wat sal lei tot volhoubare en toenemende groei en werkskepping in die toerismebedryf.

Programstruktuur

Die program is soos volg gestruktureer:

- **Subprogram 6.1: Toerismebeplanning**

Om die strategiese agenda te ontwikkel en te koördineer.

- **Subprogram 6.2: Toerismegroei en -Ontwikkeling**

Om die groei en ontwikkeling van die toerismebedryf te fasiliteer.

Om die gehalte van die besoekerservaring by 'n bestemming te verbeter deur die voorsiening van toerismesteundienste van gehalte.

- **Subprogram 6.3: Toerismesektortransformasie**

Om voorsiening te maak vir die registrasie en regulering van toergidse.

- **Subprogram 6.4: Toerismebestemmingsbemarking**

Om in die uitvoering van sy mandaat hulpbronne aan die openbare entiteit vir toerisme, handel en beleggings te voorsien, soos omskryf in die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig.

Institusionele uitkomstes

Program 6 dra by tot die volgende institusionele uitkomstes ingevolge die Jaarlikse Prestasieplan van 2020/21:

- Toename in uitvoere
- Verbeterde persepsie van toerismeveiligheid

Subprogram 6.1: Toerismebeplanning

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 6.1: Toerismebeplanning								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Toename in uitvoere	Toerismesektor-ontwikkeling-inisiatiewe geïmplementeer	6.1 Getal verslae oor toerismesektor-inisiatiewe ontwikkel	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	-	-

Subprogramprestasies

Gedurende die 2020/21-boekjaar en in die lig van Covid-19-inperkingsbeperkings het die Eenheid vir Toerismebeplanning die DEOT se eerste suksesvolle reeks toerismewebinare bekendgestel om bedryfsperspektiewe en beste praktyke van oor die wêreld te deel.

Lede van die toerismebedryf is genooi om die webinaarreks by te woon om pogings te ondersoek om die Wes-Kaap se toerisme-ekonomie veilig te heropen. Prominente plaaslike en internasionale paneellede het hul sienings oor globale en plaaslike neigings in die lig van Covid-19 gedeel.

Die volgende webinar met hul onderskeie temas vir bespreking is aangebied:

- Webinaar 1: Bestemmingsgereedheid
- Webinaar 2: Stand van die uitstalbedryf
- Webinaar 3: Stand van die sakegeleenthedebedryf
- Webinaar 4: Globale bestemmingsreaksies op die krisis – hoe bestemmings vir 'n nuwe normaal beplan
- Webinaar 5: Bestemmingsreputasiebestuur en -posisionering

Die reeks toerismewebinare is via Zoom gehou met meer as 600 deelnemers wat in totaal vir al vyf webinarre geregistreer het.

Daarbenewens het die Eenheid vir Toerismebeplanning, soos voortspruitend uit die Toerisme-bloudruk (2030), inligtingsessies met al ses streke geskeduleer om belangrike bevindinge en aanbevelings van die Toerisme-konseptbloudruk (2030) te bespreek, asook om die aksieplan vir implementering in die 2021/22-boekjaar te bespreek.

Laastens het die Eenheid vir Toerismebeplanning 'n studie oor die impak van Covid-19 op die toerismewaardeketting geïnisieer. Hierdie projek is belyn met die Wes-Kaapse Herstelplan.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 6.2: Toerismegroei en -Ontwikkeling

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 6.2: Toerismegroei en -Ontwikkeling								
Uitkomst	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Toename in uitvoere	Toerismemarkte gesteun	6.2 Getal verslae oor toerismemark-inisiatiewe ontwikkel	2	2	4	4	-	-
	Toerismeprodukte ontwikkel	6.3 Getal vorderingsverslae oor die implementering van die toerismeprodukt-ontwikkelings-program	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	-	-

Subprogramprestasies

Gedurende die 2020/21-boekjaar het die Eenheid vir Toerismegroei en -Ontwikkeling voortgegaan om die fietstoerismemark te ondersteun deur R125 000 aan die Bitou-munisipaliteit en R100 000 aan die George-munisipaliteit oor te dra vir die opgradering van fietsinfrastruktuur. Tydens Toerismemaand het premier Alan Winde tesame met die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede, David Maynier, die Karoo Crossing-roete bekendgestel. Die Departement het ook borgskap ter waarde van R100 000 aan die Swellendam-munisipaliteit verskaf ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Padfietsrykampioenskappe wat in Swellendam plaasgevind het.

Die Eenheid het die Toerismeproduktontwikkelingsfonds bekendgestel wat geskep is om leemtes en geleenthede in distrikprodukte en -ervarings aan te pak soos geïdentifiseer in die Toerisme-konseptbloudruk (2030). Meer as 200 aansoeke is ontvang, waarvan 11 toerismeprojekte met 'n gesamentlike waarde van R3,8 miljoen ondersteun kon word.

Die projekbegunstigdes is die volgende:

Naam van begunstigde	Projektitel	Dorp en streek
SA Forest Adventures (Edms.) Bpk.	Knysna Ziplines	Knysna, Tuinroete
Wilgewandel BK	Wilgewandel BMX- en MTB-ervaring	Oudtshoorn, Tuinroete (Klein-Karoo)
Nova Balloon Safaris (Edms.) Bpk.	Uitbreiding van Nova Balloon Safaris	Oudtshoorn, Tuinroete (Klein-Karoo)
Buffelsdrift Farm h/a Buffelsdrift Lodge	Ervaring met vrylopende jagluiperds	Oudtshoorn, Tuinroete (Klein-Karoo)
Stellenbosch Adventure Centre BK h/a Adventuureshop	Fietsry deur die Wynland	Stellenbosch, Kaapse Wynland

Vervolg op volgende bladsy

Naam van begunstigde	Projektitel	Dorp en streek
!Khwa ttu San-kultuur-en-opvoedingsentrum (MSW) h/a !Khwa ttu	!Khwa ttu – Kos van die voorouers	Yzerfontein, Weskus
Country Hotels (Edms.) Bpk. h/a Lord Milner Hotel	Ontwikkeling van Matjiesfontein se onontginde toerismepotensiaal	Matjiesfontein, Sentraal-Karoo
Flying Feet	Ultimate Montagu-avontuurerfaring en Montagu Township-kuns-en-musiekervaring	Montagu, Kaapse Wynland
Gravity River Tours BK h/a Gravity Adventures	Gravity-seekajakroei, Weskus	Weskus
Almenkerk Wine Estate BK h/a Almenkerk Wine Estate	Active @ Almenkerk	Grabouw, Overberg
Formula D Design Consultancy (Edms.) Bpk.	Walvishuismuseum, Hermanus – byvoeging van attraksie vir kinders	Hermanus, Overberg

Twee van die elf ondersteunde projekte is in die besit van vroue, naamlik Flying Feet en Gravity Adventures.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 6.3: Toerismesektortransformasie

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 6.3: Toerismesektortransformasie								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Toename in uitvoere	Toergidse ontwikkel	6.4 Getal toergidse ontwikkel	21	159	50	43	(7)	Altesaam 48 deelnemers het vir die opleiding geregistreer; sommige deelnemers het egter nie op die dag vir die opleiding opgedaag nie.
	Toergidse geregistreer	6.5 Getal individue geregistreer (toergidse)	1 703	1 554	1 200	502	(698)	Die teiken is vraaggedrewe en toergidse word op grond van hul aansoeke geregistreer. Weens die inperking en die beperkte aanvraag na hul dienste het baie toergidse nie hul lisensies hernu of om nuwe toergidslisensies aansoek gedoen nie. Dit het gevolglik die prestasie van die Eenheid beïnvloed.

Vervolg op volgende bladsy

Subprogram 6.3: Toerismesektortransformasie								
Uitkomst	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
	Individue/ toerismeverwante ondernemings geïnspekteer of gemonitor	6.6 Getal individue/ toerismeverwante ondernemings geïnspekteer of gemonitor (toergidse)	179	192	130	20	(110)	Die laer as verwagte getal individue gevind by terreine wat geïnspekteer is, kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat toeristebegeleiding steeds beperk is, gegewe die drastiese daling in internasionale toeristegetalle. Inspeksies word gedoen, maar hang af van die getal aktiewe gidse. Bykomende inspeksies is oral in die provinsie gedoen met groot besienswaardighede wat ook beperkte toeristebegeleiding bevestig het, wat in die data weerspieël word.
Verbeterde persepsie van toerisme-veiligheid	Toerisme-ondernemings /individue gesteun deur die Eenheid vir Toerisme-veiligheid	6.7 Getal toerisme-ondernemings /individue gesteun	328	389	300	306	6	Die oorprestasie ten opsigte van die teiken was weens die bewusmakingsveldtog oor Covid-19-verwante veiligheidswenke en -intervensies wat tydens die somertoerismeseisoen in K4 plaasgevind het en wat ook die span toegelaat het om die jaarlikse teiken te behaal.

Vervolg op volgende bladsy

Subprogram 6.3: Toerismesektortransformasie								
Uitkomst	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
	Toesighouding oor die instelling van die Eenheid vir Toerisme-veiligheid-wetstoepassing in vennootskap met die Stad Kaapstad	6.8 Getal toesigverslae oor die instelling van die Eenheid vir Toerisme-veiligheid-wetstoepassing	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	-	-
	Toerisme-veiligheidsstrategie geïmplementeer	6.9 Getal verslae oor die implementering van die Toerisme-veiligheidsstrategie	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	-	-
	Peilings oor persepsie van toerismeveiligheid gedoen	6.10 Getal peilings oor persepsie van toerismeveiligheid gedoen	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1	0	(1)	'n Basislynvoorlê-peiling kon nie gedoen word nie weens die impak van Covid-19 wat gelei het tot laer internasionale besoekers-getalle wat die basislyn-resultate sou skeeftrek.

Subprogramprestasies

Weens die Covid-19-pandemie is beperkings op byeenkomste geplaas, wat 'n impak gehad het op die tradisionele manier waarop die toerismeveiligheidsforum aangebied is, d.w.s. 'n fisiese vergadering van rolspelers. Met grense wat vir die grootste deel van die jaar gesluit was, was daar ook beperkte internasionale toeriste in die land. Met binnelandse toerisme wat gedurende September 2020 weer oopgestel is en met internasionale grense wat op 1 Oktober 2020 heropen het, is 'n reeks werksessies oor “bestemmingsgereedheid” oral in die Wes-Kaap gehou. Hierdie vergaderings is almal virtueel gehou, met MS Teams wat die platform was wat die meeste gebruik is. Soos elders gerapporteer, het die Eenheid verder ook 'n seisoengereedheidsveldtog geïmplementeer in die aanloop tot die somerseisoen in 2021.

'n Eenheid vir Toerismewetstoepassing wat in vennootskap met die Stad Kaapstad ingestel is, het bykomende wetstoepassingskapasiteit by die bestaande netwerk van veiligheidsbeamptes in die Kaapstadse SSB gevoeg. Tien beamptes is nou by besige toeristebesienswaardighede ontplooi. Die totale getal patrollies wat sedert die aanvang van hierdie fase van die projek gedoen is, is 6 126; 716 toeriste is bygestaan; 1 003 stop-en-deursoekaksies is uitgevoer; 3 834 boetes en voldoeningskenningsgewings is uitgereik; drie arrestasies is uitgevoer; en 1 662 klagtes is hanteer.

Die Departement, deur sy 24/7-toerismehulpvermoë, het gedurende die boekjaar meer as 300 belanghebbers bygestaan, insluitende toeriste in nood.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Die werk van die Eenheid vir Toergidsregistrasie is grootliks vraaggedrewe. Covid-19 en die dramatiese daling in toeristegetalle het 'n beduidende impak gehad op die getal toergidsaansoeke wat ontvang is, sowel as die getal toergidse wat aktief werkzaam is. Alhoewel daar verwag word dat verbetering stadig sal plaasvind, werk die DEOT proaktief saam met die bedryf om herstel te ondersteun.

Subprogram 6.4: Toerismebestemmingsbemarking

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 6.4: Toerismebestemmingsbemarking								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Toename in uitvoere	Toesighouding oor Wesgro se toerisme-bestemming-bemarking-funksie	6.11 Getal toesigverslae oor toerisme-bestemming-bemarking	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	-	-

Subprogramprestasies

Wesgro is 'n bylae 3C- openbare entiteit. Wesgro se wetgewende mandaat word bepaal in die doelstellings van die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 2013 (Wet 6 van 2013). Wesgro BBO is verantwoordelik vir toerismebemarkingspromosie vir Kaapstad en die Wes-Kaap. Die Departement speel 'n toesighoudende rol en is ook die party wat fondse na Wesgro moet oordra sodat die agentskap die ooreengekome aktiwiteite soos uiteengesit in sy sakeplan kan uitvoer. Vier oordragbetalings is gedurende die boekjaar aan Wesgro gemaak.

Die toesighoudende rol het tegniese kontrolering rakende Wesgro se jaarlikse prestasieplan ingesluit om te verseker dat die aanwysers en strategiese doelwitte belyn is met die Wet en met die jaarlikse 2020/21-begroting, sowel as die Departement se strategiese en begrotingsplanne. Hierdie hersienings is elke kwartaal gedoen.

Maandelikse toesigvergaderings is gehou asook verskeie ad hoc-vergaderings, waar nodig.

Covid-19 en die inperkingsbeperkings het wel 'n impak gehad op die vermoë van Wesgro BBO om sy jaarlikse teikens te behaal, alhoewel die organisasie verskeie responsstrategieë geïmplementeer het. Die kansellering van sake- en ontspanningsgeleenthede het die grootste impak op Wesgro BBO se prestasie gehad.

Koppeling van prestasie aan begrotings

'n Bedrag van R76,713 miljoen is gedurende die 2020/21-boekjaar vir die program bewillig, waarvan die werklike besteding R76,578 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig 'n werklike besteding van 99,82% van die program se totale begroting. 'n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R8,025 miljoen of 10,48% van die totale besteding beloop.
- Goedere en dienste het R1,292 miljoen of 1,69% van die totale besteding beloop.
- Oordragte en subsidies het R66,750 miljoen of 87,17% van die totale besteding beloop.

Subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Toerismegroei en -Ontwikkeling	19 613	19 480	133	15 107	13 222	1 885
Toerismesektor-transformasie	2	-	2	2	-	2
Toerismebestemmings-bemarking	57 098	57 098	-	44 926	44 926	-
Totaal	76 713	76 578	135	60 035	58 148	1 887

4.7 PROGRAM 7: VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVASIE

Doel

Om die voorsiening van mensekapitaal- en innoveringsvaardighede te fasiliteer om in die ekonomiese behoeftes rakende die ontwikkeling van menslike hulpbronne in die Wes-Kaap te voorsien.

Programstruktuur

Die program is soos volg gestruktureer:

- **Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Vennootskap**
Om vennootskappe en samewerking met belanghebbers op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak te koördineer ten einde sistemiese veranderinge te dryf, met die doel om die aanbod van relevante vaardighede te verhoog wat belyn is met die huidige en toekomstige vaardigheidsaanvraag van prioriteitsgroeisektore in die provinsie.
- **Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -Projekte**
Om werklose of onbesette persone te fasiliteer/ondersteun om toegang tot werksgeleenthede te kry.
- **Subprogram 7.3: Vaardigheidsaansporings**
Om befondsingsgeleenthede binne die vaardigheidspyplyn te benut.

Institusionele uitkomstes

Program 7 dra by tot die volgende institusionele uitkomstes ingevolge die Jaarlikse Prestasieplan van 2020/21:

- Ondersteuning vir verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes

Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Vennootskap

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Vennootskap								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes gesteun	Vaardighede-inligtingsverslae geproduseer	7.1 Getal vaardighede-inligtingsverslae geproduseer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	-	-

Subprogramprestasies

Die Subprogram: Provinsiale Vaardighede en Vennootskap was in staat om datastelle oor vaardigheidsaanvraag en -aanbod te bekom deur middel van ons vennootskap met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en gestruktureerde skakelings met die openbare en privaat sektor. Hierdie datastelle het die potensiaal om huidige en toekomstige vaardigheidsbehoefte in die provinsie toe te lig en kan ons vennote in die vaardigheidsekosisteem bystaan om die aanvraag en respons rakende hierdie vaardigheidsbehoefte beter te begryp. Die subprogram het 'n sakeintelligensie-instrument geïnisieer wat die ontleding van hierdie datastelle kan automatiseer. Die ontleding van hierdie datastelle is onderliggend aan ons kwartaallike vaardighedinligtingsverslae.

Die verslae beklemtoon die impak van Covid-19 op die opleiding- en onderwysomgewing, digitale transformasie en die impak daarvan op sektorontwikkeling, sowel as om te fokus op jeugdiges wat nie in diens, onderwys of opleiding is nie (NDOO's). Die verslae ondersoek ook tendense in beroepe wat hoog in aanvraag is en vakante poste wat moeilik gevul is.

Die subprogram het samewerking tussen opleidingsverskaffers en bedryfsvennote in die openbare en privaat sektor gefasiliteer om innoverende opleidingsmodelle te bevorder. Die uitsette van hierdie samewerking het die ontwikkeling van opleidingsmateriaal vir die dubbele stelsel van vakleerlingskappe vir die 21ste eeu (A21) ondersteun. Die opleidingsmateriaal het ingesluit dit wat geskryf is vir beroepskwalifikasies in groen tegnologie, IKT en fietsmeganika. Bedryfsbetrokkenheid by die ontwikkeling van die opleidingsmateriaal het die toepaslikheid daarvan vir bedryfsvaardighedsbehoefte verseker.

Die subprogram het nuwe skakels tussen sakekamers en die akademie moontlik gemaak ten opsigte van die verskaffing van opleiding in logistiek, landbou en sentrums van spesialisering (SvS). Hierdie sentrums is by tegniese beroepsonderwys-en-opleidingskolleges geleë en fokus op ambagte wat die innoverende tweeledige beroepsleermodelle in die provinsie ondersteun.

Die subprogram het positiewe en hoogs suksesvolle provinsiale interdepartementele samewerking met die volgende bewerkstellig:

- Onderwys (WKOD) en Kultuursake en Sport (DKS) om die @tuisleer-projek te implementeer. Hierdie projek het internskapgeleenthede aan werklose jeugdiges gebied terwyl die onderwysekosisteem, wat swaar deur die pandemie getref is, ondersteun is. Hierdie projek het die herintegrasie van jeugdiges in die skoolstelsel gesteun.

- Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOS&OP) wat gelei het tot mede-finansiering deur die Beierse Regering en Weskus Kollege om die daarstelling van 'n opleidingsfasiliteit te ondersteun wat fokus op opleiding in koolwaterstofverkoeling en lugversorging. Hierdie inisiatief is die eerste van sy soort in die provinsie.
- Plaaslike Regering (DPR) en die munisipaliteite in die provinsie om werklose gegradueerdes die geleentheid te bied om betekenisvolle werkplekervaring by munisipaliteite te voltooi en by te dra tot munisipale dienslewering.

SETA TBOO-forum

Een van die grootste suksesse van die vaardigheidsvennootskappe was die stigting en voortgesette funksionering van die provinsiale SETA en TBOO-forum (tegniese beroepsonderwys-en-opleiding- sowel as gemeenskapsonderwys-en-opleidingskolleges). Hierdie Forum het ook verteenwoordiging van die Nasionale Vaardigheidsfonds (NVF) en die Wes-Kaapse Regering.

Die Forum is die eerste in sy soort vir die land en is 'n praktiese meganisme om beter belyning te bewerkstellig tussen vaardighede wat deur openbare opleidingsverskaffers voorsien word en bedryfsbehoefte. Een van die sleuteluitkomstes wat tot dusver bereik is, is verbeterde integrasie in beplanning tussen kolleges en die SETA's. Dit het gelei tot 'n toename in beroepsvaardigheidsaanbiedinge by kolleges en 'n nouer samewerking vir werkplasinge. Dit het ook gelei tot meer ondersteuning vir tweeledige beroepsopleidingsmodelle, wat voorsiening maak vir beter belyning met bedryfsbehoefte.

Die subprogram sal voortgaan om die vaardigheidsaanbodpylyn te versterk wat vaardighede en werkplekkeleenthede vir werkloses sal verhoog, sowel as die verbetering van die toegang, gehalte en relevansie van vaardigheidsaanbiedinge en opleidingsmodelle wat belyning is met bedryfsvaardigheidsbehoefte.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -Projekte

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -Projekte								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21	Redes vir afwykings
Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes	Begunstigdes gesteun deur vaardighede-intervensies	7.2 Getal begunstigdes gesteun deur vaardighede-intervensies	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1 500	4 153	2 656	Weens die Covid-19-pandemie se impak het die Departement al sy vaardigheidsprogramme herbelyn en begrotings verhoog om meer programme vir werkservaringsplasing te voorsien ten einde inkomste vir huishoudings en werkskepping te ondersteun.

Let wel: In reaksie op Covid-19 is die 2020/21 JPP gedurende 2020 weer ter tafel gelê om voorsiening te maak vir die verandering in die definisie van uitsetaanwyser 7.2 om werkers in te sluit wat tydelik op verlof is. Die uitsetaanwyser of jaarlikse teiken het nie verander nie.

Die Departement het aansoek gedoen vir befondsing via die Nasionale Tesourie om die sektore te ondersteun wat die ergste deur die Covid-19-pandemie geraak is, veral die gasvryheidssektor. Die doel was om aansporing te bied vir werkers wat tydelik op verlof is en in die gasvryheidsbedryf werksaam is, maar wat nie tydens die pandemie kon werk nie. Die doel sou wees om aansporing te bied vir mede-finansiering rakende die werknemers sodat hulle in hierdie tyd toegang tot 'n toelae kon kry. Ons het egter nie die beoogde befondsing ontvang nie en was dus nie in staat om gedurende die boekjaar te fokus op werkers met tydelike verlof nie.

Subprogramprestasies

Die inperkingsperiodes, veral die herhalings vroeg aan die begin van die boekjaar, het gelei tot skielike en vinnige dalings in ekonomiese aktiwiteite, die aanvraag na indiensneming en 'n staking in die aanvraag om nuwe toetreders tot die arbeidsmark in diens te neem. Voorts met betrekking tot klasgebaseerde opleiding – 'n sleutelfokus van die Departement se vaardigheidsbenadering – het die aard van die inperkingsbeperkings en die pandemie talle uitdagings meegebring. Dit het die Departement genoop om alternatiewe benaderings te ontwikkel as teenvoeter vir hierdie beperkings en ten opsigte van die gesondheidsoorwegings van jeugdiges in sy programme.

Die program het die fokus verskuif na die ondersteuning van werkskepping en vaardigheidsontwikkeling deur aansporings aan firmas te bied om werklose jeugdiges in diens te neem deur middel van ervaringsleerprogramme, wat huishoudelike inkomste verder ondersteun het. Sommige firmas het positief gereageer op ons versoeke om ervaringsleergeleenthede aan te vul met inisiatiewe vir die ontwikkeling van tegniese vaardighede, op hul koste en deur bykomende toelaeyvoegings te verskaf, terwyl werksgeleenthede by die onderskeie ondernemings gebied word.

Binne die finansiële uitdagende omgewing waarin ons onself bevind het, het die subprogram innoverende maniere ondersoek om vaardigheidsvoorsiening, indiensneming, huishoudelike inkomste en ander maatskaplike uitdagings gelyktydig aan te pak deur middel van sy ervaringsleerprogramme. Een so 'n voorbeeld was 'n samewerkende inisiatief met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement waar 59 begunstigdes van ervaringsleerwerkseleenthede sowel as vaardighede voorsien is om psigososiale ondersteuning aan jeugdiges te bied wat uitgesak het uit die basiese onderwysstelsel. Dit het die oorgangsproses van hierdie jeugdiges terug in die onderwysstelsel gesteun.

Ter erkenning van die belangrikheid van vervaardigingsektore en die ekonomiese risiko's verbonde aan ons ouerwordende ambagswerksmag het die Departement 400 ambagsbegunstigdes ondersteun in hul strewe om hul onderskeie vakoetse te voltooi.

Ter erkenning van die belangrikheid van tegnologie-sektore het die Departement 80 werklose jeugdiges in gewilde Microsoft- en Oracle Java-sagtewareontwikkelingstale opgelei. Benewens sertifiseringsopleiding is die jeugdiges ook van ervaringsleerwerkseleenthede voorsien om hul nuutverworwe vaardighede te slyp.

Firmas, op grond van hul finansiële en ander posisies, dra dikwels by tot die holistiese werkplekervaring van ons jeug. Hulle doen dit deur mede-finansiering van toelaes, betaling of voorsiening rakende persoonlike beskermende werksklere soos oorpakke, veiligheidshelms, veiligheidskoene, ens., en die verskaffing van geakkrediteerde of niegeakkrediteerde opleiding. Dit dra by tot die algehele werksgereedheid en toekomstige indiensneembaarheid van die ervaringsleerbegunstigdes. Ten opsigte van die kwantifisering van die bydrae van bedryfsondersteuning aan ons jeug, beraam die Departement dat meer as R105 miljoen aangewend is. Dit het die Departement se lewering van sy vaardighedsontwikkelingsprogramme versterk en bygestaan om sy doelwit van die ondersteuning van 1 500 begunstigdes deur middel van ervaringsleerwerkseleenthede met 2 653 te oortref.

'n Voorlopige impakstudie wat deur die Departement gedoen is, dui daarop dat soveel as 70% van die jeugdiges wat deur die ervaringsleerprogramme van die Departement ondersteun is, steeds in diens is nadat die ervaringsleerwerkseleenthede geëindig het.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 7.3: Vaardigheidsaansporings

Uitkomstes, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 7.3: Vaardigheidsaansporings								
Uitkomste	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde werklike prestasie 2018/19	Geouditeerde werklike prestasie 2019/20	Beplande jaarlikse teiken 2020/21 (R'000)	Werklike prestasies 2020/21 (R'000)	Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2020/21 (R'000)	Redes vir afwykings
Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes gesteun	Fondse aangewend	7.3 Waarde van fondse aangewend	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	50 000	105 564	55 564	Ons werkplasing-implementering-benadering moedig maatskappye aan om mede-finansiering by te dra vir toelaes en vaardigheids-oordrag tydens plasing vir internskappe. Die toename in die getal plasing het gelei tot meer mede-finansiering wat van hierdie maatskappye aangewend is, asook die SETA-vennootskappe se befondsing vir vaardigheids-intervensies.

Subprogramprestasies

Die subprogram erken die mate waarin provinsiale begrotings onder druk gekom het. Hierdie erkenning het gelei tot verhoogde programopogings om befondsing van eksterne bronne te benut ter ondersteuning van die versterking en uitbreiding van vaardigheidsontwikkelingsintervensies. Vir hierdie doel is die subprogram verheug om aan te kondig dat dit meer as R105 miljoen aangewend het van eksterne bronne – wat private en openbare eksterne fondse insluit – ter ondersteuning van vaardigheidsontwikkelingsintervensies. Die bykomende fondse het die Departement in staat gestel om bestaande intervenies te versterk en sy ondersteuning na meer as 4 100 begunstigdes in vaardigheidsontwikkeling- en ervaringsleerleenthede uit te brei.

Wes-Kaapse SETA-kluster

Die subprogram fasiliteer die Wes-Kaapse SETA-kluster, 'n samewerkende forum waaraan 21 SETA's deelneem. Die visie daarvan is om die leemtes in vaardigheidsbefondsing aan te pak, indiensneembaarheid te verbeter en die deelname van die landsburgers van die Wes-Kaap in die arbeidsmark te bevorder.

Voortspruitend uit die forum is verskeie voorstelle aan die SETA's voorgelê, ten opsigte waarvan die Departement positiewe reaksies ter waarde van meer as R60 miljoen ontvang het, wat vir vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe in die 2021/22-boekjaar geormerk is.

Fasilitering van die Covid-19-werkplekveiligheidstelle

Alhoewel die verspreiding van Covid-19-veiligheidstelle nie direk gekoppel is aan die benutting van finansiering vir vaardigheidsontwikkeling nie, het die subprogram die belangrikheid daarvan erken om 'n veilige werksomgewing te ondersteun waarin die arbeidsmag teen die impak van die pandemie op gesondheid beskerm word. Dit is binne hierdie konteks dat die subprogram steun gebied het met die verspreiding van Covid-19-werkplekveiligheidstelle om KMMO's, beide formeel en informeel, in staat te stel om voort te gaan om op 'n veilige en verantwoordelike manier onder Covid-19-toestande en golwe van infeksie sake te doen. Die subprogram het die verspreiding van 859 werkplekveiligheidstelle met verskeie belanghebbers en DEOT-personeel in die Klipfontein- en Mitchells Plain-brandpunte gekoördineer. Toesighouding en bystand om 756 werkplekveiligheidstelle in die Tygerberg- en noordelike gebiede te versprei, is ook verskaf.

Koppeling van prestasie aan begrotings

'n Bedrag van R82,034 miljoen is in 2020/21 vir die Vaardigheidsontwikkeling-en-innovasieprogram bewillig ter ondersteuning van intervensies en vennootskappe wat daarop gemik is om die gaping te verklein tussen vaardighede wat aangebied word en dit wat deur die ekonomie benodig word. Werklike besteding het R81,950 miljoen of 99,90% van die bewilligde bedrag beloop. Totale besteding sluit die volgende in: R10,397 miljoen vir vergoeding van werknemers; R3,704 miljoen vir goedere en dienste; en R67,518 miljoen aan oordragte en subsidies. Die grootste deel is geormerk vir toelaebetalings aan begunstigdes om ervaringsleer in die werkplek te steun. Betalings vir kapitaalbesteding het R331 van die totale programbesteding beloop.

Subprogramnaam	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Provinsiale Vaardighede en Vennootskap	5 591	5 534	57	15 817	14 918	899
Vaardigheidsprogramme en -Projekte	72 276	72 265	11	47 878	47 875	3
Vaardigheids-aansporings	4 167	4 151	16	2 579	2 262	317
Totaal	82 034	81 950	84	66 274	65 055	1 219

Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met gemeenskaplike funksies

Nie van toepassing nie.



4.8 Verslagdoening oor die institusionele respons rakende die Covid-19-pandemie

Begrotingsprogram	Intervensie	Geografiese ligging (provinsie/distrik/ plaaslike munisipaliteit, waar moontlik)	Getal begunstigdes (waar moontlik)	Disaggregasie van begunstigdes (waar moontlik)	Totale begrotings-toewysing per intervensie ('000)	Begroting spandeer per intervensie ('000)	Bydrae tot die uitsette in die JPP (waar toepaslik)	Onmiddellike uitkomstes
Program 2	Werkplekveiligheidsstelle	30 munisipaliteite	9 708	2 656 vroue 854 jeug-ondernemings 60 ondernemings in besit van persone met gestremdhede	3 100	3 140	Getal ondernemings bygestaan	Bekamping van die verspreiding van die virus
Program 2	SMME-ondersteuning (Covid-19-hulpfonds en Steun-ontwikkelingsfonds)	Stad Kaapstad, Tuinroete, Overberg-distrik, Weskus-distrik, Kaapse Wynland, Sentraal-Karoo	249	47% vroue 12% jeug 1% gestremdes se KMMO's	40 211	38 543	Getal ondernemings bygestaan	Toename in uitvoerbaarheid en verbeterde KMMO-oorlewingskoers
Program 2	WK C-19-sakepeiling	Stad Kaapstad en die vyf distrikte	2 202	Grootte van onderneming is eerder geprioritiseer as 'n meting om aan te teken gedurende hierdie Covid-19-impakverwante peiling onder ondernemings	Onbefonds	Onbefonds	Getal ondernemings bygestaan	Bekamping van die verspreiding van die virus
Program 5	Covid-19-veiligheid (nievoldoening en BGV-werkplek-veiligheid)	Alle plaaslike en distriks-munisipaliteite	4 308 klagtes ontvang (waarvan 2 644 teen ondernemings was). Totale ondernemings gesteun, was 3 103 bestaande uit 459 ondernemings wat via 'n beroepsgesondheid-en-veiligheidsprojek ondersteun is en 2 644 ondernemings wat rakende klagtes oor nievoldoening bygestaan is.	Geen disaggregeerde data rakende begunstigdes beskikbaar nie	3 264	505	Nie van toepassing nie	Stel ondernemings in staat om oop te bly

Begrotingsprogram	Intervensie	Geografiese ligging (provinsie/distrik/ plaaslike munisipaliteit, waar moontlik)	Getal begunstigdes (waar moontlik)	Disaggregasie van begunstigdes (waar moontlik)	Totale begrotings-toewysing per intervensie ('000)	Begroting spandeer per intervensie ('000)	Bydrae tot die uitsette in die JPP (waar toepaslik)	Onmiddellike uitkomstes
Program 5	#GoDigitalWC	Hele Wes-Kaap	911 bywoners by weeklikse webinare 161 ondernemings gesteun	Disaggregeerde data slegs vir die ICAN Learn-komponent beskikbaar: 313 jeugdige geregistreer op ICAN Learn-komponent; 268 vroue geregistreer	Onbefonds	Onbefonds	Getal projekte rakende die digitale ekonomie gesteun	25 #GoDigitalWC-webinare 27 #GoDigitalWC-artikels gepubliseer 177 vrywilligers rakende tegnologie het aansoek gedoen
Alle programme	Koördinerings- van ekonomiese kluster	Hele Wes-Kaap	44 weeklikse brandpunt-koördinerings-vergaderings 44 weeklikse ekonomiese kluster-/Jobs Now-koördinerings-skakelings 44 weeklikse JOC-vergaderings bygewoon en verslae saamgestel	Nie van toepassing nie	Onbefonds	Onbefonds	Nie van toepassing nie	Verbeterde kommunikasie en koördinerings van pogings vir ekonomiese steun gedurende Covid-19. Koördinerings van verslagdoenings-vereistes van die pogings van die ekonomiese kluster. Verbeterde samewerking tussen verskillende belanghebbende met betrekking tot inisiatiewe van die ekonomiese kluster.
Program 6	Toerismeproduk-ontwikkelingsfonds	Tuinroete, Weskus, Wynland, Overberg en Sentraal-Karoo	11 ondernemings	2 ondernemings in besit van vroue	5 000	3 835	Getal vorderingsverslae oor die implementering van die Toerismeproduk-ontwikkelingsprogram	Toename in die getal besoekers aan die nuwe of verbeterde toerismeproduk (aktiwiteite/besienswaardighede) aangebied vir besoekers. Dit sal 'n toename in toeristebesteding tot gevolg hê wat 'n impak op BBP en indiensneming in die WK-ekonomie sal hê.

Begrotingsprogram	Intervensie	Geografiese ligging (provinsie/distrik/ plaaslike munisipaliteit, waar moontlik)	Getal begunstigdes (waar moontlik)	Disaggregasie van begunstigdes (waar moontlik)	Totale begrotings-toewysing per intervensie ('000)	Begroting spandeer per intervensie ('000)	Bydrae tot die uitsette in die JPP (waar toepaslik)	Onmiddellike uitkomstes
Program 6	Reeks toerisme-webinare	Hele Wes-Kaap	600 deelnemers oor vyf webinare	Geen disaggregeerde data rakende begunstigdes beskikbaar nie	Onbefonds	Onbefonds	Getal verslae oor toerismesektor-inisiatiewe ontwikkel	Deel van praktiese wenke vir werkplekveiligheid en ander beste praktyke met KMMO's in die toerismebedryf
Program 6	George-lughawe	Tuinroete	153 046 passasiers gekontroleer en getoets	Geen disaggregeerde data is beskikbaar nie	1 014	883	Nie van toepassing nie	Heropening van George-lughawe
Program 7	Internskappe deur toelaesteun vir ervaringsleer	Alle distrikte in die Stad Kaapstad	810 werksgeleenthede geskep	Geen disaggregeerde data is beskikbaar nie	5 000	5 000	Getal begunstigdes gesteun deur vaardigheids-intervensies	Internskappe gefasiliteer

5. OORDRAGBETALINGS

5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite

Naam van openbare entiteit	Sleuteluitsette van die openbare entiteit	Bedrag oorgedra na die openbare entiteit (R'000)	Bedrag bestee deur die openbare entiteit (R'000)	Prestasies van die openbare entiteit
Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling				
Wes-Kaapse Bestemmingsbemarking-, Investerings- en Handelsbevorderings-agentskap (Wesgro)	Bedryfsbefondsing ter ondersteuning van Wesgro se handel- en investeringsbevorderings-aktiwiteite	59 965	57 564	Wesgro het 'n geraamde ekonomiese impak van meer as R9,6 miljard behaal en meer as 2 500 werksgeleenthede geskep. Altesaam 17 beleggingsprojekte is gerealiseer en 66 handelsbevorderingsake-ooreenkomste is onderteken.
Program 5: Ekonomiese Beplanning				
Wes-Kaapse Bestemmingsbemarking-, Investerings- en Handelsbevorderings-agentskap (Wesgro)	Bedryfsbefondsing vir die totstandkoming van die ASES	29 161	27 127	Grond ter waarde van R59 325 000 gekoop in kontantlose transaksie; infrastruktuurbeplanning geneem na vlak van soneuitleg en -ontwerp; 'n robuuste pylyn van beleggers behou en nuwe beleggers gelok; meer as 100 jongmense het gebaat by opleidingsgeleenthede; ondernemingsontwikkelings-program is direk aan ten minste 20 klein ondernemings aangebied, met 'n oop geleentheid vir ondernemingsregistrasie op die ASES-databasis.
Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy	Bedryfsbefondsing vir die entiteit	42 566	42 566	Groot infrastruktuur-vordering, insl. voltooiing van hoof- kommersiële sentrum; BBP-bydrae van R1 miljard; spasiebesetting van meer as 30%.
Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak				
Wes-Kaapse Bestemmingsbemarking-, Investerings- en Handelsbevorderings-agentskap (Wesgro)	Bedryfsbefondsing ter ondersteuning van Wesgro se bestemmingsbemarking-aktiwiteite	57 098	57 098	Die Agentskap het 'n suksesvolle reuse-vertroudmakingsreis in die Tuinroete aangebied en het die "We Are Open"-veldtog vir plaaslike toerisme sowel as die "Kids Stay Free"-veldtog bekend gestel. Hulle het ook daarin geslaag om weer gereelde vlugroetes na Kaapstad in te stel. Die Agentskap het 10 ontspanningsgeleentheid-aktiwiteite ondersteun en 7 gesamentlike bemarkingsooreenkomste bekom. Ten spyte van die huidige pandemie het die agentskap 15 nuwe aanbiedinge vir die boekjaar onder oorsig bekom met 'n geraamde ekonomiese impak vir die bestemming van R487 miljoen.

Let wel: Die Wesgro-oordragversoek is nie gefinaliseer nie omdat Wesgro se FJS nie deur die Ouditeur-generaal afgeteken is ten tyde van publiserings nie, wat 'n finale bestedingsbedrag vir die openbare entiteit sou verskaf.

5.2 Oordragbetalings aan organisasies buiten openbare entiteite

Die tabel hier onder toon die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2020 tot 31 Maart 2021 gemaak is.

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan a38(1) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee (R'000)	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Program 1: Administrasie						
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SABC)	Departementele agentskap	Hernuwing van televisielisensies binne die Departement	Ja	5	5	NVT
Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste						
Labit Consulting	Private onderneming	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	410	355	Die projek is geskeduleer vir voltooiing teen Oktober 2021 en die fondse sal teen daardie tyd bestee wees.
LaunchLab	Private onderneming	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	638	638	NVT
Edge Growth	Private onderneming	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	3 390	3 127	Die projek het vertragsings ondervind weens die impak van die Covid-19-pandemie wat die tempo van die projekbesteding beïnvloed het.
Suid-Afrikaanse Sakeinkubator vir Hernubare Energie (SAREBI)	Maatskappy sonder winsoogmerk	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	765	765	NVT
ASISA Foundation	Trust	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	1 177	1 177	NVT
Valsbaai Kollege	Maatskappy sonder winsoogmerk	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	1 225	1 097	Die projek het vertragsings ondervind weens die impak van die Covid-19-pandemie wat die tempo van die projekbesteding beïnvloed het. Dit is 'n lopende projek en die fondse sal bestee word.
Fix Forward	Private onderneming	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	1 091	1 091	NVT
True North	Maatskappy sonder winsoogmerk	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	263	263	NVT
Suid-Afrikaanse Onderwys- en Omgewingsprojekte	Maatskappy sonder winsoogmerk	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	726	726	NVT
Produktiwiteit SA	Nasionale openbare entiteit	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	410	313	Die projek is geskeduleer vir voltooiing teen September 2021 en die fondse sal teen daardie tyd bestee wees.

Vervolg op volgende bladsy

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan a38(1) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee (R'000)	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste						
Daytime Move Trading h/a Trio Plus	Private onderneming	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	Ja	813	793	Die projek het vertragings ondervind weens die impak van die Covid-19-pandemie en is geskeduleer vir voltooiing teen April 2021.
Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (WKEOV)	Instelling sonder winsoogmerk	Om befondsing te verskaf vir 'n WKEOV-intervensie wat daarop gemik is om die volhoubaarheid van spazawinkels te verbeter	Ja	2 000	1 400	Die projek het vertragings ondervind en is geskeduleer vir voltooiing teen Mei 2021. Die fondse sal teen Mei 2021 bestee word.
IKNS Trading	Private onderneming	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	150	150	NVT
Design Twenty Six	Private onderneming	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	159	159	NVT
Décor Design and Upholstery	Private onderneming	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	100	100	NVT
Elmada Clothing	Private onderneming	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	125	125	NVT
2Gether Consulting	Private onderneming	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	114	114	NVT
Debongs Café	Private onderneming	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	194	194	NVT
Jaydu Creations	Beslote korporasie	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	84	84	NVT

Vervolg op volgende bladsy

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan a38(1) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee (R'000)	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Mariets Celebrities	Private onderneming	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	100	100	NVT
Recharge Africa	Beslote korporasie	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	180	180	NVT
Woodstock Laundry	Private onderneming	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	285	285	NVT
Zulaphe	Private onderneming	Toelaefinansiering aan KMMO's om toerusting en masjinerie aan te koop	Ja	177	177	NVT
Kleinsake-ontwikkelings-agentskap (KSOA)		Toelaefinansiering verskaf aan KSOA om 5 van sy township-inkubators met bedryfskoste by te staan	Ja	5 000	2 500	Die fondse is vertraag omdat die KSOA-stelsel gekaap is, wat daartoe gelei het dat die organisasie nie fondse na begunstigde organisasies kon oordra nie. Die fondse sal oorgedra word sodra die stelsel herstel is.
Kaap Agulhas-munisipaliteit	Munisipaliteit	Handelsruimtes vir handelaars	Ja	150	148	Die werklike besteding met betrekking tot sekere items het 'n laer koste gehad as wat aanvanklik geprojekteer is. Die res van die befondsing sal vir projekverbetering gebruik word.
Kaapstad Sakekamer	Maatskappy sonder winsoogmerk	Ondersteuning aan sakekamers en verenigings om die programme van die kamers en hul werksaamhede te steun	Ja	355	355	NVT
George Sakekamer	Maatskappy sonder winsoogmerk	Ondersteuning aan sakekamers en verenigings om die programme van die kamers en hul werksaamhede te steun	Ja	179	179	NVT

Vervolg op volgende bladsy

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan a38(1) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee (R'000)	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
WK-koalisie van Informele Handelaars	Maatskappy sonder winsoogmerk	Ondersteuning aan sakekamers en verenigings om die programme van die kamers en hul werksaamhede te steun	Ja	150	150	NVT
AHI Wes-Kaap – Tygerberg Sakekamer	Maatskappy sonder winsoogmerk	Ondersteuning aan sakekamers en verenigings om die programme van die kamers en hul werksaamhede te steun	Ja	31	31	NVT
Lexshell 44 General Trading (Edms.) Bpk.	Private onderneming	Ondersteuning aan sakekamers en verenigings om die programme van die kamers en hul werksaamhede te steun	Ja	291	291	NVT
Laingsburg-munisipaliteit	Munisipaliteit	Handelsruimtes en sakeontwikkelingsteun vir handelaars	Ja	1 110	1 058	Die werklike besteding met betrekking tot sekere items het 'n laer koste gehad as wat aanvanklik geprojekteer is. Die res van die befondsing sal vir projekverbetering gebruik word.
Witzenberg-munisipaliteit	Munisipaliteit	Handelsruimtes vir handelaars	Ja	363	0	Die munisipaliteit wag op die aflewering van houters in Mei 2021 voordat betaling gemaak kan word.
Sentrum vir VKO	Maatskappy sonder winsoogmerk	Bystand vir VKO's rakende voldoening om te registreer	Ja	1 998	271	Die projek het in Februarie 2021 afgeskop en sal in Oktober 2021 eindig.
Ikamva Labantu Charitable Trust	Maatskappy sonder winsoogmerk	Bystand vir VKO's rakende voldoening om te registreer	Ja	243	58	Die projek het in Februarie 2021 afgeskop en sal in Oktober 2021 eindig.
Skenkings aan verskeie private ondernemings	Private ondernemings	Skenking as deel van die Covid-hulpfonds vir KMMO's	NVT	38 543	38 543	NVT

Vervolg op volgende bladsy

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan a38(1) van die WOBF?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee (R'000)	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling						
The Real Food Factory	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf aan die begunstigde om voldoening aan internasionale standaarde te verseker	Ja	117	117	NVT
Art of Taste	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf aan die begunstigde om voldoening aan internasionale standaarde te verseker	Ja	98	98	NVT
BDW Foods SA	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf aan die begunstigde om voldoening aan internasionale standaarde te verseker	Ja	147	147	NVT
Garner Wafers and Confectionery	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf aan die begunstigde om voldoening aan internasionale standaarde te verseker	Ja	167	167	NVT
Program 5: Ekonomiese Beplanning						
Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelings-vennootskap	Instelling sonder winsoogmerk	Bedryfsbefondsing vir die WK Ekonomiese Ontwikkelings-vennootskap	Ja	13 948	2 505	Die EOv het eers in Maart 2021 sy derde gedeelte ontvang. Die balans is in April en Mei 2021 bestee.
Kaapse Innovering- en Tegnologie-inisiatief (CITI)	Instelling sonder winsoogmerk	Befondsing om die werksaamhede van die Khayelitsha Bandwidth Barn te ondersteun	Ja	600	217	Die finale betaling van R300 000 is in Maart 2021 gemaak. Fondse is vir toegekende besteding en sal teen Junie 2021 bestee word.
Genesis Gemeenskap-inligtings-tegnologie-inisiatief (Genesis IT)	Instelling sonder winsoogmerk	Befondsing om die werksaamhede van die ICAN-sentrum in Elsiesrivier te ondersteun	Ja	688	662	Die saldo is in April 2021 bestee.
Tegnologie-innoverings-agentskap (TIA)	Departementele agentskap	Toelaefinansiering aan begunstigdes van die Saaifonds	Ja	2 450	2 450	NVT

Vervolg op volgende bladsy

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan a38(1) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee (R'000)	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak						
Tuinroete-munisipaliteit	Munisipaliteit	Ondersteuning met die toetsing en kontrolering van passasiers en besoekers by die George-lughawe deur die omgewings-gesondheids-praktisyns (OGP)	Ja	465	465	NVT
SA Forest Adventures	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmings-aanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	499	253	Dit is steeds 'n lopende projek. Die oorblywende fondse is toegeken om bestee te word volgens Bylae C (tabel van projekteerbare) van die begunstigde se oordragbetalingsooreenoms.
Wilgewandel	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmings-aanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	260	215	Dit is steeds 'n lopende projek. Die oorblywende fondse is toegeken om bestee te word volgens Bylae C (tabel van projekteerbare) van die begunstigde se oordragbetalingsooreenoms.
Buffelsdrift Lodge Proprietary	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmings-aanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	305	281	Dit is steeds 'n lopende projek. Die oorblywende fondse is toegeken om bestee te word volgens Bylae C (tabel van projekteerbare) van die begunstigde se oordragbetalingsooreenoms.
Nova Balloon Safaris	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmings-aanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	941	938	Die begunstigde het 'n besparing getoon op aangekoopte toerusting weens die wisselkoers. Oorblywende fondse sal aan die Departement terugbetaal word.

Vervolg op volgende bladsy

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan a38(1) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee (R'000)	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Stellenbosch Adventure Centre	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmingsaanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	347	29	Dit is steeds 'n lopende projek. Die oorblywende fondse is toegeken om bestee te word volgens Bylae C (tabel van projekteerbare) van die begunstigde se oordragbetalingsooreenoms.
Country Hotels (Edms.) Bpk. h/a Lord Milner Hotel	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmingsaanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	230	230	NVT
Flying Feet	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmingsaanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	172	172	NVT
Formula D Design Consultancy (Edms.) Bpk.	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmingsaanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	198	198	NVT
Almenkerk Wine Estate	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmingsaanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	395	267	Dit is steeds 'n lopende projek. Die oorblywende fondse is toegeken om bestee te word volgens Bylae C (tabel van projekteerbare) van die begunstigde se oordragbetalingsooreenoms.

Vervolg op volgende bladsy

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan a38(1) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee (R'000)	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Gravity River Tours h/a Gravity Adventures	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmingsaanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	100	100	NVT
!Khwa ttu San-kultuur- en opvoedingsentrum	Instelling sonder winsoogmerk	Toelaefinansiering verskaf om 'n nuwe of bestaande toerismeproduk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmingsaanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	Ja	390	215	Dit is steeds 'n lopende projek. Die oorblywende fondse is toegeken om bestee te word volgens Bylae C (tabel van projekteerbare) van die begunstigde se oordragbetalingsooreenkomste.
Stad Kaapstad-munisipaliteit	Munisipaliteit	'n Toepassings-taakspan van multibelanghebbers is bewerkstellig om aandag te gee aan spesifieke risikogebiede soos Tafelberg of die SSK.	Ja	4 920	4 920	Dit is steeds 'n lopende projek. Fondse is vir toegekende besteding en sal teen Junie 2021 bestee word (met die beëindiging van die projek).
George-munisipaliteit	Munisipaliteit	Vestiging van 'n netwerk van fietsroetes en om te verseker dat dit goed onderhou en veilig is. Dit is ook om die Wes-Kaap as 'n fietsrybestemming te bevorder.	Ja	100	100	NVT
Bitou-munisipaliteit	Munisipaliteit	Vestiging van 'n netwerk van fietsroetes en om te verseker dat dit goed onderhou en veilig is. Dit is ook om die Wes-Kaap as 'n fietsrybestemming te bevorder.	Ja	125	125	NVT

Vervolg op volgende bladsy

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan a38(1) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee (R'000)	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Swellendam-munisipaliteit	Munisipaliteit	Toelaefinansiering verskaf ter ondersteuning van 'n fietsry-gebeurtenis	Ja	100	100	
Darling Brewery	Private onderneming	Toelaefinansiering verskaf ter ondersteuning van 'n veldwedloop-gebeurtenis	Ja	50	50	NVT
Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie						
Weskus-munisipaliteit	Munisipaliteit	Vir die implementering van 'n streeksbenadering tot vaardigheidsontwikkeling en om die koördinerende van vaardigheidsontwikkeling in die munisipaliteit te dryf	Ja	500	500	NVT
Huishoudings	Huishoudings	Toelaes betaal aan leerders in die Ambagsontwikkelingsprogram	Ja	11 610	11 610	NVT
Huishoudings	Huishoudings	Toelaes betaal aan leerders in die Werk- en Vaardigheidsprogram	Ja	24 882	24 882	NVT
Huishoudings	Huishoudings	Toelaes betaal aan leerders in die SPU-vaardigheidsontwikkelingsprogram	Ja	30 024	30 024	NVT

Die tabel hier onder toon die oordragbetalings waarvoor begroot is vir die tydperk 1 April 2020 tot 31 Maart 2021, maar waarvoor **geen oordragbetalings** gemaak is nie.

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik moes word	Bedrag begroot (R'000)	Bedrag oorgedra (R'000)	Redes waarom fondse nie oorgedra is nie
Wes-Kaapse klere-en-tekstiel dienssentrum – Clotex	Maatskappy sonder winsoogmerk	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	1 575	0	Die organisasie het nie aan die prestasievereistes voldoen om die fondse te ontvang nie.
Kaapse Innovering- en Tegnologie-inisiatief	Maatskappy sonder winsoogmerk	Sakeontwikkelingsteun aan KMMO's	135	0	Die organisasie kon vir 'n lang tyd nie sake doen nie weens die impak van Covid-19 en die gepaardgaande inperking. Dit het daartoe gelei dat die organisasie nie aan die voorwaardes voldoen het om die toegekende fondse te ontvang nie.

Vervolg op volgende bladsy

Naam van oordragontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik moes word	Bedrag begroot (R'000)	Bedrag oorgedra (R'000)	Redes waarom fondse nie oorgedra is nie
Kogelberg-biosfeerreservaat	Organisasie sonder winsoogmerk/openbare-welsyn-organisasie	Projek het ten doel om 'n nuwe of bestaande toerisme-produk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmingsaanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	500	0	Begunstigde het sy voorlegging teruggetrek
PSI E-Bike Wyn-en-strand-fietsrytoere	Organisasie sonder winsoogmerk	Projek het ten doel om 'n nuwe of bestaande toerisme-produk (aktiwiteit of besienswaardigheid) te ondersteun wat die bestemmingsaanbod in elk van die ses distrikte van die Wes-Kaap sal vergroot.	603	0	Begunstigde het sy voorlegging teruggetrek

6. VOORWAARDELIKE TOELAES

6.1 Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse betaal

6.2. Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang

Die Departement het gedurende die 2020/21-boekjaar geen voorwaardelike toelaes ontvang nie. As deel van die jaarlikse bewilliging is daar egter geormerkte fondse vir die volgende ontvang:

- R59,965 miljoen is spesifiek en uitsluitlik geormerk vir die ondersteuning van Wesgro se inisiatiewe vir die bevordering van uitvoere, handel en beleggings om ekonomiese groei en werkskepping in die Wes-Kaap te dryf.
- R30 miljoen is geormerk vir die opskaling van vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe in die provinsie, spesifiek binne die SPU- en tegnologie-sektore.
- R29,161 miljoen is geormerk ter ondersteuning van die inwerkingstelling van die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES).
- R42,566 miljoen is geormerk ter ondersteuning van die werksaamhede van die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy (SBIDZ LiCo).
- 'n Bedrag van R9,198 miljoen is geormerk om munisipale steun te verskaf in verband met toegang tot energie vanaf onafhanklike kragprodusente (OKP's).
- R4,920 miljoen is geormerk vir toerismeveiligheidsinisiatiewe in die provinsie.
- R57,098 miljoen is spesifiek en uitsluitlik geormerk vir die bevordering en opskaling van inisiatiewe vir bestemmingsbemarking om ekonomiese groei en werkskepping in die Wes-Kaap te dryf.

Die onderstaande tabel(le) sit die geormerkte fondse uiteen wat gedurende die periode 1 April 2019 tot 31 Maart 2021 ontvang is.

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Doel van die toelae	Ondersteuning van die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy (SBIDZ LiCo) ingevolge hul kernfunksie om 'n NOS in Saldanhabaai te bewerkstellig.
Verwagte uitsette van die toelae	- Bepaling van 1 standaardprotokol - Vermindering van omkeertyd vir bouplanne na 42 dae - 8 getekende huurooreenkomste vir huurders en operateurs - Handhawing van 2 kontrakteur- en professionele panele - Totstandkoming van 5 vennootskapsooreenkomste - 1 generiese ooreenkoms deur vakbonde

Vervolg op volgende bladsy

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Werklike uitsette behaal	- Bepaling van 2 standaardprotokolle - Vermindering van omkeertyd vir bouplanne na 22 dae - 8 getekende huurooreenkomste vir huurders en operateurs - Handhawing van 2 kontrakteur- en professionele panele - Totstandkoming van 5 vennootskapsooreenkomste - 1 generiese ooreenkoms deur vakbonde - Verhuurde 32,5% van beskikbare ruimte
Bedrag ingevolge gewysigde DORA	NVT
Bedrag ontvang (R'000)	42 566
Redes indien bedrag ingevolge DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	42 566
Redes vir onbestede fondse deur die entiteit	NVT
Redes vir afwykings van prestasie	Bykomende protokol ingestel omdat SAID-protokol vroeër as verwag bereik is; bouplanteiken oorskry weens goeie werksverhouding met munisipaliteit; ruimteverhuringsteiken oorskry weens verbeterde korttermynfasiliteithuur
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	NVT
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Aandeelhoudersvergaderings; gestruktureerde skakelings met entiteit

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Doel van die toelae	Om die vestiging van die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES) te steun.
Verwagte uitsette van die toelae	• 4 kwartaallike raadsvergaderings • Noteringsaansoek voltooi en ingedien • Alle grondoordragooreenkomste vir goedkeuring gefinaliseer • Beoordelingsraamwerk en beleggersprospektus ontwikkel • Topstruktuur-onttrekkingsaansoek – twee topstrukture • Konsepsonebestuursmodel voltooi • Bygewerkte pyplyn van beleggers: 15 beleggers • 1 getekende beleggingsooreenkoms en -projek • Bemaking-, kommunikasie- en publisiteitsplan • 5 vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe gesteun wat 180 persone van opleiding- en ontwikkelingsgeleenthede voorsien het • 5 ondernemingsontwikkelingsinisiatiewe wat 120 ondernemings betrek het • 4 gemeenskapsbemaagtigingsinisiatiewe gesteun
Werklike uitsette behaal	• Raadsvergaderings gehou soos vereis • Noteringsaansoeke ingedien • Grondkoopkontrakte gesluit • Beleggingsbeoordelingsraamwerk en -prospektus voltooi • Een topstruktuur- en 1 massa-infrastruktuuraansoek voorberei vir voorlegging aan die dtic • Konsepsonebestuursmodel voltooi • Pyplyn van beleggers gehandhaaf • 1 beleggingsooreenkoms goedgekeur • Bemaking- en kommunikasieplan geïmplementeer • 100 persone van opleiding- en ontwikkelingsgeleenthede voorsien • Meer as 20 ondernemings bereik met ondernemingsontwikkelingsinisiatiewe • 4 gemeenskapsbemaagtigingsinisiatiewe gesteun
Bedrag ingevolge gewysigde DORA	NVT
Bedrag ontvang (R'000)	29 161
Redes indien bedrag ingevolge DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	29 161

Vervolg op volgende bladsy

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Redes vir onbestede fondse deur die entiteit	Covid-19 het die implementering van sommige van die vaardigheid- en ondernemingsontwikkelingsprogramme vertraag; die vertraging aan die kant van die Nasionale Tesourie met die notering van die entiteit het aanleiding gegee tot vertraging in besteding rakende die tegniese dienste wat met infrastruktuurontwikkeling verband hou.
Redes vir afwykings van prestasie	Die beperkings wat opgelê is met betrekking tot Covid-19 het beteken dat opleidingsprogramme nie aangebied kon word soos verwag nie; befondsingsaansoeke en infrastruktuurontwikkeling kon nie voortgaan nie omdat die entiteit nie genoteer was nie.
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	NVT
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Aandeelhoudersvergaderings; gestruktureerde skakelings met entiteit

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Doel van die toelae	Ondersteuning van die Wes-Kaapse Bestemmingsbemarking-, Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap (Wesgro) rakende hul kernfunksie om buitelandse investering te lok, handel te versterk, alternatiewe markte te ondersoek en om op internasionale beste praktyk te fokus ten einde ekonomiese groei en werkskepping in die Wes-Kaap te dryf.
Verwagte uitsette van die toelae	• 14-18 beleggingsprojekte gerealiseer • 45-65 handelsooreenkomste geteken • 7 verklarings rakende uitwaartse buitelandse direkte investering (UBDI) geteken
Werklike uitsette behaal	Gedurende die 2020/21-boekjaar het die Agentskap 'n geraamde ekonomiese impak van meer as R9,6 miljard behaal en meer as 2 500 werksgeleenthede geskep. Die Agentskap het altesaam 17 beleggingsprojekte met 'n beleggingswaarde van meer as R4,3 miljard gefasiliteer, wat tot die skep van 1 830 werksgeleenthede gelei het. Die Agentskap fokus steeds op die ontwikkeling van 'n robuuste projekpylyn en het 'n geteikende, datagedrewe benadering tot beleggingsbevordering aangeneem. Deur middel van toenemende pogings om globale uitvoere te bevorder en die fasilitering van uitwaartse buitelandse direkte investering (UBDI) het die Agentskap goed gevaar gedurende die verslagtydperk. Altesaam 66 handelsbevorderingsakeooreenkomste is onderteken, met 'n geraamde ekonomiese impak van R4,6 miljard, wat gelei het tot 357 werksgeleenthede. Hierbenewens is sewe UBDI-projekte ter waarde van R727,75 miljoen gefasiliteer.
Bedrag ingevolge gewysigde DORA	NVT
Bedrag ontvang (R'000)	59 965
Redes indien bedrag ingevolge DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	59 965
Redes vir onbestede fondse deur die entiteit	Die oorblywende onbestede fondse is toegekende fondse.
Redes vir afwykings van prestasie	Covid-19-inperkingsbeperkings
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	Steunwerwing om inperkingsbeperkings te verlig en Suid-Afrika van bronmarkte se rooilyste te verwyder. Maandelikse projekvergaderings word met beide Wesgro- en DEOT-spanne gehou. Hierdie gereelde vergaderings maak voorsiening vir groter deursigtigheid en kennisdeling tussen die spanne. Enige kwessies rakende prestasie word ook onder die aandag van die Hoofdirekteur gebring.
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Maandelikse handel-en-belegging- en DEOT-projekspanvergaderings. Halfjaarlikse bilaterale BBO-, H&B- en DEOT-vergaderings. Kwartaalike vorderingsverslae deur Wesgro by die Departement ingedien.

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Doel van die toelae	Ondersteuning van die Wes-Kaapse Bestemmingsbemarking-, Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap (Wesgro) rakende die bevordering en opskaling van bestemmingsbemarkingsinisiatiewe om ekonomiese groei en werkskepping in die Wes-Kaap te dryf.

Vervolg op volgende bladsy

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Verwagte uitsette van die toelae	- Altesaam tussen R500-R800 miljoen geraamde ekonomiese waarde van inisiatiewe toerismebestemmingsbemarking gesteun 34 inisiatiewe vir toerismebestemmingsbemarking gesteun 25 gesamentlike bemarkingsooreenkomste bekom 52 ontspanningsgeleenthede gesteun 32 aanbiedings bekom
Werklike uitsette behaal	- Altesaam R487 244 800 miljoen geraamde ekonomiese waarde van inisiatiewe vir toerismebestemmingsbemarking gesteun 15 inisiatiewe vir toerismebestemmingsbemarking gesteun 16 gesamentlike bemarkingsooreenkomste bekom 34 ontspanningsgeleenthede gesteun 15 aanbiedings bekom
Bedrag ingevolge gewysigde DORA	NVT
Bedrag ontvang (R'000)	57 098
Redes indien bedrag ingevolge DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	57 098
Redes vir onbestede fondse deur die entiteit	Die oorblywende onbestede fondse is toegekende fondse.
Redes vir afwykings van prestasie	Covid-19-inperkingsbeperkings
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	Steunwerwing om inperkingsbeperkings te verlig en Suid-Afrika van bronmarkte se rooilyste te verwyder. Maandelikse projekvergaderings word met beide Wesgro- en DEOT-spanne gehou. Hierdie gereelde vergaderings maak voorsiening vir groter deursigtigheid en kennisdeling tussen die spanne. Enige kwessies rakende prestasie word ook onder die aandag van die Hoofdirekteur gebring.
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Maandelikse BBO- en DEOT-projekspanvergaderings. Halfjaarlikse bilaterale BBO-, H&B- en DEOT-vergaderings. Kwartaallikse vorderingsverslae deur Wesgro by die Departement ingedien.

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Doel van die toelae	Die verskaffing van befondsing vir die opskaling van vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe in die provinsie, spesifiek binne die SPU- en tegnologie-sektore.
Verwagte uitsette van die toelae	1 000 werklose begunstigdes ouer as 18 jaar om werkservaring te kry om indiensneembaarheid te verbeter en werkskepping te ondersteun.
Werklike uitsette behaal	1 886 werklose begunstigdes ouer as 18 jaar om werkservaring te kry om indiensneembaarheid te verbeter en werkskepping te ondersteun. 1 166 poste gerealiseer vir begunstigdes befonds deur hierdie toelae in die SPU-sektor.
Bedrag ingevolge gewysigde DORA	NVT
Bedrag ontvang (R'000)	30 000
Redes indien bedrag ingevolge DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	30 000
Redes vir onbestede fondse deur die entiteit	NVT
Redes vir afwykings van prestasie	Weens die impak van die Covid-19-pandemie het die program later as verwag begin. Ons kon die getal begunstigdes wat bygestaan moes word in die korter tydraamwerk verhoog en werksgeleenthede is in die sektor gerealiseer, selfs met die verkorte tyd vir plasing.

Vervolg op volgende bladsy

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	Neem die impak van die pandemie in ag wanneer toekomstige plasings beplan word. Gedurende die boekjaar het die Departement ooreenkomste met sommige gasheer-/hoofwerkgewers aangegaan om leerders oor boekjare heen te akkommodeer om 'n langer verbintenis rakende plasings te toon, sodat maatskappye toegang kan verkry tot die mede-befondsingsaansporing ten einde hierdie leerders gedurende die pandemie te akkommodeer. Skakelings met maatskappye om te voldoen aan gesondheid- en veiligheidsprotokolle gedurende die pandemie het voorsiening gemaak vir beter werkplekreëlings om die impak van die pandemie te akkommodeer, sowel as reëlings vir werk op 'n rotasiebasis om leerders toe te laat om hul plasing voort te sit, asook maatreëls vir veilige vervoer tydens die plasingstydperk.
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Terreinbesoeke deur die Departement met die bestuur en die leerders wat by die gasheermaatskappye geplaas is

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Doel van die toelae	Om befondsing te verskaf vir steun aan munisipaliteite om energieverkragtigheid in te sluit en posisionering van munisipaliteite wat gereed is om OKP's te kontrakteer. Fokus vir die 2020/21-boekjaar is herfokus op steun vir die volgende: (1) Munisipale verkryging van OKP's op nutsskaal (>10 MW) (2) Munisipale en ander opwekking van hernubare energie op subnutsvlak (met 3 subkomponente: verspreide opwekking: ontwikkeling van nuwe opwekkingkapasiteit (1-10 MW), nuwe selfopwekking op SSEG-vlak (<1 MW) en energieberging).
Verwagte uitsette van die toelae	1) Prysverslag oor sonkrag-FV-komponent 2) Direkte skakeling (een-tot-een) met minstens 20 nuwe ondernemings om hul benutting van SSEG teen 31 Maart 2021 aan te moedig 3) 2x bedryfsopsommings oor energie 4) 1 inligtingspakket oor sonkrag-FV 5) Antwoorde op energieverwante sakenavrae 6) 3 omvattende tegniese, regulatoriese of ander insette rakende energie 7) 1x beleidsdokument oor hernubare energie vir gebruik deur alle munisipaliteite 8) 1 kwartaallikse verslag oor steun vir verspreide opwekking (insluitende SSEG en kragruiling ["wheeling"]) wat aan alle betrokke munisipaliteite voorsien is 9) 1 jaarlikse opdateringsverslag oor tegniese ondersteuning vir hernubare energie op nutsskaal wat aan alle betrokke munisipaliteite voorsien is 10) Sakegevalverslag wat ten minste 4 sakegevalle insluit 11) Hersieningsverslag oor MEV-projekbenadering en -metodologie 12) Dienste rakende strategiese konsultasie 13) Aanvanklike verslag wat opsies en meganismes vir transaksies en verkrygings uiteensit Opdateringsverslag waarin betrokke munisipaliteite van strategiese rigting en leiding voorsien word
Werklike uitsette behaal	1) Prysverslag oor sonkrag-FV-komponent 2) Direkte skakeling (een-tot-een) met minstens 20 nuwe ondernemings om hul benutting van SSEG teen 31 Maart 2021 aan te moedig 3) 2x bedryfsopsommings oor energie 4) 1 inligtingspakket oor sonkrag-FV 5) Antwoorde op energieverwante sakenavrae 6) 3 omvattende tegniese, regulatoriese of ander insette rakende energie 7) 1x beleidsdokument oor hernubare energie vir gebruik deur alle munisipaliteite 8) 1 kwartaallikse verslag oor steun vir verspreide opwekking (insluitende SSEG en kragruiling ["wheeling"]) wat aan alle betrokke munisipaliteite voorsien is 9) 1 jaarlikse opdateringsverslag oor tegniese ondersteuning vir hernubare energie op nutsskaal wat aan alle betrokke munisipaliteite voorsien is 10) Sakegevalverslag wat ten minste 4 sakegevalle insluit 11) Hersieningsverslag oor MEV-projekbenadering en -metodologie 12) Dienste rakende strategiese konsultasie 13) Aanvanklike verslag wat opsies en meganismes vir transaksies en verkrygings uiteensit Opdateringsverslag waarin betrokke munisipaliteite van strategiese rigting en leiding voorsien word

Vervolg op volgende bladsy

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Bedrag ingevolge gewysigde DORA	NVT
Bedrag ontvang (R'000)	9 198
Redes indien bedrag ingevolge DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	9 198
Redes vir onbestede fondse deur die entiteit	NVT
Redes vir afwykings van prestasie	NVT
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	NVT
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Projekspan het skriftelike getekende verslae deur diensverskaffer nagegaan (vasgestelde tye volgens die DVO's). Diensverskaffers het verskeie projekbestuurvergaderings, bestuurskomiteevergaderings, werksessies en werksinkels bygewoon wat deur die projekbestuurders/projekspan gereël is.

Departement wat die toelae oorgedra het	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Doel van die toelae	Die voorsiening van befondsing vir toerismeveiligheidsinisiatiewe in die provinsie. Om die Stad Kaapstad te finansier vir die stigting van die Eenheid vir Toerismeveiligheidwetstoepassing.
Verwagte uitsette van die toelae	- Totstandbrenging van spesifieke projekspan - Gesamentlike instelling van koördineringsbasisse vir toerismeveiligheidsone - Werwing en ontplooiing van 10 wetstoepassingsleerlingbeamptes - Verkryging van personeeluniforms en verwante toerusting - Verkryging van vuurwapens, radio's, fietse en voertuie - Kwartaallike verslagdoening - Samestelling van toesigverslae
Werklike uitsette behaal	- Totstandbrenging van spesifieke projekspan - Gesamentlike instelling van koördineringsbasisse vir toerismeveiligheidsone 10 wetstoepassingsleerlingbeamptes ontplooi - Personeeluniforms en verwante toerusting verkry - Vuurwapens, radio's, fietse en voertuie verkry - Kwartaalverslae ingedien - Toesigverslae deur die DEOT saamgestel
Bedrag volgens gewysigde DORA (R'000)	4 920
Bedrag ontvang (R'000)	4 920
Redes indien bedrag ingevolge DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	4 920
Redes vir onbestede fondse deur die entiteit	Hierdie fase van die projek sal slegs teen die einde van Junie 2021 voltooi wees.
Redes vir afwykings van prestasie	NVT
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	NVT
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Vergaderings, hersiening van kwartaalverslae en samestelling van toesigverslae

7. SKENKERFONDSE

7.1 Skenkerfondse ontvang

Die onderstaande tabel(le) bevat die skenkerfondse wat gedurende die periode 1 April 2020 tot 31 Maart 2021 ontvang is.

Naam van skenker	Regering se Tegnieiese Adviesentrum (GTAC)
Volle bedrag van befondsing (R'000)	39 270
Tydperk van onderneming	(April 2013 tot Sep. 2020) Monitoring-en-evalueringsperiode (2021-2022)
Doel van befondsing	Om die Werk- en Vaardigheidsprogram te steun
Verwagte uitsette	Getal begunstigdes in permanente poste by projekvennote – 1 755 Getal begunstigdes wat tydgebonde internskappe voltooi het – 2 700 Getal opgeleide begunstigdes – 3 095
Werklike uitsette behaal	Getal begunstigdes in permanente poste by projekvennote – 1 781 Getal begunstigdes wat tydgebonde internskappe voltooi het – 4 148 Getal opgeleide begunstigdes – 2 788
Bedrag ontvang in huidige tydperk (R'000)	1 173
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	342
Redes vir onbestede fondse	Finale uitbetaling is gemaak nadat lewerbares nagekom is. Gelyke befondsing is aangewend om die teikens te bereik. Surplusfondse geoormerk vir vergoeding van werknemers sal deur die Vaardigheidsprogram aangewend word om die werk- en vaardigheidsprogram vir die volgende twee (2) jaar ingevolge die surplusaddendum te monitor.
Moniteringsmeganisme deur die skenker	Kwartaallike verslagdoening oor Jobs Fund GMS-kontroleskerm. Terreinbesoeke gedoen deur GTAC-amptenare. Oudit uitgevoer deur onafhanklike ouditeur.

Naam van skenker	Opleidingsowerheid vir Vervaardiging, Ingenieurswese en Verwante Dienste (merSETA)
Volle bedrag van befondsing (R'000)	16 712
Tydperk van onderneming	24 Maart 2017 tot 31 Maart 2022
Doel van befondsing	Om die Leerderskapspelwisselaar te steun
Verwagte uitsette	Om 'n reeks vaardigheidsontwikkelingsintervensies te implementeer om te help met die verbetering van vaardigheidsvlakke deur middel van die volgende 5 subprogramme: 1. Dosent-/opvoeder-ontwikkelingsprogram 2. Leerderskappe vir die groen ekonomie 3. QCTO-kwalifikasieloodsprogram ter ondersteuning van groen mobiliteit – fietswerktuigkundige 4. AEVL-loodsprogram om die nuwe AEVL-beleid en -riglyne te implementeer Gegradueerde interns, ervaringsleerders en N6 TBOO-plasings
Werklike uitsette behaal	Tot op hede is drie uit die vyf projekte in die finale stadiums vir voltooiing. Die twee oorblywende projekte – AEVL en die projek vir die fietswerktuigkundigekwalifikasie sal gedurende die 2021/22–2022/23-boekjaar geïmplementeer en bekendgestel word.
Bedrag ontvang in huidige tydperk (R'000)	1 679
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	453
Redes vir onbestede fondse	Weens Covid-19 is die implementering van alle projekte gestaak. Geen projekte kon voortgaan nie aangesien daar geen werkplekke oop was vir opleiding nie of enige instansies wat opleiding gedurende die grootste deel van 2020 gedoen het nie. Alle normale prosesse en prosedures is gestaak.
Moniteringsmeganisme deur die skenker	Kliënteskakelbeampte (KSB) sou 'n 50%-vorderingsverslag vir elke projek ontwikkel en terreinbesoeke doen gedurende die duur van projekte.

8. KAPITAALBELEGGING

8.1 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan

Die Departement het geen planne gehad om enige van die huidige fasiliteite gedurende die verslagdoeningsperiode te sluit of af te gradeer nie. Daar is geen daaglikse en groot instandhoudingsprojekte onderneem nie of instandhoudingsagterstand ondervind nie.

Alle amptelike bates van die DEOT is in die bateregister aangeteken in ooreenstemming met die minimum vereistes soos deur die Nasionale Tesourie gestel. Die Departement doen halfjaarlikse bateverifikasietellings om te verseker dat verantwoording van alle bates gedoen kan word en geregistreer is.

Die huidige stand van die Departement se kapitaalbates as 'n persentasie uitgedruk:

- 13% is in 'n goeie toestand.
- 84% is in 'n redelike toestand.
- 3% is in 'n swak toestand.

Die Departement het 'n verkoopproses vir die oorsigjaar onderneem waar sy batebasis met 114 bates ter waarde van ongeveer R1,014 miljoen verminder sou word. Die Departement kon egter nie hierdie bates verkoop nie weens Covid-19-bepenkings. Die Departement het egter wel sommige van sy skootrekenaars verkoop deur die verkoop-aan-personeel-program. Altesaam 100 skootrekenaars is verkoop deur die verkoop-aan-personeel-program wat 'n inkomste van R36 002,48 opgelewer het.

Die uitgawes aangegaan vir nuwe en vervangingsbates word in die tabel hier onder uiteengesit.

Infrastruktuur- projekte	2020/21			2019/20		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder- besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder- besteding
	R'000	Werklike	R'000	R'000	R'000	R'000
Nuwe en vervangingsbates	3 284	3 284	-	1 995	1 995	-
Bestaande infrastruktuur-bates	-	-	-	-	-	-
- Opgraderings en aanbouings	-	-	-	-	-	-
Rehabilitasie, opknappings en opgraderings	-	-	-	-	-	-
- Instandhouding en herstelwerk	-	-	-	-	-	-
Infrastruktuuroordrag	-	-	-	-	-	-
- Lopend	-	-	-	-	-	-
- Kapitaal	-	-	-	-	-	-
Totaal	3 284	3 284	-	1 995	1 995	-





DEEL C:
BESTUURSTOESIG

1. INLEIDING

Die vereistes vir korporatiewe bestuurstoesig van die King IV-verslag met betrekking tot die Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikhede word deur artikel 38 en 40 van die WOFB bekragtig. Ingevolge hierdie wetgewende plig en verantwoordelikheid vir goeie bestuurstoesig staan die Staatsbestuurskomitee onder voorsitterskap van die Rekenpligtige Beampte en behels alle senior bestuurslede, insluitende provinsiale vennote op die gebied van risikobestuur, inligtingstegnologie, interne oudit en forensiese ondersoeke. Die Staatsbestuurskomitee se sleutelverantwoordelikheid is om te verseker dat bestuurstoesigstrukture ingestel is en funksioneer sodat die Departement se strategiese agenda op 'n etiese en maatskaplike verantwoordelike manier uitgevoer kan word.

Die Staatsbestuurskomitee se strategiese agenda berus op die sleutelbeginsels van King IV om te verseker dat besluitneming deur goeie bestuursvoorneme gesteun word. Binne die bestek van die beginsels van leierskap, strategie en prestasie, verantwoordelike korporatiewe burgerskap en risikobestuur, het die Departement sy strategieë wat voor Covid gekonseptualiseer is, heroorweeg om dienslewering binne die nuwe omgewing te verseker. Die departementele ekonomiese herstelplan is parallel met die provinsiale herstelplan ontwikkel om belyning van voorneme en hulpbronne te verseker, sowel as om interdepartementele betrekkings in ag te neem. Binne hierdie konteks het die Staatsbestuurskomitee strategiese risiko's geïdentifiseer in reaksie op die herstelplanne sowel as enige geleenthede wat binne die omgewing ontgin kan word. Om hierdie benadering rakende alle vlakke van werksaamhede te veranker, is die risiko- en geleentheidsproses toegepas op programmatiese en projekvlakke van lewering. Met die nodige plig en sorg wat gehandhaaf is om kwaliteit en ware risiko- en geleentheidsprofielsamestelling te verseker, het die Departement sukses behaal oor verskeie programme en projekte heen.

In ooreenstemming met die Staatsbestuurskomitee se protokol is 'n kenner op die gebied van innovering, diversiteitsbestuur en afleer- en herleermetodologieë, me. Zanele Njapha, gekontrakteer om die bestuurstruktuur toe te rus met hulpmiddels om progressiewe denke te inisieer, te vernuwe en te versterk. As bewys van die sukses van die skakeling het die komitee die kenner weer uitgenooi vir opvolg en meer spesifieke opleidingsintervensies met die breër bestuurstruktuur, om te verseker dat die innovasiegesprek voortduur in die Departement en diensleweringwinste behaal word.

In die verdere nastrewing van sy mandaat en die toepassing van die nuanses wat 'n entiteit se korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid beïnvloed, het die Departement sy bestuursprotokolle uitgebrei om klein ondernemings te ondersteun waar die pandemie 'n nadelige impak op groei en selfs oorlewingsvooruitsigte gehad het. Binne die raamwerk van deursigtigheid, aanspreeklikheid en streng billikheid is aansoekers aan talle vlakke van assessering deur bestuurskomitees en taakspanne onderwerp, om te verseker dat die proses deeglik is, kwalifiserende ondernemings ondersteun word en waarde vir geld verkry word.

2. RISIKOBESTUUR

Die Rekenpligtige Beampte (RB) vir die Departement aanvaar verantwoordelikheid vir die implementering van ondernemingsrisikobestuur (ORB) in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se Risikobestuursraamwerk vir die Openbare Sektor (PSRMF), en die Direktoraat: Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die Departement van die Premier (DvdP) verskaf 'n gesentraliseerde diens aan die Departement.

Verantwoordelikheid van die Staatsbestuurskomitee

Die Staatsbestuurskomitee (GOVCOM) rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede nagekom het soos voortspruitend uit artikel 38 (1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Nasionale Tesourieregulasie 3.1.2 en die Staatsdiensregulasies van 2016, hoofstuk 2, deel 1, 2 en 3. Die GOVCOM rapporteer verder dat dit die toepaslike formele opdrag (TOR), soos goedgekeur deur die GOVCOM-voorsitter op 3 April 2020, aangeneem het en aangeleenthede ter voldoening aan hierdie opdrag gereguleer het en dat alle verantwoordelikhede soos daarin vervat, uitgevoer is.

Lede van die Staatsbestuurskomitee

Die GOVCOM bestaan uit gekose lede van die DEOT se senior bestuurspan. Volgens sy opdrag moet die GOVCOM vier keer per jaar vergader, maar weens Kabinet-verwante aangeleenthede is die vergadering in die tweede kwartaal gekanselleer. GOVCOM het dus slegs drie keer gedurende die 2020/21-boekjaar vergader.

Die tabel hier onder verskaf inligting oor GOVCOM-lede:

Naam	Pos	Vergaderings bygewoon	Datum aangestel
Mnr. S. Fourie	Rekenpligtige Beampte (Voorsitter)	3	NVT
Me. J. Johnston	Adjunkdirekteur-generaal: Strategiese Ekonomiese Versnellers en Ontwikkeling	3	3 April 2020
Mnr. R. Toefy	Adjunkdirekteur-generaal: Ekonomiese Werksaamhede	3	3 April 2020
Me. M. Abrahams	Hoof- Finansiële Beampte (HFB) – Risikokampvegter	3	3 April 2020
Me. C. Julies	Direkteur: Strategiese en Bedryfsondersteuning	3	3 April 2020
Mnr. J. Peters	Hoofdirekteur: Ekonomiese Bemagtiging	3	3 April 2020
Me. I. van Schalkwyk	Hoofdirekteur: Ekonomiese Sektorsteun	3	3 April 2020
Me. H. Davies	Hoofdirekteur: Groen Ekonomie	3	3 April 2020
Mnr. N. Joseph	Hoofdirekteur: Vaardigheidsontwikkeling	3	3 April 2020
Mnr. P. Ncube	Direkteur (Waarnemend): Sakeregulering	1	3 April 2020
Mnr. T. Parle	Hoofdirekteur: Digitale Ekonomie	1	3 April 2020

Die volgende is 'n aanduiding van ander beamptes wat die GOVCOM-vergaderings tydens die oorsigjaar bygewoon het:

Naam	Pos	Vergaderings bygewoon
Me. B. Mott	Adjunkdirekteur: Interne Beheer (DEOT)	3
Me. J. Lombard	Assistentdirekteur: Interne Beheer (DEOT)	3
Me. R. Heera	Senior Staatsrekenmeester: Interne Beheer (DEOT)	3
Mnr. C. Africa	Rekeningeklerk (DEOT)	1
Me. A. Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	3
Me. C. Cochrane	Adjunkdirekteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	2
Mnr. N. Tembani	Assistentdirekteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	2
Me. B. Cebekhulu	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP)	1
Mnr. T. Jacobs	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP)	1
Mnr. S. Martin	Direkteur: Interne Oudit (DvdP)	3
Me. E. de Bruyn	Dienstebestuurder: Ce-I (DvdP)	1
Mnr. E. Peters	IT-bestuurstoestig-en-risikobeampte (Ce-I)	1

Sleutelaktiwiteite van die Staatsbestuurskomitee

Die Rekenpligtige Beampte is die voorsitter van die GOVCOM. In die uitvoering van sy funksie het die GOVCOM die volgende sleutelaktiwiteite gedurende die jaar verrig:

- evaluering van die Departement se risikobestuurstrategie en -implementeringsplan vir aanbeveling deur die Ouditkomitee en goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte
- instelling, hersiening en toepassing van toepaslike risiko-aptyt en -toleransies, sowel as aanbeveling van dieselfde vir goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte
- versekering dat risiko's en verwante versagtingsmaatreëls uitgestippel is in ooreenstemming met die Departement se vlakke vir risiko-aptyt en -toleransie
- rapportering aan die Rekenpligtige Beampte oor enige wesentlike veranderinge aan die risikoprofiel van die Departement
- assessering van die implementering van die departementele risikobestuidsbeleid, -strategie en -implementeringsplan
- versekering van toeganklike, akkurate, tydige en relevante openbaarmaking van risiko's aan belanghebbers
- verkryging van toesiggerusstelling rakende die doeltreffendheid van risikobestuidsprosesse
- evaluering van die doeltreffendheid van versagtingstrategieë om die wesentlike, strategiese, program-, etiek- en ekonomiese misdaadrisiko's die hoof te bied
- evaluering van die doeltreffendheid van die implementering van die plan rakende die voorkoming van bedrog en korrupsie
- toesighouding deur die Departement rakende etiekbestuid en sakekontinuiteit tydens vergaderings van die departementele topbestuid

Belangrike strategiese risiko's gedurende die jaar oorweeg en ondersoek

Die volgende is belangrike strategiese risiko's wat vir die Departement hersien is, insluitende die beoordeling van bestaande versagtingsmaatreëls:

- ontwrigting en aansienlike afname in toerismegetalle
- ekosisteem wat nie effektiewe ontwikkeling en groei vir KMMO's bied nie
- beperkte vermoë van munisipaliteite om nuwe energiegeleenthede te benut en te dryf
- beperkte vermoë van die Departement rakende uitvoering van die Werksplan, Wes-Kaapse Herstelplan, departementele ekonomiese herstelplan en vyfjaarstrategie weens begrotingsbesnoeiings en die koste van werknemersbeperkings
- beperkte vermoë om die hoë vlakke van werkloosheid in verband met vaardigheidstekorte, beperkte werksgeleenthede en 'n swakgeskoolde arbeidsmag aan te roer, wat verder deur die impak van die Covid-19-pandemie vererger is
- beperkte vermoë om inisiatiewe rakende die gemak van sake doen te implementeer

Die Ekonomiese Herstelplan is deur die Departement ontwikkel as poging om 'n bemagtigende omgewing vir werkskepping en ekonomiese groei daar te stel ten einde die ekonomiese uitdagings weens die Covid-19-pandemie die hoof te bied, sowel as om te fokus op die deurlopende swak groei van die ekonomie voortspruitend uit ekonomiese struikelblokke van voor die huidige pandemie. Fokusgebiede van die plan sluit die volgende in: versnelling van die gemak van sake doen; bevordering van investering, uitvoere en infrastruktuur; ondersteuning aan KMMO's en die informele sektor; opskaling van werksgeleenthede en vaardighede vir werkloos; en ekonomiese veerkragtigheid, insluitende water- en energieveerkragtigheid. Gedurende kwartaal 3 het die Departement ontwikkelende strategiese risiko's in verband met hierdie plan geïdentifiseer. Hierdie risikostellings sal in die 2021/22-boekjaar verder herdefinieer word.

Die volgende is sommige van die Departement se reaksies rakende die Covid-19-pandemie en planne vir die oplewing van die ekonomie:

Die Departement het sy begrotingstoewysing herprioritiseer ten opsigte van 'n Covid-19-respons-en-herstelplan. Huidige strategieë is ook hersien, 'n sakeimpakbeoordeling (SIB) is uitgevoer en strategiese prioriteitsgebiede is hersien.

- Die Departement se interne Sakekontinuiteitsplan (SKP) is bygewerk en individuele risikobedoelings, sowel as 'n omgewingsrisikobedoeling is gedoen om die Departement se gereedheid vas te stel vir personeel om terug te keer ten opsigte van 'n gefaseerde benadering per elke inperkingsvlak.
- Die Departement het ook 'n voldoeningsbeamppte aangestel en 'n Covid-19-bestuurskomitee tot stand gebring.

Die sektore wat die swaarste getref is in die provinsie was toerisme, vervaardiging, handel, finansies, konstruksie en privaat huishoudings wat almal groot verliese aangeteken het. Verskeie intervensies is geïdentifiseer om werksgeleenthede te red en om 'n tweede tragedie van werkloosheid te verhoed, naamlik:

- hulpbefondsing vir klein ondernemings in beide die formele en informele sektore
- samewerking met munisipaliteite en departemente om die getal UOWP-projekte in die provinsie te vermeerder
- fokus op rompslompvermindering om beleggings en projekte te bespoedig wat werk sal skep
- veilige terugkeer van internasionale toerisme met die versekering dat belanghebbers deur die bank die veiligheid van besoekers en inwoners die fokus van hul beplanning en responsstrategieë maak

Die Ekonomiese Kluster se Ouditkomitee voorsien onafhanklike toesighouding oor die Departement se risikobestuurstelsel. Die Ouditkomitee is voorsien van kwartaallike ORB-vorderingsverslae en risikoregisters ten einde sy onafhanklike toesighoudingsrol te kan vervul.

Belangrike ontluikende risiko's vir die volgende boekjaar

Die volgende ontluikende risiko's sal in die nuwe boekjaar oorweeg word:

- volledige operasionalisering van die ekonomiese herstelplan binne die konteks van swak ekonomiese vooruitsigte
- verhoogde negatiewe impak van Covid-19 op bedrywe soos toerisme en lugrederye, aangesien Suid-Afrika tans meer reisbeperkings in die gesig staar weens die bedreiging van 'n komende derde golf, die potensiële waarskynlikheid dat die virus verder kan muteer en die stadige toediening van entstowwe, wat internasionale reisigersvertroue beïnvloed
- verhoogde begrotingsbesnoeiings en die koste van werknemersbeperkings, wat die Departement se vermoë beperk om sleutelplanne en -projekte uit te voer
- instandhouding en bevordering van openbare infrastruktuur
- voldoening aan die POPIA-wetgewingvereistes

Samevatting

Die 2020/21-jaar het die lewering van die strukturele veranderinge behels soos beplan en uiteengesit in die ORB-beleid, -strategie en -implementeringsplan vir 2020/21. Met die aanvang van die pandemie en die ontwikkeling van nuwe strategieë en herstelplanne is risikobestuur as 'n bestuursinstrument werklik op die proef gestel. Alhoewel daar vordering gemaak is rakende die beplande veranderinge (geloofwaardigheid van bestuursrisikoreaksies, frekwensie van risikobedoelings en opleidingsinhoud), was die mees impakvolle prestasie deur die Departement die bestuur se toepassing van risikobestuursbeginsels en -metodologieë om te reageer op 'n ongekende omgewing met 'n risiko- en geleentheidsprofiel vir die bereiking van sy herontwerpte mandaat.

3. BEDROG EN KORRUPSIE

Bedrog en korrupsie hou beduidende moontlike risiko's in vir die Departement se bates en kan 'n negatiewe uitwerking hê op doeltreffende dienslewering en die Departement se reputasie.

Die WKR het 'n teenbedrog-en-korrupsiestrategie aanvaar wat die Provinsie se standpunt bevestig van geen verdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korrupsie. In ooreenstemming met hierdie strategie is die Departement verbind tot geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte, bedrieglike of enige ander kriminele aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en enige partye wat by sulke praktyke betrokke is of poog om dit te doen, word ingevolge alle beskikbare regsmiddele vervolg. Die Departement het 'n goedgekeurde Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan en 'n meegaande Bedrogvoorkomingsimplementeringsplan, wat uitvoering gee aan die voorkomingsplan.

Daar is verskeie kanale vir die aanmelding van beweerde bedrog, diefstal en korrupsie, wat breedvoerig in die provinsiale teenbedrog-en-korrupsiestrategie, die WKR se openbaarmakingsbeleid en die departementele Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan beskryf word. Elke aantygning wat deur die Eenheid vir Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in 'n gevallebestuurstelsel aangeteken, wat as 'n bestuursinstrument gebruik word om verslag te doen oor vordering met gevalle rakende die Departement en om statistiek vir die WKR en Departement te genereer.

Werknemers en werkers wat onthullings oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal doen, word beskerm indien die openbaarmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. voldoen aan statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Bekendmakings, Wet 26 van 2000, bv. indien die openbaarmaking te goeder trou gedoen is). Die WKR se openbaarmakingsbeleid bied riglyne aan werknemers en werkers wat oor redelike gronde beskik dat oortredings of ongerymdhede binne die WKR begaan is of begaan word, sodat hulle hul klagtes onder die aandag van die betrokke lynbestuurders, spesifieke aangewese personeel binne die WKR, of eksterne instansies kan bring. Die geleentheid om anoniem te bly, word aan enige persoon gebied wat gevalle van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit persoonlik doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Indien bedrog, diefstal of korrupsie ná 'n ondersoek bevestig word, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het aan 'n tugverhoor onderwerp. Daar word van die WKR-vertegenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge geïnisieer het, verwag om die afdanking van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar daar prima facie-getuigenis van kriminele gedrag bestaan, word 'n strafregtelike saak by die Suid-Afrikaanse Polisie diens aanhangig gemaak.

Vir die oorsigjaar het die PFD 'n gevallevorderingssertifikaat vir die Departement uitgereik wat die volgende aandui:

Gevalle	Getal gevalle
Onafgehandelde gevalle soos op 1 April 2020	2
Nuwe gevalle (2020/21)	1
Afgehandelde gevalle (2020/21)	(2)
Onafgehandelde gevalle soos op 31 Maart 2021	1

Die volgende tabel ontleed verder die afgehandelde gevalle waarna hier bo verwys word:

Aard en uitkomstes van die ondersoek van twee afgehandelde gevalle
In 1 geval is die ondersoek afgehandel met ander (kontrakbestuur-)bevindinge.
In 1 geval is die ondersoek afgehandel sonder ongunstige bevindinge, maar aanbevelings is gemaak

4. VERMINDERING VAN BELANGEBOTSING

'n Belangrike element van korporatiewe bestuurstoetsing is die doeltreffende bestuur van belangebotsings. Die Departement beskou dit as 'n belangrike fokusgebied in voorsieningskanaalbestuur en vir alle oordragbetalings. Ter nastrewing hiervan en om belangebotsing te dek en sodoende te voorkom, het die Departement vir die 2020/21-boekjaar sy benadering ten opsigte van etiese dienslewingspraktyke versterk en die volgende verseker:

- Alle departementele bodkomitee lede teken 'n verklaring van belange vir elke bod en in die geval van enige botsing word die betrokke lede van die vergadering verskoon. Hierdie verklaring mitigeer ook enige moontlike kwessies wat ten opsigte van vertroulikheid kan ontstaan.
- Daar word van verskaffers vereis om 'n WCBD 4-dokument te voltooi, wat van hulle vereis om enige familie lede wat by die verkrygingsproses betrokke is of in diens van die Departement is, bekend te maak.
Die inligting op die WCBD4 word vóór die evaluering van die bod/kwotasie deur die Departement geverifieer.
- Verklarings van belange word voltooi deur alle personeel wat kwotasies vir verkryging van tussen R0 en R10 000 aanvra.
- Keuring van begunstigdes van oordragbetalings word formeel gedoen deurdat versoeke om voorleggings geadverteer, geëvalueer en beoordeel word. Die proses van evaluering en beoordeling word deur 'n portefeulje-evalueringskomitee en portefeulje-beoordelingskomitee gedoen. Beide komitees het 'n opdrag wat die pligte en verantwoordelikhede van elke komiteelid uiteensit, en daar word ook van hulle verwag om verklarings van belange te voltooi.
- Verklarings van belange word voltooi deur alle personeel wat by oordragbetalings aan begunstigdes betrokke is.
- VKB-amptenare en senior bestuur word streng gekontroleer.
- Bieërs se gedrag word ten opsigte van die register van tenderwanpresteerders en die databasis van verbode verskaffers geverifieer.
- Die sertifisering van die betalingsproses wat deur projekbestuurders voltooi word, fasiliteer die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van die projekbestuurder deur die verklaring dat daar geen nadelige omstandighede of toestande bestaan wat die projekdoelstellings sal beïnvloed nie. Die verklaring is dus 'n aanvullende dekking om potensiële belangebotsings wat moontlik kan bestaan ten opsigte van alle projekte te versag.

Daarbenewens het die Departement vir die verslagtydperk voldoening aan 100% van die Staatsdiensregulasies (2001) verseker, wat bepaal dat alle aangewese werknemers in die staatsdiens die besonderhede van hul finansiële belange op 'n jaarlikse grondslag aan die betrokke uitvoerende gesag moet bekendmaak.

5. GEDRAGSKODE

'n Gedragskode vir voorsieningskanaalbestuur (VKB) is ontwikkel om te verseker dat VKB-amptenare fidusiële pligte in die uitvoering van hulle normale pligte verrig. Alle amptenare in voorsieningskanaalbestuur onderteken 'n gedragskode by diensaanvaarding en dan jaarliks daarna. Die inhoud van die gedragskode word deeglik met elke personeellid bespreek sodat hulle bewus is van die erns van die dokument.

Ten einde 'n standaard van professionele etiek in die werkplek te bevorder, het die Departement verseker dat alle nuwe werknemers 'n inlywingsprogram bywoon, wat handel oor die gedragskode en wat werknemers aanmoedig om eties te dink en op te tree.

6. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSKWESSIES

Ingevolge artikel 8(1) van die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, moet elke werkgewer 'n werksomgewing voorsien en onderhou wat veilig is en geen risiko vir werknemers se gesondheid inhou nie. 'n Spesifieke sekuriteitsbestuurder, veiligheidskomitee en 'n komitee vir beroepsgesondheid- en veiligheid moet ook werksaam wees.

Daar is vier departemente in die Waldorfgebou, waarvan die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme die leidende departement vir alle gesondheid- en veiligheidskwessies is.

Vergaderings van die Beroepsgesondheid-en-veiligheidskomitee (BGVK) is gedurende die jaar gehou om aangeleenthede rakende die voldoening aan gesondheid en veiligheid te bespreek en te monitor. Gedurende die verslagjaar is alle DEOT BGV-verteenwoordigers suksesvol opgelei in hul onderskeie rolle as eerstehelper, brandbestryder en BGV-ordebeampte.

Aangeleenthede wat verband hou met Covid-19-voldoening en -protokol word ook tydens die onderskeie BGV-vergaderings bespreek.

Ten spyte van die Covid-19-pandemie is twee suksesvolle ontruimingsoefeninge tydens die verslagdoeningsperiode gehou, met volle deelname van al die betrokke belanghebbers in die Waldorfgebou.

Die Sakekontinuiteitsplan (November 2017) is hersien ná die implementering van aanbevelings deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid, die Departement van die Premier se Ce-I en Interne Oudit. Weens veranderinge in die eksterne omgewing asook weens belangrike personeelveranderinge is die SKP gedurende hierdie boekjaar hersien, met inagneming van die volgende:

- lesse geleer uit vorige ontwrigtende gebeure wat die daaglikse werksaamhede van die DEOT beïnvloed het (vlugteling wat die grondvloer beset)
- wysigings aan wetgewing, beleide en voorskrifte
- riglyne/advies verkry van provinsiale departemente (Ce-I, DGV en TPWP)
- aanbevelings van die departementele komitees, naamlik die Veiligheidskomitee
- Beroepsgesondheid-en-veiligheidskomitee sowel as die departementele IKT-bestuurskomitee

Hierdie SKP bied 'n uiteensetting van die stappe wat die Departement sal neem om sakeaktiwiteite te herstel, insluitende stelsels en toegangsprosesse vir die voortsetting van noodsaaklike sakefunksies tydens en ná 'n ontwrigting.

7. PORTEFEULJEKOMITEES

Gedurende die verslagdoeningsperiode het die Departement bydraes gelewer by die volgende vergaderings van die Staande Komitee oor Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme:

Datum	Aangeleenthede van belang	Respons van die DEOT
27 Mei 2020	Die Departement het die komitee van 'n opdatering verskaf rakende die beëindiging van die werksaamhede van ArcelorMittal Suid-Afrika (AMSA) in Saldanhabaai deur AMSA, die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging en die taakspan betrokke by die versagting van die impak van die moontlike sluiting. Bespreking oor die resolusies vir die konseptoesigverslag vir die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone; oorweging en aanneming van die konseptoesigverslag vir die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone.	Voorlegging aan die Staande Komitee oor die werksaamhede van ArcelorMittal Suid-Afrika (AMSA) in Saldanha en die komitee is ingelig oor die konseptoesigverslag vir die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone.
10 Junie 2020	Inligtingsessie deur die Kannaland-munisipaliteit en die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme oor die potensiele sonkragprojek vir die Kannalandgebied.	Deelname aan 'n vraag-en-antwoordsessie met die Staande Komitee oor die potensiele sonkragprojek vir die Kannalandgebied.
17 Julie 2020	Inligtingsessie deur die provinsiale Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede en die Wesgro-raad oor die volgende: Die proses wat die raad onderneem het om die vergoeding van Wesgro se hoof-uitvoerende beampte te bepaal; die faktore wat die raad in ag geneem het tydens die besluit, en wat die internasionale bestespraktikmodelle met betrekking tot vergoeding binne beleggingsagentskappe is.	Die departementshoof het die inligtingsessie as 'n lid van die Wesgro-raad bygewoon.
27 Julie 2020	Oorweging van die Wes-Kaapse Eerste Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp, 2020, begrotingspos 12: Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme.	Komitee is ingelig oor die Eerste Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp.
26 Augustus 2020	Inligtingsessie deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme oor die uitvoerbaarheidstudie vir die Wes-Kaapse geïntegreerde projek oor die invoer van vloeibare aardgas en die gas-na-krag-projek.	Staande Komitee is ingelig oor die uitvoerbaarheidstudie.
15 Oktober 2020	Toesighoudingsbesoek: Inligtingsessie deur Eskom oor die voorgestelde infrastruktuurprojek rakende vloeibare aardgas by die Ankerlig-kragstasie en 'n opdatering oor die instandhouding van die aanleg. Toesighoudingsbesoek: Inligtingsessie deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme oor die opdatering rakende die inwerkingstelling van die ASES, opdatering oor die lok van beleggings na die Wes-Kaap in die sektor vir hernubare energie, en skakeling met Atlantis SES-maatskappye.	Departementele verteenwoordiger het die toesighoudingsbesoek aan Eskom en Atlantis bygewoon. Voorlegging aan die Staande Komitee oor die Atlantis SES-infrastruktuur en PEO se ekonomiese groei.
27 November 2020	Oorweging van begrotingspos 12: Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme in die bylae tot die Wes-Kaapse Tweede Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp, 2020.	Komitee is ingelig oor die Tweede Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp, 2020.
11 Maart 2021	Bespreking oor die openbaredeelnamesproses vir die openbare verhoor oor die WVF/TERS-uitdagings wat deur landsburgers in die provinsie ervaar is.	
19 Maart 2021	Oorweging van begrotingspos 12: Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme in die bylae tot die Wes-Kaapse Derde Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp, 2021. Oorweging van begrotingspos 12: Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme in die bylae tot die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp, 2021.	Komitee is ingelig oor Derde Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp, 2021 en die bylae tot die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp, 2021.

8. SKOOR-RESOLUSIES

Resolusienommer	Onderwerp	Besonderhede	Respons van die Departement	Opgelos (Ja/Nee)
15.3.1	Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste het 'n verhoogde begrotingstoewysing ontvang om intervensies te implementeer wat belyk is met die KMMO-aansporingsfonds wat finansiële bystand aan kwalifiserende begunstigdes verskaf.	Die Departement moet besonderhede verskaf oor die maatskaplike impak, finansiële waarde vir geld en die totale getal begunstigdes wat by die KMMO-aansporingsfonds gebaat het.	Inligtingssessie sal deur die Komitee oor Openbare Rekeninge geskeduleer word.	
15.3.2	Die Departement sal aansoeke vir die pos van Departementshoof aanvaar.	Die Minister moet verslag doen oor die opvolgplan wat daargestel is om 'n moeitelse operasionele oorgang te verseker wanneer die nuwe Departementshoof aangestel word.	Die Komitee oor Openbare Rekeninge moet binne twee weke vanaf die ATK van hierdie verslag in kennis gestel word.	

9. VOORAFGAANDE WYSIGING AAN OUDITVERSLAE

Geen wysigings ten opsigte van die vorige jaar is aan die ouditverslag aangebring nie.

10. EENHEID VIR INTERNE BEHEER

Die Eenheid vir Interne Beheer is 'n interne funksie wat binne die Hoofdirektoraat: Finansiële Bestuur werksaam is. Die Eenheid stel jaarliks 'n risikogebaseerde bedryfsplan saam wat ontwerp is om te verseker dat die beheeromgewing ten volle funksioneel is. Die funksies van die Eenheid sluit interne gerusstellingsdienste, bestuurstoesig, bedrog en verliese in.

Gedurende die verslagjaar het die Subeenheid vir Bestuurstoesig deur die bekragtiging van wetgewing die geloofwaardigheid van die wetgewende omgewing deur middel van die ontwikkeling van 'n wetgewende databasis verseker. Daarbenewens, en as deel van sy bydrae tot die kommunikasiestrategie vir finansiële bestuur, het die Subeenheid deur middel van 'n verskeidenheid kommunikasieplatforms, deurlopend geskakel met dienslewingsprogramme rakende die verspreiding van inligting oor finansiële bestuur. Hierdie platforms het opleidingsvideo's gebaseer op stories, veel voorkomende vrae, amptelike kennisgewings en 'n finansiële koerant ingesluit. Laasgenoemde maak voorsiening vir 'n kennisgewingbordformaat wat alle aktuele gebeure en aangeleenthede rakende die lynfunksionarisse se werksterreine konsolideer. Die kommunikasieplatforms is gestruktureer om die finansiële bestuursbevoegdhede van alle personeel te verbeter en die steundiensfunksie te versterk.

Die Subeenheid vir Gerusstelling het suksesvolle finansiële voldoeningsinspeksies uitgevoer rakende voorsieningskanaalbestuur, oordragbetalings, begrotingsbestuur en batebestuur. Daarbenewens het die Eenheid die tussentydse en finansiële jaarstate nagegaan en gerusstelling in verband daarmee voorsien. Die Eenheid is ook verantwoordelik vir eksterne gerusstellingsverskaffers, naamlik Interne Oudit en die Ouditeur-generaal. Hierdie funksie is voldoende vervul deurdat elkeen hul oudits suksesvol en optimaal uitgevoer het.

11. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit voorsien die bestuur van onafhanklike, objektiewe gerusstellings- en konsultasiedienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en deurlopend die werksaamhede van die Departement te verbeter. Dit moet die Departement bystaan om sy doelwitte te behaal deur middel van 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van prosesse vir bestuurstoegig, risikobestuur en -beheer.

Die volgende belangrike aktiwiteite word in hierdie opsig uitgevoer:

- evaluering en toepaslike aanbevelings om die bestuurstoegigprosesse te verbeter ter bereiking van die Departement se doelwitte
- evaluering en bydrae tot die toereikendheid en doeltreffendheid van die verbetering van die risikobestuurprosesse
- bystand aan die Rekenpligtige Beampte met die handhawing van doeltreffende en effektiewe beheermaatreëls deur dié maatreëls te evalueer om hul doeltreffendheid en effektiwiteit te bepaal, en deur aanbevelings vir versterking of verbetering te ontwikkel

Werksaamhede van Interne Oudit wat gedurende die oorsigjaar vir die Departement voltooi is, het vyf gerusstellingskakelings (waaronder een transversale skakeling) en twee konsultasieskakelings (transversaal) ingesluit. Die besonderhede van hierdie skakelings is by die Ouditkomitee se verslag ingesluit.

Die Ouditkomitee is as 'n toesighoudende liggaam aangestel wat onafhanklike toesighouding verskaf oor die prosesse vir bestuurstoegig, risikobestuur en beheer in die Departement, wat toesighouding en verantwoordelikhede met betrekking tot die volgende insluit:

- funksie vir interne audit
- funksie vir eksterne audit (Ouditeur-generaal van Suid-Afrika – OGSA)
- departementele rekeningkunde en verslagdoening
- departementele rekeningkundige beleide
- hersiening van OGSA se bestuurs- en auditverslag
- hersiening van departementele monitering deur die loop van die jaar
- departementele risikobestuur
- interne beheer
- voorafbepaalde doelwitte
- etiek en forensiese ondersoeke

Die tabel hier onder verskaf tersaaklike inligting oor lede van die Ouditkomitee:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. Richard Rhoda (Voorsitter)	CA(SA); STR (UK); Gevorderde Bestuursprogram (Unisa); Vlak 1 IPFA (Openbare Finansies en Ouditering)	Ekstern	NVT	1 Januarie 2019 (1ste termyn)	NVT	7
Me. Annelise Cilliers	CA(SA) Honneurs B.Compt; STR (Unisa); B.Compt (Unisa); Gedeeltelike B.Comm	Ekstern	NVT	1 Januarie 2019 (1ste termyn)	NVT	7

Vervolg op volgende bladsy

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Me. Merle Kinnes	BA; LLB; Sertifikaat in Forensiese Onderzoek; Prokureur van die Hooggeregshof van SA	Ekstern	NVT	1 Januarie 2018 (2de termyn)	NVT	7
Mnr. Linda Nene	B.Com (Rekeningkunde); Nagraadse Diploma in Bestuur (Korporatiewe Bestuur); CCSA, GIA (SA); FIIASA; CRMA; CCP (SA); Meestersgraad in Internasionale Besigheid	Ekstern	NVT	1 Januarie 2018 (1ste termyn) 1ste termyn het geëindig op 31 Desember 2020	NVT	7
Me. Lynne Tromp	CA(SA); MBA; CRM(Prof); CFE; BCom Hons (Rekeningkunde); BTech Interne Oudit	Ekstern	NVT	1 Januarie 2021 (1ste termyn)	NVT	2

12. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Dit is ons voorreg om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2021 voor te lê.

Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Ander uitgawes (soos goedere en dienste, oordragte en subsidies en betalings vir kapitaalbates) word op die betaaldatum in die staat van finansiële prestasie erken. Die uitgawe word as 'n kapitaaluitgawe geklassifiseer indien die totale bedrag wat betaal is meer is as die kapitalisasiedrempel.

8.3 Opgelope bedrae en betaalbare rekeninge nie erken nie

Opgelope bedrae en betaalbare rekeninge nie erken nie word teen die verslagdoeningsdatum teen koste in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

8.4 Huurooreenkomste

8.4.1 Bedryfsbruikhuur

Betalings vir bedryfsbruikhuur wat gedurende die verslagdoeningsperiode gemaak is, word op die betaaldatum as lopende uitgawes in die staat van finansiële prestasie erken.

Die bedryfsbruikhuurverpligtinge word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

8.4.2 Bruikhuur

Betalings vir finansiële bruikhuur wat gedurende die verslagdoeningsperiode gemaak is, word op die betaaldatum as kapitaaluitgawes in die staat van finansiële prestasie erken.

Die verpligtinge vir finansiële bruikhuur word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken en word nie tussen die kapitaal- en rentegedeeltes verdeel nie.

Bates van finansiële bruikhuur wat aan die einde van die huurtermyn bekom word, word aangeteken en bereken teen die laagste van:

- die koste, naamlik die billike waarde van die bate; of
- die som van die minimum bruikhuurbetalings wat gemaak is, insluitende enige betalings om eienaarskap aan die einde van die huurtermyn te bekom, wat rente uitsluit.

9. BYSTANDSHULP

9.1 Bystandshulp ontvang

Bystandshulp in kontant ontvang, word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer dit ontvang word. Bystandshulp in natura ontvang, word in die aantekeninge by die finansiële state op die datum van ontvangs aangeteken en word teen billike waarde bereken.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

Bystandshulp wat nie bestee is vir die doel waarvoor dit bestem is nie en enige onbenutte fondse van bystandshulp wat aan die skenker terugbetaal moet word, word as 'n betaalbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

9.2 Bystandshulp betaal

Bystandshulp betaal word op die betaaldatum in die staat van finansiële prestasie erken. Betalings vir bystandshulp wat voor die ontvangs van die fondse gemaak word, word as 'n ontvangbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

10. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Kontant en kontantekwivalente word teen koste in die staat van finansiële posisie aangegee.

Bankoortrekkings word afsonderlik voor in die staat van finansiële posisie as 'n bedryfslas aangedui.

Vir die doeleindes van die kontantvloei staat, sluit kontant en kontantekwivalente kontant voorhande, deposito's wat gehou word, ander hoogs likiede korttermynbeleggings en bankoortrekkings in.

11. VOORUITBETALINGS EN VOORSKOTTE

Vooruitbetalings en voorskotte word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die Departement die kontant ontvang of uitbetaal.

Vooruitbetalings en voorskotte word aanvanklik en vervolgens teen koste bereken.

Vooruitbetalings en voorskotte word in die staat van finansiële prestasie erken as die bedrag wesenlik is en as daarvoor begroot is as 'n uitgawe in die jaar waarin die werklike vooruitbetaling of voorskot gemaak is.

12. LENINGS EN ONTVANGBARE REKENINGE

Lenings en ontvangbare rekeninge word in die staat van finansiële posisie teen koste plus opgelope rente erken, waar rente gehef word, minus bedrae wat reeds betaal of afgeskryf is. Afskrywings word gedoen ingevolge die Departement se afskrywingsbeleid.

13. BELEGGINGS

Beleggings word teen koste in die staat van finansiële posisie erken.

14. FINANSIËLE BATES

14.1 Finansiële bates (nie elders gedek nie)

'n Finansiële bate word aanvanklik erken teen die koste daarvan plus transaksiekoste wat direk toeskryfbaar is aan die verkryging of uitreiking van die finansiële bate.

By die verslagdoeningsdatum moet 'n departement sy finansiële bates teen koste bereken, minus bedrae wat reeds betaal of afgeskryf is, behalwe vir erkende lenings en ontvangbare rekeninge wat teen koste plus opgelope rente bereken word, waar rente gehef word, minus bedrae wat reeds betaal of afgeskryf is.

14.2 Waardedaling van finansiële bates

Waar daar 'n aanduiding is van waardedaling van 'n finansiële bate, word 'n skatting van die vermindering in die aangetekende drawaarde in die aantekeninge by die finansiële state aangedui, ten einde die beste skatting te bied van die bedrag van die toekomstige ekonomiese voordele wat na verwagting uit die bate ontvang sal word.

15. BETAALBARE REKENINGE

Lenings en betaalbare rekeninge word teen koste in die staat van finansiële posisie erken.

16. KAPITAALBATES

16.1 Roerende kapitaalbates

Roerende kapitaalbates word aanvanklik teen koste in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

Roerende kapitaalbates wat deur 'n nieruiltransaksie verkry is, word teen billike waarde soos op die datum van verkryging bereken.

Waar die koste van roerende kapitaalbates nie akkuraat bepaal kan word nie, word die roerende kapitaalbates teen billike waarde bereken en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die roerende bates teen R1 bereken.

Alle bates wat voor 1 April 2002 verkry is (of 'n latere datum soos deur die OG goedgekeur) mag teen R1 aangeteken word.

Roerende kapitaalbates word gevolglik teen koste gedra en is nie aan depresiasie of waardedaling onderhewig nie.

Latere uitgawes van 'n kapitaalaard vorm deel van die koste van die bestaande bate wanneer dit vir gebruik gereed is.

16.2 Ontasbare bates

Ontasbare bates word aanvanklik teen koste in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

Ontasbare bates wat deur 'n nieruiltransaksie verkry is, word teen billike waarde soos op die datum van verkryging bereken.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021**

Ontasbare bates wat intern gegenereer word, word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer die Departement met die ontwikkelingsfase van die projek begin.

Waar die koste van ontasbare bates nie akkuraat bepaal kan word nie, word die ontasbare kapitaalbate teen billike waarde bereken en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die ontasbare bates teen R1 bereken.

Alle bates wat voor 1 April 2002 verkry is (of 'n latere datum soos deur die OG goedgekeur) mag teen R1 aangeteken word. Ontasbare bates word gevolglik teen koste gedra en is nie aan depresiasie of waardedaling onderhewig nie.

Daaropvolgende uitgawes van 'n kapitaalaard vorm deel van die koste van die bestaande bate wanneer dit vir gebruik gereed is.

16.3 Projektkoste: Onvoltooide werk

Uitgawes van 'n kapitaalaard word aanvanklik in die staat van finansiële prestasie erken teen koste wanneer dit betaal word.

Bedrae wat vir kapitaalprojekte betaal word, word geskei van die bedrae wat erken en opgeloop word in onvoltooide werk totdat die onderliggende bate gereed is vir gebruik. Sodra dit gereed is vir gebruik, word die totale opgelope betalings in 'n bateregister aangeteken. Daaropvolgende betalings om die projek te voltooi, word by die kapitaalbate in die bateregister bygevoeg.

Waar die Departement nie die bewaarder van die voltooide projekbate is nie, word die bate ná voltooiing na die bewaarder oorgedra.

17. VOORSIENINGS EN VOORWAARDELIKHEDE**17.1 Voorsienings**

Voorsienings word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer daar 'n heersende wetlike of afgeleide verpligting is om ekonomiese voordele as gevolg van gebeure in die verlede te verbeur, en dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels, benodig sal word om die verpligting te vereffen en 'n betroubare skatting van die verpligting gemaak kan word. Die voorsiening word bereken as die beste skatting van die fondse wat benodig word om die bestaande verpligting teen die verslagdoeningsdatum te vereffen.

17.2 Voorwaardelike laste

Voorwaardelike laste word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer daar 'n moontlike verpligting bestaan wat uit gebeure in die verlede voortspruit, en waarvan die bestaan slegs bevestig kan word deur die voorkoms of nie van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat buite die beheer van die Departement is, of wanneer daar 'n bestaande verpligting is wat nie erken word nie omdat dit nie waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne benodig sal word om die verpligting te vereffen nie, of die bedrag van die verpligting nie betroubaar bereken kan word nie.

17.3 Voorwaardelike bates

Voorwaardelike bates word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer 'n moontlike bate uit gebeure in die verlede voortspruit, en waarvan die bestaan bevestig kan word deur die voorkoms of nie van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat buite die beheer van die Departement is.

17.4 Kapitaalverpligtinge

Kapitaalverpligtinge word teen koste in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

18. ONGEMAGTIGDE BESTEDING

Ongemagtigde besteding word in die staat van finansiële posisie erken tot tyd en wyl die uitgawes óf:

- deur die Parlement of die Provinsiale Wetgewer met befondsing goedgekeur word en die betrokke fondse ontvang word; óf
- deur die Parlement of die Provinsiale Wetgewer sonder befondsing goedgekeur word en teen die toewysing in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word; óf
- na ontvangbare rekeninge vir invordering oorgedra word.

Ongemagtigde besteding word bereken teen die bedrag van die bevestigde ongemagtigde besteding.

19. VRUGTELOSE EN VERKWISTENDE BESTEDING

Vrugtelose en verkwistende besteding word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer dit bevestig is. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die totale waarde van die vrugtelose en/of verkwistende besteding wat aangegaan is.

Vrugtelose en verkwistende besteding word uit die aantekeninge by die finansiële state verwyder wanneer dit opgelos is of na ontvangbare rekeninge oorgedra is of afgeskryf is.

Ontvangbare rekeninge rakende vrugtelose en verkwistende besteding word bereken teen die bedrag wat na verwagting verhaalbaar is en word onerken wanneer dit vereffen of gevolglik as onverhaalbaar afgeskryf word.

20. ONREËLMATIGE BESTEDING

Onreëlmatige besteding word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer dit bevestig is ná die assessering daarvan. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die waarde van die onreëlmatige besteding wat aangegaan is, tensy dit onprakties is om te bepaal, in welke geval redes daarvoor in die aantekening verskaf word.

Onreëlmatige besteding word uit die aantekening verwyder wanneer dit óf deur die betrokke gesag gekondoneer word, na ontvangbare rekeninge vir invordering oorgedra word, nie gekondoneer word nie en verwyder word, óf afgeskryf word.

Ontvangbare rekeninge rakende onreëlmatige besteding word bereken teen die bedrag wat na verwagting verhaalbaar is en word onerken wanneer dit vereffen of gevolglik as onverhaalbaar afgeskryf word.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021****21. VERANDERINGE IN REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN FOUTE**

Veranderinge in rekeningkundige ramings word vooruitwerkend ingevolge GKS-vereistes toegepas. Die regstelling van foute word terugwerkend toegepas in die tydperk waarin die fout voorgekom het, ingevolge GKS-vereistes, behalwe in die mate wat dit onprakties is om die tydperkspesifieke gevolge of die kumulatiewe uitwerking van die fout vas te stel. In sulke gevalle sal die Departement die beginsaldo's van bates, laste en netto bates heraangee vir die vroegste tydperk waarvoor terugwerkende herstatering prakties moontlik is.

22. GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSDATUM

Gebeure ná die verslagdoeningsdatum wat as aansuiweringsgebeure geklassifiseer is, is in die finansiële state in berekening gebring. Gebeure ná die verslagdoeningsdatum wat as nieaansuiweringsgebeure geklassifiseer is, word in die aantekeninge by die finansiële state openbaar gemaak.

23. KAPITALISASIERESERWE

Die kapitalisasiereserwe bestaan uit finansiële bates en/of laste wat voortspruit uit 'n vorige verslagdoeningsperiode, maar wat vir die eerste keer in die huidige verslagdoeningsperiode in die staat van finansiële posisie erken word. Bedrae word in die kapitalisasiereserwes erken wanneer dit in die huidige periode geïdentifiseer word en word na die Nasionale/Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer die onderliggende bate van die hand gesit word en die betrokke fondse ontvang word.

25. VERHAALBARE INKOMSTE

Bedrae word as verhaalbare inkomste erken wanneer 'n betaling, wat in 'n vorige boekjaar gemaak is, in die huidige boekjaar van 'n debiteur verhaalbaar word. Bedrae word óf na die Nasionale/Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer dit ingevorder is, óf oorgedra na die staat van finansiële prestasie wanneer dit afgeskryf word.

26. VERWANTEPARTYTRANSAKSIES

Verwantepartytransaksies binne die Minister/LUR se portefeulje word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer die transaksie nie onder beding van uiterste voorwaardes plaasvind nie.

Die getal individue en die volle vergoeding van sleutelbestuurspersoneel word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

27. WERKNEMERVOORDELE

Die waarde van elke hoofklas van verpligting rakende werknemervoordele (opgelope bedrae, betaalbare rekeninge en voorsienings) word in die aantekening by werknemervoordele openbaar gemaak.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

1. JAARLIKSE BEWILLIGING

1.1 Jaarlikse bewilliging

Hierby ingesluit is fondse bewillig ingevolge die Begrotingswet (en die Aansuiweringsbegrotingswet) vir Nasionale Departemente (begrote fondse) en Provinsiale Departemente:

Program	Finale begroting	2020/21 Werklike fondse ontvang	Fondse nie versoek/nie ontvang nie	Finale begroting	2019/20 Begroting ontvang	Fondse nie versoek/nie ontvang nie
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
Administrasie	62 744	62 744	-	59 477	59 477	-
Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelings dienste	89 377	89 377	-	67 040	67 040	-
Handel- en Sektorontwikkeling	69 951	69 951	-	63 718	63 718	-
Sakeregulering en - Bestuur	7 299	7 299	-	9 223	9 223	-
Ekonomiese Beplanning	146 768	146 768	-	185 496	185 496	-
Toerisme, Kunste en Vermaak	76 713	76 713	-	60 035	60 035	-
Vaardigheids-ontwikkeling en - Innovasie	82 034	82 034	-	66 274	66 274	-
Totaal	534 886	534 886	-	511 263	511 263	-

Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste het 'n verhoogde begrotingstoewysing ontvang om intervensies te implementeer wat belyn is met die Covid-19: KMMO-hulpfonds wat finansiële bystand aan kwalifiserende begunstigdes verskaf en wat daarop gemik is om werksgeleenthede te red.

Ekonomiese Beplanning: Die vermindering in begrotingstoewysing vir 2020/21 vanaf die 2019/20-boekjaar was hoofsaaklik te wyte aan die laaste jaar van die Provinsiale Tesourie se geoormerkte befondsing vir huurkontrakte wat deur die SBIDZ bestuur word.

Vaardigheidsontwikkeling en -Innovasie het 'n bykomende geoormerkte toewysing ontvang om leerderskappe binne die sakeprosesuitbestedingssektor te ondersteun.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

2. DEPARTEMENTELE INKOMSTE

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	2.1	177	410
Rente, dividende en huurgeld op grond	2.2	28	-
Verkoop van kapitaalbates	2.3	33	32
Transaksies in finansiële bates en laste	2.4	1 938	1 113
Totale inkomste ingevorder		2 176	1 555
Min: Eie inkomste ingesluit by begroting	14	(351)	(333)
Departementele inkomste ingevorder		1 825	1 222

2.1 Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Verkoop van goedere en dienste geproduseer deur die departement	2	177	410
Administratiewe koste		157	391
Ander verkope		20	19
Totaal		177	410

Die afname in administratiewe koste is te wyte aan laer as verwagte inkomste vir toergidsregistrasie weens Covid-19.

2.2 Rente, dividende en huurgeld op grond

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Rente	2	28	-
Totaal		28	-

Rente ontvang hou verband met rente op personeelskuld.

2.3 Verkoop van kapitaalbates

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Tasbare bates	2	33	32
Masjinerie en toerusting		33	32
Totaal		33	32

Masjinerie en toerusting hou verband met inkomste wat gegenereer is uit die verkoop van verouderde IT-toerusting aan personeel.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

24 Transaksies in finansiële bates en laste

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Ander ontvangste insluitende verhaalbare inkomste	2	1 938	1 113
Totaal		1 938	1 113

Die toename is toeskryfbaar aan fondse ontvang van die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Vervaardiging, Ingenieurswese en Verwante Dienste (merSETA) sowel as die invordering van personeelskuld.

3. BYSTANDSHULP

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Beginsaldo		5 270	3 055
Fout in vorige tydperk		-	(471)
Soos heraangegee		5 270	2 584
Oorgedra vanaf staat van finansiële prestasie		831	2 686
Oorgedra en bestee via Provinsiale Inkomstefonds		-	-
Eindsaldo		6 101	5 270

Die fout in die vorige tydperk hou verband met merSETA-befondsing wat verkeerdelik by die beginsaldo ingesluit is.

3.1 Ontleding van saldo volgens bron

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Bystandshulp van ander bronne	3	6 101	5 270
Eindsaldo		6 101	5 270
Ontleding van saldo volgens bron			
Beginsaldo		5 270	
Inkomste		1 173	
Besteding		(342)	
Oorgedra en bestee via Provinsiale Inkomstefonds		-	
Eindsaldo		6 101	

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

32 Ontleding van saldo

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Onbenutte bystandshulp		6 101	5 270
Eindsaldo	3	6 101	5 270

33 Fout in vorige tydperk

	Aant.	2019/20
		R'000
Aard van fout in vorige tydperk		
Met betrekking tot 2020/21 (wat die beginsaldo beïnvloed)		
Met betrekking tot 2019/20		-
merSETA-befondsing by beginsaldo ingesluit		(471)
Effek van fout op oordrag vanaf staat van finansiële prestasie		(1 022)
Saldo van merSETA-befondsing in bystandshulp-eindbalans		1 493
Totale foute in vorige tydperk		-

34 Bystandshulpbesteding per ekonomiese klassifikasie

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Lopend	3	342	-
Oordragte en subsidies		-	140
Totale bystandshulpbesteding		342	140

Bystandshulp verwys na fondse wat ontvang is van die Regering se Tegniëse Adviesentrum (GTAC) vir die Werk- en Vaardigheidsprogram.

Die oorblywende saldo van R6 101 000 sal aangewend word vir MH-kapasiteit om die opsporing en nasporing van begunstigdes te onderneem, wat 31 Desember 2022 sal eindig.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

4. VERGOEDING VAN WERKNEMERS

4.1 Salarisse en lone

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Basiese salaris		89 670	94 699
Prestasiebeloning		-	743
Diensgebaseerd		51	76
Vergoedend/gebeurlik		1 509	1 565
Ander niepensioendraende toelaes		18 275	19 823
Totaal	4	109 505	116 906

4.2 Maatskaplike bydraes

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Werkgewerbydraes	4		
Pensioen		11 193	11 286
Medies		3 892	3 731
Bedingingsraad		21	20
Totaal		15 106	15 037
Totale vergoeding van werknemers		124 611	131 943
Gemiddelde getal werknemers		210	211

Die afname in vergoeding van werknemers hou verband met die bevriessing van ongevolde poste weens die herprioritisering van fondse vir Covid-19-noodleniging in die provinsie.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

5. GOEDERE EN DIENSTE

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Administratiewe koste		3 994	257
Reklame		3 199	7 051
Geringe bates	5.1	411	666
Beurse (werknemers)		191	387
Spyseniering		41	2 009
Kommunikasie		944	947
Rekenaardienste	5.2	1 696	7 415
Konsultante: Besigheids- en adviesdienste		21 809	24 464
Regsdiens		34	2
Kontrakteurs		623	779
Agentskap- en steun-/uitbestede dienste		490	-
Vermaak		-	50
Ouditkoste – ekstern	5.3	2 555	3 119
Vlootdienste		537	702
Verbruiksgoedere	5.4	5 085	1 643
Bedryfsbruikhuur		54	137
Eiendomsbetalings	5.5	11	3
Huurgeld en verhuring		377	491
Reis- en verblyfkoste	5.6	219	2 401
Lokale en fasiliteite		133	1 458
Opleiding en ontwikkeling		4 821	27 896
Ander bedryfsuitgawes	5.7	952	1 533
Totaal		48 176	83 410

Administratiewe koste: Hou verband met subskripsies betaal vir navorsing en ontwikkeling, waarvan die verhoging te wyte is aan hierdie koste wat herklassifiseer is vanaf rekenaardienste waar dit in vorige jare aangeteken is om die aard van hierdie transaksies korrek te weerspieël.

Bedryfsbruikhuur, huurgeld en verhuring, lokale en fasiliteite, reklame, beurse (werknemers), kontrakteurs en spyseniering: Afname in besteding hou verband met die herprioritisering van fondse vir Covid-19-noodleniging in die provinsie.

Konsultante: Die afname in die benutting van konsultante is weens die vermindering van projekte wat persoonlike skakelings benodig het, sowel as interne herprioritisering van fondse vir die KMMO Covid-19-hulpfonds.

Verbruiksgoedere: Die toename is weens projekte wat geïmplementeer is om die verspreiding van hulpstelle vir persoonlike beskermende toerusting (PBT) aan KMMO's en kinderleersorgsentrums te ondersteun.

Vlootdienste en reis- en verblyfkoste: Hou verband met 'n beduidende afname in besteding weens reisbeperkings wat deur Covid-19 genoodsaak is.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

Opleiding en ontwikkeling: Bestaan uit werknemer- en nuwewknemerbesteding. Werknemerbestedingskoste is aangegaan vir die professionele ontwikkeling van personeel binne die Departement, terwyl nuwewknemerbesteding verband hou met opleiding vir diensuitnemendheid, kliëntediens, toergidsopleiding in die toerismesektor en bevoegdheidsgebaseerde modulêre en IKT-vaardighede binne die Vaardigheidsontwikkelingsprogram.

Die afname in besteding hou verband met interne herprioritisering van fondse vir toelaeondersteuning vir werklose leerders in die Werk- en Vaardigheidsprogram.

5.1 Geringe bates

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Tasbare bates		331	666
Masjinerie en toerusting		331	666
Ontasbare bates			
Sagteware		80	-
Totaal	5	411	666

Gedurende die 2019/20-boekjaar het die Departement 187 geringe bates aangekoop om rekenaartoebehore en kantoorameubels op te gradeer vir bates wat die einde van hul nutsduur bereik het. Geen groot opgraderings is gedurende 2020/21 benodig nie.

5.2 Rekenaardienste

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
SITA-rekenaardienste		342	336
Eksterne rekenaardiensverskaffers		1 354	7 079
Totaal	5	1 696	7 415

Die afname in eksterne rekenaardienste is toeskryfbaar aan subskripsiekoste wat van rekenaardienste na administratiewe koste herklassifiseer is.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

5.3 Ouditkoste – ekstern

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Gereeldheidsoudits		2 555	3 119
Totaal	5	2 555	3 119

5.4 Verbruiksgoedere

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Verbruiksvoorraad		4 759	783
Uniforms en kleding		2	-
Huishoudelike voorraad		1 503	110
Boumateriaal en -voorraad		123	242
IT-verbruiksgoedere		565	346
Ander verbruiksgoedere		2 566	85
Skryfbehoeftes, drukwerk en kantoorvoorraad		326	860
Totaal	5	5 085	1 643

Die toename is weens projekte wat geïmplementeer is om die verspreiding van hulpstelle vir persoonlike beskermende toerusting (PBT) aan KMMO's en kinderleersorgsentrums te ondersteun.

5.5 Eiendomsbetalings

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Munisipale dienste		2	3
Ander		9	-
Totaal	5	11	3

Die toename in besteding wat onder "ander" geklassifiseer word, hou verband met diepgaande Covid-19-reinigingsprotokolle.

5.6 Reis- en verblyfkoste

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Plaaslik		219	2 094
Buiteland		-	307
Totaal	5	219	2 401

Die afname in plaaslike en buitelandse besteding is weens reisbeperkings wat ingestel is as gevolg van die Covid-19-pandemie.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

5.7 Ander bedryfsuitgawes

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Hervestigingskoste		39	27
Ander*		913	1 506
Totaal	5	952	1 533

**Ander sluit in drukkoste aangegaan vir die organisasie se strategiese publikasies soos die Jaarlikse Prestasieplan, Jaarverslag, bemarking- en bewusmakingspublikasies.*

Die afname is te wyte aan 'n herprioritisering van projekte vanaf bemarking en bewusmaking na toelaeondersteuning vir werklose leerders in die Werk- en Vaardigheidsprogram.

6. BETALINGS VIR FINANSIËLE BATES

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Wesenlike verliese weens kriminele gedrag			
Diefstal	6.3	31	18
Ander wesenlike verliese afgeskryf	6.1	25	45
Skuld afgeskryf	6.2	5	46
Totaal		61	109

6.1 Ander wesenlike verliese afgeskryf

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Aard van verliese			
Bate-afwykingsverskille (2 gevalle)		3	11
Skade aan huurmotors (2 gevalle)		10	16
Skade aan staatsvoertuie (2 gevalle)		12	16
Skade aan skootrekenaar (0 gevalle)		-	2
Totaal	6	25	45

Ingevolge die departementele Skuldbeleid word alle wesenlike verliese wat afgeskryf word, ondersoek en na die Staatsprokureur verwys. Hierdie skuld is op aanbeveling van die Staatsprokureur afgeskryf.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

6.2 Skuld afgeskryf

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Aard van skuld afgeskryf			
Skuldrekeninge afgeskryf (8 gevalle)		5	46
Totale skuld afgeskryf	6	5	46

Skuld word afgeskryf ingevolge die departementele Skuldbeleid. Hierdie skuld is intern ontleed en/of aan die Staatsprokureur oorhandig en is bevind as onverhaalbaar. Hierdie skuld hou verband met oorbetalings op salarisse aan voormalige werknemers.

6.3 Besonderhede van diefstal

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Aard van diefstal			
Diefstal van toerusting (1 geval)		31	15
Diefstal van inkkassette (1 geval)		-	3
Totaal	6	31	18

Gedurende die jaar is bogenoemde gevalle afgeskryf op aanbeveling van die Staatsprokureur.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

7. OORDRAGTE EN SUBSIDIES

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Provinsies en munisipaliteite	Bylae 1A	7 833	6 214
Departementele agentskappe en rekeninge	Bylae 1B	196 655	206 082
Hoërondewysinstellings	Bylae 1C	-	-
Openbare korporasies en private ondernemings	Bylae 1D	50 870	9 432
Instellings sonder winsoogmerk	Bylae 1E	24 738	32 538
Huishoudings	Bylae 1F	67 657	24 377
Totaal		347 753	278 643

Provinsies en munisipaliteite: Die toename hou verband met betalings wat aan munisipaliteite gemaak is ter ondersteuning van die KMMO-aansporingsfonds vir infrastruktuur.

Openbare korporasies en private ondernemings: Die toename is te wyte aan 'n verhoogde begrotingstoewysing om intervensies te implementeer wat belyn is met die KMMO Covid-19-hulpfonds, sakekamerondersteuning, verskafferontwikkelingsondersteuning en verskafferontwikkelingsprogram wat finansiële bystand aan kwalifiserende begunstigdes verskaf.

Afname vir instellings sonder winsoogmerk: Dit hou verband met befondsing wat geprioritiseer is vir die KMMO Covid-19-hulpfonds.

Toename vir huishoudings: Dit hou verband met 'n herprioritisering vir toelaeondersteuning vir werklose leerders in die Werk- en Vaardigheidsprogram en sakeprosesuitbestedingsektor.

8. BESTEDING VIR KAPITAALBATES

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Tasbare bates		7 385	4 560
Masjinerie en toerusting	28	7 385	4 560
Ontasbare bates		2 725	118
Sagteware	29	2 725	118
Totaal		10 110	4 678

Die toename in tasbare bates was te wyte aan die vervanging van IT-toerusting wat sy nutsduur bereik het.

Die toename in ontasbare bates was weens die kapitalisering van verbeterings wat uitgevoer is op bestaande stelsels (JUMP en I-CAN Learn).

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

8.1 Ontleding van fondse aangewend om kapitaalbates te bekom – 2020/21

	Begrote fondse	Bystandshulp	Totaal
	R'000	R'000	R'000
Tasbare bates			
Masjinerie en toerusting	7 385	-	7 385
Ontasbare bates			
Sagteware	2 725	-	2 725
Totaal	10 110	-	10 110

8.2 Ontleding van fondse aangewend om kapitaalbates te bekom – 2019/20

	Begrote fondse	Bystandshulp	Totaal
	R'000	R'000	R'000
Tasbare bates			
Masjinerie en toerusting	4 560	-	4 560
Ontasbare bates			
Sagteware	118	-	118
Totaal	4 678	-	4 678

8.3 Bruikhuurbesteding ingesluit by besteding vir kapitaalbates

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Tasbare bates		2 558	2 315
Masjinerie en toerusting		2 558	2 315
Totaal	8	2 558	2 315

Ingesluit by bruikhuurbesteding is SMV-koste wat aansienlik afgeneem het weens Covid-19-reisbeperkings, dus minder gebruik van voertuie.

Die bedrag bestaan uit R2 543 000 wat vir SMV-voertuie betaal is en R15 000 wat vir kontrakte vir iPads betaal is.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

9. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Gekonsolideerde betaalmeester-generaalrekening		9 778	26 132
Uitbetalings		(91)	(3 370)
Kontant voorhande		60	60
Totaal	9	9 747	22 822

Die gekonsolideerde betaalmeester-generaalrekening behels die bankrekening wat onbestede begrote fondse en bystandshulp insluit, wat op 31 Maart 2021 in die Departement se bankrekening inbetaal is.

Saldo in vorige jaar behels onderbesteding van R12 480 000 en foutiewe oorbefondsing van die Departement deur die Provinsiale Tesourie vir 'n bedrag van R5 655 000.

10. VOORUITBETALINGS EN VOORSKOTTE

10.1 Vooruitbetalings (bestee)

	Aant.	Bedrag soos op 1 April 2020	Min: Ontvang in die lopende jaar	Plus of min: Ander	Plus: Vooruitbetalings vir huidige jaar	Bedrag soos op 31 Maart 2021
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Goedere en dienste		5 682	(3 152)	-	3 900	6 430
Oordragte en subsidies		-	-	-	-	-
Totaal	10	5 682	(3 152)	-	3 900	6 430

Vooruitbetalings (bestee) hou verband met jaarlikse subskripsies vir verskeie publikasies, opleiding en koste wat aangegaan is vir die Wes-Kaapse Befondsingskou, en die Lean Management Institute-program hou verband met betalings wat in die 2019/20-boekjaar bestee is. Weens die Covid-19-pandemie moet die diens egter nog gelewer word.

	Aant.	Bedrag soos op 1 April 2019	Min: Ontvang in die lopende jaar	Plus of min: Ander	Plus: Vooruitbetalings vir huidige jaar	Bedrag soos op 31 Maart 2020
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Goedere en dienste		2 363	(2 363)	-	5 682	5 682
Totaal		2 363	(2 363)	-	5 682	5 682

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

10.2 Voorskotte betaal (bestee)

	Aant.	Bedrag soos op 1 April 2020	Min: Ontvang in die lopende jaar	Plus of min: Ander	Plus: Voorskotte vir huidige jaar	Bedrag soos op 31 Maart 2021
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Openbare entiteite		-	-	-	-	-
Totaal		-	-	-	-	-

	Aant.	Bedrag soos op 1 April 2019	Min: Ontvang in die lopende jaar	Plus of min: Ander	Plus: Voorskotte vir huidige jaar	Bedrag soos op 31 Maart 2020
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Openbare entiteite		5 350	(5 350)	-	-	-
Totaal		5 350	(5 350)	-	-	-

Voorskotte (bestee) in vorige jaar hou verband met oordragbetalings aan Wesgro vir die Air Access-projek en die WTM-toerismebeleggersberaad en aankoop van 'n motorvoertuig by Staatsmotorvervoer.

11. ONTVANGBARE REKENINGE

		2020/21			2019/20		
	Aant.	Lopend	Nie-lopend	Totaal	Lopend	Nie-lopend	Totaal
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Eise verhaalbaar	11.1	9	-	9	115	-	115
Verhaalbare uitgawes	11.2	318	-	318	353	-	353
Personeelskuld	11.3	294	-	294	245	165	410
Totaal		621	-	621	713	165	878

11.1 Eise verhaalbaar

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Provinsiale departemente	Bylae 4	9	115
Totaal		9	115

Eise verhaalbaar verwys na transaksies tussen departemente wat nie in die boekjaar vereffen is nie.

Die saldo vir die lopende jaar hou verband met 'n eis vir 'n prestasiebonus. Die 2019/20-saldo verwys na twee (2) salariseise en een eis vir 'n prestasiebonus wat vereffen is.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

112 Verhaalbare uitgawes (afkeuringsrekening)

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Afkeuringskade en -verliese		318	353
Totaal	11	318	353

Ingesluit by die bedrag is drie (3) gevalle in verband met staatsvoertuie en twaalf (12) gevalle in verband met toerusting wat steeds ondersoek word.

113 Personeelskuld

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Skuldrekeninge		289	396
Salarisomkering		2	14
Salarisafkeuring		2	-
Salarisinkomstebelasting		1	-
Totaal	11	294	410

Personeelskuld behels die volgende:

	Getal gevalle	Waarde
		R'000
Akkommodasie	1	2
Bates	2	26
Beurse	2	74
Oorbetalings vir verlof	15	136
Oorbetalings op salarisse	8	51
Belasting (LBS)	2	1

114 Waardedaling van ontvangbare rekeninge

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Skatting van waardedaling van ontvangbare rekeninge		220	156
Totaal		220	156

Alle skuld word individueel hersien vir moontlike waardedaling. Die waardedaling sluit debiteure in wat vir invordering aan die Staatsprokureur oorhandig is.

Die volgende kriteria is gebruik vir die waardedalingstoets van ontvangbare rekeninge:

- Niebetaling deur debiteure wat vir 'n tydperk langer as 12 maande geen aanduiding van verhaalbaarheid getoon het nie.*
- Debiteure wat vir invordering aan die Staatsprokureur oorhandig is en daar geen aanduiding van verhaling is nie.*

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

12. BELEGGINGS

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Nielopend			
Aandele en ander ekwiteite			
Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrummaatskappy (MSB) Beperk RF		303 790	303 790
Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy (MSB) Beperk		63	63
Totaal		303 853	303 853
Ontleding van niebedryfsbeleggings			
Beginsaldo		303 853	303 853
Toevoegings in kontant		-	-
Eindsaldo		303 853	303 853
Getal aandele			
Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrummaatskappy (MSB) Beperk RF		60 425	60 425
Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy (MSB) Beperk (geen pariwaarde-aandele)		120	120
Totaal		60 545	60 545

Die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrummaatskappy MSB Beperk (KIKS) het op 28 Maart 2014 'n kennisgewing van 'n nuwe inskrywingsaanbod aan alle aandeelhouders gestuur. Die Departement het gedurende vorige jare bykomende aandele in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum verkry. Die fondse wat ingesamel is, is aangewend om die bestaande kapasiteit van die KIKS-fasiliteite uit te brei. Die Provinsiale Wes-Kaapse Regering het op die verslagdoeningsdatum 'n aandeelhouding van 23,24% (2019: 23,24%) in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrummaatskappy MSB Beperk RF.

Die Departement het op 1 April 2017 'n 100%-aandeelhouer in die Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Beperk (LiCo) geword. Die aandeelhouding bestaan uit 120 geen pariwaarde-aandele. Die doel van die Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Beperk (LiCo) is om 'n Spesiale Ekonomiese Sone binne die groter Saldanhabaai gebied te bewerkstellig en die doel daarvan te vervul.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

12.1 Waardedaling van beleggings

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Skatting van waardedaling		23 346	592
Totaal		23 346	592

Die Departement beoordeel by elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat die waardedalingsverlies moontlik nie meer bestaan nie of dat dit omgekeer is. Die aanwyser vir die waardedalingsverlies is 'n verhaalbare waarde laer as drawaarde. Die waardedaling hier bo word op grond van die hersiene assessering deur die KIKS bereken met inagneming van die volgende inligting.

Die KIKS is 'n kontantgenererende entiteit wat gestig is vir die doeleindes om geleenthede aan te bied. Die KIKS 2-gebou is in werking gestel om die vermoëns van die KIKS te versterk om bykomende en groter geleenthede aan te bied om verder tot die maatskappy se inkomstestrome by te dra. As sodanig is die beoordelingsproses vir waardedaling van toepassing op kontantgenererende bates deur die KIKS toegepas.

Tydens die oorsig het die KIKS-bestuur die impak van die Covid-19-regulasies op werksaamhede en die verdragings tydens die konstruksie van KIKS 2, sowel as die gevolglike vergraving en vermindering in die verwagte kontantvloei van die bate, as aanwysers van moontlike waardedaling beskou.

Die bestuur beskou die gebou en die bates in wording, tesame met die bestaande KIKS 1-gebou, as deel van 'n enkele kontantgenererende eenheid, en daarom is dit nie moontlik om die verhaalbare bedrag vir die KIKS 2-gebou as 'n individuele bate te beraam nie.

Die KIKS het die verhaalbare bedrag beraam deur die gebruikswaarde van die kontantgenererende eenheid (KIKS 1 en 2 tesame) van R412 147 827 (2019: R512 866 595) te vergelyk met die drawaarde van die betrokke bates in daardie kontantgenererende eenheid van R512 605 921 (2019: R515 414 731) soos op die datum van waardedalingstoetsing.

Die KIKS het 'n waardedalingsverlies van R100 458 094 (2019: R2 548 136) aangeteken soos openbaar gemaak in die lynitem vir waardedaling in die Staat van Finansiële Prestasie. Die waardedalingsverlies is aansienlik hoër as die bedrag in die vorige jaar weens die impak van die Covid-19-regulasies op die toekomstige kontantvloei van die maatskappy.

Op grond van die hersiene assessering dui die belegging in die KIKS op 'n waardedalingsverlies en die Departement se gedeelte van die waardedaling is R23 346 000 (2019/20: R592 000) bereken teen 23,24%.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

13. BEGROTE FONDSE VIR TERUGSTORT IN DIE INKOMSTEFONDS

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Beginsaldo		12 480	4 546
Oordrag vanaf staat van finansiële prestasie		4 175	12 480
Gedurende die jaar betaal		(12 480)	(4 546)
Eindsaldo		4 175	12 480

Die eindsaldo hou verband met die onbestede fondse soos aan die einde van elke boekjaar.

14. DEPARTEMENTELE INKOMSTE EN NIF-ONTVANGSTE VIR TERUGSTORT IN DIE INKOMSTEFONDS

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Beginsaldo		103	81
Foute in vorige tydperk		-	471
Soos heraangegee		103	552
Oordrag vanaf staat van finansiële prestasie		1 825	1 222
Eie inkomste ingesluit by begroting		351	333
Gedurende die jaar betaal		(2 278)	(2 004)
Eindsaldo		1	103

14.1 Foute in vorige tydperk

	Aant.	2019/20
		R'000
Aard van fout in vorige tydperk		
Met betrekking tot 2020/21 (wat die beginsaldo beïnvloed)		
Met betrekking tot 2019/20		-
Met betrekking tot 2018/19 (wat die beginsaldo beïnvloed)		471
Effek van fout op oordrag vanaf staat van finansiële prestasie		(471)
Totale foute in vorige tydperk		-

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

15. BETAALBARE REKENINGE – LOPEND

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Verrekeningsrekeninge		1	5 655
Totaal		1	5 655

15.1 Verrekeningsrekeninge

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Beskrywing			
Salaris: Inkomstebelasting		-	1
Salaris: Pensioenfonds		1	2
Skatkiskonsessierekening		-	2 966
Skatkiskonsessierekening – GTAC		-	2 686
Totaal	15	1	5 655

Saldo van skatkiskonsessierekening in vorige jaar hou verband met die foutiewe oorbefondsing van die Departement deur die Provinsiale Tesourie.

16. NETTO KONTANTVLOEI BESIKBAAR UIT BEDRYFSAKTIWITEITE

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Netto surplus/(tekort) volgens Staat van Finansiële Prestasie		6 831	16 388
Tel terug niekontant-/kontantbewegings nie beskou as bedryfsaktiwiteite nie		(9 892)	3 841
(Toename)/afname in ontvangbare rekeninge		92	(229)
(Toename)/afname in vooruitbetalings en voorskotte		-	29
Toename/(afname) in betaalbare rekeninge – lopend		(5 654)	5 612
Opbrengs uit verkoop van kapitaalbates		(33)	(32)
Uitgawes op kapitaalbates		10 110	4 678
Terugstortings in Inkomstefonds		(14 758)	(6 550)
Eie inkomste ingesluit by begroting		351	333
Netto kontantvloei gegenereer deur bedryfsaktiwiteite		(3 061)	20 229

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

17. REKONSILIASIE VAN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE VIR KONTANTVLOEIDOELEINDES

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Gekonsolideerde betaalmeester-generaalrekening		9 778	26 132
Uitbetalings		(91)	(3 370)
Kontant voorhande		60	60
Totaal		9 747	22 822

18. VOORWAARDELIKE LASTE EN VOORWAARDELIKE BATES

18.1 Voorwaardelike laste

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Aanspreeklik t.o.v.	Aard		
Eise teen die Departement	Bylae 3A	-	115
Totaal		-	115

Bazz Collection (Edms.) Bpk., wat deur mnr. Bazil Mia besit word, was deel van die tweede inname van ondernemings in die Langstraat-kioskprogram en het op 21 Februarie 2017 'n Memorandum van Ooreenkoms geteken nadat die Departement die inhoud van die ooreenkoms verduidelik het. Ná die beëindiging van die ooreenkoms het Bazz Collection beweer dat hul voorraad skade gely het weens 'n lekkende afvoerpyp wat op 14 Maart 2017 aangemeld is.

Die Assistent-staatsprokureur het geadviseer dat die eiser se prokureur 'n skikkingsbedrag herbereken wat tussen die Departement en die Departement van Vervoer en Openbare Werke gedeel sal word, waarvan R25 317 deur die Departement betaalbaar is. Die betaling is op 25 Mei 2021 goedgekeur en sal in die 2021/22-boekjaar vereffen word.

Die Arbeidsappèlhof (LAC) het die salarisverhogings vir die 2020/2021-boekjaar onwettig en ongeldig verklaar. Daar is teen die LAC-uitspraak geappelleer en die saak is na die Konstitusionele Hof verwys. Die uitspraak deur die Konstitusionele Hof sal bevestig of die Departement verplig sal wees om die salarisverhogings wat betwis word te betaal. Die bedrag kan nie betroubaar beraam word nie.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

182 Voorwaardelike bates

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Leony's Leather & Clothing		46	-
Lorna Jasmine Design		77	-
Totaal		123	-

Die Departement het fondse aan bogenoemde begunstigdes oorgedra vir die doel om masjinerie en toerusting vir hul ondernemings aan te koop. Die begunstigdes het versuim om stawende bewyse te verskaf vir die aankoop van die masjinerie en toerusting wat gekoop is. Die Staatsprokureur is toe geraadpleeg om die ooreenkomste te kanselleer en die onbestede fondse te verhaal. 'n Kansellasiebrief is aan Leony's Leather and Clothing uitgereik; Lorna Jasmine Design is egter onbereikbaar. Aangesien ons die begunstigdes toelaat om verhoë te rig, is daar onsekerheid oor of die fondse verhaal sal word en die tydsberekening van die ontvangs van die fondse.

Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone MSB Beperk (ASES)

Die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES) is daarop gemik om 'n Groen Tegnologie Spesiale Ekonomiese Sone (SES) in noue samewerking met die Stad en die dtic te ontwikkel.

ASES wag tans op notering as 'n Skedule 3D Openbare Entiteit van die Nasionale Tesourie ingevolge artikel 47(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999).

Sodra notering ontvang is, sal ASES die infrastruktuurondersteuning en aansporings wat beskikbaar is vir maatskappye ingevolge die nasionale SES-beleidsraamwerk benut om belegging en werkskepping op die gebied van groen tegnologie te stimuleer.

ASES is op 6 Maart 2020 by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPC) geregistreer as 'n maatskappy in staatsbesit en ressorteer tans onder Wesgro.

Op hierdie stadium kan die waarde van die potensiële belegging nie bepaal word tot tyd en wyl die notering as Skedule 3D Openbare Entiteit van die Nasionale Tesourie ontvang is nie.

Staatsbehuisingskema

Op hierdie stadium kan die Departement nie die voorwaardelike bate ingevolge die Staatsbehuisingskema van die Individueelgekoppelde Spaarfasiliteit (ILSF) ten opsigte van bedankings en diensbeëindigings betroubaar bereken nie.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

19. KAPITAALVERPLIGTINGE

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Rekenaartoerusting		-	-
Meubels en kantoortoerusting		-	-
Totaal		-	-

Die Gewysigde Kontantstandaard ten opsigte van die openbaarmaking van verpligtinge is hersien om slegs verpligtinge vir kapitaalbesteding in te sluit.

Daar is geen kapitaalverpligtinge vir openbaarmaking soos op 31 Maart 2021 nie en ook nie vir die vorige boekjaareinde soos op 31 Maart 2020 nie.

20. OPGELOPE BEDRAE EN BETAALBARE REKENINGE NIE ERKEN NIE

20.1 Opgelope bedrae

	30 dae	30+ dae	2020/21	2019/20
			R'000	R'000
			Totaal	Totaal
Gelys volgens ekonomiese klassifikasie				
Goedere en dienste	185	-	185	666
Oordragte en subsidies	1 947	-	1 947	-
Totaal	2 132	-	2 132	666

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Gelys volgens programvlak			
Program 1		157	621
Program 2		17	2
Program 3		5	12
Program 4		48	-
Program 5		7	9
Program 6		42	15
Program 7		1 856	7
Totaal		2 132	666

Toename in opgelope bedrae weens 'n beduidende toename in toelaes om werklose leerders in die Werk- en Vaardigheidsprogram en die SPU-sektor te ondersteun.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

202 Betaalbare rekeninge nie erken nie

	30 dae	30+ dae	2020/21	2019/20
			R'000	R'000
			Totaal	Totaal
Gelys volgens ekonomiese klassifikasie				
Goedere en dienste	15	628	643	90
Oordragte en subsidies	4	16	20	-
Totaal	19	644	663	90

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Gelys volgens programvlak			
Program 1		1	1
Program 2		21	16
Program 3		626	-
Program 4		-	3
Program 5		9	-
Program 6		-	3
Program 7		6	67
Totaal		663	90
Ingesluit by totale hier bo is die volgende:			
Bevestigde saldo's met ander departemente	Bylae 5	10	11
Totaal		10	11

Toename in betaalbare rekeninge nie erken nie weens 'n beduidende toename in toelaes om werklose leerders in die Werk- en Vaardigheidsprogram en die SPU-sektor te ondersteun.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME: BEGROTINGSPOS 12

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

21. WERKNEMERVOORDELE

	Aant.	2020/21	2019/20
		R'000	R'000
Verlofgeregtigheid*		8 874	4 519
Diensbonus		2 681	2 858
Prestasiebelonings**		-	539
Beperkte verlof		259	547
Ander		7	31
Totaal		11 821	8 494

*Ingesluit by die openbaarmaking vir 2020/21 rakende verlofgeregtigheid is die kredietbedrag van R33 153,65 vir verlof verskuldig aan die Departement vir daardie werknemers wat hul verlofkrediete oorskry het.

**Prestasiebelonings is nie toegeken nie weens fondse wat vir die Covid-19-respons herprioritiseer is.

Op hierdie stadium is die Departement nie in staat om die langtermyngedeelte van die langdienstoekenings betroubaar te bereken nie.

22. BRUIKHUURVERPLIGTINGE

22.1 Bedryfsbruikhuur

	Masjinerie en toerusting	Totaal
	R'000	R'000
2020/21		
Nie later as 1 jaar nie	41	41
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	-	-
Totale bruikhuurverpligtinge	41	41
2019/20		
Nie later as 1 jaar nie	63	63
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	32	32
Totale bruikhuurverpligtinge	95	95

